GESINSGEHARDHEID IN GESINNE WAARIN `N KIND OORLEDE IS

LUCAS JOHANNES SCHEEPERS

Tesis ingelewer ter voldoening aan die vereistes vir die graad van Magister in Lettere en Sosiale Wetenskappe (Sielkunde) aan die Universiteit van Stellenbosch

Studieleier: Prof A. P. Greeff
Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe
Departement Sielkunde

Desember 2011

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Verklaring

Deur hierdie tesis elektronies in te lewer, verklaar ek dat die geheel van die werk hierin vervat, my eie, oorspronklike werk is, dat ek die outeursregeienaar daarvan is en dat ek dit nie vantevore, in die geheel of gedeeltelik, ter verkryging van enige kwalifikasie aangebied het nie.

Datum: Desember 2011

Kopiereg © 2011 Universiteit van Stellenbosch

Alle regte voorbehou

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Opsomming

Die dood van `n kind is `n traumatiese verlies, wat beskou kan word as `n krisis wat `n impak het op die gesin as `n funksionerende eenheid. Die doelwit van die huidige studie was om verdriet en veerkragtigheid in gesinne waarin `n kind oorlede is, te ondersoek, met `n spesifieke fokus op die interne weerstandsbron van gesinsgehardheid. `n Dwars-snit opname navorsingsontwerp is gebruik in oorleg met intensiewe onderhoude, wat volgens die beginsels van gegronde teorie gevoer is. In totaal is 35 ouers, woonagtig in die Wes-Kaap, betrek by die studie, wat opgetree het as verteen-woordigers van 23 gesinne. Die deelnemers het elk drie vraelyste voltooi, naamlik `n biografiese vraelys, die Gesinsgehardheid Indeks en die Gesinsgehegtheid en Veranderlikheid Indeks 8. Pearson en Spearman korrelasie-berekeninge het aangedui dat gesinsgehardheid-tellings (asook die tellings op die subskale vir toewyding, uitdaging en beheer) beduidend positief korreleer met gesinsaanpassing (gemeet met die Gesinsgehegtheid en Veranderlikheid Indeks 8). Beduidende verhoudings is ook gevind tussen sekere biografiese veranderlikes en gesinsgehardheid. Verder is intensiewe onderhoude gevoer met die verteenwoordigers van 12 gesinne. Die ontleding van onderhoud-transkripsies het gelei tot die formulering van verskeie tematiese kategorieë, naamlik verdriet-reaksies, die voortdurende verbintenis, eksterne ondersteuning en godsdiens, asook die kern-kategorie van gesinsgehardheid. `n Gegronde teorie is sodoende ontwikkel, wat betrekking het op verdriet en veerkragtigheid in gesinne waarin `n kind oorlede is. Die resultate van die studie wys op die belang van kwalitatiewe metodes om die uniekheid van bedroefde ouers en gesinne se ervarings te verken met die doel om gepaste intervensies op gesinsvlak te ontwikkel. Die konsep van gesinsgehardheid is ook verhelder en aangedui as `n moontlike weerstandsbron, wat bevorderlik is vir gesinne se aanpassing ná die verlies van `n kind.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Abstract

A child's death represents a traumatic loss, which can be understood as a crisis impacting on the family as a functioning unit. The purpose of the current study was to investigate grief and resilience in families in which a child has died, while specifically focusing on the internal resistance resource of family hardiness. A cross-sectional research design was implemented concurrently with intensive interviews conducted according to the principles of grounded theory. In total, 35 bereaved parents from the Western Cape participated in the study as representatives of 23 families. The participants each completed three questionnaires, a biographical questionnaire, the Family Hardiness Index and the Family Attachment and Changeability Index 8. Pearson and Spearman correlational analyses indicated significant positive correlations between family hardiness scores (including scores on the subscales for commitment, challenge and control) and family adaptation (measured by use of the Family Attachment and Changeability Index 8). Significant associations were also found between certain biographical variables and family hardiness. Intensive interviews were, furthermore, conducted with participants representing 12 different families. The analysis of interview-transcriptions resulted in the formulation of various thematic categories, such as grief-reactions, continuing bonds, external support, religion, as well as the core category of family hardiness. A grounded theory was thus developed concerning grief and resilience in families in which a child has died. The results of the study reveal the importance of qualitative methods to explore the unique experiences of bereaved parents and families with the purpose of constructing applied interventions on the family level. The family hardiness concept was also clarified and shown to be a possible resistance resource conducive to family adaptation following the loss of a child.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Bedankings

Eerstens wil ek my studieleier, Professor A. P. Greeff, bedank vir sy passie vir die gesinsielkunde, wat my gemotiveer het om `n ondersoek te loods binne die raamwerk van hierdie veld. Hierdie passie was inderdaad aansteeklik en het gelei tot fantastiese akademiese gesprekke omtrent die onderwerp. Dit was boonop `n reuse voorreg om saam met `n wêreldleier in die studie van gesinsveerkragtigheid te werk. Professor Greeff se kennis, raadgewende insette, nie-akademiese, persoonlike konsultasie en geduld het die voltooiing van hierdie tesis `n genotvolle leer-ervaring gemaak.

Vir die deelnemers aan hierdie studie het ek die hoogste waardering en respek. Die maniere waarin gesinne vooruitstrewend kan wees in die aangesig van die verlies van `n kind, wys vir my op die hoogste vorm van menslike toewyding en innerlike krag. Ek glo dat ek by hierdie wyse, toeganklike persone self lesse geleer het aangaande wat dit beteken om dankbaar te wees en hoe om te lewe met dapperheid en `n ware liefde vir mekaar. Ek bedank hierdie mense vir hul gasvryheid en dat hulle my verwelkom het in hul private lewenswêrelde. Ek hoop en glo dat hul insigte `n bron van krag sal wees vir enige mens wat met die hartseer en skok van verlies gekonfronteer word.

Laastens is ek groot dank verskuldig aan my familie – Anel, Lukas, Laur, Oupa Laurie en Joni. Dankie aan my ouers dat hulle my bygestaan het (en steeds bystaan) in my studies in die sielkunde. Die geloof wat hulle in my gehad het toe ek besluit het om hierdie loopbaan-rigting te volg, glo ek is nie elke jong mens beskore nie. Ek wil graag hiermee my broer ook bedank vir sy akademiese insette en tegniese vernuf. Dankie aan Joni vir haar raad en motivering tydens vakansies en oor die telefoon. Dit was verblydend om te weet dat daar `n familie-lid is wat self die sielkunde tesis-pad suksesvol gestap het. Vir my Oupa: Ek glo dat hy en sy vrou, met hul eie keuses van studierigting en die beroepe wat hulle gevolg het, `n onderliggende dryfveer gevestig het, wat gemaak het dat hul nageslag soortgelyke rigtings in die sielkunde en maatskaplike opheffingswerk ingeslaan het. Sonder hierdie familie-geskiedenis sou ek waarskynlik nie hierdie tesis geskryf het nie. Ek stuur hiermee my liefde en dank vir my veerkragtige gesin, familie en voorgeslag.

Hierdie tesis word opgedra aan my oumas, Joan Oberholzer en Sylvia Scheepers.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Inhoudsopgawe

Verklaring…….. ii

Opsomming……iii

Abstract……..iv

Bedankings…….v

Inhoudsopgawe…….. vi

Lys van Tabelle……. ix

Lys van Figure……....x

Hoofstuk 1: Inleiding……1

1.1 Inleiding 1

1.2 Agtergrond en Konteks 2

1.3 Studiedoelwit, Navorsingsvrae en Hipoteses 3

1.4 Belang van die Studie 4

1.5 Lys van Sleutelterme 6

1.6 Uitleg van Tesis 8

Hoofstuk 2: Teoretiese Grondslae……. 9

2.1 Inleiding 9

2.2 Perspektiewe op Verdriet en Aanpassing ná die Dood van `n Gesinslid 10

2.3 Die Salutogene Perspektief 22

2.4 Veerkragtigheid en Gesinsveerkragtigheid 28

2.5 Gesinsgehardheid 39

2.6 Samevatting 42

Hoofstuk 3: Literatuuroorsig……..43

3.1 Inleiding 43

3.2 Kwantitatiewe Gesinsveerkragtigheidstudies 44

3.3 Kwalitatiewe Gesinsveerkragtigheidstudies 47

3.4 `n Fokus op Gesinsgehardheid 49

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.5 Studies van Gesinne waarin `n Kind Oorlede is 51

3.6 Samevatting 54

Hoofstuk 4: Metode van Ondersoek…….. 55

4.1 Inleiding 55

4.2 Navorsingsontwerp 55

4.3 Deelnemers 56

4.4 Kwantitatiewe Meting 60

4.5 Kwalitatiewe Ondersoek 62

4.6 Prosedure 64

4.7 Etiese Oorwegings 66

4.8 Refleksie op die Navorsingsproses 69

4.9 Kwantitatiewe Ontleding 71

4.10 Kwalitatiewe Ontleding 72

4.11 Samevatting 75

Hoofstuk 5: Resultate…….77

5.1 Inleiding 77

5.2 Kwantitatiewe Resultate 77

5.3 Kwalitatiewe Bevindings 81

Hoofstuk 6: Bespreking……... 148

6.1 Inleiding 148

6.2 Gesinsgehardheid 150

6.3 Verdriet 156

6.4 Voortdurende Verbintenis 158

6.5 Eksterne Gesinsweerstandsbronne 159

6.6 Beperkings, Sterkpunte en Aanbevelings vir Toekomstige Navorsing 162

6.7 Gevolgtrekking 164

Verwysingslys……. 165

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Bylae A: Biografiese Vraelys…….....173

Bylae B: Onderhoudskedule…….174

Bylae C: Vorm vir Ingeligte Toestemming……..175

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Lys van Tabelle

Tabel 1. *Biografiese Besonderhede van die Deelnemers* 58

Tabel 2. *Deelnemers se Geslag, Verhoudingstatus, Gesinsgrootte en Ouderdom van Oorlewende Kinders* 59

Tabel 3. *Besonderhede van Oorlede Kinders* 60

Tabel 4. *Pearson (r) en Spearman (rs) korrelasies tussen die Onafhanklike Veranderlike Ouderdom van Deelnemer en die Afhanklike Veranderlikes Gesinsgehardheid, Toewyding, Uitdaging en Beheer* 78

Tabel 5. *Pearson (r) en Spearman (rs) korrelasies tussen die Onafhanklike Veranderlike Tyd vandat Kind Oorlede is en die Afhanklike Veranderlikes Gesinsgehardheid, Toewyding, Uitdaging en Beheer* 79

Tabel 6. *Pearson (r) en Spearman (rs) korrelasies tussen die Onafhanklike Veranderlikes Gesinsgehardheid, Toewyding, Uitdaging en Beheer en die Afhanklike Veranderlike Gesinsaanpassing (Gesinsgehegtheid en Veranderlikheid Indeks 8 Telling)* 80

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Lys van Figure

Figuur 1. Konsepsuele raamwerk van verlies en gesinsaanpassing (aangepas uit Walsh & McGoldrick, 2004) 15

Figuur 2. Die Aanpassingsfase van die Veerkragtigheidsmodel van Gesinstres, Verstelling en Aanpassing (McCubbin & McCubbin, 1996) (aangepas uit Brown-Baatjies, Fouché, & Greeff, 2008) 38

Figuur 3. Skematiese voorstelling van resultate 149

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 1

Inleiding

1.1 Inleiding

Die dood van `n kind word beskou as een van die mees traumatiese gebeurtenisse waarmee `n gesin gekonfronteer kan word (Hunt, 2008). Kindersterftes het ook in die laaste paar jaar wêreldwyd toegeneem (Greeff, Vansteenwegen, & Herbiest, 2005). In Suid-Afrika is daar in `n onlangse opname bevind dat 82 807 kinders onder die ouderdom van 19 jaar in 2006 in Suid-Afrika gesterf het. Dié syfer verteenwoordig 13.6% van alle Suid-Afrikaanse sterfgevalle aangemeld in daardie jaar (Statssa, 2009).

Om `n kind af te staan aan die dood is `n ontydige en onverwagte verlies wat gesinne onherroeplik kan affekteer (Walsh & McGoldrick, 2004). Die verlies van `n kind is boonop `n traumatiese gebeurtenis, ongeag die ouderdomme van die oorlede kind of die ouers (Walsh & McGoldrick, 2004). Volgens Bowen (1978) stuur die dood van `n kind `n "emosionele skokgolf" deur die gesinsisteem, wat die moontlikhede vir destruktiewe uitingsgedrag en wanaanpassing in die toekoms kan verhoog (p. 325). Volgens Walsh en McGoldrick (2004) mag ouers en gesinslede voel dat `n onreg gepleeg is deurdat `n lewe beëindig is "voordat dit sy fleur bereik het" (p. 31). So ook kan die dood van `n kind `n simboliese "verlies van ouers se hoop en drome vir die toekoms" beteken. Sodoende word die dood van `n kind `n gebeurtenis wat gesinslede kan dwing tot `n "diep besinning aangaande die betekenis van die lewe" (p. 35).

Navorsing van gesinne se reaksies op die dood van `n geliefde kan gekritiseer word op grond van `n oordrewe fokus op die negatiewe impak wat `n sterfte op die gesinsisteem uitoefen (Greeff et al., 2005). Daar is inderdaad talle aanduidings van gesinne se inherente potensiaal tot self-herstel en aanpassing te midde van `n verskeidenheid van stressors (Greeff & Fillis, 2008; Greeff & Holtzkamp, 2007; Greeff, Vansteenwegen, & Ide, 2006), ingesluit die verlies van `n gesinslid (Greeff & Human, 2004; Smith, 2006).

Gesinsveerkragtigheidstudies is gefokus daarop om weerstandsbronne binne gesinne te verken, wat gesinne op staat maak in hul aanpassing ná stresvolle gebeurtenisse (Greeff & Human, 2004). Dié studies word geloods vanuit `n salutogene oogpunt (Antonovsky, 1979, 1987, 1996; Antonovsky & Sourani, 1988), waar die klem geplaas word op individue en gesinne se strewes na wel-wees in die aangesig van stressors.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In die huidige studie het die navorser die weerstandsbron van gesinsgehardheid (McCubbin, McCubbin, & Thompson, 1996) kwantitatief ondersoek as `n faktor wat geassosieer kan word met gesinsaanpassing binne die konteks van die verlies van `n kind. `n Kwalitatiewe ondersoek is ook tesame hiermee geloods om die unieke ervarings van gesinne wat met die verlies van `n kind gekonfronteer is, te verken. Met betrekking tot hierdie aspek van die huidige studie is daar gelet op deelnemers se unieke ervarings van verdriet, terwyl die groter fokus gestel was op die gesinsweerstandsbronne tot hul beskikking en spesifiek gesinsgehardheid.

1.2 Agtergrond en Konteks

Die huidige studie het aangesluit by die tradisie van die positiewe sielkunde, waarin salutogene faktore geïdentifiseer word om uit te vind hoe mense hul wel-wees bevorder (Strümpfer, 2005). Dié uitgangspunt is aangehang, in stede daarvan om te fokus op die disfunksionele gedrag, denke en emosies, wat gepaard mag gaan met stres en trauma. Sekere navorsers beskou die woorde van Martin Seligman, die voormalige president van die Amerikaanse Sielkundige Assosiasie, as `n keerpunt ten opsigte van die positiewe rigting wat die sielkunde in die onlangse geskiedenis ingeslaan het:

> Ek wil die persone in ons veld in kennis stel dat ons aandag verkeerdelik afgelei is: Sielkunde is nie alleenlik die studie van swakheid en verval nie, maar ook die studie van sterktes en deugde. Behandeling is nie bloot om dit wat gebreek is, reg te maak nie – dit is die koestering van dit wat die beste is binne onsself. (aangehaal in Strümpfer, 2005, p. 23)

Die individualistiese paradigma waaruit die sielkunde as `n wetenskap spruit, is ook in die huidige studie omvergewerp. Hierdie doelwit het aangesluit by die groeiende belangstelling onder sielkundiges in die werking van gesinsverhoudings, wat uiteindelik byeengebring kan word onder die sambreelterm van die gesinsielkunde (Liddle, Santisteban, Levant, & Bray, 2002).

As sodanig is die gesinsisteem in die huidige studie beskou as `n funksionerende eenheid, wat in die geheel geaffekteer word deur stres en trauma. Tesame hiermee en in tred met die positiewe sielkunde, vorm die gesin ook die basis waarvandaan veerkragtigheid ontspring (Walsh & McGoldrick, 2004).

Die Veerkragtigheidsmodel van Gesinstres, Verstelling en Aanpassing (McCubbin & McCubbin, 1996) het die hoof teoretiese model van die huidige studie verteenwoordig. Dié model verskaf `n proses-georiënteerde en ekosistemiese raamwerk vir gesinsaanpassing, met spesifieke weerstandsbronne ingesluit, wat in navorsing aangedui is as moontlike faktore wat gesinsveerkragtigheid kan bevorder (Brown-Baatjies, Fouché, & Greeff, 2008).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Bykomende kennis van gesinsveerkragtigheidsfaktore is nodig om die spesifieke aanpassings-prosesse van gesinne, wat met die verlies van `n kind moet saamleef, te verstaan. Tog word die gesinsveerkragtigheidsliteratuur tans gedomineer deur Anglo-Amerikaanse en Westerse studies. Vergelykende studies in ander wêrelddele en met verskeie kulturele groepe (Lee et al., 2004; Svavarsdottir & Rayens, 2005) kan egter daartoe bydra om die gesinsveerkragtigheidskonsep verder te verhelder. In die huidige studie is die Suid-Afrikaanse samelewing beskou as `n unieke deelnemersbasis waaruit belangrike insigte geopper kan word vir toekomstige studies van dié aard.

Gesinsveerkragtigheid is ook tot op hede hoofsaaklik via kwantitatiewe metodologieë ondersoek (Daly, 1999). Kwantitatiewe studies is nodig om verhoudings tussen gesinsveerkragtigheidsfaktore en gesinsaanpassing te bepaal, maar bied geen empiriese ondersteuning vir die verklaring en herdefiniëring van konsepte te make met gesinsveerkragtigheid nie. Kwalitatiewe studies kan egter dié navorsingsleemte vul (Cohen, Slonim, Finzi, & Leichtentritt, 2002).

Gesinne waarin daar `n kind oorlede is, is voorts ook `n populasie waaraan daar min aandag aan bestee is in die gesinsveerkragtigheidsliteratuur, met die uitsondering van enkele studies (Greeff et al., 2005; Greeff & Loubser, 2007). Om hierdie rede het dié gesinne die fokus van ondersoek verteenwoordig in die huidige studie.

1.3 Studiedoelwit, Navorsingsvrae en Hipoteses

Die oorhoofse doelwit van die huidige studie was om ondersoek in te stel na die wyses waarop gesinne aanpasbaar is in die aangesig van die trauma om `n kind af te staan aan die dood en te midde van die verdriet-reaksies wat gepaardgaan met die verlies van `n kind. Daar is aandag gegee aan die weerstandsbron van gesinsgehardheid en hoe dit verband hou met gesinsaanpassing. Daar is ook gelet op die unieke ervarings van bedroefde gesinne ten opsigte van hul verdriet en veerkragtigheid.

Gesinsgehardheid verwys na die interne sterkpunte en duursaamheid van die gesin. Hierdie weerstandsbron word begryp as `n buffer wat stressors teenwerk en gesinne se aanpasbaarheid verbeter (McCubbin, McCubbin & Thompson, 2007). As sodanig verteenwoordig gesinsgehardheid die gesin se interne vermoë om as `n selfstandige eenheid te werk om stres te oorkom en te groei uit stresvolle gebeurtenisse en krisisse wat gesinslede saam konfronteer.

In die huidige studie is daar gebruik gemaak van beide kwalitatiewe en kwantitatiewe metodes om gesinsgehardheid in gesinne waarin `n kind oorlede is te ondersoek. Die volgende navorsingsvrae is gestel om die studiedoelwit te bereik:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1. Wat is die verhouding tussen gesinsgehardheid en gesinsaanpassing?

2. Watter biografiese veranderlikes toon `n verhouding met gesinsgehardheid?

3. Wat is die unieke ervarings van gesinne waarin kinders oorlede is ten opsigte van verdriet, gesinsgehardheid en ander moontlike weerstandsbronne wat kan dui op veerkragtigheid?

Die bovermelde navorsingsvrae is beantwoord met die volgende hipoteses in gedagte:

1. Gesinsgehardheid (totale tellings) en die subskaal-tellings vir die onderliggende komponente van toewyding, uitdaging en beheer sal positiewe, beduidende korrelasies toon met gesins-aanpassing.

2. Sekere biografiese veranderlikes, soos die ouderdomme van deelnemers en die jare vandat die kinders oorlede is, sal positiewe, beduidende korrelasies met gesinsgehardheid toon.

3. Verskeie tematiese kategorieë te make met die deelnemers se unieke belewenisse van verdriet, gesinsgehardheid en ander aanduiders van gesinsveerkragtigheid sal deur middel van intensiewe onderhoudvoering en die ontleding van onderhoud-transkripsies geïdentifiseer word.

1.4 Belang van die Studie

Die resultate van die huidige studie sal van waarde wees om beide teoretiese en praktiese doeleindes. Die huidige studie is geloods om `n enkele weerstandsbron, naamlik dié van gesinsgehardheid kwalitatief en kwantitatief te ondersoek. Die toepassing van beide metodes sluit aan by die navorsingstendens van triangulering. Volgens Flick (2009) het metodologiese triangulering ten doel om die kwaliteit van navorsing te verbeter. As sodanig stel die gebruik van verskillende metodes die navorser in staat om `n wyer en meer verrykende begrip van `n fenomeen te ontwikkel (Flick, 2009).

Die navorser glo dat die insigte wat uit die huidige studie gespruit het van waarde sal wees vir teoretici in die gesinsveerkragtigheidsveld. Eerstens sal die konsep van gesinsgehardheid verder verhelder word en spesifiek van toepassing gemaak kan word binne die konteks van verlies. Tweedens is die studie van veerkragtigheid en gesinsaanpassing onder gesinslede wat met die verlies van `n kind gekonfronteer word van belang vir navorsers wat fokus op die ervarings van bedroefde gesinne. Tot op hede is dié populasie meer dikwels ondersoek vanuit `n patogene paradigma, waar verdriet-reaksies en die rou-proses hoofsaaklik aandag aan gegee is. In die huidige studie is bedroefde ouerpare as verteenwoordigers van hul gesinne vanuit `n salutogene oogpunt

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

bestudeer. Die aandag is sodoende gevestig op gesinne se potensiaal tot self-herstel en aanpassing te midde van verlies.

Met die huidige studie se fokus op die innerlike sterktes waarop gesinslede staat maak ná verlies, kan `n basis moontlik geskep word vir hersiene terapeutiese intervensies gerig op bedroefde gesinne. Volgens Kyriakopoulos (2008) behoort hedendaagse intervensies gerig te wees daarop om `n "gesonde verdriet-proses" te fasiliteer (p. 345). Hierdie doelwit is waarskynlik meer haalbaar indien intervensies spesifiek aangepas word na gelang van die kliënte se unieke ervarings:

> Daar is `n groeiende behoefte aan `n terapeutiese benadering wat nie rigied en vasgestel is nie, maar eerder buigbaar en individualisties – `n benadering wat nie poog om alle persone binne `n enkele model te pas nie, maar eerder gewysig kan word om in die individuele behoeftes van elke kliënt te voorsien. (Kyriakopolous, 2008, p. 344)

Die insigte wat gespruit het uit die huidige studie sal moontlik geïnkorporeer kan word in intervensies wat poog om gesinsveerkragtigheid te bevorder. Terapeute moedig binne hierdie benadering ouers wat met verlies gekonfronteer word aan om die weerstandsbronne binne hul gesinne te versterk (Hartsthorne, 2002). Hierdie terapeutiese proses noodsaak aan die kant van die professionele persoon die fasilitering van die proses van gesinsaanpassing:

> Professionele persone kan gesinsveerkragtigheid fasiliteer deur ouers aan te moedig om die hulpbronne te vind wat in hul behoeftes voorsien. Ouers kan ondersteun word daarin om hul vermoëns te ontwikkel en om inligting vir hulself te bekom. In dié proses ontwikkel ouers vertroue in hul eie vermoëns om hulpbronne vir hulself te identifiseer. (Hartsthorne, 2002, p. 274)

Die huidige studie het ten doel gehad om gesinsgehardheid as `n weerstandsbron te ondersoek en, in oorleg hiermee, die unieke belewenisse van verdriet en veerkragtigheid in gesinne waarin `n kind oorlede is te verken. Vanuit `n teoretiese en praktiese oogpunt glo die navorser in die waarde van die resultate van die huidige studie. Die resultate kan daarom insigte opper wat tot voordeel mag wees wees vir gesinne wat met die verlies van `n kind moet leef.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1.5 Lys van Sleutelterme

Om die lees en begrip van die tesis te vergemaklik, verskaf die navorser voorts `n alfabetiese lys en beskrywing van die belangrikste terme, wat in die tesis voorkom.

Artefakte: Voorwerpe met `n histories-betekenisvolle waarde.

Effektiewe kommunikasie: Kommunikasie wat eerlik, duidelik en met empatiese begrip vir `n ander persoon se belewenis geskied.

Eksistensialisme: Die filosofiese denkskool wat fokus op die aard van die menslike bestaan en die potensiaal van die individu om hom- of haarself te verwesenlik (MacQuarrie, 1972).

Eksterne ondersteuning: Die praktiese en emosionele bystand wat van buite die gesinseenheid afkomstig is.

Emosionele ondersteuning: Bystand wat verleen word om vertroosting te bied en om vir persone die geleentheid te gee om hul gevoelens eerlik te openbaar.

Gender: Die verskillende sosiaal-aangeleerde verwagtings en gedragspatrone van mans en vrouens (Andersen & Taylor, 2004).

Gesin: `n Groep mense waarin lede twee generasies verteenwoordig en met mekaar in verhoudings staan wat gebaseer is op biologiese, huweliks-, saambly of versorgingsgronde.

Gesinsaanpassing: `n Proses waartydens `n gesin poog om sistemiese veranderinge te maak om stabiliteit, harmonie, balans en welstand te herstel. Die gesin beoordeel die waarde van hul algemene hanteringstrategieë en weerstandsbronne tot hul beskikking en ontwikkel nuwe, meer effektiewe maniere om uitdagings te bowe te kom. (McCubbin & McCubbin, 1996)

Gesinsgehardheid: Die kognitiewe-, emosionele- en gedragsfaktore wat die gesinseenheid in staat stel om interafhanklik saam te werk om probleme op te los, om te glo dat hulle die meesters is van hul eie aanpassingsproses en om `n positiewe en realistiese beskouing van lewensveranderings as gebeurtenisse wat groei kan bewerkstellig, te deel.

Gesinsgehegtheid: Die mate waarin gesinslede betrokke is in mekaar se lewens ten opsigte van die tyd wat hulle saam spandeer, die ervarings, gedagtes en gevoelens wat hulle met mekaar deel en die aard en frekwensie van gesamentlike besluitneming en probleem-oplossing (McCubbin, McCubbin, Thompson, & Elver, 2007).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Gesinsveerkragtigheid: Die unieke vermoë van `n gesin om, ten spyte van lewensuitdagings en stressors, as `n funksionele eenheid vooruitstrewend te wees in die hede en die toekoms deur effektief gebruik te maak van hul inherente sterktes en die bronne vir herstel tot hul beskikking.

Gesinsweerstandsbronne: Psigososiale en kontekstuele hulpbronne wat bevorderend is vir die aanpassing van die gesinseenheid.

Godsdiens: Die geformaliseerde geloof in die bestaan van `n opperwese en/of universele orde, wat menslike gedrag rig en bevestig word deur middel van rituele praktyke.

Intragesinsteun: Ondersteuning van `n emosionele en praktiese aard wat wedersyds deur gesinslede aan mekaar gebied word.

Koherensie-sin: “Die mate waarin `n persoon `n deurdringende, durende, dog dinamiese gevoel van vertroue inboesem dat (a) stimuli afkomstig van die interne en eksterne omgewing gestruktureerd, voorspelbaar en verklaarbaar daar uitsien; (b) dat hulpbronne beskikbaar is om te voorsien aan die vereistes wat deur dié stimuli gestel word; en (c) dat hierdie vereistes uitdagings is, wat die moeite werd is om mee betrokke te raak” (Antonovsky, 1987, p. 19).

Kultuur: Die komplekse betekenis-sisteem, waarvolgens mense optree, dink en voel, wat die lewenswyse van `n bepaalde groep of samelewing orden en reguleer (Andersen & Taylor, 2004).

Patogene paradigma: Die denkraamwerk waarvolgens menslike siekte, swakheid en geestes-versteuring oormatig beklemtoon word in navorsing en praktyk (Strümpfer, 2005).

Salutogene perspektief: `n Teorie binne die sielkundige en mediese velde waarvolgens die aandag gevestig word op die wyses waarop mense fisiologies en sielkundig gesond bly, eerder as die faktore wat siekte, disfunksie en versteuring veroorsaak (Antonovsky, 1996).

Verdriet: Die emosionele, kognitiewe, fisiologiese en geestelike wyses waarop individue, verhoudingsmaats en gesinne reageer op die dood van `n geliefde persoon (Hunt, 2008).

Voortdurende verbintenis: Die maniere waarop individue hul emosionele bande met `n oorlede persoon laat voortbestaan deur die herinneringe aan en die verhouding met die gestorwe persoon te akkommodeer in die verskeie dimensies van hul sielkundige belewenisse (Hunt, 2008).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1.6 Uitleg van Tesis

In Hoofstuk 1 verskaf die navorser `n inleiding tot die huidige studie. `n Inleiding word gebied op die agtergrond en konteks van die studie. So ook word die studiedoelwit, navorsingsvrae en hipoteses uiteengesit. Die teoretiese en praktiese belang van die huidige studie word daarna kortliks bespreek. Laastens word `n lys van sleutelterme weergee.

Die teoretiese grondslag van die studie word in Hoofstuk 2 gebied. Hier word die aandag gevestig op teorieë te make met verdriet, die salutogene paradigma, sowel as die ontwikkeling van teorieë gefokus op gesinsveerkragtigheid, met `n spesifieke fokus op die konsep van gesinsgehardheid.

Hoofstuk 3 behels `n literatuuroorsig van navorsing wat aansluit by die tema van die huidige ondersoek. Die resultate van studies te make met gesinsveerkragtigheid word eerstens weergee. Daarna volg `n opsomming van studies wat gerig was op die ondersoek van bedroefde gesinne. Laastens word aandag gegee aan studies wat ten opsigte van onderwerpe en metodologieë die meeste ooreengestem het met die huidige ondersoek, naamlik studies van gesinsgehardheid en studies van die veerkragtigheid van gesinne, waarin `n gesinslid oorlede is.

In Hoofstuk 4 word die metode van ondersoek beskryf. Hier verskaf die navorser `n beskrywing van die navorsingsontwerp en die steekproef van persone wat aan die huidige studie deelgeneem het. Die data-insamelingsprosedure, meetinstrumente, sowel as die prosedure van steekproeftrekking word daarna beskryf. So ook word etiese oorwegings bespreek en `n reflektiewe beskouing van die navorsingsproses weergee. Laastens verduidelik die navorser die metodologiese onderbou van die huidige studie, insluitende die ontleding van kwantitatiewe data, die kwalitatiewe onderhoud en die ontleding van onderhoud-transkripsies.

In Hoofstuk 5 rapporteer die navorser die resultate van die huidige studie. Eerstens word die kwantitatiewe resultate aangedui, gevolg deur die kwalitatiewe bevindings, wat geïllustreer word met aanhalings uit die onderhoude.

In Hoofstuk 6 word die resultate van die huidige studie bespreek, met verwysing na relevante literatuur waarby die resultate moontlik mag aansluit. Die navorser verduidelik daarna die sterkpunte en beperkings van die huidige ondersoek en verskaf `n gevolgtrekking. In hierdie hoofstuk word oorwegings vir toekomstige navorsing op die onderwerp ook aangedui.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 2

Teoretiese Grondslae

2.1 Inleiding

Modelle en teorieë word gekonstrueer om fenomene te beskryf en te verklaar deur gebruik te maak van interafhanklike konsepte en definisies, wat gegrond is op spesifieke aannames (Mouton, 1996). In die sosiale wetenskappe word daar gepoog om teoretiese sienings te ontwikkel oor die prosesse aan`t werk in die samelewing, in gemeenskappe en binne gesinne, asook in die kognitiewe en affektiewe ervarings en gedragspatrone van individue.

Tog is modelle en teorieë onderworpe aan verandering. Volgens Davies (2004) verteenwoordig dié sienings nie alleenlik intellektuele raamwerke nie, maar ook die *zeitgeist* waarbinne dit ontwikkel is. Teoretici se denkwyses is daarom ook produkte van `n sekere plek en tydvak.

In die huidige studie word die gehardheid in gesinne waarin daar `n kind oorlede is, ondersoek. Die teoretiese grondslae waarop hierdie studie gebaseer is, bestaan uit die bydraes van verskeie teoretici. Dié teorieë toon ontwikkeling oor tyd en `n wisselende fokus op spesifieke verskynsels te make met verdriet-reaksies, gesondheid en wel-wees, en individuele en gesinsaanpassing.

In hierdie hoofstuk word die teoretiese ontwikkeling van perspektiewe op verdriet en aanpassing ná die dood van `n gesinslid, eerstens ondersoek. Tradisionele teorieë word aan die kaak gestel ten opsigte van die klem wat geplaas is op individuele verdriet-reaksies en die oortuiging dat suksesvolle aanpassing `n verbreking van die band met die oorledene behels. Teorieë gefokus op die unieke maniere waarop individue en gesinne die dood van `n geliefde aktief konfronteer, word daarna bespreek.

Die salutogene benadering van Antonovsky (1979, 1987, 1996) word volgende aangebied as `n alternatiewe paradigma in teenstelling met die patogene fokus op siekte en disfunksie. Hiermee word `n hernude begrip van siekte en gesondheid in die sosiale wetenskappe bekendgestel.

In die derde afdeling word veerkragtigheid as `n individuele en gesinsproses gedefinieer. Die teoretiese ontwikkeling van gesinsveerkragtigheidsmodelle word hierna uiteengesit, met `n spesifieke fokus op die Veerkragtigheidsmodel van Gesinstres, Verstelling en Aanpassing (McCubbin & McCubbin, 1996).

Laastens word die konsep van gesinsgehardheid bespreek as `n interne weerstandsbron wat gesinne help om aan te pas te midde van stres en ná afloop van traumatiese lewensgebeurtenisse.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.2 Perspektiewe op Verdriet en Aanpassing ná die Dood van `n Gesinslid

Verdriet (*grief*) kan beskou word as die wyse waarop individue, verhoudingsmaats en gesinne reageer op die dood van `n geliefde persoon. Verdriet-reaksies kan plaasvind op alle vlakke van belewenis, byvoorbeeld emosioneel, kognitief, fisiologies en geestelik (Hunt, 2008). Teorieë oor verdriet poog om beskrywende uiteensettings te bied van hoe individue en die groepe waarin hulle hulself bevind in die algemeen reageer op verlies (Servaty-Seib, 2004).

Alhoewel tradisionele teorieë waardevol kan wees om algemene verdriet-patrone te identifiseer en om, vandaar, gepaste intervensies te beplan, voer Servaty-Seib (2004) aan dat die uniekheid van verdriet-ervarings nie misken moet word in navorsing en praktyk nie. Volgens Davies (2004) is tradisionele teoretiese perspektiewe op verdriet nie meer toepaslik nie, aangesien dié perspektiewe nie die verskeidenheid van ervarings van verdriet onder ouers wat kinders afgestaan het aan die dood, voldoende weerspieël nie. In dié opsig plaas hedendaagse teorieë, byvoorbeeld, klem op die voortdurende verbintenisse wat ouers behou met hul oorlede kinders om op `n gesonde wyse met hul lewens voort te gaan (Klass, 2006).

Walsh en McGoldrick (2004) wys ook op die oormatige beklemtoning in die literatuur van individuele verdriet-reaksies, ten koste van `n sistemiese benadering wat let op die impak wat die dood van `n gesinslid op die gesinseenheid as funksionerende geheel maak. Tesame hiermee, is daar `n gebrek aan fokus op die konstruktiewe wyses waarop gesinne aanpas ná verlies-ervarings (Walsh, 1998). Beide verdriet-reaksies en gesinsaanpassing ná verlies behoort dus bestudeer te word, met inagneming van individuele verskille, byvoorbeeld omstandighede rondom die dood van die gesinslid, sowel as die gesin se huidige lewenstadium in die gesinslewensiklus (McGoldrick & Carter, 2003; Walsh & McGoldrick, 2004).

In die afdelings wat volg, word daar eerstens gefokus op die ontwikkeling van teoretiese perspektiewe op verdriet. Daarna volg `n bespreking van Walsh en McGoldrick (2004) se konsepsuele raamwerk van verlies en voorgestelde gesinsaanpassingstake, asook die maniere waarop `n gesin se lewenstadium in die gesinslewensiklus hul aanpassing ná verlies beïnvloed (McGoldrick & Carter, 2003; Walsh & McGoldrick, 2004).

2.2.1 Die Ontwikkeling van Teoretiese Perspektiewe op Verdriet

Davies (2004) wys op die aannames van tradisionele teoretiese perspektiewe op verdriet. Teoretici het gemeen dat individue hulself moet rig daarop om die werklikheid van die verlies van `n geliefde aktief te konfronteer en te aanvaar en hulself dan losmaak van die oorlede persoon om sodoende hul

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

verdriet te verwerk (Davies, 2004). Volgens Walter (1996) het tradisionele teoretici die doel van verdriet soos volg beskou:

> Die doel van verdriet is die hersamestelling van `n outonome individu wat in `n groot mate die oorledene kan agterlaat en nuwe verbintenisse vorm. Die proses waardeur laasgenoemde klaarblyklik behaal kan word, is die verwerking en resolusie van gevoelens. (p. 7)

Met dié aannames in gedagte, is verdriet aanvaar as `n proses wat alleenlik plaasvind op die individuele vlak. Verdriet het dus ten doel om uiteindelik die effektiewe funksionering van die individu te verseker. Verder is daar binne tradisionele perspektiewe op verdriet veronderstel dat dit noodsaaklik is dat verdriet moet plaasvind en tot `n gespesifiseerde einde kom. Soos Morris (1971) dit stel, moet die oorlewende alle bande met die verlede breek om hom/haarself emosioneel te bevry om so `n nuwe lewe te begin: “Ongeag hoe huiwerig `n mens dit ervaar, dit moet plaasvind” (p. 17). Kast (1993) voer ook aan dat die individu lewensvreugde slegs kan verwesenlik deur afskeid te neem van die verlede om plek te maak vir nuwe ervarings en verhoudings. Daar is, volgens Kast (1993), “geen ander uitweg nie” (p. 59).

Worden (1991) bied vier take aan, wat deur die oorlewende persoon voltooi moet word om terug te keer na normale funksionering. Eerstens moet die werklikheid van die verlies aanvaar word op `n intellektuele en emosionele vlak. Daarna moet die persoon die fisiese, emosionele en gedragsreaksies, wat gepaardgaan met verdriet, ervaar. Die derde taak is om aan te pas by `n omgewing waarin die geliefde persoon nie meer teenwoordig is nie. Hiervolgens moet die persoon nuwe rolle aanneem, wat vroeër deur die oorledene vertolk is. `n Gewysigde self-begrip ontwikkel ook namate dié taak voltooi word. Laastens word die dooie emosioneel verplaas en die individu gaan voort met sy/haar lewe. Hierdie verplasing behels dat die verhouding met die oorledene prysgegee word ter wille van nuwe verbintenisse (Worden, 1991).

Alhoewel Bowen (1978) se bydraes `n belangrike verwikkeling in die evolusie van gesinsisteme-teorie verteenwoordig het, is sy toepassing van dié teorie op gesinne wat die verlies van `n gesinslid ervaar `n kenmerkende voorbeeld van tradisionele verdriet-teorieë. Volgens Bowen (1978) beleef gesinne emosionele ekwilibrium wanneer gesinslede vir `n sekere tydperk redelik effektief funksioneer. Die gesin se emosionele ekwilibrium word egter versteur deur die toevoeging van `n nuwe lid (byvoorbeeld, met die geboorte van `n kind en die bevestiging van `n huwelik) en die verlies van `n gesinslid (tydens sterftes en egskeidings). Die intensiteit van die emosionele reaksies (verdriet) onder gesinslede word voorts bepaal deur die mate waarin die gesin tans funksioneel en emosioneel geïntegreer is, asook die funksionele belang van die gesinslid wat toegevoeg is tot die gesinsisteem of uit die sisteem verlore gegaan het. Die gesin neem dan `n sekere tyd om weer

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

emosionele ekwilibrium te bewerkstellig. Dié tydsduurte is afhanklik van die emosionele integrasie van die gesin en ook die intensiteit van die versteuringsgebeurtenis (Bowen, 1978).

Die gesin se emosionele ekwilibrium word, volgens Bowen (1978), opnuut bewerkstellig wanneer gesinslede hul emosionele bande met die oorledende verbreek. Bowen (1978) noem dat begrafnisse, in dié opsig, `n belangrike funksie verrig:

> Begrafnisse dien `n algemene doel om oorlewendes in nabye kontak met die dooie en belangrike vriende te bring, wat hulle help om die verhouding met die dooie tot niet te maak en om aan te beweeg met hul lewens…Tog is daar talle hedendaagse begrafnispraktyke wat dien om die dood te ontken om sodoende die onopgeloste emosionele verbintenisse tussen die oorlewendes en die oorledene te laat voortbestaan. (pp. 331-332)

Kast (1993) se siening op die funksie van begrafnisse sluit aan by Bowen (1978). Volgens Kast (1993) is dit noodsaaklik vir alle gesinslede om die lyk te besigtig, aangesien die verlies hiermee meer duidelik begryp kan word. Indien dié sterk bewuswording nie plaasvind nie, is dit moontlik dat gesinslede "fantaseer" dat die dooie steeds op `n manier voortleef (p. 54). Dit blyk dat Kast (1993) dié tipe fantasieë as gevaarlik beskou ten opsigte van gesinslede se aanpassing ná die verlies van `n geliefde.

Tradisionele teoretiese perspektiewe op verdriet impliseer dus dat onopgeloste verdriet onder gesinslede `n patologiese toestand verteenwoordig. Bedroefde individue, volgens dié perspektiewe, misluk daarin om aan te beweeg met hul lewens, indien hulle nie hul emosionele bande met die oorledene verbreek nie. Davies (2004) meen dat dié uitgangspunt toegeskryf kan word aan die wyse waarop tradisionele perspektiewe op verdriet grootliks gebaseer is op Westerse lewensbeskouings:

> Die Westerse wêreldbeskouing van moderniteit heg waarde toe aan outonomie en individualisme. Binne dié denkraamwerk word verhoudings beskou as instrumenteel, in die opsig dat verhoudings `n doel dien om sekuriteit en nabyheid vir die individu te verseker. Die oomblik wanneer verhoudings nie meer `n instrumentele doel dien nie, soos in die geval van `n sterfte, word die verhouding verbreek. (p. 511)

Hedendaagse teoretici verwerp die aannames van die tradisionele perspektiewe. Verhoudings word beskou as opsigself van inherente waarde en nie bloot in terme van hul instrumentele funksies nie. Verder, in plaas daarvan om die oorledene te vergeet, ag hedendaagse teoretici dit as belangrik dat individue, verhoudingsmaats en gesinne `n geskikte plek toestaan vir die oorlede geliefde in hul emosionele lewens (Walter, 1996). Dit is van waarde dat oorlewendes `n blywende band met die oorledene behou om sodoende die nagedagtenis aan die persoon te verweef in hul lewens ná die verlies, eerder as om hul emosionele bande met die oorledene te verbreek (Davies, 2004).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Voortdurende verbintenisse (*continuing bonds*) verwys na die maniere waarop individue hul bande met die persoon wat gesterf het, behou, wat kan dien as `n opbouende en genesende faktor vir bedroefde persone (Davies, 2004; Servaty-Seib, 2004). Volgens Hunt (2008) is voortdurende verbintenisse deel van `n proses om die herinnering aan en die verhouding met die oorledene te akkommodeer in verskeie dimensies van die oorlewende se lewe. Dié proses bly egter deurlopend en kan nie tot `n vaste, finale vergelyk kom nie (Hunt, 2008).

Servaty-Seib (2004), in tred met hedendaagse teoretiese aannames aangaande verdriet, verskil van Bowen (1978) ten opsigte van die belang van begrafnispraktyke, soos besoeke aan die graf van die oorlede geliefde. Besoeke aan die graf skep die geleentheid om `n voortdurende verbintenis met die dooie persoon te vorm op twee maniere: As `n innerlike werklikheid, verkry die nagedagtenis aan die oorledene `n kognitiewe basis en word dit behou as `n volwaardige konneksie met die persoon wat gesterf het. Die voortdurende verbintenis kry ook beslag as `n aspek van die gesinsisteem: Individuele gesinslede deel hul herinneringe aan die oorledene met mekaar en skep sodoende `n geleentheid om `n gesamentlike beeld van en verhouding met die oorledene in hul emosionele lewens te vorm (Servaty-Seib, 2004).

Oorlewendes voel genoop om hul herinneringe aan die oorledene met mekaar te deel. So is dit dikwels die geval dat bedroefde ouers nie skroom om hul stories te vertel en om te verwys na die oorlede kind en die gebeurtenisse in sy/haar lewe nie (Becvar, 2001; Walter, 1996). Dit is, volgens Walter (1996), tot voordeel van gesinslede se aanpassing om soveel as moontlik `n beeld van die dooie te vorm deur met mekaar te kommunikeer ten opsigte van wie die persoon was en wat hy/sy vermag het in sy/haar lewe. Dit is dus van waarde om by die begrafnis-seremonie te verseker dat `n publieke en akkurate biografie van die oorledene vertel word (Walter, 1996). Op dié manier word oorlewende gesinslede, vriende en kennisse gemotiveer om hul herinneringe aan die oorledene met mekaar te deel.

Kommunikasie omtrent dié herinneringe word egter bemoeilik, aangesien die dood meer dikwels `n taboe-onderwerp verteenwoordig (Becvar, 2001). Talle mense voel daarom ongemaklik in die teenwoordigheid van bedroefde persone en dit mag voorkom dat diegene die oorlewende so gou as moontlik wil dwing tot normale funksionering (Morris, 1971). Die voortdurende verbintenis word dus makliker geskep binne `n atmosfeer waar gesinslede openlik met mekaar kan kommunikeer en waar persone gemaklik voel om aandagtig te luister na ander se vertellings van en sienings oor die oorledene se persoonlikheid en lewensdade.

Hunt (2008) noem ook ander praktiese wyses waarop die voortdurende verbintenis met die gestorwe geliefde ontwikkel en behou kan word: Individue kan dagboek-inskrywings maak om die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

nagedagtenis aan die oorledene te dokumenteer en om rekord te hou van die proses om ná die verlies van die geliefde voort te gaan met hul lewens. So ook kan individue briewe skryf vir die oorledene om uiting te gee aan hul gevoelens jeens die doodsgebeurtenis, sowel as om emosies van liefde en verlange aan die oorlede persoon te kommunikeer (Hunt, 2008).

Die hedendaagse teoretiese fokus op voortdurende verbintenisse staan in kontras met die klem wat voorheen geplaas is op die verbreking van emosionele bande met die oorledene. Die ontwikkeling van teoretiese perspektiewe op verdriet wys dus op `n tendens onder teoretici om verdriet te verken en te verstaan met inagneming van individuele verskille. Met toenemende insig kom teoretici tot die besef dat daar geen enkele verklaring is vir die roetes wat mense volg om verdriet te verwerk en aan te pas ná die dood van `n geliefde nie (Walter, 1996). As sodanig behoort teoretici te let op individue, verhoudingsmaats en gesinne se verdriet-reaksies, tesame met hul diverse pogings om die verlies van`n geliefde te akkommodeer in hul lewens.

2.2.2 `n Konsepsuele Raamwerk van Verlies

Hedendaagse en tradisionele perspektiewe op post-verlies ervarings en verdriet kan gekritiseer word op grond van `n gebrek aan fokus gerig op die gesin se aanpassing as `n funksionele eenheid. So ook misluk sekere teoretici daarin om voldoende aandag te skenk aan die wyse waarop verlies beide lewenstadium-spesifieke en langtermyn gevolge inhou vir die gesin.

Walsh en McGoldrick (2004) verskaf `n omvangryke konsepsuele raamwerk van verlies en gesinsaanpassing, wat nie bloot gefokus is op die individu se verlies van `n direkte verhouding met `n oorlede gesinslid nie. Dié raamwerk is gerig op die invloed wat `n dood in die gesin uitoefen op die gesin as `n eenheid en hoe gesinstruktuur en -funksionering die aanpassingsproses van alle gesinslede bemiddel:

> Verlies is `n hoogs-invloedryke gebeurtenis, wat die fondamente van `n gesin se lewe ruk en geen gesinslid ongeaffekteer laat nie. Verlies is meer as net `n diskrete voorval en behels prosesse oor tyd, wat strek vanaf die bedreiging van `n naderende dood tot die onmiddelike nadraai daarvan en verder tot langtermyn implikasies. (p. 8)

Om Walsh en McGoldrick (2004) se konsepsuele raamwerk van verlies en gesinsaanpassing te verstaan, is dit belangrik om sekere veranderlikes in oënskou te neem. Hierdie veranderlikes is inherent aanwesige faktore wat van gesin tot gesin mag verskil en het betrekking op die gesin se struktuur, funksionering, lewenstadium en sosiokulturele konteks sowel as die spesifieke omstandighede rondom die dood van die gesinslid. In Figuur 1 word `n skematiese voorstelling van Walsh en McGoldrick (2004) se raamwerk van verlies en gesinsaanpassing verskaf.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Figuur 1. Konsepsuele raamwerk van verlies en gesinsaanpassing (aangepas uit Walsh & McGoldrick, 2004).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ouers se aanvaarding van hul kind se dood wissel na gelang van die oorsaak van en omstandighede rondom die kind se dood, asook hul beskouing van die doodsgebeurtenis as voorkombaar, al dan nie (Murphy, Johnson, Lohan, & Tapper, 2002). Die manier waarop die kind gesterf het, beïnvloed dus ook die gesin se verdriet-reaksies en aanpassing ná verlies (Walsh & McGoldrick, 2004).

`n Skielike sterfte veroorsaak dat gesinslede oor onvoldoende tyd beskik om vir die verlies voor te berei, om ongedane sake af te handel en om afskeid te neem van die oorlede kind. Ouers kan moontlik hulself blameer en voel dat hulle aandadig is aan die dood, indien die kind oorlede is in `n ongeluk. Onder dié omstandighede mag ouers voel dat hulle misluk het in hul ouerlike plig om hul kinders te beskerm (Becvar, 2001). `n Gewelddadige dood kan ouers veral traumatiseer, aangesien dit gesien word as sinneloos en onverdiend vir die onskuldige slagoffer. In die geval van `n kind wat selfmoord pleeg, kan dit lei tot intense skuldgevoelens en woede, wat gesinsverhoudings kan laat verbrokkel, veral as gesinslede die selfmoord toeskryf aan `n ander gesinslid se verhouding met en optrede teenoor die oorledene (Walsh & McGoldrick, 2004).

Verdriet-reaksies en gesinsaanpassing is ook afhanklik van die manier waarop die gesin georganiseer is. Eerstens is`n gesinsisteem wat buigbaar en duidelik gestruktureer is in terme van reëls, die spesifieke emosionele en instrumentele rolle wat lede in die gesin vertolk en die perke wat op gesinslede se invloed in die gesin geplaas word, faktore wat gesinsaanpassing ná verlies beïnvloed (Walsh & McGoldrick, 2004).

Tweedens is dit belangrik dat gesinslede mekaar ondersteun ná die verlies. Intragesinsteun hang af van die mate waarin `n gesin geheg is. In dié verband, is eerlike kommunikasie tussen gesinslede noodsaaklik (Walsh & McGoldrick, 2004):

> Gesinsgehegtheid maak wedersydse ondersteuning moontlik, indien dit gebalanseer is deur aanvaarding en respek vir individuele verskille in respons op die verlies...Indien sekere gevoelens, gedagtes of herinneringe verbied word as gevolg van wisselende lojaliteite, taboe-onderwerpe en mites kan kommunikasie omtrent die verlies-ervaring versteur word. (pp. 20-21)

Volgens Walsh en McGoldrick (2004) is die gesin se verlies-ervaring ook meer intens, indien die oorlede persoon `n integrale rol gespeel het in die funksionering van die gesin. Met betrekking tot die dood van `n kind, word die verlies meer intens ervaar as die kind `n eersgeborene, enigste kind of die enigste dogter of seun was, asook indien die kind hoogs talentvol was, of `n kind was met wie gesinslede konflik ervaar het (Walsh & McGoldrick, 2004).

`n Bykomende aspek van die gesin se organisering het te make met die mate waarin gesinne se uitgebreide familie betrokke is by die gesin se aanpassingsproses. Die emosionele ondersteuning en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gereelde praktiese bystand van familie-lede kan vir gesinne wat met verlies saamleef van groot waarde wees. Tog vind talle gesinne dit moeilik om aan te pas as gevolg van `n gebrek aan `n gevoel van gemeensaamheid binne breër familie-verband (Walsh & McGoldrick, 2004).

Gesinne se gedeelde oortuigings word geaffekteer deur traumatiese gebeurtenisse, soos die verlies van `n kind. Dié gemeenskaplike betekenisraamwerk beïnvloed die manier waarop die gesin kan saamstem aangaande hoe om te werk te gaan om aan te pas. Gesinslede word gekonfronteer met vrae waarvoor daar nie maklike antwoorde is nie, soos "Waarom moes dit met ons gebeur het?" en "Kon die dood van ons kind verhoed geword het?" Vir talle gesinne kan die dood van `n kind in die gesin ook lei tot `n bevraagtekening van hul spirituele oortuigings. Dié oortuigings kan egter ook `n positiewe invloed uitoefen op die aanpassingsproses en is sentraal tot die voortdurende verbintenis met die oorledene. Soos Walsh en McGoldrick (2004, p. 19) dit stel: "Die dood bring `n lewe tot `n einde, maar nie `n verhouding nie…Die verhouding oorleef die dood, word getransformeer en in stand gehou deur `n geestelike verbintenis, asook deur herinneringe, stories en dade".

Die sosiokulturele konteks waarbinne gesinne hulself bevind, het `n noemenswaardige invloed op die gesin se aanpassingsproses ná verlies. Volgens Walsh en McGoldrick (2004) kan die moderne Westerse samelewing gekritiseer word op grond van die "swak hanteringswyses" (p. 21) wat dit aan mense voorhou om met die dood van `n geliefde saam te leef. As gevolg van Westerse norme en praktyke, word die gesin se aanpassing in vele opsigte bemoeilik: Die Westerse samelewing hou voor dat dit beter is dat sterwendes verwyder word uit hul tuistes en hul gemeenskappe en dat die impak van `n verlies spoedig verwerk moet word (Walsh & McGoldrick, 2004). In dié verband is dit binne die Westerse kulturele konteks dikwels die geval dat "toestemming weerhou word om die oorledene te behou" (Walter, 1996, p. 9). Hiervolgens is daar vir talle gesinne `n gebrek aan kulturele praktyke wat toepaslik is om genesing en aanpassing te bevorder (Walsh & McGoldrick, 2004).

Gender-norme speel ook `n rol in hoe gesinne aanpas na die dood van `n gesinslid. Daar word byvoorbeeld meer dikwels van manlike gesinslede verwag om die praktiese, instrumentele take te verrig ná afloop van `n verlies in die gesin. Dié take behels, onder andere, die behartiging van administratiewe reëlings te make met die begrafnis-seremonie. In tye van verlies kan mans, wat verplig voel om hulself besig te hou met dié tipe take, dikwels ontneem word van die geleentheid om aan hul emosies uiting te gee. Vrouens, daarenteen, voel meer verplig om toe te sien dat alle oorlewende gesinslede emosioneel ondersteun word in hul verdriet. Op dié manier word vrouens soms ooreis in hul pogings om gesinslede te vertroos. In die proses stel vrouens dikwels die emosionele welstand van hul gesinne bo dié van hul eie (Walsh & McGoldrick, 2004).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Alhoewel die voorgenoemde veranderlikes, wat in hierdie afdeling bespreek is, `n duidelike rol speel in gesinne waarin `n geliefde oorlede is, kan hierdie faktore nie beskou word as onafhanklik van die veranderings wat gesinne ondergaan in die verloop van die lewensiklus nie. Verlies is `n langtermyn proses en nie `n uitgesonderde, tydspesifieke gebeurtenis nie.

2.2.3 Die Invloed van die Gesinslewensiklus

Die gesinslewensiklus is `n invloedryke veranderlike in gesinne se aanpassing ná die dood van `n geliefde. Die impak en die betekenis van `n sterfte in die gesin wissel na aanleiding van die spesifieke ontwikkelingsuitdagings wat die gesin mee gekonfronteer word (Walsh & McGoldrick, 2004). Dit is ook belangrik om die dood van `n kind te ondersoek vanuit `n perspektief wat die gesinslewensiklus inkorporeer as `n veranderlike wat gesinsaanpassing kan beïnvloed, aangesien verhoudings tussen gesinslede strukturele en funksionele veranderinge ondergaan oor tyd:

> Gesinstres is dikwels meer intens tydens die oorgang van een lewenstadium na `n ander in die ontwikkelingsproses, wanneer gesinne hul verhoudings opnuut balanseer, herdefinieer en herstel…Groot lewensiklus-oorgange vereis `n fundamentele verandering in die gesinsisteem self, eerder as toenemende veranderinge of herorganisering, wat deurgaans in die lewe plaasvind. (McGoldrick & Carter, 2003, pp. 380, 384)

Die normatiewe stressors wat gesinne ervaar as gevolg van die oorgange tussen lewenstadiums kompliseer die aanpassingproses ná afloop van `n kind se sterfte (vergelyk Figuur 1). Elke stadium in die gesinslewensiklus behels spesifieke aanpassingstake en die verlies-ervarings van gesinslede verskil afhangende van waar in die siklus die gesin hulself bevind:

1. Die Jong Paartjie

Eerstens verteenwoordig die jong getroude paartjie `n stadium waar beide verhoudingsmaats se oorspronklike gesinsisteme saamgevoeg word om `n nuwe sisteem te vorm. Dié stadium kan stresvol wees vir die paartjie as ouers en skoonouers ongevraagd inmeng in die paartjie se verhoudingslewe. Tydens dié stadium is dit tot voordeel van die jong paartjie indien hulle perke kan stel aan hul onderskeie gesinne van oorsprong se invloed in hul daaglikse gesinslewe en dit regkry om `n gesamentlike definisie van hul nuwe gesinsisteem te verkry (McGoldrick & Carter, 2003).

Die jong paartjie mag gekonfronteer word met onvrugbaarheid en miskrame in hul pogings om `n kind tot hul gesin te voeg. Dié soort verlies en die pyn wat daarmee gepaardgaan word in die algemeen in `n mindere mate erken as ander tipe verliese (Becvar, 2001). Volgens Walsh en McGoldrick (2004) word miskrame en onvrugbaarheid dikwels geheim gehou. Dit kan lei daartoe

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dat verhoudingsmaats sukkel om hul hartseer en gevoelens van verlies en onvervulde verwagtings aan mekaar te openbaar. Sommige paartjies mag selfs mekaar heimlik blameer vir die onvermoë om `n kind te verwek – `n situasie wat ernstige konflik in die jong paartjie se verhouding kan veroorsaak (Walsh & McGoldrick, 2004).

2. Gesinne met Jong Kinders

Wanneer `n kind tot die gesin gevoeg word, word die gesin vir die eerste keer `n permanente sisteem, ongeag wat die toekoms mag inhou. Die jong paartjie bereik volwaardig volwassewording, aangesien hulle nou `n generasie-verskuiwing moet maak om na hul kind om te sien. Tog ervaar talle jong gesinne verhoogde stres tydens dié stadium, veral ten opsigte van hul daaglikse verant-woordelikhede om in die kind se veeleisende versorgingsbehoeftes te voorsien (McGoldrick & Carter, 2003).

Die verlies van `n kind tydens hierdie fase dwing jong ouers tot `n diep besinning van lewensbetekenis. “Ouers behoort nie hul kinders te begrawe nie”, is `n veelgesproke uitdrukking en sosiale verwagting van hoe sterftes behoort te geskied. Vir jong ouers is dié onvervulde verwagting veral `n bron van hartseer en gevoelens van onregverdigheid. Hiermee tesame behels die dood van `n kind `n gepaardgaande verlies van jong ouers se drome en die hoop wat hulle gekoester het ten opsigte van hul kind se toekomstige lewens-vooruitsigte en persoonlike ontwikkeling (Walsh & McGoldrick, 2003).

3. Gesinne met Adolessente Kinders

Die dood van `n tiener-kind hou spesifieke gevolge in vir die gesin se aanpassing. Tydens hierdie lewensfase ondergaan ouer-kind verhoudings geweldige funksionele veranderings ten opsigte van die mate waarin ouers toesig kan en behoort te hou oor hul kinders se aktiwiteite en ontwikkeling. Adolessente kinders, in hul strewe na `n onafhanklike identiteit, kan, op hul beurt, begin afstand doen van hul gesin en rebelleer teen hul ouers se invloed op hul persoonlike lewens (McGoldrick & Carter, 2003).

Adolessente se opstandigheid teen hul gesin van herkoms word dikwels uitgedruk in impulsiewe, riskante gedrag. Indien die kind se dood toegeskryf kan word aan hierdie tipe optrede, word ouers gekonfronteer met gevoelens wat wissel tussen woede, hartseer, sinneloosheid en wanhoop (Walsh & McGoldrick, 2004). Ouers mag moontlik ook skuldig voel dat hulle nie meer gepoog het om hul afgetrokke en rebelse kind met empatiese ondersteuning opnuut te betrek by hul gesinslewe nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4. Die Middel-Fase

Tydens die middel-fase van die gesinslewensiklus neem ouers afskeid van hul kinders wat die huis verlaat. In die middel-fase is daar telkens twee uiteenlopende uitkomste vir ouers: Met meer tyd beskikbaar vir ander aktiwiteite as kinderversorging, skep dié fase vir talle ouers `n geleentheid om persoonlike belangstellings na te streef en om hul eie liefdesverhoudings te herontdek. Dié fase is egter nie vir alle ouers `n vreugdevolle tydperk nie. Talle ouers neem bestek van hul lewens tot op hede. Indien hulle ontevrede is met dit wat hulle persoonlik, beroepsgesproke en binne gesins-verband bereik het, kan dié introspeksie lei tot `n gevoel van leegheid en mislukking (McGoldrick & Carter, 2003). Tydens die middel-fase is die dood van `n jong volwasse kind `n uniek-traumatiese ervaring. Ouers mag dit as `n onreg beskou dat die kind wat hulle grootgemaak het, wat pas die huis verlaat het om `n eie lewe te lei, moet sterf voordat die fleur van sy/haar lewe bereik is (Walsh & McGoldrick, 2004).

5. Die Laat-Fase

In die laat-fase van die gesinslewensiklus, ervaar gesinslede verskeie verliese. Dit is eerstens algemeen dat vriende en verhoudingsmaats tydens hierdie fase as gevolg van ouderdom sterf. Om hierdie rede onttrek sommige individue hulself van sosiale interaksie om die pyn van moontlike toekomstige verlies-ervarings te vermy. Individue moet ook hulself begin oriënteer om berusting te vind met die wete dat hul eie lewens naderhand tot `n einde sal kom. Ouer gesinslede ervaar ook `n verlies aan onafhanklike funksionering en hul kinders moet dikwels die verantwoordelikheid opneem om vir hulle te sorg (McGoldrick & Carter, 2003). Die isolasie, afhanklikheid van ander se sorg en die dood van nabye vriende, verhoudingsmaats en ander familie, wat talle ouer persone beleef, kompliseer hul reaksies op die dood van `n kind. Die dood van `n kind word ook erger gevoel, indien laasgenoemde `n noemenswaardige versorgingsrol in die persoon se lewe gespeel het (Walsh & McGoldrick, 2004).

Walsh en McGoldrick (2004) se konsepsuele raamwerk van verlies en die gesinslewensiklus (McGoldrick & Carter, 2003) bied insig in die interne gesins- en eksterne veranderlikes wat gesinne se aanpassingsproses beïnvloed. Walsh en McGoldrick (2004) verskaf verder spesifieke aanpas-singstake wat, met die uiteengesette veranderlikes in ag genome, vir gesinne van voordeel mag wees ná afloop van die dood van `n gesinslid.

2.2.4 Gesinsaanpassingstake ná Verlies

Gesinsaanpassing is nie `n eenmalige, tydgebonde gebeurtenis nie. Dit is ook nie (soos tradisionele teoretici beweer) die geval dat gesinslede hul emosionele verbintenisse met die oorledene moet

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

verbreek om hul verdriet te resoleer om sodoende aanpassing te bewerkstellig nie. Volgens Walsh en McGoldrick (2004) behels gesinsaanpassing `n gesamentlike, aktiewe hantering van die verlies-gebeurtenis. Om aan te pas, maak die gesin gebruik van inherente gesinsterktes, wat kan help om, oor tyd, `n verskeidenheid lewensuitdagings die hoof te bied (2004).

Volgens Walsh en McGoldrick (2004, p. 3) behels gesinsaanpassing ná verlies "berusting met betrekking tot die verlies en om met die lewe vorentoe te beweeg op `n individuele en gesamentlike vlak, versterk as `n gesinseenheid". Walsh en McGoldrick (2004) stel vier aanpassingstake voor, wat gesinne tot voordeel strek in hul lewens ná die verlies van `n gesinslid (vergelyk Figuur 1):

1. `n Gedeelde Erkenning van die Werklikheid van die Dood

Die verlies van `n gesinslid noodsaak dat gesinslede die werklikheid van die dood, as sulks, moet besef. Alle gesinslede behoort dié werklikheid te konfronteer op hul eie manier. Hierdie proses word vergemaklik indien die gesin eerlik met mekaar kommunikeer en duidelike, feitelike inligting weergee ten opsigte van die doodsgebeurtenis (Walsh & McGoldrick, 2004).

2. `n Gedeelde Belewenis van die Verlies

Gesinsaanpassing word bevorder indien gesinslede `n perspektief op die verlies ontwikkel. Hierdie perspektief word geskep in terme van die gesin se gedeelde betekenisraamwerke en pas verstaanbaar in by hul unieke lewenservarings en oortuigings. Die nagedagtenis aan die oorlede persoon se lewe moet beide geëer en gevier word. Dit behoort ook te geskied binne `n atmosfeer van empatie en `n respek vir die verskeidenheid maniere waarop elke gesinslid mag reageer op die verlies (Walsh & McGoldrick, 2004).

3. Herorganisering van die Gesinsisteem

Om voort te gaan met hul gesinslewe moet die gesin maniere vind om te kompenseer vir die verlies van die gesinslid en om die stres wat met die veranderinge aan die gesinsisteem gepaardgaan, te verwerk. Dié herorganisering van die gesinsisteem behels `n wysiging van die verhoudings tussen gesinslede en `n herverdeling van die rol-funksies, wat deur elke lid verrig word (Walsh & McGoldrick, 2004).

4. `n Belegging in Ander Verhoudings en Lewensdoelwitte

Die finale aanpassingstaak kan aangepak word wanneer gesinslede subjektief gereed voel om vorentoe te beweeg met hul lewens. Gesinslede kan hulself wend daartoe om sekere lewens-belangstellings na te streef en om hulself besig te hou met persoonlik genotvolle aktiwiteite. Die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vorming van nuwe, verrykende verhoudings met ander persone is ook voordelig vir gesinsaanpassing (Walsh & McGoldrick, 2004).

Walsh en McGoldrick (2004) se aanbevole aanpassingstake wys op `n teoretiese tendens om te fokus op die maniere waarop mense konstruktief reageer op traumatiese ervarings. In plaas daarvan om te let op die veranderlikes wat gesinne tot disfunksie kan dryf, word die fokus verplaas daarop om uit te vind hoe gesinne suksesvol aanpas ná verlies. Hierdie fokus is kenmerkend van die salutogene perspektief, wat vervolgens bespreek sal word.

2.3 Die Salutogene Perspektief

Volgens Strümpfer (2005) kan die sielkunde in die algemeen gekritiseer word op grond van `n oormatige beklemtoning van menslike siekte, swakheid en geestesversteuring. Strümpfer (2005) noem dat dié tradisionele fokus veral in intensiteit toegeneem het ná die Tweede Wêreldoorlog, toe sielkundiges hoofsaaklik hulself gerig het op die assessering en terapeutiese behandeling van *pathos*, oftewel "lyding" (p. 22).

Dié patogene paradigma het voorts die teoretiese grondslag begin vorm van kliniese praktyk en navorsing in die sielkundige en mediese velde. As gevolg van hierdie aanvaarde ideologie, plaas talle hedendaagse navorsers en praktisyns te veel klem op menslike siekte en lei dit daartoe dat siekte en gesondheid as teenstellende prosesse beskou word (Antonovsky, 1979):

> Die patogene benadering plaas druk op navorsers en praktisyns om te fokus op siekte en die verandering van liggaamlike vloeistowwe of strukture, ten koste van `n fokus op die persoon se subjektiewe interpretasie van sy/haar toestand…Patogenese is, per definisie, `n model wat `n siekte-toestand postuleer as kwalitatief en teenstellend verskillend van `n nie-siekte-toestand: Die individu is siek of gesond. Die orgaan is beskadig of nie-beskadig. (pp. 36-37)

Binne die patogene paradigma word die persoon dus as ervarende subjek en meester van sy/haar eie genesingsproses, misken. Die vereenvoudigde konsepsualisering van siekte of disfunksie as `n óf aanwesige óf afwesige toestand weerspieël ook nie die werklikheid en wisselende aard van mense se fisiese en geestesgesondheidsprosesse nie.

Om die konstruktiewe wyses waarop getraumatiseerde gesinne aanpas ná die dood van `n kind te ondersoek, is dit nodig om die ondersoek te loods vanuit `n oogpunt wat mense se strewe na welwees in die aangesig van stressors beklemtoon. In die volgende afdelings word die salutogene perspektief (Antonovsky, 1979, 1987, 1996; Antonovsky & Sourani, 1988) as teenvoeter vir die patogene paradigma bespreek.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.3.1 Die Ontwikkeling van die Salutogene Perspektief

Volgens Antonovsky (1996) kan die salutogene perspektief verstaan word as die "teorie van wel-wees van daardie komplekse sisteem – die menslike wese" (p. 13). Die salutogene perspektief fokus dus op die wyses waarop mense fisiologies en sielkundig gesond bly, eerder as die faktore wat siekte, disfunksie en versteuring veroorsaak.

Eerstens let Antonovsky (1979) op die alomteenwoordigheid van stressors in individue se daaglikse lewens. Hiervolgens is dit vir geen mens moontlik om faktore vry te spring wat hulle psigies, sosiaal en biologies negatief kan affekteer nie:

> Selfs in die mees geïndustrialiseerde lande met hoë lewenstandaarde, omgewingsbeheer en mediese tegnologie, is `n groter proporsie van die bevolking siek, as wat `n mens sou verwag. Die kieme is oral te vinde en, daarmee tesame, hoogs gesofistikeerd. Dit behoort dus duidelik te wees dat die geheim van gesondheid `n prikkelende vraagstuk is. (Antonovsky, 1979, p. 35)

Stressors word deur Antonovsky (1979) gedefinieer as enige "vereiste wat deur die interne en eksterne omgewing aan `n organisme gestel word en wat die organisme se homeostase versteur" (p. 72). `n Stressor beïnvloed dus die individu se liggaamlike en psigiese balans in so `n mate dat die individu spanning ervaar. Stressors verwys ook, volgens Antonovsky (1979), beide na omgewingsfaktore wat fisiologiese funksionering beïnvloed, asook psigososiale ervarings wat die individu se sielkundige aanpassing en persoonlike groei affekteer.

Dit blyk dus dat die menslike toestand, as sulks, stresvol daar uitsien (Antonovsky, 1979). Met dié aanname ingedagte, word die fokus gerig op die salutogene vraag: "Wat maak dat die mens gesond bly?" (Antonovsky, 1979, p. 9). Die salutogene perspektief vestig sodoende die aandag op die mens se aktiewe aanpassing tot `n omgewing wat onvermydelik ryk is aan stressors (Antonovsky, 1987).

Die salutogene perspektief poog verder om menslike wel-wees te verstaan op grond van `n kontinuum wat strek vanaf twee hipotetiese pole, naamlik, absolute gesondheid en absolute siekte (Antonovsky, 1979). Binne die salutogene perspektief word dit sodoende veronderstel dat alle mense, "solank hulle leef, deels gesond en deels siek is en hulself êrens op die gesondheid-siekte kontinuum bevind" (Antonovsky, 1979, p. 5). Die salutogene vraag en die gepaardgaande ondersoek word dus meer spesifiek geformuleer: "Wat verklaar beweging na die gesondheid-pool op die gesondheid-siekte kontinuum?" (Antonovsly, 1996, p. 15).

Antonovsky (1996) stel voor dat veralgemeende weerstandsbronne (*generalised resistance resources*) die organisme lei tot beter wel-wees. Veralgemeende weerstandsbronne word

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gedefinieer as “daardie eienskappe van `n persoon, kollektiewe eenheid of `n situasie, wat die suksesvolle hantering van die inherente stressors van die menslike bestaan fasiliteer” (Antonovsky, 1996, p. 15). Volgens Antonovsky en Sourani (1988) kan hierdie bronne die volgende insluit, naamlik, sosiale ondersteuning, voldoende finansies, godsdienstige geloof, individuele sukses en outonomie in die werkplek, asook `n stabiele kulturele identiteit.

Veralgemeende weerstandsbronne voorsien daarin om lewenservarings teweeg te bring, wat die volgende eienskappe in gemeen het (Antonovsky & Sourani, 1988):

1. Konsekwentheid

Die individu ervaar veralgemeende weerstandsbronne as deurgaans beskikbaar en onveranderlik. Dié konsekwente aard van weerstandsbronne skep vir die individu `n geloof in die effektiwiteit van die bronne om sy/haar aanpassing te ondersteun (Antonovsky & Sourani, 1988).

2. Onderwig-Oorwig Balans

Veralgemeende weerstandsbronne lei tot `n gebalanseerde lewenstyl, in die sin dat die bronne nóg oorbenut nóg onderbenut word in die individu se daaglikse lewe (Antonovsky & Sourani, 1988). Byvoorbeeld: Die self-beskikking wat die werker bereik in sy/haar beroepslewe word nie tot die uiterste graad uitgeleef nie, maar word gebalanseer deur `n gepaste oorlewering aan die steun van kollegas, in tye van verhoogde spanning.

3. Deelname aan Sosiaal-Waardeerde Besluitneming

Die benutting van veralgemeende weerstandsbronne het tot gevolg dat individue wedersydse samewerking nastreef. Binne hierdie demokratiese atmosfeer, voel die individu persoonlik bemagtig om aan besluitneming deel te neem, wat gevolge inhou vir die gemeenskap as geheel (Antonovsky & Sourani, 1988).

Die voortgesette belewenis van die voorgenoemde tipes lewenservarings skep vir die individu die indruk dat die lewe “sin-maak” op `n kognitiewe, emosionele en instrumentele vlak (Antonovsky, 1996, p. 15). Binne die salutogene model is die konsep van koherensie-sin (*sense of coherence*) mettertyd ontwikkel om die gemeenskaplike basis van veralgemeende weerstandsbronne en laasgenoemde se effek op individue se lewensoortuigings, saam te vat (Antonovsky, 1996, p. 15).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.3.2 Koherensie-Sin

Die koherensie-sin is `n algemene uitkyk op die lewe wat betrokke is by individue se aanpassings-prosesse ná afloop van traumatiese gebeurtenisse en in respons op stres. Die konsep verwys na `n persoonlike, inherente oriëntasie wat soos volg beskryf kan word (Antonovsky, 1987):

> Die koherensie-sin weergee die mate waarin `n persoon `n deurdringende, durende, dog dinamiese gevoel van vertroue inboesem dat (a) stimuli afkomstig van die interne en eksterne omgewing gestruktureerd, voorspelbaar en verklaarbaar daar uitsien; (b) dat hulpbronne beskikbaar is om te voorsien aan die vereistes wat deur dié stimuli gestel word; en (c) dat hierdie vereistes uitdagings is, wat die moeite werd is om mee betrokke te raak. (p. 19)

Die koherensie-sin is, volgens Antonovsky (1996), `n beduidende faktor wat mense se beweging na die gesondheid-pool op die gesondheid-siekte kontinuum kan verklaar. Die koherensie-sin speel voorts `n belangrike rol in mense se hantering van stres. Strümpfer (2005) noem dat die koherensie-sin lewenstres "bemiddel via die effek wat dit uitoefen op die individu se kognitiewe en emosionele beoordeling van die stimuli wat op hom/haar impakteer" (p. 33). Die koherensie-sin beïnvloed dus die betekenis wat `n persoon heg aan `n stresvolle gebeurtenis. Vervolgens word die individu se wel-wees en aanpassing deur dié gehuldigde betekenis geaffekteer.

Die koherensie-sin word verder verdeel in drie komponente, wat elk verwys na `n spesifieke manier waarop die wêreld en stressors deur die individu beoordeel kan word. Hierdie komponente kan soos volg beskryf word:

1. Verstaanbaarheid

Dié komponent verwys na die koherensie-sin se kognitiewe aspek (Strümpfer, 2005). Verstaanbaarheid (*comprehensibility*) is die mate waarin stimuli vanuit die interne en eksterne omgewing begryp word as gestruktureerd, duidelik, georden en konsekwent, eerder as chaoties, lukraak en onverklaarbaar (Antonovsky, 1987). Die stressor word hiermee beskou as `n gebeurtenis, wat in terme van betekenis en die gevolge wat dit vir die persoon mag inhou, verstaanbaar is vir die individu.

2. Handelbaarheid

Handelbaarheid (*manageability*) het te make met die mate waarin individue glo dat hulle beheer kan uitoefen op die stressor en die nagevolge daarvan in hul lewens (Strümpfer, 2005). Die persoon beoordeel sy/haar hulpbronne ten opsigte van die geskiktheid daarvan om die invloed van die stressor teen te werk. `n Hoë mate van handelbaarheid lei daartoe dat die individu die werklikheid

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

en onafwendbaarheid van onaangename persoonlike ervarings sal aanvaar en terselfdertyd vertroue sal hê in sy/haar eie vermoëns om die stres te hanteer (Antonovsky, 1987).

3. Betekenisvolheid

Betekenisvolheid (*meaningfulness*) is tot hoe verre die individu stimuli beskou as betekenisvolle uitdagings, wat die moeite werd is om tyd en aandag aan te spandeer (Strümpfer, 2005). Dié komponent verteenwoordig die motivering-aspek van die koherensie-sin. Die persoon probeer sin maak van sy/haar lewe en die stressors wat hom/haar konfronteer in terme van die emosionele betekenis, wat daarin opgesluit is. Met `n hoë mate van betekenisvolheid, is die individu in staat om uitdagings aan te pak en is hy/sy vasberade om die stresvolle of traumatiese gebeurtenis te oorkom (Antonovsky, 1987).

In die bespreking tot dusver is dit duidelik dat die oorspronklike konsepsie van die koherensie-sin eerstens verwys na `n oriëntasie wat alleenlik deur die individu geopenbaar word en tweedens dat die objek, wat as koherent beskou kan word, grootliks die stimuli, wat stres kan veroorsaak, behels. Die vraag onstaan dus of die koherensie-sin van toepassing kan wees onder omstandighede waar groepe mense oor gedeelde oortuigings beskik. Tweedens moet daar meer duidelikheid verkry word omtrent die eienskappe en beperkings van die objek(te) wat deur die waarnemer(s) beoordeel word ten opsigte van koherensie.

Antonovsky en Sourani (1988) stel die konsep van “grense” (p. 80) bekend om die waarneembare omgewing, wat as koherent beoordeel kan word, af te baken:

> Wat saak maak is nie dat alle stimuli waargeneem word as koherent nie, maar slegs dié wat gedefinieer word as belangrik in `n persoon se lewe…Tog kan geen persoon die grense in so `n mate beperk om die belang van die volgende vier sfere oor die hoof te sien nie, naamlik (a) innerlike gevoelens; (b) die persoon se onmiddelike interpersoonlike verhoudings; (c) die belangrikste aktiwiteit waarmee die persoon hom/haarself besig hou; en (d) eksistensiële vraagstukke…en steeds `n sterk koherensie-sin behou nie. (p. 80)

Die koherensie-sin het dus hoofsaaklik betrekking op die individu se emosionele belewenis; die kwaliteit en struktuur van die verhoudingsnetwerke waarin hy/sy staan; wat die persoon die meeste van die tyd aktief mee besig is (byvoorbeeld, beroep, kinderversorging, studies); en die individu se eksistensiële kwessies – die moontlike opsies vir lewensbelangrike besluite om die mens te word wat hy/sy werklik wil wees.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Om die moontlikheid van die toepassing van die koherensie-sin bo die individuele vlak te ondersoek, het Antonovsky en Sourani (1988) `n studie geloods om die konsep van gesinskoherensie-sin te ontwikkel. Die oorspronklike komponente van die koherensie-sin is vervolgens aangepas op so `n manier dat gesinslede die koherensie (verstaanbaarheid, handelbaarheid en betekenisvolheid) van hul gesinsfunksionering, eerder as algemene stressor-stimuli en weerstandsbronne, beoordeel. Die studie het getoon dat gesinskoherensie-sin verband hou met gesinsaanpassing (Antonovsky & Sourani, 1988).

Die koherensie-sin en gesinskoherensie-sin is dus, onderskeidelik, `n individuele beoordeling en kollektiewe gesinsoortuiging, wat aanpassing en gesinsaanpassing kan bevorder. In salutogene terme, bied hierdie konsepte verklaring vir hoe individue en gesinne beweeg na beter wel-wees, in die aangesig van stres en traumatiese gebeurtenisse.

2.3.3 Voordele van die Salutogene Perspektief

Die patogene-georiënteerde praktisyn en navorser rig hom/haarself daarop om `n spesialis te word in `n enkele veld, waar daar gefokus word op spesifieke siektes en versteurings en die enkele stressors, waardeur dit, klaarblyklik, veroorsaak word (Antonovsky, 1987). Sodoende word die heterogene aard van die oorsprong van gesondheid oor die hoof gesien:

> Om te redeneer in patogene terme is versoenbaar met `n "wonder-koeël" benadering – een siekte, een kuur. Dit verklaar die weerstand van talle individue teen die konsep van veelvuldige veroorsaking (*multiple causation*)…Deur egter `n salutogene model te gebruik en vrae te vra aangaande wat gesondheid in stand hou, laat dit ons toe om verder te vorder as "hou op rook", of "inenting teen polio", of "verminder lugbesoedeling". (Antonovsky, 1979, p. 37)

Die salutogene perspektief, in teenstelling met die patogene paradigma, maak dit moontlik om alle veranderlikes te make met die persoon se strewe na gesondheid, insluitend die persoon se subjektiewe interpretasie van sy/haar siekte, te ondersoek (Antonovsky, 1979). Die salutogene doelwit om die individu te ondersteun tot beter wel-wees, word bereik deur aandag te skenk aan alle aspekte van die persoon (Antonovsky, 1996). Die salutogene perspektief is dus `n holistiese benadering tot die verbetering van mense se gesondheid en behels `n fokus op mense se sterktes as voordelig tot beter wel-wees.

Alhoewel die patogene paradigma gekritiseer kan word op verskeie gronde, behoort dit nie totaal verwerp te word ter wille van die salutogene perspektief nie (Antonovsky, 1987). Dit is eerder `n kwessie van samewerking tussen die twee benaderings in beide navorsing en praktyk:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> Dit is, byvoorbeeld, belangrik dat werk op die teorie, voorkoming en behandeling van kanker voortduur; dat die patogene gevolge van stressors ondersoek word en dat ons op die uitkyk bly vir "wonder-koeëls". My voorstel is dat ons die twee benaderings beskou as komplementêr en dat intellektuele en materiële hulpbronne meer gebalanseerd aangewend word, as wat tans die geval is. (Antonovsky, 1987, p. 13)

Patogenese dien dus `n integrale funksie as denkraamwerk, waarvolgens ernstige siektes en versteurings gediagnoseer word; die oorsaak daarvan geïdentifiseer word en gepaste terapie voorgestel en verskaf word om die siekte te genees. Tesame hiermee, is dit die salutogene teoretikus of praktisyn se taak om toe te sien dat die persoon se gesondheidstoestand in sy/haar totaliteit ondersoek word; dat die persoon se sterktes en hulpbronne geïdentifiseer word en dat maniere aangebied word, waarvolgens die persoon gelei kan word tot beter wel-wees, met die insluiting van die persoon se insette en eie vermoëns deurgaans sentraal tot die proses.

Die salutogene perspektief, met koherensie-sin as sentrale begrip, verskaf dus idees wat as `n teoretiese basis kan dien, wat gebruik kan word om gesondheid te promoveer in die samelewing (Antonovsky, 1996). Die salutogene perspektief dryf werkers en navorsers in die gesondheidsektor daartoe om faktore te ondersoek wat wel-wees stimuleer en in stand hou, eerder as om die faktore wat spesifieke siektes en versteurings veroorsaak, te identifiseer (Antonovsky, 1979). Sodoende bied die salutogene perspektief (in samewerking met die patogene paradigma) `n vernuwende beskouing van siekte en gesondheid, asook `n basis vir verbeterde fisiologiese en sielkundige gesondheidspraktyke.

2.4 Veerkragtigheid en Gesinsveerkragtigheid

Die salutogene perspektief het veral in Suid-Afrika, Israel en Europa groot aanhang geniet (Strümpfer, 2005). Te midde van hierdie teoretiese denkskuif, kan dit ook aangevoer word dat dié benadering, met die fokus op die mens se strewe na wel-wees ten spyte van die effek van stressors en traumatiese gebeurtenisse, `n grondslag gelê het vir navorsers om veerkragtigheid onder individue, sowel as gesinne te ondersoek.

Die teoretiese tradisie van veerkragtigheid is gewek deur navorsing wat geloods is om uit te vind hoe sekere individue steeds relatief vreugdevolle en suksesvolle lewens kon lei, ten spyte van die feit dat hulle geweldige uitdagings ervaar het tydens hul kinderjare (Daly, 1999; Lam et al., 1999). Volgens Daly (1999, p. 5) het die resultate van hierdie navorsing gelei tot `n wetenskaplike belangstelling in die "veerkragtige individu". Navorsers het sodoende hul aandag gerig op daardie individuele eienskappe wat veroorsaak dat sekere mense "onaantasbaar" voorkom in hul belewing van stressors (Lam et al., 1999, p. 4).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die eng fokus op die individu se veerkragtige eienskappe is egter later vervang met meer komplekse en omvangryke teoretiese sienings en definisies, wat veerkragtigheid verstaan het as `n proses, wat verband hou met verskeie kontekstuele en psigososiale faktore. Die ontwikkeling van die gesinsveerkragtigheidskonsep en gesinsveerkragtigheidsmodelle wys op hierdie tendens om veerkragtigheid te ondersoek as `n dinamiese proses binne sisteme, soos die gesin.

In die afdelings wat volg word definisies van veerkragtigheid eerstens weergegee en bespreek ten opsigte van ooreenkomste en verskille. Hierna word die gesinsveerkragtigheidskonsep bekendgestel en operasioneel gedefinieer. Vervolgens word `n oorsig gebied op die ontwikkeling van teoretiese modelle te make met veerkragtigheid in gesinne. Laastens word die Veerkragtigheidsmodel van Gesinstres, Verstelling en Aanpassing (McCubbin & McCubbin, 1996) verduidelik en geopper as hoof teoretiese raamwerk waarvolgens die huidige studie geloods is.

2.4.1 Definisies van Veerkragtigheid

Die Afrikaanse term “veerkragtigheid” kan as `n simboliese vergelyking verstaan word wat verwys na die eienskappe van `n veerkrag. Op hierdie manier kan die veerkragtige individu “platgedruk” word deur stressors en (soos `n veerkrag) “terugspring” en herstel om weer sy/haar oorspronklike toestand te bereik. Soortgelyk aan die Afrikaanse betekenis, is die Engelse vertaling *resilience*, as sulks, afgelei van die Latynse term *resilire*, wat beteken “om terug te spring” (Silliman, 1999).

In die veerkragtigheidsliteratuur is daar egter onenigheid ten opsigte van `n enkele definisie van veerkragtigheid. Tot op hede, is daar `n gebrek aan `n algemene definisie, wat in konkrete terme uiteengesit en deur die meeste navorsers aanvaar kan word (Lam et al., 1999).

Sekere navorsers beskou veerkragtigheid as `n individuele sielkundige toestand, wat ná stres of trauma, positief of neutraal daar uitsien. Volgens Gilgun (1999, p. 41) kan veerkragtigheid gedefinieer word as “suksesvolle uitkomste ten spyte van ongunstige, moeilike omstandighede”. Rutter (1999) beskou die veerkragtige individu as iemand vir wie daar `n “relatiewe goeie uitkoms is, ten spyte van die ervaring van situasies, wat al bewys is om die risiko vir die ontwikkeling van geestesversteurings te verhoog” (p. 119). Indien veerkragtigheid op dié manier gedefinieer word, is dit egter nodig om die toestand van veerkragtigheid te omlyn. In dié opsig bepaal Walsh (1998) veerkragtigheid as `n toestand waarin “mense genees word van pyn, beheer neem van hul lewens en voortgaan om voluit te leef en ten volle lief te hê” (p. 4).

Veerkragtigheid kan ook verstaan word as `n vermoë, `n eienskap of `n kapasiteit. Voorts kan veerkragtigheid beskou word as “die vermoë om kognitief en emosioneel van trauma te herstel” (Lam et al., 1999, p. 17). Brown-Baatjies et al. (2008) voer aan dat veerkragtigheid die vermoë is

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van `n sisteem om "ongeskonde te bly ten spyte van teenspoed en om óf terug te keer na dieselfde vlak van funksionering as voor die krisis óf om dié oorspronklike vlak te oorskry" (p. 79). Walsh (1998) definieer veerkragtigheid as "die kapasiteit om van teenspoed terug te spring, versterk en met meer vindingrykheid" (p. 4). Hierdie definisies wys dus op veerkragtigheid as `n vermoë om homeostase te bewerkstellig, of as `n eienskap wat die individu (of groep) tot beter funksionering as voorheen kan lei.

Dit is egter nie teoreties voldoende om na veerkragtigheid te verwys nóg as `n toestand nóg as `n vermoë nie. Eerstens is dit meer dikwels die geval dat individue nie noodwendig veerkragtig is in alle domeine van hul lewens nie (Lam et al., 1999):

> Individue kan suksesvol wees in talle areas van hul lewens, maar steeds noemenswaardige emosionele nood ervaar…Veerkragtige individue hou dikwels voort om te steun op hul hulpbronne en sterktes en om bevredig te voel terwyl hulle steeds die pyn, ellende en beperkings in reaksie op trauma beleef. (p. 18)

Die goeie uitkomste wat deur veerkragtigheid bewerkstellig kan word, is dus nie gefinaliseerde, onveranderlike toestande nie. In hierdie opsig behoort veerkragtigheid eerder beskou te word as `n wisselwerking tussen risiko`s en bronne vir herstel (Gilgun, 1999). Oormatige risiko gebeurtenisse mag dus selfs die veerkragtige individu se hulpbronne soms ooreis en veroorsaak dat die sogenaamde veerkragtige toestand nie maklik bereik kan word nie.

Indien veerkragtigheid boonop bloot `n vermoë is waaroor die individu beskik, bied dié tipe veerkragtigheid-definisies nie verklaring vir die feit dat veerkragtigheid gestimuleer en verhoog kan word nie. Indien veerkragtigheid begryp word as `n "eienskap" van die individu, is dié eienskap per definisie `n karaktertrek, wat stabiel voorkom in die persoon se lewe (Lam et al., 1999, p. 15). Rutter (1999) wys juis op die teendeel in sy bespreking van "verhardingseffekte" (p. 125):

> Immuniteit teen infeksies word nie bewerkstellig deur middel van oormatig gesonde lewenstyle nie. Inteendeel; dit word bereik deur die suksesvolle oorkoming van mildelike infeksies – óf deur inentings óf deur infeksies wat in die algemeen na vore kom. Dit is `n redelike aanname om te maak dat dié effekte ook ter sprake is in die veld van psigososiale belewenisse.

Veerkragtigheid is dus allesbehalwe `n statiese kenmerk van die individu, maar is onderworpe aan verandering en verbetering. Die individu se veerkragtigheid-vermoëns verbeter namate hy/sy stres op verskeie stadiums en in verskillende grade ervaar en, daarmee saam, leer hoe om dit te hanteer. Veerkragtigheid is ook afhanklik van die individu se wil om verandering te weeg te bring. Gilgun (1999) wys op die komponent van wilskrag as integraal tot veerkragtigheid. Op dié wyse is dit nie noodwendig die geval dat die veerkragtige individu oor talle inherente sterktes en hulpbronne hoef

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

te beskik nie. Veerkragtigheid is ook die vermoë om effektief gebruik te maak van bronne vir herstel, selfs al is laasgenoemde nie geredelik beskikbaar nie (Gilgun, 1999).

Volgens Rutter (1999) word veerkragtigheid as `n konsep te eenvoudig verstaan, indien slegs enkele uitkomste aandag kry en indien veerkragtigheid slegs op een oomblik in tyd ondersoek word. Om dié rede behoort veerkragtigheid eerder as `n proses beskou en gedefinieer te word. Prosesse behels voortdurende gebeurtenisse en handelinge, wat oor tyd plaasvind en deurgaans beïnvloed word deur verskeie faktore (Lam et al., 1999). Walsh (1998) let in dié opsig op die "aktiewe" aard van veerkragtigheid (p. 4). Volgens Walsh (1998) is veerkragtigheid `n "aktiewe proses van uithouvermoë, rigting-gewing en groei in respons op krisis en uitdagings" (p. 4). Veerkragtigheid verskaf dus `n geleentheid vir groei en `n verbetering van die individu se situasie en nie bloot `n terugkeer na sy/haar oorspronklike toestand nie.

Rutter (1999) voer aan dat die tydsaspek ook aandag behoort te geniet in die definiëring van veerkragtigheid: "Veerkragtigheid behels `n reeks prosesse wat heel diverse meganismes saambring wat optree voor, tydens, en ná afloop van die konfrontasie met die stres-ervaring" (p. 119). Dié "diverse meganismes" (Rutter, 1999, p. 119) wys verder op die verskeidenheid en wisselwerking van faktore, wat `n rol speel in die proses van veerkragtigheid. Rutter (1987) is daarom van mening dat veerkragtigheid nie ondersoek kan word sonder die inagneming van situasie-gebonde prosesse wat oor tyd ontwikkel nie. Walsh (2003b) noem, in dié opsig, dat veerkragtigheid verskeie "dinamiese prosesse" insluit, wat dien om "positiewe aanpassing binne die konteks van noemenswaardige teenspoed te verwesenlik" (p. 399).

Die fokus op veerkragtigheid as `n proses (eerder as `n statiese, stabiele kenmerk van `n individu of `n enkele positiewe uitkoms) is mettertyd toegepas op die gesinsvlak. In die volgende afdeling word definisies van gesinsveerkragtigheid en die maniere waarop veerkragtigheid in gesinne kan manifesteer, bespreek.

2.4.2 Gesinsveerkragtigheid

Die teoretiese fokus op gesinsveerkragtigheid is gedryf deur `n belangstelling in die maniere waarop gesinne blyk om deursettingsvermoë te hê, selfs in die aangesig van stres en trauma (McCubbin & McCubbin, 1988). Volgens McCubbin en McCubbin (1996) is dié fenomeen, vanuit `n gesinsnavorsing-oogpunt, beslis die moeite werd om te verken:

> Wanneer ons besef dat die meeste gesinne nie self-vernietig word of agteruitgaan in so `n mate dat hulle terapie of behandeling benodig nie en dat die meeste gesinne herstel van teenspoed, blyk dit redelik dat teorieë en navorsing sal baat vind by die ondersoek van hierdie veerkragtige gesinne. (p. 2)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Gesinsveerkragtigheid is afgelei van die konsep van individuele veerkragtigheid, maar verskil van laasgenoemde in sekere aspekte. Dit is, eerstens, nie die geval dat die veerkragtige gesin juis veerkragtig daar uitsien op grond van die invloed van enkele veerkragtige gesinslede nie. Volgens Walsh (2003b, p. 401) is die konsep van gesinsveerkragtigheid gefokus op "risiko en veerkragtigheid in die gesin as `n funksionele eenheid". Die aanname onderliggend aan gesinsveerkragtigheid is dus dat die gesinsisteem as geheel geaffekteer word deur stres en traumatiese gebeurtenisse. Sleutel-gesinsprosesse is daarna betrokke by die herstel van die gesinseenheid en die verhoudings waarin gesinslede met mekaar staan (Walsh, 2003b).

Gesinsveerkragtigheid word deur Walsh (1998) gedefinieer as `n konsep wat verwys na die "hanteringstrategieë en aanpassingsprosesse in die gesin as `n funksionele eenheid" (p. 14). McCubbin en McCubbin (1996, p. 5) beskou gesinsveerkragtigheid as die versameling van "positiewe gedragspatrone en funksionele bevoegdheid" wat deur die gesinseenheid ten toon gestel word in tye van stres. Die gevolg van gesinsveerkragtigheid is voorts dat die gesin integriteit behou en dat die wel-wees van die gesinseenheid en alle gesinslede herstel word (McCubbin & McCubbin, 1996).

De Haan, Hawley en Deal (2002) wys egter daarop dat die proses van gesinsveerkragtigheid verskil van gesin tot gesin. Hiervolgens is dit belangrik dat navorsers in die veld poog om die unieke wyses waarop gesinne aanpas ná traumatiese gebeurtenisse, of ten tye van verhoogde stres, te ondersoek:

> Gesinne wat in staat is om pre-krisis vlakke van funksionering te herwin of te oorskry in `n sekere stadium ná die stressor mag beskou word as veerkragtig. Tog kan die roetes wat hulle volg om gesonde post-krisis funksionering te bereik, aansienlik verskil. (2002, p. 277)

Met inagneming van die bespreking van definisies van beide individuele veerkragtigheid en gesinsveerkragtigheid, word gesinsveerkragtigheid in die huidige studie operasioneel gedefinieer as "die unieke vermoë van `n gesin om, ten spyte van lewensuitdagings en stressors, as `n funksionele eenheid vooruitstrewend te wees in die hede en die toekoms deur effektief gebruik te maak van hul inherente sterktes en die bronne vir herstel tot hul beskikking". Die navorser glo dat hierdie definisie daarin slaag om gesinsveerkragtigheid as `n dinamiese proses, wat plaasvind onder unieke kontekstuele en gesinsomstandighede, begripsgewys af te baken.

2.4.3 Voordele en Implikasies van Gesinsveerkragtigheid

Navorsing wat gerig is op die ondersoek van gesinsveerkragtigheid hou talle voordele in vir akademici en praktisyns in die veld van die gesinsielkunde. Eerstens word die aandag gevestig op gesinsterktes, wat na vore kom en ontwikkel te midde van krisis en in die oorkoming van teenspoed

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(Walsh, 2003b). Sodoende word die gesin as funksionele eenheid opnuut beskou as `n sisteem wat uitgedaag word in tye van stres en nie soseer beskadig of vernietig word deur traumatiese gebeurtenisse nie (Walsh, 1998). Die konsep van gesinsveerkragtigheid noop dus navorsers en praktisyns om `n positiewe siening te ontwikkel jeens gesinne se aanpassingsvermoëns.

Tweedens rig gesinsveerkragtigheid die aandag op gesinsfunksionering binne die konteks van gesinne se spesifieke waardesisteme, hul beskikbare hulpbronne en die unieke stres-omstandighede waarin gesinne hulself mag bevind (Walsh, 2003b). Gesinsveerkragtigheid word, verder, ten alle tye beskou as `n proses wat gevorm word na aanleiding van die invloed van gesinne se sosiale kontekste en ontwikkelingstadia (Hawley, 2000). Volgens Walsh (1998, p. 16) korrigeer dié kontekstuele siening die "foutiewe aanname dat die `gesonde gesin` slegs gevind kan word in `n mitologies geïdealiseerde model" van gesinsfunksionering. Die fokus op gesinsveerkragtigheid verskaf dus `n teoretiese basis waarvolgens gesinne van diverse vorme en sosiokulturele agtergronde beoordeel en ondersoek kan word ten opsigte van hul eie unieke aanpassingsprosesse.

Laastens bied `n fokus op gesinsveerkragtigheid empiriese en teoretiese ondersteuning vir die inherente vermoëns van gesinne om saam te staan en te werk om moeilike uitdagings te bowe te kom. Die ondersoek van gesinsveerkragtigheid is, in `n veel groter mate as in ander benaderings in die gesinsielkunde, gesetel in `n oortuiging dat gesinne die potensiaal het om te herstel en te groei in die aangesig van geweldige uitdagings (Walsh, 1998, 2003b).

Wanneer gesinne as veerkragtig beskou word, word `n denkskuif gemaak wat ook voordelige implikasies inhou vir die terapeutiese praktyk (Hawley, 2000). Om gesinsveerkragtigheid in die praktyk te bevorder is dit nodig om te fokus op die daaglikse interaksies tussen gesinslede, asook op die oortuigings wat onderliggend is aan dié interaksies. Die gesinsterapeut stimuleer veerkragtigheid in gesinne deur die gesin by te staan om disfunksionele vorme van interpersoonlike interaksie te bevraagteken en te wysig om positiewe aanpassing te verwesenlik (Rutter, 1999).

Hawley (2000) meen dat dit belangrik is vir die terapeut om die gesin te laat let op hul inherente sterktes en bronne vir herstel. Die ontdekking van hul eie potensiaal kan sodoende vir die gesin `n bron van trots en optimisme wees te midde van die uitdaging om te herenig ná afloop van stresvolle gebeurtenisse. Volgens Walsh (2003b) is die stimulering van veerkragtigheid op dié wyse ook `n voorkomende maatreël: Hoe meer gesinne bewus gemaak word van hul veerkragtigheid, hoe meer word hulle in staat gestel om toekomstige uitdagings ook te bowe te kom (2003b).

Veerkragtigheid en gesinsveerkragtigheid is tot dusver as teoretiese begrippe ondersoek en gedefinieer. Die voordele van gesinsveerkragtigheid en die implikasies van `n gesinsveerkrag-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

tigheidsbenadering is ook uiteengesit. In die volgende twee afdelings word die belangrikste teoretiese modelle te make met gesinsveerkragtigheid, bespreek.

2.4.4 Die Ontwikkeling van Gesinsveerkragtigheidsmodelle

In hierdie afdeling word `n oorsig gebied van die ontwikkeling van gesinsveerkragtigheidsteorieë. Dié ontwikkeling toon `n geleidelike vordering in kompleksiteit, ten opsigte van die aantal begrippe wat ingesluit is in die modelle, asook die manier waarop gesinsveerkragtigheid oor tyd al hoe meer as `n proses, eerder as `n eienskap of eindtoestand, beskou is. Die hoogtepunt van dié teoretiese ontwikkeling is die Veerkragtigheidsmodel van Gesinstres, Verstelling en Aanpassing (McCubbin & McCubbin, 1996). Hierdie model dien as die hoof teoretiese raamwerk in die huidige studie.

Hill (1958) se ABCX model verteenwoordig die eerste stap in die ontwikkeling van gesinsveerkragtigheidsmodelle. In dié model is daar klem geplaas op die stressor (A), hulpbronne (B) en die gesin se definisie van die stressor (C). Hierdie elemente is verstaan as faktore wat die gesin se vervalling in `n krisis-situasie (X) beïnvloed of verhoed (McCubbin & McCubbin, 1996). Dié model is egter te eenvoudig en die kategoriese benadering wat gevolg is, het veroorsaak dat die komplekse en diverse prosesse onderliggend aan gesinsveerkragtigheid oor die hoof gesien is (Brown-Baatjies et al., 2008).

Die Dubbele ABCX model van McCubbin en Patterson (1982) het voortgebou op Hill (1958) se model met die bekendstelling van `n pre- en post-krisis fase. In die post-krisis fase word hanteringstrategieë en sosiale steun aangebied as faktore wat die gesin se aanpassing bemiddel (McCubbin & McCubbin, 1996). Alhoewel dié model meer dinamies en kompleks daar uitgesien het, is dit mettertyd laat vaar, aangesien dit nie genoegsaam proses-geöriënteerd was nie (Brown-Baatjies et al., 2008).

Ná Hill (1958) en McCubbin en Patterson (1982) se modelle het teorieë te make met gesinsveerkragtigheid `n nuwe rigting ingeslaan. Met toenemende impetus is `n transaksie-gerigte siening van gesinsveerkragtigheid ontwikkel. Hiervolgens is veerkragtigheid nie meer as `n vaste kenmerk of versameling van eienskappe onder gesinne beskou nie, maar eerder as `n dinamiese proses wat meewerk met biologiese-, sielkundige- en omgewingsfaktore (Lam et al., 1999). Die Gesinsverstelling en Aanpassing Respons model (McCubbin & Patterson, 1983) het in dié opsig drie fases voorgestel in die manier waarop gesinne reageer op `n krisis. Eerstens is daar `n verstellingsfase waar die gesin die stressor konfronteer met die huidige bronne tot hul beskikking. Tweedens is daar `n herstruktureringsfase waar nuwe gesinsterktes ontwikkel word en waar die gesin herbesin oor die definisie van die stressor en probeer om saam te stem aangaande die beste oplossings vir hul

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

aanpassingsuitdagings. Laastens is daar `n konsolideringsfase waar die veranderinge aan die gesinsisteem permanent gevestig word om positiewe aanpassing te realiseer (Brown-Baatjies et al., 2008).

Met die Tipologie Model van Gesinsverstelling en Aanpassing (McCubbin & McCubbin, 1989) is bykomende veranderlikes toegevoeg tot die prosesse onderliggend aan gesinsveerkragtigheid. Dié veranderlikes het, onder andere, die gesin se vlak van weerloosheid, gesinstipologie, die gesin se vermoë om te hergenereer, gemeenskapsteun en kognitiewe skemas, ingesluit (Brown-Baatjies et al., 2008). Dié model het egter steeds nie genoegsame aandag verleen aan sekere belangrike veranderlikes nie. Voorts is die model verder gewysig om ten einde die Veerkragtigheidsmodel van Gesinstres, Verstelling en Aanpassing (McCubbin & McCubbin, 1996) te ontwikkel.

2.4.5 Die Veerkragtigheidsmodel van Gesinstres, Verstelling en Aanpassing

Die Veerkragtigheidsmodel van Gesinstres, Verstelling en Aanpassing (McCubbin & McCubbin, 1996) is die mees onlangs geformuleerde model wat gebruik word om gesinsveerkragtigheid teoreties te verklaar. Dié model spruit uit pogings om gesinskenmerke en -prosesse te identifiseer wat die deursettingsvermoë, hanteringstrategieë en oorlewing van gesinne onderskryf (McCubbin, McCubbin, & Thompson, 1993).

Die Veerkragtigheidsmodel word verder gebruik om gesinsveerkragtigheid as `n dinamiese proses te verken, waarin gesinsfunksionering ná afloop van `n verskeidenheid van stressors en krisis-situasies, beïnvloed word deur individuele, gesins- en gemeenskapsprosesse (McCubbin & McCubbin, 1996). As sodanig verteenwoordig die Veerkragtigheidsmodel `n ekosistemiese benadering tot gesinsveerkragtigheid. Die gesin word hiervolgens beskou as `n sisteem wat onlosmaaklik deel is van en verband hou met alle vlakke van menslike verhoudingsnetwerke.

Daar is vyf aannames aangaande gesinsfunksionering onderliggend aan die Veerkragtigheidsmodel (McCubbin & McCubbin, 1996): Eerstens word dit aanvaar dat uitdagings en grootskaalse veranderinge `n natuurlike en soms voorspelbare aspek is van gesinne se lewens oor die lewensiklus. Tweedens ontwikkel gesinne die vermoë om hulself te beskerm te midde van groot ontwrigting deur te fokus op die groei en ontwikkeling van gesinslede en die gesin as eenheid. Gesinne is ook in staat om te steun op hul unieke vaardighede en inherente sterktes om sodoende te herstel van onverwagte stressor-gebeurtenisse. Die volgende aanname is dat gesinne hulself wend tot die ondersteu-ningsnetwerke in hul gemeenskappe. Hiermee tesame is gesinne veral gesteld op hul etniese of kulturele herkoms as `n bron van krag om uitdagings te oorkom. Laastens werk gesinne saam om, te

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

midde van veranderinge wat veroorsaak word deur krisis-situasies, balans, harmonie en orde weereens in plek te stel (1996).

Die bogenoemde aannames wys op die kontekstuele aard van gesinsveerkragtigheid, die unieke vermoë van gesinne om van beide normatiewe en nie-normatiewe stressors en krisisse te herstel en die gerigtheid van die gesin op die welstand van individuele lede, asook die gesinsisteem self om uiteindelik positiewe uitkomste te bereik.

Volgens McCubbin en McCubbin (1996) is daar twee onderskeibare prosesse betrokke by gesinsveerkragtigheid, naamlik, verstelling en aanpassing. Verstelling (*adjustment*) is van toepassing op gesinne wat uitgedaag word deur minder intense stressors, soos die korttermyn siekte van `n gesinslid of om in `n nuwe woonplek in te trek. Met verstelling maak die gesin klein wysigings aan hul gedragspatrone om die veranderinge, wat veroorsaak is deur die stressor, te hanteer (McCubbin & McCubbin, 1988). Die uiteinde van verstelling kan dan positief (welverstelling) of negatief (wanverstelling) daar uitsien. Die gesin wat suksesvolle verstellings maak, behou grootliks hul oorspronklike wyse van funksionering. Wanverstelling het egter `n krisis in die gesinsisteem tot gevolg (McCubbin & McCubbin, 1996). Gesinskrisis kan soos volg gedefinieer word:

> Gesinskrisis word verstaan as `n voortdurende toestand van versteuring, ongeorganiseerdheid, of belemmering in die gesinsisteem om harmonie en balans te herstel, wat dus meer grootskaalse veranderinge aan die gesin se patroon van funksionering vereis. (McCubbin & McCubbin, 1996, p. 22)

Afgesien van krisisse wat volg op wanverstelling, word sekere gebeurtenisse in die gesin as krisisse opsig self beskou, soos byvoorbeeld, `n egskeiding of die dood van `n gesinslid (McCubbin & McCubbin, 1988). In die geval van `n gesinskrisis is die gesin se algemene gedragspatrone en hanteringstrategieë nie voldoende om `n positiewe uitkoms te bewerkstellig nie. Die gesin se gevestigde funksioneringspatroon word in so `n mate uitgedaag dat dit nodig is om nuwe patrone in plek te stel (McCubbin et al., 1993).

Die tweede fase in die Veerkragtigheidsmodel, wat volg op die gesinskrisis, is aanpassing. Aanpassing (*adaptation*) is `n proses waarin die gesin tot die besef kom dat sistemiese veranderinge benodig word om stabiliteit in die gesin te herstel (McCubbin & McCubbin, 1996). Ná afloop van `n krisis, word die gesin dus gedwing om hul oorspronklike hanteringstrategieë in heroënskou te neem en om nuwe, meer effektiewe maniere te ontwikkel om uitdagings te bowe te kom. In dié opsig vereis die proses van aanpassing pogings van die gesin om hul omgewing te verander en om hul verhoudings met die groter gemeenskap op so `n manier te wysig dat dit voordelig is vir die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

herstel van harmonie, balans en welstand in die gesin (McCubbin & McCubbin, 1996). Soos in die geval van verstelling is daar twee moontlike uitkomste vir die gesin se aanpassing. Welaanpassing is die uiteinde van `n gesin se konstruktiewe veranderinge in die gesinsisteem om die krisis te konfronteer. In die geval van wanaanpassing word die aanpassingsproses ná afloop van `n gesinskrisis egter opnuut in werking gestel (McCubbin & McCubbin, 1996).

Vier domeine van gesinslewe en gesinsfunksionering word beïnvloed deur stressors en krisisse. Dié domeine dien ook as die areas waarbinne harmonie en balans herstel en onderhou word (McCubbin & McCubbin, 1996). Eerstens is daar die domein van interpersoonlike verhoudings. Hierdie domein kan verstaan word as die samestelling van die gesin en die spesifieke verhoudings waarin gesinslede met mekaar staan (McCubbin & McCubbin, 1996). Struktuur en funksie is die tweede domein en behels die gesin se onderlinge wyse van funksionering ten opsigte van probleem-oplossing en hanteringstrategieë, hul vlak van weerloosheid en gesinstipe (ritmies, hergenererend, of veerkragtig) (Hawley, 2000). Die derde domein is ontwikkeling, wel-wees en spiritualiteit. Dié domein impliseer dat gesinne oor tyd ontwikkel en verander en verwys verder ook na gesinne se geloofsoortuigings en huidige vlak van lewenstevredenheid (McCubbin & McCubbin, 1996). Laastens behels die Veerkragtigheidsmodel `n vierde domein, naamlik gemeenskapsbetrokkenheid en natuur. Dié domein verwys na die mate waarin gesinne `n rol speel in die breër gemeenskap en tot hoe ver hulle `n gevoel van behoort-aan koester ten opsigte van hul onmiddelike sosiokulturele omgewing (McCubbin & McCubbin, 1996). In Figuur 2 word `n illustrasie gebied van die aanpassingsfase en die vier domeine van gesinsfunksionering, soos voorgestel binne die Veerkragtigheidsmodel.

Met die Veerkragtigheidsmodel word daar aangevoer dat daar binne hierdie vier domeine spesifieke gesinsweerstandsbronne in werking kan tree om deel te word van die gesin se vermoë om `n krisis teen te staan (vergelyk Figuur 2). Dié vermoë behels die inherente potensiaal waartoe die gesin hulself kan wend om die uitdagings wat te voorskyn kom te midde van `n krisis, te konfronteer. Weerstandsbronne bevorder gesinsveerkragtigheid en verhoog die moontlikheid van die gesin om `n suksesvolle verstelling of aanpassing te verwesenlik (McCubbin & McCubbin, 1996). Die belangrikste gesinsweerstandsbronne sluit in sosiale steun, kohesie, buigbaarheid, effektiewe kommunikasie, tradisies, vieringe, roetines, gedeelde oortuigings, ekonomiese stabiliteit, gesinsgehardheid en organisering (McCubbin & McCubbin, 1996).

Die Veerkragtigheidsmodel word meer dikwels in navorsing geïnkorporeer om die verhoudings tussen die voorgenoemde weerstandsbronne en gesinsaanpassing te ondersoek (McCubbin & McCubbin, 1996). Die Veerkragtigheidsmodel is ook `n toepaslike teoretiese raamwerk vir studies geloods in `n verskeidenheid van kulturele kontekste. Navorsing toon in dié opsig dat die gesin se

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Figuur 2. Die Aanpassingsfase van die Veerkragtigheidsmodel van Gesinstres, Verstelling en Aanpassing (McCubbin & McCubbin, 1996) (aangepas uit Brown-Baatjies, Fouché, & Greeff, 2008).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

weerstandsbronne en gepaardgaande aanpassingsproses verskil afhangende van die etniese herkoms van die gesinseenheid (McCubbin et al., 1993).

Die praktiese implikasies van die Veerkragtigheidsmodel behels die moontlikheid dat gesins-weerstandsbronne geteiken en ontwikkel word om veerkragtigheid te stimuleer. Intervensie programme, wat nouliks beplan word met inagneming van die gesin se unieke omstandighede en herkoms, kan sodoende spruit uit navorsing waarin die Veerkragtigheidsmodel as teoretiese grondslag dien (McCubbin & McCubbin, 1988, 1996).

Die Veerkragtigheidsmodel bied dus `n gevestigde begripsraamwerk en kan effektief dien as `n grondslag vir navorsing en intervensies (Brown-Baatjies et al., 2008). In die huidige studie word die Veerkragtigheidsmodel toegepas binne die Suid-Afrikaanse samelewing met `n spesifieke fokus op `n enkele gesinsweerstandsbron, naamlik, gesinsgehardheid.

2.5 Gesinsgehardheid

Gesinsgehardheid is afgelei van die individuele gehardheidskonsep, soos geformuleer deur Kobasa (McCubbin et al., 1996). Die konsep van gehardheid is ontwikkel vanuit `n belangstelling in hoe mense dikwels in staat is om te floreer in tye van stres, eerder as om negatief geaffekteer te word daardeur. Volgens Kobasa (1982) is die pessimistiese beskouing van stres as noodwendig skadelik vir die individu ongegrond en is dit daarom belangrik om menslike ondernemingsgees en veerkrag-tigheid in oënskou te neem.

Vanuit die staanspoor let Kobasa (1982) op die maniere waarop persone reageer op stres en in staat is om stresvolle situasies met selfvertroue te oorkom. Kobasa (1982) se studies is dus gerig op die ondersoek na individue se algemene oriëntasies tot die lewe en hul spesifieke karaktertrekke en motiverings, wat die interpretasie van stresvolle gebeurtenisse, asook die wyses waarop dié situasies gevolglik benader word, beïnvloed. Kobasa (1982) voer aan dat hierdie vermoë om stres te bowe te kom `n noodsaaklikheid is in die moderne wêreld en dat die ondersoek van hierdie prosesse ook teoretiese insigte kan opper:

> Om gesond te bly in die aangesig van stresvolle lewensgebeurtenisse, word maklik beskou as `n aanduiding van aanpassing en selfs optimale gedrag. Dit is hoogs onwaarskynlik dat die individu in die nabye toekoms `n produktiewe lewe sal kan lei, te midde van die kompleksiteit van die moderne, stedelike en tegnologiese samelewing, sonder om in aanraking te kom met talle stresvolle lewens-gebeurtenisse. Daar kan dus geargumenteer word dat die identifisering van daardie eienskappe wat persone gesond hou te midde van stres, die begrip van menslike ontwikkeling en wel-wees bevorder. (Kobasa, 1982, p. 5)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die konsep van gehardheid is voorts ontwikkel om die eienskappe van individue, wat in staat is om stresvolle gebeurtenisse te bowe te kom en in tye van stres psigies en fisiologies gesond te bly, by een te bring. Die gehardheidskonsep is teoreties gefundeer in die eksistensiële siening van die mens, waarin die klem geplaas word op die inherente angs van die menslike bestaan en die unieke vermoë van die mens om belangrike lewenskeuses te maak (Kobasa, 1982; Lambert & Lambert, 1999). Gehardheid sluit sodoende grotendeels aan by die eksistensiële konsep van outentiekheid – daardie bestaanswyse van die individu, waarin sy/haar potensiaal vervul word om persoonlik te groei en om lewensuitdagings te oorkom (Kobasa, 1982; Lambert & Lambert, 1999).

Gehardheid kan beskou word as `n "samesmelting van kognisie, emosie en handeling, wat gemik is op oorlewing, maar ook op die verryking van die lewe deur ontwikkeling" (Lambert & Lambert, 1999, p. 12). Gesinsgehardheid is die toepassing van gehardheid op die gesinsvlak. Met die formulering van gesinsgehardheid is die individualistiese siening van Kobasa (1982) vervang met `n oriëntasie wat die "ons" (die gesinsisteem) eerder as die "ek" (die individu) beklemtoon (McCubbin et al., 1996, p. 239).

Gesinsgehardheid is een van die gesinsweerstandsbronne wat ingesluit is in die Veerkragtigheids-model om te dien as `n faktor wat aanpassing in gesinne bevorder (McCubbin et al., 2007). Gesinsgehardheid is `n weerstandsbron wat binne die gesin voorkom. As sodanig verwys gesinsgehardheid spesifiek na die interne sterktes en duursaamheid van die gesinseenheid (McCubbin et al., 1993). Dit is gefokus op die gesin se benadering tot lewensuitdagings en hoe die gesin in die algemeen die impak van groot lewensgebeurtenisse en veranderinge in gesins-funksionering op `n kognitiewe en emosionele vlak beskou (McCubbin et al., 1996). Gesinsgehardheid onderskryf die gesin se verstelling en aanpassing oor tyd deur te funksioneer as `n buffer en bemiddelende faktor om die effek van stressors en krisisse te hanteer en om stabiliteit in die gesin te midde van verandering te verseker (McCubbin & McCubbin, 1996).

McCubbin en McCubbin (1988) definieer gesinsgehardheid soos volg:

> Gesinsgehardheid is `n basiese sterkte waardeur gesinne die kapasiteit vind om stres te hanteer. Dit beklemtoon gesinslede se begrip van beheer oor hul lewens, toewyding aan die gesin, die geloof dat die gesinseenheid sal oorleef, ongeag wat mag gebeur en die vermoë om te groei, om te leer [uit ervaring] en om mekaar uit te daag [om uitdagings te bowe te kom]. (p. 248)

Gesinsgehardheid is `n unitêre konstruk, wat uit drie komponente bestaan, naamlik, toewyding, uitdaging en beheer:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1. Toewyding

Toewyding (*commitment*) verwys na die gesin se onderlinge samewerking, die bewuswording van hul inherente sterktes en die oortuiging dat gesinslede op mekaar kan staat maak in tye van nood (McCubbin et al., 1993; 1996). Volgens Lambert en Lambert (1999) behels toewyding `n doelgerigte soeke na betekenis, wat tot uitdrukking kom wanneer gesinslede aktief betrokke is in mekaar se lewens, in plaas daarvan om passief en onbetrokke te bly. Die toegewyde gesin word ook gekenmerk aan die vertroue wat gesinslede in mekaar se vermoëns het (Kobasa, 1982). Op dié manier is die toegewyde gesin bereid om gesamentlike doelwitte met durf en samewerking na te streef.

Die komponent van toewyding is soortgelyk aan Antonovsky (1987) se konsep van betekenis-volheid. Toewyding het, in hierdie opsig, ook grootliks te make met die emosionele betekenis wat gesinne aan lewensuitdagings koppel en die besluit of die uitdaging die moeite werd is om aan te pak, al dan nie (Antonovsky, 1987).

2. Uitdaging

Uitdaging (*challenge*) is die tweede komponent van gesinsgehardheid. Uitdaging behels die gesin se pogings om innoverend en aktief te wees en om uit die belewenis van nuwe ervarings kennis op te doen (McCubbin et al., 1993; 1996). Volgens Kobasa (1982) is uitdaging “gebaseer op die oortuiging dat verandering, eerder as stabiliteit, die normatiewe aard van die lewe is” (p. 7). Groot lewensveranderinge het dus die potensiaal om te dien as `n impetus vir persoonlike groei en nie soseer as `n bedreiging vir die bestaande orde in die gesin nie (Lambert & Lambert, 1999). Gesinne wat uitdagings verwelkom, het dus `n behoefte aan nuwe ervarings. Deur middel van hierdie ervarings word gesinne buigbaar genoeg om `n verskeidenheid van uitdagings (selfs dié wat onverwags plaasvind) die hoof te bied (Kobasa, 1982).

3. Beheer

Die laaste komponent van gesinsgehardheid is dié van beheer (*control*) – die vermoë van die gesin om nie hulpeloos te voel in die aangesig van stressor-gebeurtenisse nie. Beheer moedig die gesin aan om te glo dat hulle wel `n invloed kan uitoefen op hul lewensuitdagings (Lambert & Lambert, 1999). Die gesin huldig die oortuiging dat hulle nie bloot onderworpe is aan prosesse buite hul beheer nie (McCubbin et al., 1993; 1996).

Ooreenkomstig met Antonovsky (1987) se konsep van handelbaarheid, impliseer beheer `n vermoë van die gesin om stresvolle gebeurtenisse te konfronteer deur verantwoordelikheid te neem vir hul

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

eie aanpassingsproses. Die gesin, as `n outonome en doelgerig funksionerende eenheid, voel dus in staat om effektief te werk te gaan om uitdagings aan te durf (Kobasa, 1982).

Met betrekking tot die lewensiklus, blyk dit dat gesinsgehardheid as `n algemene weerstandsbron tydens alle lewenstadiums voorkom (McCubbin & McCubbin, 1988). Spesifiek toon navorsing dat gesinsgehardheid verbeter oor tyd. Tydens die jongpaartjie-fase is gesinsgehardheid die laagste. Vandaar verhoog dit in elk van die daaropvolgende fases (McCubbin et al., 1996). In dié opsig, hang gesinsgehardheid nou saam met gesinslede se volwassewordingsproses.

Vir die doeleindes van die huidige studie word gesinsgehardheid operasioneel gedefinieer as "die kognitiewe-, emosionele- en gedragsfaktore wat die gesinseenheid in staat stel om interafhanklik saam te werk om probleme op te los, om te glo dat hulle die meesters is van hul eie aanpassingsproses en om `n positiewe en realistiese beskouing van lewensveranderings as gebeurtenisse wat groei kan bewerkstellig, te deel". In die huidige studie word die aandag gerig op gesinsgehardheid in gesinne waarin `n kind oorlede is.

2.6 Samevatting

In hierdie hoofstuk is daar gelet op die ontwikkeling van teorieë te make met verdriet en die aanpassing van individue en gesinne in respons op verlies. Dit is aangevoer dat die studie van verdriet moet plaasvind in oorleg met navorsing wat gerig is op die ondersoek van gesinne se unieke verliesomstandighede en verskeidenheid van reaksies op die sterfte van `n geliefde. Die salutogene benadering van Antonovsky (1979, 1987, 1996) is ook bespreek. Dié benadering bied `n raamwerk aan navorsers en praktisyns om weerstandsbronne te identifiseer, wat dit vir mense moontlik maak om aanpasbaar te wees in die aangesig van stressors. Definisies van veerkragtigheid en gesinsveerkragtigheid is weergegee en ontleed ten opsigte van hul ooreenkomste en verskille. Daar is ook aandag gegee aan die ontwikkeling van teoretiese modelle wat van toepassing is op gesinsveerkragtigheid. Die Veerkragtigheidsmodel (McCubbin & McCubbin, 1996) is daarna uiteengesit, gevolg deur `n bespreking van die weerstandsbron gesinsgehardheid. In die volgende hoofstuk word daar aandag gegee aan die navorsingsliteratuur, wat aansluit by die tema van die huidige studie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 3

Literatuuroorsig

3.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word empiriese ondersteuning gebied vir die ondersoek van gesinsgehardheid in gesinne waarin `n kind oorlede is. `n Oorsig word geopper van studies waarin gesinsweerstands-bronne, soos gesinsgehardheid, voorkom as veranderlikes. Tesame hiermee word daar ook gelet op studies wat geloods is met dieselfde kategorie navorsingsdeelnemers, naamlik ouers wat met die verlies van `n kind moet saamleef. Daar word verwys na beide kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing wat met die tema van die huidige ondersoek verband hou.

In die eerste afdeling word die resultate van kwantitatiewe ondersoeke te make met gesins-veerkragtigheid en gesinsgehardheid as `n weerstandsbron weergee en bespreek. Daar word eerstens gelet op Amerikaanse en Europese kwantitatiewe gesinsveerkragtigheidstudies. Daarna word die aandag gevestig op Suid-Afrikaanse kwantitatiewe studies, waar daar ook `n aanvullende kwalitatiewe komponent ter sprake was.

Suiwer kwalitatiewe navorsing op gesinsveerkragtigheid word tweedens ondersoek. In hierdie afdeling word die resultate van Westerse studies eerstens weergee, gevolg deur `n fokus op kwalitatiewe gesinsveerkragtigheidsnavorsing afkomstig uit nie-Westerse lande en Suid-Afrika.

Aangesien die huidige ondersoek gerig was op `n enkele gesinsveerkragtigheidsfaktor, naamlik gesinsgehardheid, is die derde afdeling toegespits op studies waar dié weerstandsbron voorgekom het as hoof-veranderlike. Daar word dus in hierdie afdeling verwys na studies waarin gesins-gehardheid ondersoek is as óf `n afhanklike óf `n onafhanklike veranderlike.

In die vierde afdeling word `n oorsig gebied van studies waarin bedroefde ouers as navorsings-deelnemers opgetree het. Beide kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsresultate te make met dié onderwerp word weergee. In hierdie afdeling word die studies georden in terme van hul toenemende ooreenkomste met die huidige ondersoek. Daar word dus eerstens gekyk na studies wat alleenlik gerig was op die ondersoek van bedroefde ouers se verdriet-reaksies. Die verwysing na dié studies word gevolg deur `n fokus op navorsing wat vanuit `n salutogene, gesinsveerkragtigheid-paradigma spruit. Sekere enkele studies word dus uitgelig, wat handel oor die mate waarin spesifieke gesinsweerstandsbronne, insluitend gesinsgehardheid, aanwesig is in gesinne waarin `n kind oorlede is.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.2 Kwantitatiewe Gesinsveerkragtigheidstudies

Vroeër is studies op gesinsveerkragtigheid geloods met die doel om spesifieke veerkragtigheidsfaktore te ontdek om sodoende in `n posisie te wees om nuwe teorieë te kon formuleer. In hierdie studies is dit dus opmerklik dat daar nie juis `n duidelike teoretiese grondslag onderliggend aan die ondersoeke uitgeken kon word nie.

In `n Amerikaanse studie (Olson et al., 1983) is daar byvoorbeeld ondersoek ingestel na die voorkoms van sekere gesin- en huweliksterktes in `n steekproef van ouerpare. Die navorsers het bevind dat gender-verskille bestaan ten opsigte van die graad van dié sterktes. As sodanig is daar bevind dat vrouens meer gesteld was op aspekte soos gesinstrots, die belang daarvan om as gesin saam te ontspan en die invloed van godsdienstige oortuigings. Mans was, op hul beurt, meer gerig op die noodsaaklikheid van eerlike kommunikasie tussen die lede van die gesin. Dit het ook geblyk dat dié gesin- en huweliksterktes verandering ondergaan het afhangende van die lewenstadium waarin die gesin hulself bevind het (Olson et al., 1983).

Met die verdere ontwikkeling van gesinsveerkragtigheidsmodelle, is daar mettertyd `n grondslag gelê vir beskrywende studies geloods onder `n verskeidenheid van gesinsomstandighede. Dié tipe studies het gepoog om die verhoudings tussen vooraf geïdentifiseerde gesinsweerstandsbronne en gesinsaanpassing te ondersoek. Greeff et al. (2006) het, in dié verband, ondersoek ingestel na Belgiese gesinne se veerkragtigheid onder omstandighede waar hulle leef saam met `n gesinslid wat gediagnoseer is met `n geestesversteuring. In elke gesin is vraelyste deur beide `n ouer en `n kind apart voltooi. Die resultate van hierdie studie het getoon dat ouers en kinders se gesinsgehardheidtellings beduidend positief korreleer met gesinsaanpassing (Greeff et al., 2006).

Die bogenoemde studies het plaasgevind in `n Anglo-Amerikaanse sosiokulturele konteks en weerspieël moontlik resultate wat alleenlik spreek van Westerse lewenswyses en -beskouings. Dit kan aangevoer word dat die bevindinge van dié studies dus nie veralgemeenbaar is na ander kontekste nie. Gesinsveerkragtigheid en, meer spesifiek, die weerstandsbronne wat daarmee verband hou, behoort ondersoek te word in steekproewe van gesinne afkomstig uit ander, nie-Westerse wêrelddele (McCubbin & McCubbin, 1996). Sodoende word die begrip van gesinsveerkragtigheid verhelder en teoreties ontwikkel om aanwendbaar te wees in verskillende kulture.

Die Suid-Afrikaanse gesinsveerkragtigheidsveld behels hoofsaaklik die toepassing van die Veerkragtigheidsmodel van Gesinstres, Verstelling en Aanpassing (McCubbin & McCubbin, 1996) om kwantitatiewe ondersoeke te loods op gesinne wat verskillende stres-omstandighede en trauma ervaar het. Dikwels sluit hierdie studies ook `n kwalitatiewe komponent in, waar geskrewe response

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

op `n oop-einde vraag ontleed is ten opsigte van die spesifieke weerstandsbronne wat deelnemers in hul gesinne kon identifiseer.

Eiman (2006) het byvoorbeeld die veerkragtigheid van enkelouergesinne met `n volwasse MIV-positiewe kind bestudeer. Die kinders se resultate het getoon dat die gesinsgehardheid-komponent van toewyding beduidend positief korreleer met gesinsaanpassing. Die kwalitatiewe ontleding van die oop-einde vraag het aangedui dat die gesinne se geloof in God hul mees prominente ondersteuningshulpbron verteenwoordig het (Eiman, 2006).

Greeff en Fillis (2008) het soortgelyk te werk gegaan om arm enkelouergesinne se veerkragtigheid te ondersoek. Die ontleding van die oop-einde vraag, wat ten doel gehad het om die gesin se belangrikste weerstandsbronne uit te lig, het bevestig dat intragesinsteun (die emosionele en praktiese bystand wat gesinslede mekaar kan bied) beskou is as die mees integrale faktor in dié gesinne se aanpassingsproses. In hierdie steekproef het gesinsgehardheid ook `n beduidende positiewe verhouding met gesinsaanpassing getoon (Greeff & Fillis, 2008).

`n Studie is ook onderneem om die weerstandsbronne te identifiseer in gesinne waarin die man prostaatkanker het (Thiel, 2005). Die gesinsgehardheid-tellings het, vir beide mans en vrouens, beduidend positief korreleer met gesinsaanpassing. Tog het dit geblyk dat die komponent van beheer, in dié steekproef, nie van beduidende waarde was vir gesinsaanpassing nie. Vir die vroulike deelnemers het die komponente van gesinstoewyding en -uitdaging egter beduidend positief korreleer met gesinsaanpassing. Die kwalitatiewe ontleding het, ter ondersteuning van die kwantitatiewe resultate, getoon dat beide manlike en vroulike deelnemers intragesinsteun as die belangrikste interne weerstandsbron beskou het (Thiel, 2005).

Greeff en Holtzkamp (2007) het, op hul beurt, gefokus op gesinne wat stres ervaar het as gevolg van migrasie. In hierdie steekproef het die gesinsgehardheid-komponent van beheer ook nie beduidend korreleer met gesinsaanpassing nie. Uitdaging, toewyding en die totale gesinsgehardheid-tellings het egter elk `n beduidende en positiewe korrelasie met gesinsaanpassing getoon vir beide die ouers en die kinders in die gesinne. In hierdie studie het 85% van die deelnemers boonop aangedui dat intragesinsteun die belangrikste weerstandsbron was om die stres, wat gepaardgaan met migrasie, te hanteer (Greeff & Holtzkamp, 2007).

Enkele studies is ook uitgevoer om die veerkragtigheid van Suid-Afrikaanse gesinne binne die konteks van verlies, te ondersoek. Die bevindings van hierdie studies toon die belang van gesins-gehardheid as `n weerstandsbron in gesinne se aanpassing ná die dood van `n geliefde.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Greeff en Human (2004) het byvoorbeeld aandag geskenk aan gesinne waarin `n ouer oorlede is. Van die 39 deelnemende gesinne het 79% verwys na die belang van intragesinsteun as `n weerstandsbron om hul aanpassing te bevorder. Die kwantitatiewe resultate het beduidende positiewe korrelasies tussen gesinsgehardheid en gesinsaanpassing vir beide die ouers en kinders in die steekproef getoon (Greeff & Human, 2004).

Xhosa-gesinne se aanpassing ná afloop van `n finansiële terugslag of die dood van `n gesinslid is ondersoek deur Smith (2006). Die resultate het hoogs beduidende en positiewe korrelasies tussen gesinsgehardheid en gesinsaanpassing vir beide ouers en kinders aangedui. Die bydraende faktore tot veerkragtigheid in hierdie gesinne is ook kwalitatief ontleed uit response op `n oop-einde vraag. Die hoof-bevindings in dié komponent van die studie het die volgende ingesluit: Effektiewe, deursigtige en wedersydse kommunikasie is deur 34% van die volwassenes en 48% van die kinders genoem as `n belangrike gesinsweerstandsbron. So ook het 16% van die volwassenes en 19% van die kinders gemeen dat emosionele ondersteuning en `n gevoel van behoort-aan onderliggend is aan hul veerkragtigheid (Smith, 2006). Die laasgenoemde bevinding toon ooreenkomste met die gesins-gehardheid-komponent van toewyding.

Die kwantitatiewe resultate van die bogenoemde Suid-Afrikaanse studies wys op die meermalige teenwoordigheid van gesinsgehardheid as `n weerstandsbron in gesinne wat verskeie vorme van stres, trauma en krisisse beleef het. Die Suid-Afrikaanse gesinne se rapportering van intragesinsteun as hul belangrikste weerstandsbron is ook `n algemene kwalitatiewe bevinding in hierdie studies. Die begrip van intragesinsteun toon ooreenkomste met die gesinsgehardheid-komponent van toewyding, in die opsig dat beide konsepte verwys na die samewerking onder gesinslede en die gedeelde oortuiging dat lede op mekaar kan staatmaak in tye van nood (McCubbin et al., 1993; McCubbin et al., 1996). Die kwalitatiewe en kwantitatiewe resultate van dié Suid-Afrikaanse studies stem dus grootliks ooreen.

Die gebruik van gemengde metodes in Suid-Afrikaanse gesinsveerkragtigheidsnavorsing is `n positiewe tendens. Soos Smith (2006) dit stel “verbeter die insluiting van kwalitatiewe metodes die geldigverklaring van kwantitatiewe bevindinge by wyse van vergelyking en triangulering” (p. 94). Gemengde metodes en triangulering help sodoende om `n “volkome beeld” van `n veranderlike te vorm (Henning, Van Rensburg, & Smit, 2005, p. 103).

Alhoewel die navorsers aanspraak gemaak het op gemengde metodologieë, kan dit egter aangevoer word dat die bovermelde Suid-Afrikaanse studies nie daarin geslaag het om gesins-weerstandsbronne holisties te ondersoek nie. In hierdie studies is stellings van `n narratiewe aard gekwantifiseer en ontleed ten opsigte van die aantal kere wat elke gekodeerde stelling voorgekom

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

het in die steekproef (vergelyk Flick, 2009). Dus kan dit aangevoer word dat die kwalitatiewe ontledings bloot "telling-data" weergee het (Henning et al., 2005, p. 6). Dié soort data wys wel op die mate waarin deelnemers se self-gerapporteerde weerstandsbronne ooreengestem het, maar bied geen blik op die gekontekstualiseerde en persoonlike veerkragtigheidservarings wat gesinne mag gehad het nie.

Daar is dus `n behoefte aan ondersoeke waarin die unieke belewenisse van gesinsveerkragtigheid na vore gebring word. In die volgende afdeling word die aandag daarom gevestig op studies waarin meer in-diepte kwalitatiewe navorsing oor dié onderwerp gedoen is.

3.3 Kwalitatiewe Gesinsveerkragtigheidstudies

Die gebruik van kwalitatiewe metodes in gesinsnavorsing maak dit moontlik om nuwe temas, afkomstig uit navorsingsdeelnemers se persoonlike sienings oor veerkragtigheid, te inkorporeer in die ontwikkeling van gesinsveerkragtigheidsteorieë (McCubbin, Thompson, Thompson, & Futrell, 1999). Die gebruik van kwalitatiewe metodes stel navorsers dus in staat om bestaande gesins-veerkragtigheidskonsepte met meer duidelikheid en kompleksiteit te ondersoek en te verklaar.

In `n retrospektiewe, fenomenologiese studie (Gilgun, 1999) is daar ondersoek ingestel na volwassenes wat moeilike kinderjare beleef het. In dié studie is die deelnemers gevra om uit te brei op die spesifieke weerstandsbronne wat in hul lewens ter sprake was. Die respondente het aangedui dat verhoudings met betroubare persone, wat hul ondersteuning gebied het in die oorkoming van alledaagse stres, `n belangrike weerstandsbron verteenwoordig het. `n Pro-sosiale wilskrag om risiko`s in die hede en die toekoms te oorkom, is ook geïdentifiseer as `n noemenswaardige hulpbron (Gilgun, 1999). Gesinsgehardheid is nie uitdruklik in hierdie studie ondersoek nie. Tog kan dit aangevoer word dat dié resultate ooreenkomste toon met, onderskeidelik, die komponente van toewyding en beheer.

Thompson (1999) het, op haar beurt, aandag geskenk aan die veerkragtigheid van gesinne waarin `n persoon MIV-positief is. Dié studie is vanuit `n sosiaal-konstruksionistiese perspektief geloods met die doel om die betekenisse wat deelnemers geheg het aan spesifieke weerstandsbronne uit te lig. In die semi-gestruktureerde onderhoude is die volgende hanteringstrategieë (soortgelyk aan gesinsgehardheid) geïdentifiseer, naamlik, deeglike beplanning vir die toekoms (beheer); die ervaring van persoonlike groei (uitdaging); en gesinsgehegtheid (toewyding) (Thompson, 1999).

Kwalitatiewe studies te make met gesinsveerkragtigheid is ook in nie-Westerse wêrelddele geloods. Dié studies toon dat spesifieke kulturele denkwyses deelnemers se sienings oor gesins-veerkragtigheid onderskryf.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In Israel het Cohen et al. (2002) byvoorbeeld gebruik gemaak van gegronde teorie en bevind dat moeders gesinsgehegtheid en `n optimistiese lewensbeskouing ervaar het as waardevolle weerstandsbronne in hul gesinne. In hierdie studie is deelnemers se definisies van gesinsveerkragtigheid in die algemeen geskoei op `n kollektiewe lewensbeskouing. In hierdie opsig was hul response dikwels gedefinieer in terme van interpersoonlike verhoudings. Meer spesifiek het die deelnemers optimisme, wat aansluit by die gesinsgehardheid-komponent van beheer, uitgelig as integraal tot hul aanpassingsproses ná afloop van hul onderskeie krisisse. Gesinsgehegtheid is voorts gedefinieer as die vermoë van die gesin "om die behoeftes van ander gesinslede te begryp; om gereed te wees om mekaar by te staan en om persoonlike behoeftes prys te gee ter wille van ander se huidige nood" (Cohen et al., 2002, p. 181). Gesinsgehegtheid, soos verstaan in hierdie studie, blyk dus om soortgelyk te wees aan die toewyding-komponent van gesinsgehardheid.

In `n fenomenologiese studie (Lee et al., 2004) is Suid-Koreaanse ouers, wie se kinders met kanker gediagnoseer is, gevra om hul definisies van gesinsveerkragtigheid te weergee. Die navorsers het bevind dat die deelnemers `n duidelike kollektiewe oriëntasie getoon het ten opsigte van hul response op stres (Lee et al., 2004). Hierdie oriëntasie sluit aan by die konsep van gesinsgehardheid en spesifiek die komponent van toewyding.

In `n meer onlangse gegronde teoretiese studie is daar gefokus op die ervarings van Japannese gesinsversorgers van familielede, wat ernstige rugbeserings opgedoen het (Chen & Boone, 2008). Die deelnemers het aangedui dat hul hantering van uitdagings ondersteun is deur hul kulturele en godsdientige verbintenisse. Verder is daar bevind dat die bystand van ander gesinslede ook onderliggend was aan die veerkragtigheid in die deelnemers se gesinne (Chen & Boone, 2008). Dit blyk dus dat die komponent van toewyding ook hier ter sprake was.

Suid-Afrikaanse kwalitatiewe navorsing op gesinsveerkragtigheid is in `n unieke posisie om die verskeidenheid ervarings van veerkragtigheid in gesinne van diverse agtergronde te verken. Tans is daar egter `n gebrek aan navorsing van dié aard.

Greeff en Joubert (2007) het wel `n ondersoek onderneem om godsdienstige geloof of spiritualiteit as `n weerstandsbron in Suid-Afrikaanse gesinne, waarin `n ouer oorlede is, kwalitatief te ondersoek. Elk van die 25 deelnemende gesinne is versoek om die wyses waarop hul spirituele oortuigings bygedra het tot hul aanpassing ná die verlies, weer te gee. Die ontleding van die kwalitatiewe data het getoon dat godsdiens beskou is as "die rots" (p. 899) waarop gesinslede kon staan – die fundamentele bron van hul sterktes te midde van die krisis. Onderliggend aan dié beskouing was die oortuiging dat God uiteindelik in beheer is van hul lewens. Die hoop onder gesinslede dat hulle eendag weer die oorledene in die hiernamaals sal ontmoet, was `n bykomende

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

troos vir die meeste van die gesinne. Dit blyk ook dat toewyding betrekking gehad het op die gesinne se aanpassing, aangesien die response getoon het dat gesinslede versterk is in hul vertroosting van ander lede van die gesin en dat dit as `n motivering gedien het om voort te gaan met hul lewens (Greeff & Joubert, 2007).

In die meeste van die kwalitatiewe studies, wat tot dusver bespreek is, is verskeie gesinsveer-kragtigheidsfaktore ontleed na aanleiding van deelnemers se response tydens semi-gestruktureerde onderhoude. Greeff en Joubert (2007) se werkswyse was egter anders, aangesien `n enkele gesins-weerstandsbron, naamlik, spirituele oortuigings, spesifiek verken is. In die huidige studie is daar soortgelyk te werk gegaan om gesinsgehardheid te ondersoek.

Die gesinsveerkragtigheidsveld kan baat vind by studies wat gerig is op die in-diepte ondersoek van enkele weerstandsbronne. Die teoretiese waarde van hierdie tipe studies behels dat spesifieke konsepte verbonde aan die Veerkragtigheidsmodel (McCubbin & McCubbin, 1996) met toenemende kompleksiteit gedefinieer en begryp kan word. Deur middel van kwantitatiewe navorsing word die spesifieke veranderlikes, wat moontlik beduidend verband hou met die weerstandsbron, geïdentifiseer. Op dié manier kan daar byvoorbeeld gelet word op die korrelasies tussen gesinsgehardheid en veranderlikes soos deelnemers se ouderdomme, geslag en inkomste. Kwalitatiewe metodes bied weer aan navorsers die geleentheid om `n enkele faktor, soos gesinsgehardheid, te verken ten opsigte van deelnemers se self-gerapporteerde ervarings van hierdie weerstandsbron in hul daaglikse lewens. Die data wat so versamel word, kan geïnkorporeer word in die Veerkragtigheidsmodel (McCubbin & McCubbin, 1996) om die eienskappe van gesins-gehardheid met groter omsigtigheid te beskryf.

Ter aansluiting by die bogenoemde bespreking, word daar in die volgende afdeling aandag gegee aan studies waarin gesinsgehardheid voorgekom het as hoof-veranderlike in die ondersoeke.

3.4 `n Fokus op Gesinsgehardheid

`n Studie is geloods om gesinsgehardheid te ondersoek in `n steekproef van oorlog-slagoffers in die voormalige Joego-Slawië (Jovanovic, Aleksandric, Dunjic, & Todorovic, 2004). Twee groepe is saamgestel, naamlik `n groep van individue, wat gediagnoseer is met post-traumatiese stres-versteuring, en `n kontrole groep. `n Beduidende verskil is tussen die groepe gevind ten opsigte van hul gesinsgehardheid-tellings, met die kontrole groep wat `n hoër gemiddelde telling getoon het (Jovanovic et al., 2004). Dit blyk dus dat gesinsgehardheid `n rol kan speel in die voorkoming van die ontwikkeling van angsversteurings.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Clark (2002) het haar fokus gerig op die versorgers van gestremde bejaardes. Spesifiek is daar gekyk na individuele gehardheid, gesinsgehardheid en die verhouding tussen dié veranderlikes en deelnemers se depressie en hanteringsmeganismes. Die resultate het aangedui dat persone met hoë gehardheid- en hoë gesinsgehardheid-tellings minder depressie ervaar het. So ook is daar bevind dat gesinsgehardheid beduidend positief korreleer met deelnemers se hulpsoekende gedrag. Deelnemers met hoë gehardheid was dus meer geneig om stres te hanteer deur bereid te wees om ondersteuning van hul gesinslede te versoek (Clark, 2002).

In nog `n studie is gesinsgehardheid, algemene wel-wees en koherensie-sin ondersoek onder ouers van kinders, wat aan asma ly (Svavarsdottir & Rayens, 2005). In teenstelling met die bogenoemde studies is gesinsgehardheid, in hierdie ondersoek, as die afhanklike veranderlike beskou. Eerstens het die navorsers kulturele verskille met betrekking tot die verskeie veranderlikes bestudeer. Yslandse en Amerikaanse ouers se tellings is met mekaar vergelyk en dit is bevind dat die laasgenoemde groep hul gesinsgehardheid beduidend meer positief geëvalueer het. Daar is ook gelet op die verhoudings tussen koherensie-sin, depressie, wel-wees en gesinsgehardheid. Die resultate het getoon dat `n hoë koherensie-sin, lae depressie-telling en meer positiewe wel-wees moontlik daartoe kon gelei het dat individue se gesinsgehardheid hoër was (Svavarsdottir & Rayens, 2005).

In die konteks van die verlies van `n gesinslid het Campbell en Demi (2000) gesinsgehardheid, verdriet en emosionele nood bestudeer onder volwasse kinders wie se vaders tydens die Viëtnam-oorlog vermis geraak het. In hierdie studie is daar `n verhouding gevind tussen gesinsgehardheid en sekere verdriet-reaksies. Spesifiek het die resultate getoon dat deelnemers minder skuldgevoelens, woede, blamering en preokkupasie met gedagtes oor die oorledene geopenbaar het na aanleiding van hoë tellings vir die komponente van uitdaging en beheer. Hoër tellings vir die komponente van beheer en toewyding is, op hul beurt, geassosieer met minder vermyding van gedagtes en situasies, wat die deelnemers herinner het aan die stresvolle gebeurtenis (Campbell & Demi, 2000). Gesins-gehardheid het klaarblyklik `n blywende en beduidende invloed gehad op kinders se verdriet-reaksies ná die verlies van `n ouer.

Die studies wat in hierdie afdeling bespreek is, toon dat gesinsgehardheid positief geassosieer kon word met individue se hanteringstrategieë en emosionele welstand in die aangesig van verskeie stresvolle en traumatiese gebeurtenisse. Boonop het dit geblyk dat die voorkoms en omvang van hierdie weerstandsbron beïnvloed is deur spesifieke veranderlikes, soos individue se kulturele herkoms.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.5 Studies van Gesinne waarin `n Kind Oorlede is

In die finale afdeling van hierdie hoofstuk word daar gekyk na studies waaraan bedroefde ouers deelgeneem het. Dié oorsig behels eerstens `n blik op studies waarin die verdriet-reaksies van ouers bestudeer is. Daarna word enkele studies bespreek waar daar ondersoek ingestel is na die gesins-veerkragtigheid van gesinne waarin `n kind oorlede is.

Die verlies van `n kind word beskou as een van die mees traumatiese gebeurtenisse wat `n persoon kan beleef. Empiriese ondersteuning vir dié oortuiging is gebied deur Middleton, Raphael, Burnett en Martinek (1998). In hierdie studie is daar gefokus op die verskille in verdriet-reaksies tussen drie groepe, naamlik, bedroefde ouers, volwasse kinders wie se ouers oorlede is en `n groep van weduwees en wewenaars. Die resultate het getoon dat die mate van verdriet, aldus die intensiteit van emosionele-, fisiese- en gedragsreaksies ná afloop van die verlies, die hoogste was onder die ouers wie se kinders oorlede is. `n Bykomende bevinding was dat sterfgevalle, wat onverwags en per ongeluk geskied het, die mees intense verdriet-reaksies tot gevolg gehad het onder al drie die groepe (Middleton et al., 1998). Dit het dus geblyk dat reaksies op die dood van `n kind meer traumaties daar uitgesien het in vergelyking met ander soorte verliese binne gesinne.

In `n studie onder ouerpare wie se adolessente kinders gewelddadig gesterf het, is daar ondersoek ingestel na gender-verskille ten opsigte van verdriet-reaksies (Lohan & Murphy, 2006). Metings is geneem op twee afsonderlike tye, naamlik 6 en 12 maande ná die dood van die kind. Dit is bevind dat moeders en vaders (tydens beide metingsgeleenthede) beduidend verskillende tellings gehad het op metings van angs, kognitiewe disfunksie, skuldgevoelens, depressie, vyandigheid, vrees en gedagtes rondom die dood. Moeders se tellings was deurgaans hoër as dié van hul mans. Boonop is daar in hierdie studie bevind dat moeders se hoë tellings nie beduidend verander het met die verloop van tyd nie (Lohan & Murphy, 2006).

Hunt (2008) se studie was gerig daarop om verdriet-reaksies kwalitatief te verken onder Suid-Afrikaanse ouerpare wie se kinders oorlede is. Semi-gestruktureerde onderhoude is gevoer om die sentrale temas rondom verdriet in hierdie steekproef te identifiseer. Verskeie emosionele reaksies is deur die ouers aangemeld. In volgorde het woede die meeste voorgekom, met blamering, teleur-stelling, haat en verbittering daarna. Die ouers het ook alleenheid en isolasie ervaar, uitgedruk in `n gevoel van verlatenheid in `n wêreld wat voortgaan sonder om die pyn van hul verlies te erken. Sekere algemene gedragsreaksies het ingesluit `n oorbeskermende houding jeens die veiligheid van oorlewende kinders en `n vermyding van situasies wat die ouers herinner het aan die dood van hul kinders. Die verdriet-reaksies, wat as kognitief beskou kon word, het soos volg daar uitgesien: Geheue-verlies en konsentrasie-probleme, ongeloof aangaande die doodsgebeurtenis en `n fokus op

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die kind se verlore toekoms. Van die ouers het ook fisiese pyn ervarings en `n gebrek aan energie rapporteer (Hunt, 2008).

Afgesien van die bogenoemde verdriet-reaksies, is daar in dieselfde studie (Hunt, 2008) egter ook bevind dat ouers sekere konstruktiewe maniere gevind het om met die verlies saam te leef, ten spyte van die pyn wat as ewigdurend beskou is. Van die ouers het byvoorbeeld literatuur oor die rou-proses geraadpleeg. Die ouers het ook gepraat van hul aansluiting by ondersteuningsgroepe. Dit het egter geblyk dat vrouens, meer as hul mans, geneig was om by hierdie groepe hulp te soek en te aanvaar. `n Voortdurende verbintenis is deur sekere ouers ontwikkel deur briewe te skryf aan die oorlede kind en dagboek-inskrywings te maak van hul belewenis van hul kind se dood. Laastens is aanvaarding van die dood, tesame met `n berusting gevind in godsdienstige oortuigings, gerapporteer as voordelig tot die ouers se aanpassing (Hunt, 2008).

In `n Amerikaanse studie is daar gepoog om die waarde van godsdienstige rituele (soos private gebed, gebede saam as `n gesin en kerk-bywoning), tesame met spirituele en private berading en deelname aan ondersteuningsgroepe in die aanpassingsproses ná die dood van `n kind, te ondersoek (Murphy et al., 2002). Dit het geblyk dat die meeste van dié praktyke geen beduidende verhouding gehad het met die veranderlikes van aanvaarding van die dood, verdriet en die voorkoms van post-traumatiese stresversteuring (PTSV) nie. `n Enkele beduidende en positiewe korrelasie is wel gevind tussen private gebed en ouers se aanvaarding van die dood van hul kinders. Tog was dié resultaat net van toepassing op die moeders in die steekproef. `n Bykomende bevinding van hierdie ondersoek was die hoë voorkoms van simptome van post-traumatiese stresversteuring. As sodanig is daar bevind dat die PTSV-tellings van moeders drie keer hoër was as die tellings van `n nasionale steekproef van vrouens. Die vaders se tellings was, op hul beurt, twee keer hoër as dié van `n manlike nasionale steekproef (Murphy et al., 2002).

In die bespreking tot dusver is dit opmerklik dat studies onder gesinne, waarin `n kind oorlede is, oorwegend gerig was op die ondersoek van ouers se verdriet-reaksies. In hierdie studies is daar in `n mindere mate aandag gegee aan die wyses waarop gesinne veerkragtig is in die aangesig van die verlies van `n kind.

Alhoewel verhoudingsmaats die teleurstelling en emosionele pyn van onvrugbaarheid dikwels geheim hou, is dit steeds so dat die onvermoë om `n kind te verwek `n geweldige verlies verteen-woordig (Walsh & McGoldrick, 2004). In `n Kanadese studie het navorsers die definisie van individuele gehardheid ontleed en gewysig om die konsep van toepassing te maak op persone wat met onvrugbaarheid gekonfronteer is (Lang et al., 2001). Die navorsers het drie eienskappe van gehardheid, binne die konteks van voorgeboortelike verlies, geïdentifiseer, naamlik `n oortuiging

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van persoonlike beheer, `n aktiewe oriëntasie tot die hantering van die verlies-gebeurtenis en `n soeke na betekenis, wat verband hou met die verlies (Lang et al., 2001).

Daly (1999) het gesinsveerkragtigheid empiries ondersoek in gesinne, wat onvrugbaarheid moes hanteer. Gegronde teorie is toegepas in die prosesse van data-insameling en ontleding. Die deelnemende paartjies het aangedui dat onvrugbaarheid die hantering van `n onsekere toekoms vereis. Deur optimisties te bly en hulself opnuut toe te wy tot die doel om `n kind te verwek, het talle deelnemers hierdie onsekerheid in `n mate te bowe gekom. Die ouers het ook melding gemaak van hul verlies aan beheer oor hul lewensvooruitsigte. Tog het hierdie gevoel die deelnemers gedwing om te besin oor hul toekomstige rolle as ouers en verhoudingsmaats. As sodanig het die deelnemers gerapporteer dat hulle persoonlike groei ervaar het in die opsig dat hulle noukeurig bestek geneem het van hul loopbaan-doelwitte, finansiële uitgawes en hoe om `n goeie lewensmaat te wees (Daly, 1999). Uit hierdie studie blyk dit dat sekere elemente van gesinsgehardheid aanwesig was onder onvrugbare paartjies.

Greeff en Loubser (2007) het spiritualiteit as `n weerstandsbron ondersoek in Xhosa-sprekende gesinne in Suid-Afrika. Hierdie gesinne het óf `n finansiële terugslag óf die dood van `n kind ervaar. Deur middel van semi-gestruktureerde onderhoude het die navorsers die deelnemers gevra om uit te brei op die fasiliterende rol van spirituele of godsdienstige oortuigings en praktyke in hul aanpassing ná krisisse. Gegronde teoretiese metodes is toegepas om die kwalitatiewe data te ontleed. Die resultate het getoon dat die gesinne hul liefde vir mekaar en gevoel van behoort-aan beskou het as geskenke van God. Daar is verder uitgebrei oor die leidingsrol van God en die Heilige Gees om gesinne te help te midde van teenspoed. God is beskou as `n alomteenwoordige wese, wat in beheer is van mense se lewens, ten alle tye. Laastens het die deelnemers ook vertel van die belang van gebed as `n hulpbron in hul hantering van krisisse (Greeff & Loubser, 2007).

In nog `n Suid-Afrikaanse kwalitatiewe studie (Appelt, 2006) is daar gefokus op moeders se verdriet en veerkragtigheid nadat hul seuns gewelddadig oorlede is. Met betrekking tot verdriet is gevoelens van skok, vrees, hartseer en woede deur die deelnemers gerapporteer. Afgesien hiervan, is daar ook melding gemaak van moeders se motivering om “hoop te verwesenlik” (p. 145) vir mekaar. Hierdie ideaal om, ten spyte van hul eie verdriet, ondersteuning te bied en medelye te koester met ander mense in hul gemeenskap, is beskou as `n aanduiding van veerkragtigheid (Appelt, 2006).

Greeff et al. (2005) se ondersoek na gesinsveerkragtigheidsfaktore in gesinne waarin `n kind oorlede is, is in `n groot mate soortgelyk aan die huidige ondersoek. Belgiese ouers en oorlewende kinders in die gesinne is versoek om `n verskeidenheid van vraelyste te voltooi, insluitend `n oop-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

einde vraag gerig daarop om die belangrikste self-gerapporteerde gesinseienskappe, wat hierdie gesinne op staat gemaak het, te identifiseer. Die kwalitatiewe komponent van hierdie studie het getoon dat toewyding aan die gesin, die ondersteuning van vriende en familie en godsdienstige rituele deur die deelnemers beskou is as waardevolle hulpbronne onderliggend aan hul aanpassing. Die kwantitatiewe resultate het aangedui dat gesinsgehardheid grootliks verband gehou het met die deelnemende gesinne se aanpassing na die verlies van `n kind. Beduidende positiewe korrelasies is gevind tussen gesinsaanpassing en die totale gesinsgehardheid-tellings, tesame met beduidende positiewe korrelasies tussen elk van die komponente van gesinsgehardheid (toewyding, beheer en uitdaging) en gesinsaanpassing. Hierdie resultate het gegeld vir beide die ouers en die kinders in die steekproef (Greeff et al., 2005). Dit blyk dus dat gesinsgehardheid `n beduidende rol gespeel het in hierdie gesinne se aanpassingsprosesse.

3.6 Samevatting

In hierdie hoofstuk is daar kennis geneem van gesinsveerkragtigheid onder `n verskeidenheid van omstandighede. Die kwantitatiewe en kwalitatiewe resultate van empiriese studies toon dat gesinne gebruik maak van verskeie hulpbronne aanwesig binne en buite hul gesinsverband om aan te pas te midde van stres en krisisse. Daar is ook gelet op studies, waar daar spesifiek ondersoek ingestel is na gesinsgehardheid en die faktore wat verband hou met hierdie weerstandsbron. Navorsing toon verder dat die dood van `n kind `n geweldige trauma verteenwoordig en dat ouers `n verskeidenheid van verdriet-reaksies openbaar. Tog dui navorsing ook aan dat gesinne, wat met die verlies van `n kind leef, veerkragtig kan wees.

Die huidige navorsing sluit aan by die studies wat in hierdie hoofstuk bespreek is. Die mate waarin gesinsgehardheid `n rol speel in die veerkragtigheid van gesinne waarin `n kind oorlede is, het die fokus van die huidige studie verteenwoordig. Die metode van hierdie kwalitatiewe en kwantitatiewe ondersoek word in die volgende hoofstuk bespreek.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 4

Metode van Ondersoek

4.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word `n uiteensetting gebied van die metodes wat in die huidige studie toegepas is. Eerstens word die navorsingsontwerp omskryf, gevolg deur `n beskrywing van die steekproef, asook die prosedures wat gevolg is om die steekproef saam te stel. Daarna word die kwantitatiewe meting en kwalitatiewe ondersoek verduidelik. Die prosedure van data-insameling word verder beskryf, tesame met `n bespreking van die etiese oorwegings te make met die huidige studie. Dit word gevolg deur `n reflektiewe beskouing van die navorser se ervarings tydens die navorsingsproses. Laastens word `n uiteensetting gebied van die statistiese ontleding van die kwantitatiewe data. So ook word daar `n verduideliking gegee van die kwalitatiewe metodologiese perspektief van gegronde teorie (Charmaz, 2006; Corbin & Strauss, 1990).

4.2 Navorsingsontwerp

In die huidige studie is daar gebruik gemaak van `n dwars-snit opname navorsingsontwerp om die verhouding tussen gesinsgehardheid en gesinsaanpassing te ondersoek. Onderhoude is ook gevoer om ouers se vertellings rakende die unieke voorkoms van gesinsgehardheid in hul lewens ná die verlies van `n kind aan die lig te bring. Verskeie navorsingstrategieë is dus gevolg om die begrip van gesinsgehardheid in meer diepte te verstaan (vergelyk Berg, 1989).

Die gebruik van kwalitatiewe metodes, in oorleg met kwantitatiewe metodes, wys op metodologiese triangulering. Die kombinasie van semi-gestruktureerde onderhoudvoering en die gebruik van vraelyste is `n voorbeeld van tussen-metode triangulering. Volgens Flick (2009) word dié metode gevolg om kennis oor `n onderwerp te bekom, wat wyer strek as wat die geval sou wees met die gebruik van `n enkele metodologiese benadering. Op dié manier kan die navorser ook let op die mate waarin kwalitatiewe en kwantitatiewe bevindings ooreenstem (Flick, 2009).

Die vergelyking van kwalitatiewe en kwantitatiewe resultate het `n belangrike aspek van die huidige studie verteenwoordig. Tog is triangulering hoofsaaklik toegepas om die kwaliteit van die studie te verbeter deur met die gebruik van beide metodes `n uitgebreide en meer verrykende begrip van gesinsgehardheid binne die konteks van verlies te ontwikkel (vergelyk Flick, 2009).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.3 Deelnemers

Volgens Walsh (2003a) is daar geen enkele definisie vir die "normale gesin" nie (p. 5). Die voormalige maatstaf van normaliteit, naamlik die tradisionele kerngesin (*nuclear family*), verteenwoordig al hoe minder gesinne in die samelewing (Gorral & Olson, 1995). Die konsep van gesin behoort dus gewysig te word om voorsiening te maak vir `n verskeidenheid van gesinsvorme (Walsh, 1995). `n Pluralistiese siening van die gesin kan sodoende daartoe bydra dat gesinne van diverse vorme en binne verskeie kontekste ook beskou word as gesinne in hul eie reg (Walsh, 2003a). Vir die doeleindes van die huidige navorsing is die konsep van gesin dus operasioneel gedefinieer as "enige groep mense waarin lede twee generasies verteenwoordig en met mekaar in verhoudings staan wat gebaseer is op biologiese, huweliks-, saambly- of versorgingsgronde".

In die huidige studie het ouers opgetree as deelnemers wat hul gesinne verteenwoordig het. Alle ouers het ten tye van die studie in die Wes-Kaap gewoon. Die steekproef-insluitingskriteria het alleenlik behels dat ouers `n kind afgestaan het aan die dood. Die ouers is gekontak via `n kerk, asook drie plaaslike takke van die *Compassionate Friends*, `n landswye ondersteuningsgroep vir ouers wat die verlies van `n kind ervaar het.

Die *Compassionate Friends* bied aan ouers van alle ekonomiese klasse, bevolkingsgroepe en godsdienstige agtergronde die geleentheid om hul emosies, gedagtes en herinneringe te make met hul oorlede kinders te deel. Die *Compassionate Friends* glo dat ouers, wat die verlies van `n kind ervaar het, mekaar kan help om hul verdriet positief te verwerk, alhoewel geen enkele wyse van rou aan lede voorgeskryf word nie. Volgens die organisasie se beginsels bied die *Compassionate Friends* ook geen professionele sielkundige terapie aan sy lede nie. Die organisasie word verder op `n nasionale vlak gekoördineer, met verskeie takke wat in Suid-Afrika gevestig is (*Seven Principles of The Compassionate Friends*, 1995).

In die huidige studie is daar gebruik gemaak van gerieflikheid-steekproeftrekking. Volgens hierdie steekproeftrekkingsprosedure is deelnemers aan die huidige studie gekies, indien die navorser in staat was om kontak met hulle te bewerkstellig via die netwerke wat geredelik tot sy beskikking was.

Die steekproeftrekkingsprosedure het soos volg verloop: Eerstens het die navorser telefonies kontak gemaak met die voorsitters van die drie takke van die *Compassionate Friends* in die omgewing. Toestemming is verkry van elke voorsitter om `n vergadering van die tak wat hy/sy bestuur by te woon en om moontlike deelnemers te ontmoet. Op dié manier is daar 22 deelnemers by die studie betrek. Die navorser het ook `n predikant, verbonde aan `n Nederduits-Gereformeerde kerk in die Wes-Kaap, ingelig oor die aard en doel van die studie. Met die samewerking van hierdie predikant,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

het die navorser kontak gemaak met gemeentelede wat `n kind afgestaan het aan die dood. Die predikant het die gemeentelede vooraf ingelig oor die navorsing en aan hulle verduidelik dat die navorser persoonlik met hulle kontak sal maak, indien hulle bereid sou wees om deel te neem aan die studie. Met hierdie bereidwillige ouers se toestemming het die predikant hul kontak-inligting aan die navorser beskikbaar gestel. Die navorser het met die samewerking van die predikant 10 deelnemers ontmoet, wat bereid was om aan die studie deel te neem. Afgesien van die deelnemers wat met die hulp van die *Compassionate Friends* en die predikant kontak mee gemaak is, is drie deelnemers ook betrek by die studie op grond van die navorser wat persoonlik kennis gedra het van hul kinders se sterftes.

Die steekproef het uit 35 (*N*) ouers bestaan. Van hierdie ouers het 11 ouers hul gesinne alleen verteenwoordig. Die oorblywende 24 ouers het bestaan uit 12 ouerpare wat hul gesinne gesamentlik verteenwoordig het. Daar is dus 23 gesinne altesaam verteenwoordig. Die ouderdomme van die ouers het gewissel van 37 tot 80 jaar, met `n gemiddelde ouderdom van 60.8 jaar (*SA* = 10.23). Die meeste ouers, aldus 21 (60%), was in die ouderdomsgroep 50 tot 65 jaar. Die meerderheid van die deelnemers se huistaal was Afrikaans (94.29%), terwyl twee deelnemers (5.71%) Engelssprekend was. Met betrekking tot *bevolkingsgroep, het vyf deelnemers (14.29%) hulself as “kleurling” en 30 deelnemers (85.71%) hulself as “blank” beskryf. Alle deelnemers het hul geloof as “Christen” aangedui. In terme van opvoedkundige kwalifikasies het `n meerderheid van 25 (71.43%) deelnemers `n graad of diploma by `n tersiêre instelling verwerf. Die meerderheid van die steekproef, naamlik 14 deelnemers (40%), se huishoudelike inkomste per maand was tussen R11 000 en R35 000. So ook het 12 deelnemers (34.29%) aangedui dat hul maandelikse huishoudelike inkomste tussen R6 000 en R11 000 gestrek het. Die blanke en kleurling deelnemers het soortgelyke vlakke van inkomste gehad. Volgens Statistiek Suid Afrika (Statssa, 2005) verteenwoordig dié inkomstegroepe onderskeidelik die agtste (R6 000 tot R11 000) en negende (R11 000 tot R35 000) desiele van die Suid-Afrikaanse bevolking ten opsigte van maandelikse huishoudelike inkomste. Die deelnemers kan dus geklassifeer word as hoofsaaklik middel na hoër klas. Tabel 1 verskaf `n volledige biografiese beskrywing van die steekproef.

---

*Die navorser is bewus daarvan dat die gebruik van rasse-kategorieë `n kontroversiële kwessie in Suid-Afrikaanse navorsing verteenwoordig. Dit word dus erken dat ras `n sosiale konstruk is en nie dui op werklike, natuurlike verskille tussen mense nie. Dit kan egter aangevoer word dat konstrukte soos “blank” en “kleurling” binne die Suid-Afrikaanse samelewing gevestig is as gevolg van die land se geskiedenis van rasse-segregasie. Deelnemers se “ras” of “bevolkingsgroep” word dus onderskryf deur beduidende sosiale betekenisse, wat saamhang met opvattings van kultuur en `n gedeelde geskiedenis. Hierdie betekenisse maak dus van “ras” `n noodsaaklike en bruikbare konstruk in Suid-Afrikaanse navorsing.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel 1

Biografiese Besonderhede van die Deelnemers (N = 35)

Veranderlike	*n*	Persentasie
Ouderdom (jaar)		
35 tot 50	3	8.57
50 tot 65	21	60
65 tot 81	11	31.43
Huistaal		
Afrikaans	33	94.29
Engels	2	5.71
Bevolkingsgroep		
Blank	30	85.71
Kleurling	5	14.29
Hoogste opvoedkundige kwalifikasie		
Primêre skool voltooi	1	2.86
Hoërskool gedeeltelik voltooi	1	2.86
Hoërskool voltooi	8	22.86
Tegnikon/Onderwys/Tegniese Kollege	10	28.57
Universiteit gegradueerd	15	42.86
Maandelikse huishoudelike inkomste (Rand)		
2 000 tot 2 500	1	2.86
4 000 tot 6 000	2	5.71
6 000 tot 11 000	12	34.29
11 000 tot 35 000	14	40
Meer as 35 000	6	17.14

In Tabel 2 word die deelnemers se gesinsgrootte, verhoudingstatus, geslag en oorlewende kinders se ouderdomme aangedui. Die steekproef het 14 mans (40%) en 21 vrouens (60%) ingesluit. Daar was 12 getroude ouerpare (24 deelnemers) wat saam aan die studie deelgeneem het en 6 ander getroude ouers het op hul eie opgetree as verteenwoordigers van hul gesinne. Altesaam het 30 getroudes (85.71%), 3 weduwees (8.57%) en 2 geskeide ouers (5.71%) aan die studie deelgeneem. Die ouers het almal ten minste 1 kind en gemiddeld 2.04 oorlewende kinders gehad. Die gemiddelde ouderdom van die oorlewende kinders ten tye van die studie was 32.15 jaar (*SA* = 11.1). Alle deelnemende ouerpare, asook diegene wat alleenlik hul gesinne verteenwoordig het, het `n enkele

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kind afgestaan aan die dood, afgesien van een ouerpaar, wat onderskeidelik een kind en twee kinders tydens vorige huwelike verloor het.

Tabel 2

Deelnemers se Geslag, Verhoudingstatus, Gesinsgrootte en Ouderdom van Oorlewende Kinders

Veranderlike	*n*	Persentasie
Geslag van ouer		
Mans	14	40
Vrouens	21	60
Verhoudingstatus		
Getroud	30	85.71
Geskei	2	5.71
Weduwee	3	8.57
Aantal oorlewende kinders in die gesin		
Beide ouers deelgeneem		
1 Kind	4	33.33
2 Kinders	5	41.67
3 Kinders	1	8.33
4 Kinders	2	16.67
Slegs een ouer deelgeneem		
1 Kind	2	18.18
2 Kinders	6	54.55
3 Kinders	3	27.27
Ouderdom van oorlewende kinders (jaar)		
5 tot 20	7	14.58
20 tot 35	22	45.83
35 tot 50	15	31.25
Ouer as 50	4	8.33

In Tabel 3 word inligting in verband met die oorlede kinders verstrek. Van die 25 oorlede kinders was 16 seuns (64%) en 9 dogters (36%). Die gemiddelde ouderdom waarin die kind oorlede is, was 20.96 jaar (*SA* = 11.06). Die kinders het gemiddeld 10.38 jaar gelede gesterf (*SA* = 10.21). Die oorsake van die sterftes was soos volg: Moord (4%), post-partum sterfgevalle (8%), selfmoord

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(24%), siekte of mediese komplikasies (28%) en onnatuurlike oorsake, insluitend motor-ongelukke (36%).

Tabel 3

Besonderhede van Oorlede Kinders (n = 25)

Veranderlike	*n*	Persentasie
Geslag		
Seuns	16	64
Dogters	9	36
Ouderdom ten tye van sterfte (jaar)		
Geboorte tot 10	4	16
10 tot 20	6	24
20 tot 30	10	36
30 tot 40	5	20
Tydsduurte vandat kind oorlede is (jaar)		
Onbekend	1	4
0 tot 2	3	12
2 tot 10	10	40
10 tot 20	8	32
Meer as 20	3	12
Oorsaak van dood		
Moord	1	4
Post-partum	2	8
Selfmoord	6	24
Siekte/mediese komplikasies	7	28
Onnatuurlike oorsake	9	36

4.4. Kwantitatiewe Meting

In die huidige studie is daar gebruik gemaak van drie vraelyste. Dit is `n biografiese inligtingsvorm en twee meetinstrumente, naamlik die Gesinsgehardheid Indeks (*Family Hardiness Index)* (McCubbin et al., 2007) en die Gesinsgehegtheid en Veranderlikheid Indeks 8 (*Family Attachment and Changeability Index 8*) (McCubbin et al., 2007). Die biografiese vraelys en metingskale is in

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Engels of Afrikaans beskikbaar gestel aan die deelnemers. Die Afrikaanse weergawes van die twee meetinstrumente is opgestel deur gebruik te maak van die vertaling terug-vertaling metode.

4.4.1 Biografiese Vraelys

`n Biografiese vraelys is saamgestel om inligting te verkry oor deelnemers se ouderdomme, geslag, huwelikstatus, bevolkingsgroep, godsdiens, huistaal, maandelikse huishoudelike inkomste en opvoedkundige kwalifikasies. Inligting oor die deelnemers se gesinne, soos die aantal oorlewende kinders in hul gesinne en dié kinders se ouderdomme, tesame met inligting oor hul oorlede kinders, soos die ouderdomme waarin hul kinders gesterf het, die tydperk sedert die kinders oorlede is en die oorsaak van die kinders se sterftes, is ook deur middel van die biografiese vraelys ingewin (vergelyk Bylae A).

4.4.2 Die Gesinsgehardheid Indeks

Gesinsgehardheid is gemeet met die Gesinsgehardheid Indeks (McCubbin et al., 2007). Dié indeks is `n Likert-tipe skaal wat bestaan uit 20 items. Die drie komponente van gesinsgehardheid, naamlik toewyding, uitdaging en beheer, word elk met `n subskaal gemeet. Deelnemers word versoek om aan te dui in watter mate sekere stellings hul gesinne beskryf. Deelnemers kon kies uit vyf opsies vir elke item: *Onwaar*, *Meestal Onwaar*, *Meestal Waar*, *Waar* en *Nie van Toepassing*.

In terme van betroubaarheid, beskik die Gesinsgehardheid Indeks oor goeie interne konsekwensie, met `n Cronbach alpha-koëffisiënt (α) van .82 vir die totale skaal. Die Gesinsgehardheid Indeks toon ook billike samevallende geldigheid met instrumente wat ook sekere gesinsweerstandsbronne meet, soos die Gesinstyd en Roetines Indeks (McCubbin et al., 2007). Billike samevallende geldigheid dui op `n geldige meetinstrument, wanneer die totale tellings lae, dog beduidende korrelasies met die totale tellings van teoreties ooreenstemmende meetinstrumente toon (Foxcroft & Roodt, 2005). In die huidige studie was die interne konsekwensie (Cronbach alpha) van die Gesinsgehardheid Indeks vir die totale skaal en die subskale soos volg: Totaal (α = .71), toewyding (α = .48), uitdaging (α = .54) en beheer (α = .49).

4.4.3 Die Gesinsgehegtheid en Veranderlikheid Indeks 8

In die huidige studie is die Gesinsgehegtheid en Veranderlikheid Indeks 8 (McCubbin et al., 2007) gebruik om gesinsaanpassing te meet. Die Gesinsgehegtheid en Veranderlikheid Indeks 8 is `n Likert-tipe skaal bestaande uit 16 items. Die skaal is verdeel in twee subskale om die gehegtheid van die gesin, sowel as die veranderlikheid van die gesin te bepaal. Die totale telling van die skaal word aangedui deur die gemiddelde van die subskaal-tellings. Deelnemers word versoek om aan te

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

toon hoe gereeld sekere stellings te make met hul gesinne se funksionering tans plaasvind. Vir elke stelling is daar vyf opsies waaruit deelnemers kan kies, naamlik *Nooit*, *Soms*, *Helfte van kere*, *Meer as helfte* en *Altyd*.

Volgens die navorser se studieleier is die Gesinsgehegtheid en Veranderlikheid Indeks 8 `n effektiewe vraelys om gesinsaanpassing te meet, aangesien dit betreklik min items bevat en dus meer gebruikersvriendelik is in vergelyking met ander skale wat ook gesinsaanpassing meet (Prof. A.P. Greeff, persoonlike kommunikasie, 26 Februarie, 2009). Die Gesinsgehegtheid en Veranderlikheid Indeks 8 is verder ook dikwels in Suid-Afrikaanse studies gebruik om gesinsaanpassing te ondersoek (vergelyk Greeff & Holtzkamp, 2007; Smith, 2006; Thiel, 2005). Die navorser glo dus dat die resultate van die huidige studie, ingesamel met behulp van hierdie meetinstrument, vergelykings met soortgelyke studies in Suid-Afrika sal vergemaklik.

Die Gesinsgehegtheid en Veranderlikheid Indeks 8 beskik oor goeie interne konsekwensie, met Cronbach alpha-koëffisiënte van .75 vir ouers se tellings op die gehegtheid subskaal en .78 vir ouers se tellings op die veranderlikheid subskaal. Dit is ook bevind dat die instrument billike stabiliteit toon, met 6 tot 12 maande toets-hertoets korrelasies wat strek van .26 tot .48 (McCubbin et al., 2007). In die huidige studie was die koëffisiënte van interne konsekwensie (α) vir die gehegtheid subskaal .78 en vir die veranderlikheid subskaal .82, onderskeidelik.

4.5 Kwalitatiewe Ondersoek

In kwalitatiewe navorsing word daar gepoog om ondersoek in te stel na hoe mense hulself oriënteer binne hul unieke omstandighede, ten opsigte van hul emosionele ervarings, denke en doelgerigte gedrag. Die kwalitatiewe navorser fokus dus op hoe individue en groepe, soos die gesin, sin maak van hul lewens deur middel van die sosiale rolle wat hulle vertolk, simbole en rituele, asook die sosiale strukture waarin hulle hulself bevind (Berg, 1989).

In die huidige studie is intensiewe onderhoude gevoer met die doel om meer uit te vind aangaande deelnemers se unieke beskouings en ervarings van gesinsgehardheid binne die konteks van die verlies van `n kind. Die onderhoude het met die verloop van die navorsingsproses gevorder vanaf `n ongestruktureerde tot `n semi-gestruktureerde aard, in lyn met die beginsels van gegronde teorie (Charmaz, 2006).

4.5.1 Die Onderhoud

Die tematiese strekking van die onderhoude het toenemend meer gespesifiseerd daar uitgesien met die verloop van tyd. Die eerste onderhoude wat gevoer is, was hoofsaaklik ongestruktureerd.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ongestruktureerde onderhoude behels dat die navorser sonder `n vooraf bepaalde onderhoudskedule met deelnemers in gesprek tree met die doel om spesifieke vrae te ontwikkel, op grond van die temas wat voortspruit uit deelnemers se bydraes (Berg, 1989). In die huidige studie het die navorser dus met die eerste fase van onderhoude deelnemers versoek om uit te brei op die oorhoofse tema van hul ervarings as `n gesin wat `n kind verloor het.

Met die uitvoering van `n semi-gestruktureerde onderhoud, daarenteen, het die navorser `n onderhoudskedule met spesifieke vrae of fokus-areas tot sy beskikking (Berg, 1989). Na aanleiding van die temas, wat gespruit het uit voorafgaande onderhoude, het die navorser dus in die huidige studie `n onderhoudskedule ontwikkel, wat gebruik is in die tweede en derde fases van onderhoude (vergelyk Bylae B). Tog is die semi-gestruktureerde onderhoud geensins `n rigiede tegniek nie. Semi-gestruktureerde onderhoude word gevoer om aan die deelnemer die geleentheid te gee om die rigting en pas van die onderhoud te bepaal. So word dit verseker dat die deelnemer in staat is om daardie onderwerpe te bespreek, wat hy/sy as belangrik beskou (Hynson, Aroni, Bauld, & Sawyer, 2006). Die semi-gestruktureerde onderhoud laat dus toe dat die navorser se onderwerp deur middel van deeglik geformuleerde vrae ondersoek word, terwyl die deelnemer steeds die vryheid gegun word om uit te brei op sy/haar spesifieke ervarings (Charmaz, 2006).

In die huidige studie het die gebruik van semi-gestruktureerde onderhoude behels dat gesins-gehardheid en die konsep se onderliggende komponente met behulp van `n onderhoudskedule ondersoek is. Die vrae wat ontwikkel is vanuit die data wat ingesamel en ontleed is in die eerste fase van onderhoude het die navorser in staat gestel om gesinsgehardheid binne die konteks van verlies in meer diepte te verken.

4.5.2 Intensiewe Onderhoudvoering

Onderhoude word as intensief beskryf indien dit die navorser in `n posisie plaas om `n spesifieke onderwerp in-diepte te ondersoek vanuit die oogpunt van deelnemers, wat die relevante ervarings gehad het (Charmaz, 2006). In hierdie opsig het die navorser in die huidige studie ouers wat kinders verloor het, beskou as kenners in die gebied van aanpassing ná verlies-ervarings (vergelyk Charmaz, 2006). Die doelwit was om deelnemers se implisiete kennis eksplisiet na vore te bring in `n vorm wat ontleed kon word met verwysing na die navorsingsliteratuur. Die onderhoudskedule is dus saamgestel op grond van die teoretiese navorsingsliteratuur en in ooreenstemming met deelnemers se eie vertellings (vergelyk Flick, 2009).

Volgens Charmaz (2006) stel die tegniek van intensiewe onderhoudvoering die navorser in staat om die volgende te vermag:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(a) Om onder die oppervlak van die beskryfde ervaring te vorder; (b) om te stop om `n stelling verder te verken; (c) om meer detail en verduideliking te versoek; (d) om die deelnemer te vra oor sy/haar gedagtes, gevoelens en handelinge; (e) om die aandag weer te rig op die onderwerp; (f) om terug te keer na `n vorige stelling; (g) om die deelnemer se stelling te herfraseer met die doel om akkuraatheid te bevestig; (h) om die pas van die onderhoud stadiger of vinniger te maak; (i) om die onmiddelike onderwerp tydelik opsy te skuif; (j) om die deelnemer se menslikheid, perspektief, of optrede te valideer; (k) om waarnemingsvermoëns en sosiale vermoëns te gebruik om die bespreking voort te laat gaan, en (l) om die deelnemer te respekteer en te bedank vir sy/haar deelname. (p. 26)

In die huidige studie het die navorser die bogenoemde riglyne bestudeer, gerepeteer en uitgevoer in die onderhoude met die ouerpare. Die navorser glo dat die gebruik van intensiewe onderhoude in die huidige studie dit moontlik gemaak het vir die deelnemers om met insig te reflekteer op die omstandighede rondom die verlies van hul kinders, asook die weerstandsbronne wat hulle gebruik het in hul gesinne se aanpassingsproses daarna (vergelyk Charmaz, 2006).

Die in-diepte vertellings wat deur middel van intensiewe onderhoudvoering aan die lig gebring is, sluit aan by die kwalitatiewe ontledingsbenadering van die huidige studie, aldus gegronde teorie. Volgens Charmaz (2006) verteenwoordig beide gegronde teorie en intensiewe onderhoude perspektiewe en tegnieke wat “oop-einde, dog gerig, gestruktureerd, dog buigbaar en pas-aangewend, dog onbeperk” daar uitsien (p. 28). As sodanig bevorder die gebruik van intensiewe onderhoude die eind-doel van gegronde teoretiese metodes, naamlik om `n deeglike teoretiese verklaring en beskrywing te bied van `n spesifieke verskynsel binne `n sekere konteks (Corbin & Strauss, 1990).

4.6 Prosedure

Die navorser het etiese klaring verkry van die Etiekkomitee van die Universiteit van Stellenbosch om die huidige navorsing uit te voer. Daarna het die navorser per e-pos kontak gemaak met die voorsitters van die drie *Compassionate Friends* ondersteuningsgroepe in die omgewing. In elke e-pos is `n opsomming van die studie aangeheg om die voorsitter vooraf in te lig van die navorsingsonderwerp en prosedures te make met die studie. Met die voorsitters se goedkeuring is daar reëlings getref om vergaderings van die takke onder hul bestuur, by te woon.

Tydens dié ontmoetings is die navorser die geleentheid gebied om die studie aan die lede van die ondersteuningsgroep te verduidelik. Die navorser het ook die lede ingelig dat deelname aan die studie vrywillig is en dat hul anonimiteit en vertroulikheid verseker sal word, indien hulle sou toestem om aan die studie deel te neem. Die lede is die kans gegun om enige vrae aangaande die navorsing te opper. Die navorser het daarna aan diegene wat aan die studie wou deelneem die vorm vir ingeligte toestemming, sowel as die biografiese vraelys en metingskale, uitgedeel.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die vorm vir ingeligte toestemming is aangeheg aan `n dokument wat die volgende inligting verskaf het in verband met die studie (vergelyk Bylae C): `n Kort beskrywing van die navorsing; `n uiteensetting van die prosedures; moontlike risiko`s en ongemaklikheid; moontlike voordele vir deelnemers en die samelewing; `n waarborg van vertroulikheid; inligting oor deelname en onttrekking; die volledige kontak-besonderhede van die navorser en sy studieleier, sowel as die kontak-nommer en epos-adres van die Eenheid Navorsingsontwikkeling van die Universiteit van Stellenbosch, in geval die deelnemer enige vrae sou hê oor sy/haar regte as deelnemer by navorsing. `n Kopie van dié dokument is aan elk van die deelnemers gegee.

Nadat die deelnemers die vorms vir ingeligte toestemming geteken het, het hulle die vraelyste voltooi. Die navorser was tydens dié proses teenwoordig om te antwoord op deelnemers se onsekerhede aangaande die invul van die vraelyste. Die vraelyste het tussen 15 en 30 minute geneem om te voltooi. Nadat die vraelyste ingevul is, het die navorser deelnemers, wat daarin belang gestel het om aan `n onderhoud deel te neem, se kontak-besonderhede verkry en later ge-skakel om ontmoetings by hul wonings te reël.

Die navorser het ook met die bystand van `n predikant, `n persoonlike kennis van die navorser, die kontak-besonderhede van gemeentelede, met wie die predikant vooraf in verbinding getree het, ontvang. Dié moontlike deelnemers is telefonies gekontak en afsprake is gemaak om hulle te ontmoet by hul wonings.

Een ouerpaar en nog `n deelnemer is ook betrek by die studie, aangesien die navorser persoonlik kennis gedra het van hul kinders se sterftes. `n Afspraak is met die ouerpaar gemaak om hulle by hul huis te ontmoet, terwyl die ander deelnemer die vraelyste ontvang het via e-pos. Dié deelnemer het die vraelyste voltooi en per faks aan die navorser teruggestuur.

Die navorser het 12 gesinne by hul wonings ontmoet vir onderhoude. Indien die deelnemers vir die eerste keer ontmoet is, het die navorser die studie verduidelik en die deelnemers het vorms vir ingeligte toestemming geteken. Weereens is daar `n geleentheid gegee om enige vrae of onsekerhede te make met die navorsing te lug. Die navorser het hierdie deelnemers `n keuse gebied om die vraelyste vóór of ná die onderhoude in te vul. Slegs een deelnemer het verkies om die vraelyste te voltooi voordat die onderhoud gevoer is. Vir die deelnemers wat by hul huise ontmoet is, het die invul van die vraelyste ook tussen 15 en 30 minute geduur.

Elke onderhoud is gevoer met beide ouers gelyktydig teenwoordig, afgesien van `n enkele onderhoud wat met `n weduwee gevoer is. Die onderhoude is op `n diktafoon opgeneem. Die kortste onderhoud was 27 minute lank, terwyl die langste onderhoud `n uur en 50 minute geduur het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die gemiddelde duurte van `n onderhoud was 60 minute. Die navorser het uiteindelik 700 minute se bandopnames tot sy beskikking gehad.

Die 12 onderhoude is verdeel in drie fases van vier onderhoude elk. Ná elke fase is die vier onderhoude deur die navorser getranskribeer en ontleed. Die ontleding van elke fase se onderhoude het die ontwerp van die onderhoudskedule, asook die navorser se keuse van ondervragingstegnieke vir die volgende fase van onderhoude bepaal. Die navorser glo dat hierdie proses gelei het daartoe dat elke fase se onderhoude meer effektief gevoer is, aangesien die navorser se vermoëns verbeter het met ervaring in die rol van onderhoudvoerder. So ook het die formulering van die onderhoudskedule, op grond van die data ingewin tydens elke voorafgaande fase, die teoretiese fokus van die volgende fases verbeter (vergelyk Corbin & Strauss, 1990).

4.7 Etiese Oorwegings

Aangesien daar in die huidige studie ondersoek gedoen is oor `n sensitiewe onderwerp, het dit die navorser genoodsaak om etiese kwessies versigtig te oorweeg. Volgens Berg (1989) word `n etiese werkswyse in navorsing ontwikkel op grond van `n deeglike besinning aan die kant van die navorser:

> Navorsers moet `n balans vind in hul siening van persoonlike integriteit, hul verantwoordelikhede teenoor hulself, hul beroep, hul vakgebied en die uiteindelike effek van die navorsing op hul deelnemers. Op die ou einde moet navorsers, met ander woorde, navorsingsetiek vir hulself definieer. (p. 135)

Flick (2009) voer ook aan dat eenvoudige oplossings vir etiese kwessies in navorsing nie maklik bekombaar is nie. Die ontwikkeling van etiese prosedures hou meer dikwels verband met `n empatiese begrip van deelnemers se ervarings. In dié sin behoort die navorser hom of haarself in die posisie van die deelnemers te plaas om sodoende `n idee te kry van hoe hy/sy self die navorsings-proses sou ervaar het as `n deelnemer (Flick, 2009). Op grond van hierdie insig kan die navorser poog om te verseker dat sy/haar studie eties is.

In die huidige studie het die navorser etiese kwessies oorweeg deur agting te hê vir die unieke emosies wat ouers, wat `n kind verloor het, moontlik mag openbaar. So ook het die navorser sy prosedures ontwikkel in lyn met sekere algemene etiese beginsels in navorsing, naamlik ingeligte toestemming, anonimiteit en vertroulikheid, voordeligheid (*beneficence*) en respek (Lincoln, 2009).

Nadat die studie aan die deelnemers verduidelik is, het die deelnemers skriftelik hul ingeligte toestemming gegee, met die wete van die moontlike risiko`s verbonde aan hul deelname, sowel as die versekering van hul anonimiteit en dat hul bydraes vertroulik gehou sou word. In verband met moontlike risiko`s, het die navorser die deelnemers gewaarsku dat die onderhoude die potensiaal het

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

om onaangename herinneringe in verband met hul kinders se sterftes na vore te bring. Die navorser het die deelnemers ingelig dat hy hulle sou verwys na `n sielkundige of maatskaplike werker in die area, indien dit vir hulle van waarde sou wees. Geen deelnemers het egter die behoefte gehad om gebruik te maak van hierdie verwysing nie.

Anonimiteit is verseker deurdat elke deelnemer se voltooide vraelyste `n kode toegeken is. Dié kodes is deurgaans in die navorsing gebruik, wanneer daar verwys is na die spesifieke deelnemer se bydraes. Alle name en plekname, wat kon wys op die deelnemers se identiteite, is ook in die transkripsies verander om anonimiteit te bewerkstellig. Die navorser het ook die deelnemers van hul vertroulikheid verseker, deur die vraelyste en die transkripsies veilig te bewaar in sy besit. Alle relevante dokumente is gestoor in `n plek waartoe die navorser alleenlik toegang gehad het. Die bandopnames van die onderhoude is ook gestoor op die navorser se persoonlike rekenaar.

Die etiese beginsel van voordeligheid (*beneficence*) verwys na `n poging om toe te sien dat navorsing uiteindelik tot die voordeel sal wees van die deelnemers, asook die populasie wat hulle verteenwoordig (Lincoln, 2009). In `n ondersoek van hoe ouers, wat `n kind verloor het, die navorsingsproses beleef het, is dit bevind dat ouers onderhoude as terapeuties ervaar het (Hynson et al., 2006). Die ouers het byvoorbeeld die onderhoud beskou as `n geleentheid om hul verdriet op `n sosiaal-aanvaarbare wyse uit te druk (Hynson et al., 2006). Die intensiewe onderhoude wat in die huidige studie gevoer is, het ook gewys op ouers se ervaring van die onderhoud as positief, aangesien hulle die ruimte gebied is om sekere gevoelens en gedagtes te deel, wat dikwels in ander verhoudings en situasies nie vir hulle moontlik was nie (vergelyk Charmaz, 2006). In dié opsig het `n deelnemer aan die huidige studie dit soos volg gestel:

> 029V: Ek dink dit is wonderlik dat jy [die navorser] die simpatie en empatie het om vir ons te luister, want ons leef maar in `n afgeskeepte wêreld.

Voordeligheid word ook verbeter deur die mate waarin die resultate van `n studie van hulp kan wees vir die populasie, wat deur die deelnemers verteenwoordig word. Die navorser glo dat die bevindings van die huidige studie vir alle ouers wat kinders verloor het van waarde kan wees. Om `n wyer gehoor te bereik en sodra die nodige toestemming verkry is, beplan die navorser om die resultate van die huidige studie ook bekend te maak in die populêre media (vergelyk Lincoln, 2009). Volgens `n deelnemer aan die huidige studie, blyk dit dat ouers geïnteresseerd is en betekenis vind in die ervarings van ander gesinne wat ook kinders verloor het:

> 027V: Dít het al vir my baie beteken. As ek in `n haarsalon byvoorbeeld is en blaai deur `n tydskrif en so `n artikel sien dan lees ek dit nóú nog. Mense wat kinders verloor het. Daar is nogal ooreenkomste.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die onderhoude is met sensitiwiteit en met respek vir die deelnemers se ervarings gevoer. As sodanig het die navorser die deelnemers se gemak belangriker beskou as om spesifieke inligting by hulle te bekom (vergelyk Charmaz, 2006). Volgens Hynson et al. (2006) toon ouers wat kinders verloor het waardering vir `n navorser wat met empatiese begrip luister, sonder om aanspraak te maak op soortgelyke ervarings. So ook is dit belangrik dat die navorser in staat is om die intense emosionele reaksies van deelnemers opreg te hanteer (Hynson et al., 2006).

In die huidige studie het die navorser ouers by hul huise ontmoet vir die onderhoude. Die navorser glo dat ouers gemaklik gevoel het in hul wonings en dat dit bevorderlik was vir die gesprekke wat gevoer is (vergelyk Hynson et al., 2006). Die navorser het geruime tyd gegun vir die deelnemers om hul emosies uit te druk, sonder onderbreking. Die navorser het ook gewaak daarteen om in te delf op kwessies wat die ouers opmerklik ontstellend gevind het. Die ouers het dus inligting gedeel in so verre hulle daarmee gemaklik was. In dié opsig het ouerpare soms tydens die onderhoude met mekaar beraadslaag ten opsigte van hul bereidwilligheid om spesifieke inligting aan die navorser bekend te maak, soos geblyk het in die volgende aanhaling:

> 029M: Mense sê dinge wat jy nie altyd wil hoor nie.
>
> 029V: `n Mens is maar baie oorsensitief. En dit maak seer.
>
> 029M: Die mense wat jy die meeste vertrou, kan jou die seerste byt. Wil jy hom vertel van?
>
> 029V: Nee. Nee. [stilte]

Die navorser het in hierdie spesifieke oomblik besluit om nie dieper te delf nie. In soortgelyke gevalle waar die navorser intense emosies verbonde aan spesifieke vertellings by ouers opgemerk het, het hy ook die onmiddelike fokus verskuif na ander onderwerpe (vergelyk Charmaz, 2006). In die volgende uittreksel het die navorser, byvoorbeeld, aanbeweeg na `n volgende vraag, nadat dit geblyk het uit die ouers se reaksies dat hulle ongemaklik was om voort te gaan met die huidige vertelling:

> 030M: Ek bedoel, niemand kan sê dit is enigiemand se skuld nie. Dit was sý besluit gewees, wat hy al lankal vantevore geneem het. [stilte]
>
> Navorser: As ons nou bietjie aanbeweeg.
>
> 030V: Ja.
>
> Navorser: Ek weet hierdie is, veral waaroor ons nou gesels, was baie intens.
>
> 030V: Ja.
>
> Navorser: Ons begin aanbeweeg na jul ander kinders. Wat was hul reaksies gewees?

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die pogings aan die kant van die navorser om op sekere oomblikke die deelnemers se aandag tydelik te rig op minder onstellende herinneringe, het die proses van onderhoudvoering verbeter. Die navorser het dus versigtig te werk gegaan met sy keuse van onderhoudstegnieke, na gelang van die deelnemers se reaksies en soos die situasie dit vereis het.

Etiese kwessies te make met die huidige studie is met inagneming van die deelnemers se omstandighede, behoeftes, sienings, emosies en unieke ervarings, deeglik ondersoek en aangespreek in die navorsingsproses. Die etiese prosedure is ook in lyn gebring met algemene etiese beginsels in navorsing. Die navorser glo dus dat die huidige studie eties geskied het. In hierdie opsig is die navorsing uitgevoer sonder om die waardigheid van die deelnemers te skaad.

4.8 Refleksie op die Navorsingsproses

In sosiale wetenskaplike studies word `n persoonlike refleksie op die navorsingsproses vereis, aangesien die interpretasie van data beïnvloed kan word deur die navorser se ervarings, bekommernisse en gevoelens, wat verband hou met die ondersoek (Flick, 2009). Volgens Benner (1994) kan navorsers ook nie sondermeer “hul agtergronde, wat as vanselfsprekend beskou word, ontsnap nie” (p. 100). Navorsers se agtergronde kan moontlik partydigheid in die ontleding van data veroorsaak, aangesien navorsers se persoonlike sienings `n effek kan uitoefen op hul interpretasies. In dié afdeling verskaf die navorser dus `n persoonlike beskrywing van sy belewenis van die navorsingsproses en `n uiteensetting van sy eie sienings, wat betrekking het op die onderwerp van die huidige studie.

Die navorser se persoonlike belangstelling in die onderwerp van gesinne se aanpassing ná die dood van `n geliefde het gespruit uit sy eie ervaring van die onlangse afsterwe van sy ouma, asook die dood van `n goeie vriend tydens sy tienerjare. Dié gebeurtenisse het `n blywende invloed gehad op die navorser se perspektief op die dood. Die navorser is van `n Christelike agtergrond en het indiepte nagedink oor die idee van `n ewige lewe. Hy het ook begin twyfel aan die bestaan van `n almagtige en barmhartige God, wat kan toelaat dat mense die lyding en pyn ervaar van die skielike dood van `n geliefde. Die navorser het veral die dood van sy vriend as onregverdig beskou en die wil van God om mense in `n jong ouderdom te laat sterf, bevraagteken.

Tog het dit vir die navorser duidelik geword dat die mens, as sulks, nie in `n posisie is om die doen en late van God te verstaan nie. Met betrekking tot die ewige lewe het die navorser ook besef dat geen mens met absolute sekerheid kan sê dat daar wel `n lewe ná die dood is nie. Die navorser glo vandag dat mense `n voortdurende verbintenis vorm met hul gestorwe geliefdes. Die oorledene leef ewig voort in die herinneringe van sy naastes. So ook word die wysheid, kennis, belangstellings en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

persoonlikheidstrekke van die oorledene vir ewig uitgeleef in die lewens van diegene wat van die oorledene afstam en dié met wie die oorledene in aanraking gekom het.

Die navorser het ook die veerkragtigheid van gesinne binne die konteks van verlies ervaar. Sy eie gesin het te midde van die hartseer en skok te make met die dood van hul ouma, moeder en skoonma, maniere gevind om voort te gaan met hul lewens. Hierdie proses het pogings ingesluit om die verlies in perspektief te plaas, om te gesels oor die doodsgebeurtenis en om positiewe herinneringe van die oorledene met mekaar te deel. Gesinslede het ook, hoewel dit nie altyd maklik was nie, mekaar so ver as moontlik ondersteun om hul verdriet te verwerk. Die navorser het dus die veerkragtigheid van sy eie gesin binne die konteks van verlies persoonlik beleef en waargeneem.

Dié ervarings het deels gelei daartoe dat die navorser uiteindelik besluit het om te fokus op die gehardheid van gesinne waarin `n gesinslid oorlede is. Die navorser wou dus meer uitvind omtrent hoe gesinne daarin slaag om groot tragedies te oorkom. As sodanig kan die dood van `n kind beskou word as die mees traumatiese sterfgeval. Die navorser het sy aandag daarom gerig op die studie van gesinsgehardheid soos dit voorkom onder ouers, wat `n kind verloor het.

Vanuit `n navorsingsoogpunt is dit belangrik dat navorsers persoonlik kennis maak met deelnemers, veral as die onderwerp van `n sensitiewe aard is:

> Om in-diepte beskrywings van `n verskynsel te ontwikkel, is dit `n vereiste dat navorsers persoonlike verbintenisse aanknoop met navorsingsdeelnemers. Andersins kan deelnemers navorsers dalk nie genoeg vertrou om die intieme besonderhede van hul lewens aan hulle bekend te maak nie. Die uitvoering van kwalitatiewe gesinsnavorsing behels meer dikwels hoogs persoonlike en soms pynlike temas, wat sterk emosies by navorsers en deelnemers kan wek. (Gilgun, 2005, p. 47)

Kontak is met die deelnemers aan die huidige studie bewerkstellig ongeveer `n jaar voordat daar begin is met die data-insameling. Die navorser het in dié tydperk die deelnemers leer ken op `n persoonlike vlak. Hiermee wou die navorser die gemak waarmee die deelnemers met hom kon kommunikeer, bevorder. Die navorser het sodoende in noue voeling met die deelnemers gekom en `n vertroudheid (*rapport*) is tussen die deelnemers en die navorser bewerkstellig. Dit het die navorser in staat gestel om die lewens van die deelnemers te verstaan en as ondersoeker te betreë (vergelyk Lincoln, 2009).

Tydens die navorsingsproses is hegte verhoudings met sekere deelnemers aangeknoop. Dié deelnemers het veral belang gestel in die studie en die navorser het hulle ingelig oor sy vordering. Gedurende die navorsingsproses het die navorser soms vriendskaplike besoeke by dié deelnemers se huise afgelê. Die navorser het ook by die *Compassionate Friends* se Kerslig-seremonie die gehoor

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kortliks vertel van sy ervarings van die navorsingsproses en ook drie liedere met kitaar en sang uitgevoer. Dié geleentheid was vir die navorser `n spesiale ervaring en hy het gevoel dat die ouers sy teenwoordigheid waardeer het.

`n Sensitiewe kwessie wat by die navorser na vore gekom het tydens die navorsing, was dat hy by tye die gevoel gekry het dat deelnemers hul verlange na hul kinders verplaas het op hom. Dié gevoel was veral sterk indien die ouer se kind `n seun was, van min of meer dieselfde ouderdom as die navorser. Die navorser het dié gevoel nie bespreek met die ouers nie en dit aanvaar as `n verstaanbare moontlike reaksie van mense wat `n kind verloor het.

Die onderhoude was soms ook stresvol. Die navorser het by tye gevoel dat hy, as jong volwassene, wat geensins die ervaring al gehad het van die verlies van `n kind nie, geen reg gehad het om op so `n intieme, emosionele vlak met ouers wat wel `n kind verloor het, te gesels nie. Dié gevoel het egter vervaag namate die navorser ervaring opgedoen het met onderhoudvoering. Daar was ook geen ouers wat die navorser aangespreek het ten opsigte van `n onsensitiewe benadering of `n gebrek aan empatie nie (vergelyk Hynson et al., 2006). Soos dit geblyk het uit die volgende aanhalings, is die navorser se vermoëns as onderhoudvoerder deur verskeie ouers waardeer.

> 019M: Ons waardeer veral vandag, met die onderhoud, jou empatie en ek dink die onderwerp wat jy gekies het, pas perfek by jou persoonlikheid.
>
> 031M: Dis lekker om dit met iemand te deel soos jy.
>
> 027V: Jy het [die vrae in die onderhoud] so mooi gestel. Maak dit maklik om dit te beantwoord.

Die navorser het persoonlik baie geleer van sy eie vermoëns as navorser gedurende die navorsingsproses. Hy het ook opnuut bewus geword van die krag wat daar binne gesinne is om selfs die mees traumatiese gebeurtenisse te hanteer. Die navorser is dankbaar vir die deelnemers aan die huidige studie se bydraes, raad, ondersteuning en vriendskap. Daar word gehoop dat die resultate van die huidige studie vir ander gesinne eendag ook van waarde mag wees. Dié ideaal is inderdaad vir die navorser van groot belang.

4.9 Kwantitatiewe Ontleding

In die huidige studie is daar ondersoek ingestel na die korrelasie tussen gesinsgehardheid en gesinsaanpassing, soos aangedui is deur ouers wat `n kind afgestaan het aan die dood. Die korrelasietoetsing is apart onderneem vir mans en vrouens. Die toetsing is op hierdie manier onderneem om te verhoed dat dieselfde gesin twee keer in dieselfde korrelasie-toets verteenwoordig is. Die sagteware program *SPSS for Windows* (SPSS Inc., 2004) is gebruik om alle statistiese ontledings te doen.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Om die verhouding tussen gesinsgehardheid en gesinsaanpassing te bepaal is daar gelet op die korrelasies tussen deelnemers se totale tellings op die Gesinsgehardheid Indeks en die deelnemers se Gesinsgehegtheid en Veranderlikheid Indeks 8-tellings. Die laasgenoemde telling het `n aanduiding gegee van die deelnemer se siening van sy/haar gesin se mate van aanpassing. Tesame hiermee is daar gekyk na die korrelasies tussen deelnemers se subskaal-tellings op die Gesinsgehardheid Indeks en hul tellings op die Gesinsgehegtheid en Veranderlikheid Indeks 8. Gesinsgehardheid, toewyding, beheer en uitdaging het in elke afsonderlike ontleding as die onafhanklike veranderlike gedien. Die afhanklike veranderlike is in elk van die ontledings verteenwoordig deur gesinsaanpassing.

Ondersoek is ook ingestel na die korrelasies tussen sekere biografiese veranderlikes en gesinsgehardheid. In dié ontledings het gesinsgehardheid gedien as die afhanklike veranderlike, terwyl die spesifieke biografiese veranderlike die onafhanklike veranderlike verteenwoordig het.

Indien die data voldoen het aan die aannames vir parametriese data, is Pearson-korrelasies bereken om die verhoudings tussen die veranderlikes te bepaal. In die geval van nie-normale data-verspreidings is Spearman-korrelasies bereken om die verhoudings te ondersoek (vergelyk Field, 2005). Die korrelasie-koëffisiënte het gewys op die rigting, sterkte, sowel as die beduidendheid van die verhoudings tussen die veranderlikes (Graziano & Raulin, 2007).

4.10 Kwalitatiewe Ontleding

In die huidige studie is die transkripsies van onderhoude ontleed in lyn met die beginsels en prosedures van gegronde teorie. Dié werkswyse het vertrouenswaardigheid aan die navorsings-proses verleen. In die volgende afdelings word gegronde teorie as metodologiese perspektief verduidelik en die wyse waarop dit toegepas is in die huidige studie uiteengesit. Hierna word die vertrouenswaardigheid van die huidige studie met betrekking tot die ontleding van kwalitatiewe data bespreek.

4.10.1 Gegronde Teorie

Volgens Charmaz (2006) “dimistifiseer” die metodes van gegronde teorie die uitvoering van kwalitatiewe ondersoeke (p. 4), aangesien dié perspektief “sistematiese, dog buigbare riglyne” verskaf vir die insameling en ontleding van kwalitatiewe data (p. 2). Gegronde teorie stel die navorser in staat om vanuit empiriese data konsepte en hipoteses te ontwikkel (Gilgun, 2005). Die doelwit van gegronde teoretiese metodes word daarom verteenwoordig deur `n poging om `n teorie te laat voortspruit uit data (Daly, 1999). Die navorser wat gegronde teorie gebruik, waak dus daarteen om data te ontleed in terme van vooraf bepaalde teoretiese sienings (Gilgun, 2005).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Teorieë spruit dus uit data en nie andersom nie. Tydens die ontledingsproses, word teorieë nie sonder deeglike oorweging op data van toepassing gemaak nie.

Ontleding volgens die beginsels van gegronde teorie geskied egter nie sonder hoegenaamd enige teoretiese ondersteuning nie. Sensitiserende konsepte word gebruik om die kwalitatiewe ondersoek te rig (Flick, 2009). Volgens Charmaz (2006) verskaf dié konsepte sekere idees om na te streef en "sensitiseer dit die navorser om spesifieke vrae te vra aangaande die tema van die ondersoek" (p. 16). In die huidige studie het die begrip van gesinsgehardheid en die onderliggende komponente van toewyding, uitdaging en beheer gedien as sensitiserende konsepte.

`n Belangrike aspek van studies wat volgens gegronde teorie uitgevoer word, is dat die verskynsel onder die soeklig verken word met verwysing na die sosiokulturele konteks waarbinne die navorsing geloods is. So ook behoort `n gegronde teorie ontwikkeling oor tyd as `n bepalende veranderlike te beskou (Corbin & Strauss, 1990). In lyn met dié kriteria het die navorser in die huidige studie aandag gegee aan die wyses waarop gender-norme, kulturele sienings en die gesinslewensiklus gesinsgehardheid in gesinne waarin `n kind oorlede is, beïnvloed.

Met die toepassing van gegronde teoretiese metodes is data insameling en data ontleding inter-afhanklike prosesse, aangesien die navorser onmiddelik data ontleed sodra dit beskikbaar is. Die rede vir dié werkswyse is dat die inligting wat spruit uit aanvanklike onderhoude as `n basis dien vir die tematiese strekking van die volgende onderhoude (Corbin & Strauss, 1990). In die huidige studie het die navorser dus drie fases van onderhoude gevoer. Ná elke fase is die beskikbare onderhoude ontleed en die resultate daarvan gebruik om die onderhoudskedule vir die volgende fase van onderhoude te formuleer.

Die ontleding van die onderhoud-transkripsies is volgens die koderingsproses van gegronde teorie uitgevoer. Dié proses is verdeel in drie fases, naamlik oop kodering, aksiale kodering en selektiewe kodering.

Oop kodering het behels dat die eerste vier onderhoud-transkripsies ontleed is deur kodes te heg aan spesifieke deelnemer-response, wat herhaaldelik voorgekom het (vergelyk Gilgun, 2005). Soort-gelyke response is daarna gegroepeer in kategorieë en sub-kategorieë, wat die fokus verteenwoordig het van die volgende fase van onderhoudvoering (vergelyk Corbin & Strauss, 1990).

Ná afloop van die tweede fase van onderhoude, is aksiale kodering uitgevoer. Aksiale kodering verwys na die verdere ontwikkeling en evaluering van kategorieë, wat uit voorafgaande ontledings van onderhoud-transkripsies spruit (Corbin & Strauss, 1990). Die navorser het dus die response van deelnemers nou vergelyk met die kategorieë en sub-kategorieë, wat in die vorige fase van onder-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

houde geïdentifiseer is. In die proses is daar `n aanduiding gegee van watter kategorieë verder ontwikkel kon word. Indien nuwe response in dié fase na vore gekom het, wat nie by die huidige kategorieë gepas het nie, is daar ook `n besluit geneem om hierdie response verder te verken, al dan nie. Hierdie besluit het berus op die mate waarin dié response aansluiting gevind het by die oorhoofse tema van die ondersoek.

In die finale fase het die navorser soortgelyk te werk gegaan deur aksiale kodering eerstens toe te pas op die laaste vier onderhoud-transkripsies. Die navorser het dus op dié stadium van die ontledingsproses `n breedvoerige lys van kategorieë en onderliggende sub-kategorieë tot sy beskikking gehad. Dié lys is hersien deurdat kategorieë saamgevoeg is op grond van teoretiese ooreenkomste. Die navorser het dus kategorieë byeengebring met die doel om sekere hoof-temas te verteenwoordig.

Selektiewe kodering is laastens gedoen. Alle transkripsies van onderhoude is weereens nagegaan en ontleed in tred met die hoof-temas wat geïdentifiseer is (vergelyk Gilgun, 2005). Die selektiewe kodering het ook behels dat die hoof-temas byeengebring is rondom die kern-kategorie, wat die sentrale fenomeen van die huidige studie verteenwoordig het, naamlik gesinsgehardheid (vergelyk Corbin & Strauss, 1990).

4.10.2 Vertrouenswaardigheid

Binne die kwalitatiewe navorsingsveld word vertrouenswaardigheid (*trustworthiness*) in die navorsingsproses nagestreef om kwessies van betroubaarheid en geldigheid aan te spreek (Gilgun, 2005). Volgens Shenton (2004) is daar vier kriteria waaraan `n kwalitatiewe ondersoek behoort te voldoen om vertrouenswaardigheid te verseker, naamlik geloofwaardigheid (*credibility*), oorgank-likheid (*transferability*), vertroubaarheid (*dependability*) en bevestigingswaarde (*confirmability*).

Geloofwaardigheid toon `n ooreenkoms met die begrip van geldigheid en verwys na die mate waarin die resultate van `n studie die konsep, wat ondersoek word, werklik weerspieël (Shenton, 2004). Die geloofwaardigheid van die huidige studie is eerstens bevorder met die bystand van `n medenavorser (vergelyk Corbin & Strauss, 1990). `n Kollega van die navorser het die onderhoud-transkripsies en lys van kategorieë nagegaan en die navorser ingelig oor moontlike wysigings. Die navorser het dié insette in ag geneem en, waar van toepassing, die kodering van die transkripsies hersien.

Geloofwaardigheid is ook verbeter deur die gebruik van gegronde teoretiese metodes. In-diepte beskrywings van gesinsgehardheid, soos dit voorkom in die daaglikse lewens van die deelnemers, is deur middel van intensiewe onderhoude en `n sistematiese koderingsproses bekom. Die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

triangulering van metodes, in die opsig dat kwantitatiewe bevindings vergelyk is met die bevindings van die kwalitatiewe ondersoek, het ook `n aandeel gehad aan die geloofwaardigheid van die huidige studie. Die navorser kon dus die temas wat gespruit het uit die kwalitatiewe ontleding vergelyk met die kwantitatief geldige konsep van gesinsgehardheid.

Die evaluering van `n studie se oorganklikheid berus op die mate waarin die navorser `n uiteensetting kan gee van die konteks waarin `n studie plaasgevind het. Op grond van dié verduideliking is toekomstige navorsers in staat om die resultate van soortgelyke studies in ander kontekste met dié studie se resultate te vergelyk (Shenton, 2004). In die huidige studie is oorganklikheid bevorder, aangesien daar met groot omsigtigheid aandag gegee is aan konteks. Sekere sosiokulturele faktore, wat moontlik `n invloed kon hê op die gesinne se gesinsgehardheid, is ondersoek. So ook is daar gefokus op die spesifieke lewensomstandighede van die deelnemende gesinne, asook die omstandighede rondom die sterftes van hul kinders. Die navorser het dus `n deeglike uiteensetting van die konteks van die studie, asook `n beskrywing van die deelnemende gesinne aan voornemende navorsers in die gesinsnavorsingsveld gebied.

Die derde kriterium vir vertrouenswaardigheid in kwalitatiewe navorsing is vertroubaarheid. Vertroubaarheid wys op die mate waarin die metodes en prosedures van `n studie duidelik uiteengesit is, sodat medenavorsers in staat kan wees om dié werkswyse te herhaal (Shenton, 2004). Volgens Gilgun (2005) moet navorsers kan “aantoon hoe hulle by hul resultate en gevolgtrekkings gearriveer het” (p. 41). Die navorser glo dat die metode van kwalitatiewe ondersoek en die prosedures van die huidige studie in volledige besonderhede bekend gemaak is.

Laastens behoort `n studie bevestigingswaarde te toon. Om aan dié kriterium te voldoen, moet navorsers, volgens Shenton (2004) “stappe neem om aan te dui dat hul bevindings spruit uit die data en nie uit hul eie persoonlike oortuigings nie”. Die gebruik van gegronde teoretiese metodes het die navorser in staat gestel om gesinsgehardheid te verken, op grond van die empiriese data tot sy beskikking. Die navorser het die data ontleed sonder om `n enkele teoretiese siening of sy eie vooropgestelde menings summier op die data van toepassing te maak.

4.11 Samevatting

In hierdie hoofstuk is daar aandag gegee aan die metodologiese onderbou van die huidige ondersoek. Die navorser het, onder andere, verwys na die navorsingsontwerp, prosedure en etiese oorwegings van die huidige studie. `n Opsomming van die deelnemers se biografiese besonderhede is ook weergegee. `n Beskrywing is gebied van die metingskale se ontwerp, tesame met `n evaluering van dié meetinstrumente se psigometriese eienskappe. Afgesien van die kwantitatiewe meting, het die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

huidige studie ook `n kwalitatiewe komponent behels en die navorser het uitgebrei oor die intensiewe onderhoude wat gevoer is. Die navorser het sy persoonlike sienings en ervarings van die navorsingsproses ook bekend gemaak met die doel om moontlike partydigheid in die ontleding van data te voorkom. Dié refleksie op die navorsingsproses verskaf ook `n blik op die konteks waarin die navorsing plaasgevind het. Laastens is die statistiese ontleding van kwantitatiewe data en die ontleding van kwalitatiewe data volgens die beginsels van gegronde teorie verduidelik.

Die navorser glo dat die metodes wat toegepas is in die huidige studie dit moontlik gemaak het om gesinsgehardheid, binne die konteks van die verlies van `n kind, effektief en in-diepte te ondersoek. In die volgende hoofstuk word die resultate van die huidige studie gerapporteer.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 5

Resultate

5.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word die resultate van die huidige studie aangebied. Die kwantitatiewe korrelasies tussen sekere biografiese veranderlikes en gesinsgehardheid, asook dié konsep se onderliggende komponente, toewyding, uitdaging en beheer, word weergegee. So ook rapporteer die navorser die resultate van die korrelasie-berekeninge, wat betrekking het op die verhoudings tussen gesinsgehardheid, toewyding, uitdaging en beheer en die afhanklike veranderlike, gesinsaanpassing, soos gemeet met die Gesinsgehegtheid en Veranderlikheid Indeks 8 (McCubbin et al., 2007).

Die kwalitatiewe bevindings van die ontleding van onderhoud-transkripsies word ook weergee. Hierdie bevindings is gemaak met die toepassing van gegronde teoretiese metodes en verteenwoordig die tematiese kategorieë, wat saamgestel is op grond van deelnemers se response tydens die onderhoude. Dié kategorieë wys op die ooreenkomste, sowel as die verskille tussen deelnemers se belewenisse van die verlies van `n kind. Spesifiek word die aandag gevestig op die weerstandsbron van gesinsgehardheid. Ander gesinsweerstandsbronne word ook gerapporteer, tesame met die verdriet-reaksies van ouers. Die kategorieë word geïllustreer met verwysing na relevante uittreksels uit die onderhoude.

5.2 Kwantitatiewe Resultate

Die sagteware program *SPSS for Windows* (SPPS Inc., 2004) is gebruik om alle statistiese ontledings mee te doen. Pearson en Spearman korrelasie-berekeninge is toegepas.

5.2.1 Verhoudings tussen Biografiese Veranderlikes en Gesinsgehardheid

In Tabel 4 is die Pearson en Spearman korrelasies tussen die deelnemers se ouderdomme en hul totale en subskaal-tellings (toewyding, uitdaging, beheer) op die Gesinsgehardheid Indeks verskaf. Soos aangedui is in Tabel 4, is hierdie korrelasies vir mans (n = 14) en vrouens (n = 21) afsonderlik bereken.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel 4

Pearson (r) en Spearman (r_s) korrelasies tussen die Onafhanklike Veranderlike Ouderdom van Deelnemer en die Afhanklike Veranderlikes Gesinsgehardheid, Toewyding, Uitdaging en Beheer

Deelnemers	Afhanklike veranderlike	*r*	*p*	r_s	*p*
Mans	Gesinsgehardheid	.500	.068	.465	.094
Vrouens		.544	.009**	.606	.004**
Mans	Toewyding	.107	.715	.133	.649
Vrouens		.237	.301	.300	.187
Mans	Uitdaging	.314	.274	.303	.292
Vrouens		.525	.015*	.642	.002**
Mans	Beheer	.509	.063	.509	.063
Vrouens		.547	.010*	.560	.008**

*$p < .05$

**$p < .01$

Dit blyk uit Tabel 4 dat daar geen beduidende korrelasies tussen ouderdom en gesinsgehardheid totale en subskaal-tellings vir die manlike deelnemers gevind is nie. Vir die vrouens is daar egter positiewe beduidende korrelasies gevind tussen ouderdom en die totale tellings op die Gesinsgehardheid Indeks, $r = .544$, p (twee-rigting) $< .01$, asook tussen ouderdom en beheer subskaal-tellings, $r = .547$, p (twee-rigting) $< .05$. Spearman korrelasies is verkies om die verhouding tussen ouderdom en uitdaging te bepaal, aangesien Kolmogorov-Smirnov toetsing aangedui het dat die tellings op die uitdaging subskale nie-normaal versprei was vir vrouens, $D(20) = .239$, $p < .01$. Vir vrouens is `n beduidende positiewe korrelasie gevind tussen ouderdom en uitdaging subskaal-tellings, $r_s = .642$, p (twee-rigting) $< .01$.

Pearson en Spearman korrelasies is bereken om te bepaal of daar `n verhouding was tussen die tyd (in jare) vandat die ouers se kinders oorlede is en ouers se gesinsgehardheid totale en subskaal-tellings (toewyding, uitdaging, beheer). Die ontledings is afsonderlik gedoen vir mans en vrouens. In Tabel 5 verskyn die resultate van hierdie ontledings.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel 5

Pearson (r) en Spearman (r_s) korrelasies tussen die Onafhanklike Veranderlike Tyd vandat Kind Oorlede is en die Afhanklike Veranderlikes Gesinsgehardheid, Toewyding, Uitdaging en Beheer

Deelnemers	Afhanklike veranderlike	*r*	*p*	r_s	*p*
Mans	Gesinsgehardheid	.350	.220	.278	.335
Vrouens		.347	.134	.363	.116
Mans	Toewyding	.416	.139	.460	.098
Vrouens		.300	.199	.310	.184
Mans	Uitdaging	-.070	.811	-.118	.688
Vrouens		.352	.129	.372	.107
Mans	Beheer	.257	.375	.052	.861
Vrouens		.186	.432	.146	.540

*p < .05

**p < .01

Soos aangedui is in Tabel 5, is geen beduidende korrelasies gevind vir mans of vir vrouens nie. Dit het geblyk dat die tyd sedert die kind se sterfte nie beduidend korreleer het met gesinsgehardheid totale tellings of met die tellings op die subskale vir toewyding, uitdaging en beheer nie.

5.2.2 Verhoudings tussen Gesinsgehardheid en Gesinsaanpassing

Om die verhoudings tussen die onafhanklike veranderlikes gesinsgehardheid, toewyding, uitdaging en beheer en die afhanklike veranderlike, gesinsaanpassing, te bepaal, is daar gebruik gemaak van beide Pearson en Spearman korrelasies. Gesinsaanpassing is verteenwoordig deur die deelnemers se Gesinsgehegtheid en Veranderlikheid Indeks 8 tellings. Die korrelasie berekeninge is afsonderlik gedoen vir mans en vrouens. In Tabel 6 is die resultate van hierdie korrelasie berekeninge gerapporteer.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel 6

Pearson (r) en Spearman (r_s) korrelasies tussen die Onafhanklike Veranderlikes Gesinsgehardheid, Toewyding, Uitdaging en Beheer en die Afhanklike Veranderlike Gesinsaanpassing (Gesinsgehegtheid en Veranderlikheid Indeks 8 Telling)

Deelnemers	Onafhanklike Veranderlike	*r*	*p*	r_s	*p*
Mans	Gesinsgehardheid	.448	.108	.275	.341
Vrouens		.646	.002**	.666	.001**
Mans	Toewyding	.245	.399	.386	.172
Vrouens		.560	.008**	.645	.002**
Mans	Uitdaging	.421	.134	.314	.274
Vrouens		.519	.016*	.498	.022*
Mans	Beheer	.178	.543	-.027	.927
Vrouens		.488	.025*	.546	.010*

*p < .05

**p < .01

Soos aangedui is in Tabel 6, is daar geen beduidende korrelasies tussen gesinsgehardheid totale en subskaal-tellings (toewyding, uitdaging, beheer) en gesinsaanpassing tellings gevind vir die manlike deelnemers nie. Vir vrouens is daar egter `n beduidende positiewe korrelasie gevind tussen gesinsgehardheid totale tellings en gesinsaanpassing tellings, r = .646, p (twee-rigting) < .01. Die verhoudings tussen die gesinsgehardheid komponente van toewyding, uitdaging en beheer (soos gemeet op die komponente se onderskeie subskale) en gesinsaanpassing is ook ondersoek. Vir vrouens het beheer subskaal-tellings `n positiewe beduidende korrelasie getoon met gesinsaanpassing tellings, r = .488, p (twee-rigting) < .05. Kolmogorov-Smirnov toetsing het aangedui dat die toewyding, $D(20)$ = .220, p < .05 en uitdaging subskaal-tellings, $D(20)$ = .239, p < .01 vir vrouens nie-normaal versprei was. Spearman korrelasies is dus gebruik om die verhoudings tussen toewyding en gesinsaanpassing en tussen uitdaging en gesinsaanpassing te bereken. Die tellings op die toewyding subskaal, r_s = .645, p (twee-rigting) < .01, en uitdaging subskaal-tellings, r_s = .498, p (twee-rigting) < .05 het vir die vrouens beduidend positief korreleer met gesinsaanpassing tellings.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5.2.4 Samevatting: Kwantitatiewe Resultate

In hierdie afdeling is die kwantitatiewe resultate van die huidige studie weergegee. As sodanig is daar aandag geskenk aan die verhoudings tussen biografiese veranderlikes en gesinsgehardheid. Die onderskeie verhoudings tussen gesinsgehardheid, dié konsep se onderliggende komponente van toewyding, uitdaging en beheer en gesinsaanpassing is ook gerapporteer.

5.3 Kwalitatiewe Bevindings

Die ontleding van die transkripsies van onderhoude het tot gevolg gehad dat verskillende tematiese kategorieë saamgestel is, wat betrekking gehad het op gesinne se aanpassing ná die verlies van `n kind. Die kern-kategorie is verteenwoordig deur die interne weerstandsbron gesinsgehardheid en die onderliggende komponente van toewyding, uitdaging en beheer. Bykomende temas het die volgende ingesluit: Verdriet-reaksies, ondersteuning buite gesinsverband, godsdienstige oortuigings en die voortdurende verbintenis, wat ouers ontwikkel en in stand gehou het met hul oorlede kinders. Eksterne kontekstuele faktore, soos gender-norme, verandering oor tyd, die gesinslewensiklus, kultuur, asook die wyse waarop die kind gesterf het, het ook voorgekom in ouers se vertellings van hul ervarings ná afloop van die dood van `n kind.

In hierdie afdeling word die ouers se vertellings rakende hul ervarings van gesinsgehardheid eerstens weergee. Daarna word die aandag gevestig op die ouers se verdriet, gevolg deur die ouers se belewenisse van ander moontlike weerstandsbronne, soos die voortdurende verbintenis, ondersteuning van buite die gesin en godsdiens.

5.3.1 Gesinsgehardheid

Die navorser het gelet op alle aanduidings van gesinsgehardheid, wat gesinne in staat gestel het om aan te pas ná die verlies van `n kind. Gesinsgehardheid het die kern-kategorie van die ondersoek verteenwoordig, aangesien die meerderheid van die deelnemers se response gedui het op die voorkoms van hierdie weerstandbron. Die response van die ouers is ontleed met behulp van die gesinsgehardheid-komponente van toewyding, uitdaging en beheer as sensitiserende konsepte (Charmaz, 2006). Dit het geblyk dat die gesinne gekenmerk kon word aan hierdie drie aspekte van gesinsgehardheid.

5.3.1.1 Toewyding

Die gesinsgehardheid-komponent van toewyding is in die huidige studie begryp as die inherente kwaliteite van die gesinseenheid, wat betrekking het op gesinstruktuur en die funksionering van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

verhoudings tussen gesinslede. Die deelnemers se toewyding aan hul gesinne het tot uitdrukking gekom in die duursaamheid van die egpare se huweliksverhoudings, dankbaarheid vir hul gesinslewens, die gehegtheid van hul gesinne, effektiewe kommunikasie en die wyses waarop gesinslede mekaar ondersteun het ná die verlies van `n kind.

1. Die Duursaamheid van die Ouers se Huweliksverhoudings en Rol as Ouers

Tydens die onderhoude het die deelnemers uitgebrei oor die lewensveranderinge wat hulle moes maak om hul kinders op te voed. Ouerskap was vir die deelnemers afhanklik van `n vertroue in mekaar se vermoëns, persoonlike opofferings en `n verdeling van rol-funksies binne die gesin. Een egpaar het vertel dat ouerskap behels het dat hulle die aktiwiteite van hul jeug moes prysgee om te sorg dat hul kinders "net die beste kry" (032M). Om saam te werk om dit te bereik het hulle ook besluit om hul gesinslewe te struktureer in lyn met sekere tradisionele gender-verwagtings:

> 032M: Toe ons getroud is en hy gebore is, het ek gesê, "ék werk, sy`s by die huis". Ons wou nie iemand anders inbring om ons kinders groot te maak nie. Sy maak die kinders groot. Ek sal sorg vir die huis. Só ver gegaan dat ons was lief vir dans, ons was jong mense gewees. Ons het totaal en al gesê ons gaan nie sulke goeters doen nie. Inteendeel, *Wilma, as ek reg onthou, daai tyd het ek opgehou met die rook ook.

Met `n ander gesin, waar beide ouers in die verlede voltydse professionele beroepe gevolg het, was dit duidelik dat hierdie ouers ook `n vertroue gehad het in mekaar se vermoëns om by te dra tot die huishouding. Dié bydraes was van `n finansiële, maar ook emosioneel ondersteunende aard:

> 019M: Soms het dit maar stresvol geraak en ons het ons kinders laat leer met heelwat finansiële stres vir ons. Ons het dit te bowe gekom, want Jeanne het `n pos gehad…Ek dink, nou ek praat nou ook namens haar, ek dink sy was in staat om met die spontane wyse waarop sy gekommunikeer het, dat `n mens verby daai stres gekyk het.

Afgesien van die deelnemers se vertellings rakende hul vroeë ervarings as ouers, was dit duidelik dat talle ouerpare vertroue gehad het in die standvastigheid van hul huweliksverhoudings. Die ouers het hul huweliksverhoudings beskou as ewigdurend, selfs in die aangesig van die verlies van `n kind:

> 029M: Daar kom net `n deel op `n dag waar dit net is, ek bedoel jou verhouding bly daar, dit ís daar. Dit kan nie weg nie…Maar dan moet daar `n goeie verhouding tussen julle wees. Ek bedoel twee wat weg

---

*Alle name en plekname, wat kon wys op die deelnemers se identiteite, is verander om die deelnemers se anonimiteit te verseker (vergelyk Hoofstuk 4).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van mekaar leef, as so iets gebeur dan gaan dit dalk `n verskriklike probleem wees. Maar ons het nie `n probleem nie, so ons gaan goed aan.

Die ouers was egter deeglik bewus van die moontlikheid dat die dood van `n kind "vervreemding of verwydering tussen egpare kan veroorsaak" (030M). Vir die volgende deelnemer was dit belangrik om hiervan kennis te dra, aangesien dit vir haar en haar man aangespoor het om te fokus op die nabyheid van hul liefdesverhouding:

031V: Die heel eerste besoek wat ek daar was, het die psigiater vir my baie duidelik laat verstaan dat die navorsing bewys dat huwelike waarvan daar `n kind dood, verloor het in die proses, se slaagsyfer is vyftig persent, dis vyftig-vyftig. So hy`t vir my gesê, jy weet, jy sal moet aandag gee daaraan en jy sal moet, julle sal baie attent moet wees daarop en moet werk daaraan, want dit is die *stats*. En dit was nogal `n ding, want ek het gedink, "watter tyd om dit nou vir my te sê?" Maar aan die ander kant het ek gedink dit was goed gewees dat `n mens weet, want `n mens is so oorweldig met wat gebeur, jy weet.

2. Dankbaarheid

Die ouers het ook aangedui dat hulle dankbaar was vir die kwaliteit van hul gesinslewens. In hierdie opsig het een ouerpaar `n algemene gevoel van tevredenheid met hul gesinslewe openbaar:

019M: Vir ons was dit `n geheel sinvolle ervaring. Ons het ons kinders geniet, hulle sien grootword. Ons het gesien hoe hulle hul ideale nastrewe en hulle ideale bereik…Ons kan net getuig van dankbaarheid vir `n gesinslewe wat vir ons baie beteken het.

Volgens dieselfde deelnemers was die geluk van hul gesin nie soseer bepaal deur hul vlak van inkomste nie, soos aangedui is in die volgende aanhaling:

019M: Ons het nooit gebrek gely nie.

019V: Ons kon net nooit in luukse lewe nie, maar ons ruil nie ons lewe, wat ons gehad het nie.

019M: Kwaliteit hang nie af van jou finansies nie.

`n Ander deelnemer het ook `n soortgelyke oortuiging gehuldig:

024M: Ja, ek het ook vir Koba gesê toe ons getroud is, ek wil nie eendag `n miljoenêr raak nie. Dit is nie my lewens-siening nie. As ek genoeg geld kan maak dat ons lekker kan lewe en ons kan die lewe geniet.

Dit het dus voorgekom in die onderhoude dat ouers hul aandag eerder gevestig het op `n gelukkige gesinslewe, wat nie in die geheel afhanklik was van finansiële welvaart nie. Ná die verlies van `n

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kind, was die ouers dankbaar vir en tevrede met hul gesinslewens om ander redes, soos die feit dat hulle nog ander kinders gehad het:

> 027V: Dit is ook vir mens vertroosting…dat mens nog kinders gehad het. Ek meen, `n mens kry ouers wat `n kind verloor het, wat nooit weer kinders kon kry nie. Ek het so een vriendin wie se enigste kind `n paar jaar ná ons ons kind verloor het, dood is en sy`t nooit weer kinders gehad nie. Toe het ons hierdie twee gesonde, pragtige kinders daarna gehad en nog ons dogter. Hoe ge*bless* kan `n mens nou wees?

Dit het ook geblyk in die geval van `n gesin met jong kinders dat hul dankbaarheid vir hul oorlewende kinders voorafgegaan is deur `n sterk behoefte om nog `n kind te kry, nadat hul dogter skielik in `n ongeluk dood is. Dié ouerpaar het egter tot die besef gekom dat hulle dankbaar kon wees vir hul twee seuns en dat dit nie moontlik was om hul oorlede kind te vervang nie:

> 024M: Ag, jy weet, ek is bly ek het nog my vrou en die ander twee kinders. Gelukkig het ons darem nog twee kinders.
>
> 024V: Ek dink die groot ding is ons moet nou aanvaar dat ons haar nie gaan kan vervang nie. Dis maar die, ja. Jy het hierdie gat, soos hulle sê, hierdie gat in jou hart en jy wil nou hierdie gat vol maak. So nou soek jy enigiets wat jy in daai gat kan indruk.
>
> 024M: Ja, dis soos ek vir Koba in daai tyd gesê het, as ons nou so gepraat het, jy weet en ons was nou na die dokter om te kyk of sy nou weer kan swanger raak. Toe sê ek, OK, kom ons sê nou sy raak weer swanger. In die eerste plek weet ons nie of dit `n seuntjie of `n dogtertjie gaan wees nie. Sê nou dis `n seuntjie, dan het ons nou drie seuns. So dit *replace* dan nou nog nie die dogtertjie wat ons verloor het nie. Sê nou dis `n dogtertjie, dan sê ons, *great*, ons het nou weer `n dogtertjie. Maar dis tog nie dieselfde persone nie. So die tweede dogtertjie wat ons gaan hê, gaan mos nou nooit die eerste een *replace* nie. So, ek dink nie `n ou kan `n kind met `n kind vervang nie.

3. Gesinsgehegtheid

Die deelnemers se toewyding is ook aangedui in hul beskrywings van hegte gesinsverhoudings. Gesinsgehegtheid is eerstens gekenmerk aan ouers se waardering vir mekaar en hul kinders. Vir een gesin “was liefde die belangrikste” (019V) in hul lewens en het dit gedien as “die bindende faktor” (019M). `n Ander gesin het hul liefde vir beide hul seuns soos volg verwoord:

> 032M: Ek sê baie vir hierdie mannetjie ek`s té lief vir hom. Maar jy is nooit te lief vir iets nie. Jy is net. Jy kan nooit te lief wees vir iemand nie. My oudste het altyd vir ons gesê, “Ma en Pa, ek is ontelbaar lief vir julle”, toe hy nog klein was. Gesê, “ek is vir julle ontelbaar lief”.
>
> 032V: [lag]

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

032M: Nou ons was vir hulle ontelbaar lief gewees.

Die deelnemers het ook gepraat van die gemaklike interaksies tussen ouers en kinders in hul huishoudings. Daar is bevind dat pa`s veral gesteld was op die waarde van vriendskaplike verhoudings met hul seuns:

028M: Dit voel baie lekker as `n ouer, as `n pa dat, kyk, hierdie kind hy is net soos `n vriend vir my. Ons sit en braai en gesels oor nonsens en so aan.

032M: Ons het ons kinders grootgemaak nie, nie. Ja, as Ma en Pa. Maar ons was ook jou maatjie…Hy sou my vra: "Pa, dink jý dit is reg?" Ek is "jý". Dis hoe ek hulle grootgemaak het. Ons was altyd "jy" en "jou" vir mekaar. Maar dan voor mense sou hy nou ge-"Pa" het. Ons was maats. Ons was vriende…Hy het `n reg om my uit te trap. Ek is nogsteeds jou pappie, al is ek nou al in my sestigs, ek is nogsteeds jou maatjie. As hy dink ek is laf, dan trap hy my uit. As hy laf is, dan trap ek hom uit.

Volgens `n vroulike deelnemer was dit ná die verlies van haar kind belangrik dat gesinslede gevestigde vriendskaplike verhoudings met mekaar gehad het. Dié verhoudings het `n atmosfeer geskep waarbinne gesinslede openlik hul emosies teenoor mekaar kon openbaar:

031V: In sulke tye is liefde nie genoeg nie. Maar ons drie, vóór Herman se dood was ons vier ook baie goeie vriende. Ons kon as pelle en ons het álles met mekaar bespreek, gedeel, vóór dit, verstaan jy. So toe`t ons nou nie omdat ons lief is vir mekaar, ons is getroud met mekaar, maar ook Robert is my beste vriend. En ek sal dink ek is sy beste vriendin, so ons het alles gedeel. So dit het gehelp.

Deelnemers het ook vertel dat hul gesinne dit geniet het om tyd saam te spandeer. Een gesin het byvoorbeeld herinneringe opgeroep van hul betrokkenheid met hul kinders toe hulle nog `n jong paartjie was:

021M: As gesin was dit altyd vir ons lekker om dinge saam te doen. Dit was vir my belangrik ook. En vir die kinders dat hulle moet gelukkig wees en om dinge daar vir hulle te stel wat vir hulle lekker is…Graag dinge saam met die kinders gedoen en selfs met hulle gespeel in hulle jong dae.

Sommige gesinne het spesiale geleenthede vir gesinsinteraksie geskeduleer in die vorm van huisgodsdiens en gesinsetes. Dié rituele was bevorderend vir gesinsgehegtheid, aangesien dit vir gesinslede `n ruimte geskep het om intiem betrokke te wees in mekaar se lewens:

028V: Ons het altyd Sondae-aande, voordat hulle hier uit is, het ons, voor die week begin, het ons saam, ons het dit sommer huiskerk genoem, want dan is elkeen so op koers en ons kom nie rerig by kerk uit nie. Dit was amper vir my kosbaarder, want élkeen het `n stukkie gelees en gebid en jy kon hoor wáár hy op sy pad is deur wat hy kies om te lees en wat hy bid.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

030M: Die ouens het rerig moeite gedoen, die twee seuns, om Dinsdae-aande af te hê. Kallie het altyd gesê, "watter aand is dit?"

030V: Familie-kielie.

030M: Dan het hy gesê hy maak nie afsprake op `n Dinsdagaand nie. En dan bring hy iets saam om te eet of `n botteltjie saam.

030V: Sy pelle het altyd gelag, hy sê hy gaan by sy ma eet. Dan sê hulle, "maar jy eet elke dag by jou ma". Dan sê hy, "nee, ek gaan vanaand by my ma eet".

Tog was dit duidelik dat die dood van `n kind veroorsaak het dat sekere gesinsrituele vir `n tyd lank gestaak is, aangesien die afwesigheid van die oorlede kind dikwels beklemtoon is tydens hierdie geleenthede:

028V: Dit is in jou intiemste saam-wees en onthou, in van jou mees intieme oomblikke as gesin saam, is jou grootste hartseer.

030V: Toe dit net die drie van ons was, was dit nie so maklik vir ons gewees om weer, jy weet, dit het so gevoel dit is stukkend.

Vir pa`s was dit veral belangrik om moeite te maak om tyd met hul kinders te spandeer. Dit was duidelik dat hierdie pa`s `n behoefte gehad het om te kompenseer vir die tyd wat in beslag geneem is deur hul werksverpligtinge:

028M: Nou ek het vrééslik hard gewerk by die besigheid. Baie ure daaraan gewy en ek het gedink ek het goeie kontak met die seuns, maar een naweek het ek agtergekom ek hét nie kontak nie. Dis nou met Zander, die een wat dood is. Toe ek en hy alleen agterbly by die huis en die ander kinders en die tannie is weg. Ons twee bly toe daar. Ons eet toe in `n restaurant en ek besef toe ek het niks om met hom te praat. Ek`s bekommerd, want hy weet nie watse werk ek doen nie. Ek weet nie hy`s die krieketspan se kaptein nie. Ek het nie eers geweet hy speel krieket nie, wil ek sê, tot my skande. En ek sê vir hom ons kan nie hierdie naweek by die huis bly nie. Kom ons kyk hier `n plek in die Vrystaat. Kry vir ons `n gastehuis en daar`s in Welkom `n plek en ek sê kom ons ry soontoe.

`n Ander gesin het die besluit gemaak om hul besigheid te begin bedryf vanaf hul huis. Dit het geblyk dat daar by hierdie ouers `n behoefte was aan `n meer intieme gesinslewe:

024M: Kyk, toe ons nog in die dorp gebly het, ons het in `n dorpshuis gewoon en die besigheid was in `n industriële area. Dit is hoekom ons hierdie kleinhoewe gekoop het, jy weet, die kantoor is hierso, die besigheid is hierso, hier word ons kinders saam met ons groot. Hulle is nie vervreemd van ons of sien ons maar min nie…Ek het die kinders minder gesien as sy. Sy was maar die huismoeder gewees en ek het

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> vroeg in die oggende werk toe gegaan en laat in die aand eers huis toe gekom. Nee, toe dink ons ons koop maar hierdie plek dat ons lekker bymekaar kan wees.

In hierdie gesin se geval was dit ook duidelik dat die egpaar gefokus het daarop dat beide man en vrou figureer in hul kinders se vroeë ontwikkeling. Dié gesamentlike doelwit is aangedui in die pa se herinneringe van sy interaksie met sy oorlede dogter:

> 024M: Ek het `n punt daarvan gemaak, Koba het sommer gesê dat die kind hier by my in die kantoor moet wees, so saam met my groot raak. As ek af stoor toe ry, ry sy saam met my. Ek sit haar sommer in die bakkie, jy weet. Vat ek haar saam, omdat ek nie my twee kinders gesien het toe hulle so groot was nie.

`n Manlike deelnemer het gewys daarop dat dit nodig is vir ouers om aktief betrokke te wees by hul kinders se lewens, aangesien dit "hulle laat voel hulle is geborge" (028M). Dieselfde deelnemer het die persoonlike aandag wat hy aan elk van sy kinders gegee het, beskou as `n vereiste om intieme ouer-kind verhoudings te bewerkstellig:

> 028M: Dit was so met al vyf seuns. Met elkeen van hulle moet ek een keer `n jaar alleen saam met een kind êrens heen gaan. So ek het baie jagte gehad. Maar elke seun het die gevoel gehad dat my pa ken vir mý persoonlik en hý weet van mý dinge.

Hegte gesinsverhoudings is ook deur ander ouers aangedui. `n Vroulike deelnemer het haar gesin beskryf as `n "spesiale gesin" (020V), op grond van die feit dat hul gesin "altyd bymekaar" (020V) was. Haar kinders het ook "huis toe gewerk" (020V), wat dui daarop dat dié gesin steeds moeite gemaak het om tyd saam te spandeer, selfs nadat die kinders hul ouerhuis formeel verlaat het. In `n ander gesin, waar die seun selfmoord gepleeg het, was daar ook waardering vir hul volwasse seun se gereelde besoeke:

> 021M: Kyk, `n mens is dankbaar dat hy ook die soort mens is, wat omgee vir ons. Jy weet, hy sal altyd `n plan maak om hier `n draai te maak. Baie seuns ry verby, hulle sal eerder na hulle pelle toe gaan. Dit gebeur baie.

Hegte gesinsverhoudings het ook, volgens een ouerpaar, by hul kinders `n gevoel van verantwoordbaarheid teenoor die gesin gevestig:

> 028M: Ons wil graag hierdie kern, die gesin laat sterk staan. Sodat die seuns sal wil assosieer met die gesinslede en nie met hulle pelle buite nie…Hul merker is die gesin. Hulle stel glad nie belang in `n ander ou se mening van hulle nie.

> 028V: Baie min gesinne deel hierdie ding. So die meeste rig hulle lewens volgens hulle vriende en dan kom jý uit `n gesinsopset waar jou besluite gesinsgeörienteerd is.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dit het egter geblyk dat gesinsgehegtheid nie soseer gedryf is deur streng dissipline en rigiede huishoudings nie. Daar is bevind dat ouers hul kinders vryheid gegun het ten opsigte van hul eie besluitneming. Gesinsgehegtheid is sodoende onderskryf deur buigbare huisreëls en `n respek vir individuale verskille:

> 027M: Ek beskou onsself as `n hegte gesin, jy weet. Elkeen met sy eie persoonlikheid en so aan.

> 028M: Ons het dit aan die kinders oorgelaat dat jý kan oordeel op grond van die grondbeginsels van hóé `n mens besluite neem…Kyk, ons het nooit vir die kinders gevra, "het julle jul huiswerk gedoen nie, het julle geswot?" Hulle moes maar self swot…Daar was ook nie reëls dat jy jou kamer moes opruim of sulke goed nie…Daar`s altyd ruimte. Dit moet lekker wees vir hulle by die huis. Hulle moet nou nie huis toe kom en voel daar`s dan allerhande regulasies en sulke goed, soos opwas nie.

> 028V: Op die ou einde al die reëls gaan oor bedagsaamheid. Hoe jy teenoor mense optree dat jy hulle waardigheid raaksien. En dit is wat ons hulle eintlik nou leer. So dit wat ons vir hulle geleer het, moes binne daai raamwerk pas. Nie noodwendig klein *petty* reëltjies oor goedjies nie.

Gesinsgehegtheid het die deelnemers in staat gestel om die verlies van hul kinders saam as gesinne te konfronteer. Hegte gesinsverhoudings wat reeds voor die verlies in plek was, het daartoe bygedra dat gesinne "nie uitmekaar gespat het nie" (030V). Een deelnemer het ook genoem dat gesins-gehegtheid vir haar gesin in `n posisie geplaas het om te "begin treur van `n heel plek af" (028V). Dit was ook duidelik in haar vertelling dat vooraf gevestigde hegte gesinsverhoudings noodsaaklik was vir die gesin om gesamentlik voort te gaan met hul lewens ná hul verlies:

> 028V: Jy hoef nie `n verskriklike klomp goed eers reg te maak wat verkeerd is nie. Want dit is ongelooflik sleg as jy eers gesinsverhoudinge, wat skeef was, eers moet regmaak. Nou dán kan jy eers begin treur. Ek dink dit is baie erg.

4. Kommunikasie

Binne gehegte gesinne het die deelnemers se kinders gemaklik gevoel om hul ouers se raad te vra. Volgens een deelnemer het hul kinders "geweet hulle kan na hul ouers toe kom as daar iets pla" (032V). In die geval van `n ander gesin was dit duidelik dat die kinders, afhangende van die aard van die kwessie, `n keuse gemaak het om óf hul ma óf hul pa toe te nader. Kinders het byvoorbeeld oor hul "werksprobleme" (028M) met hul vaders gesels, maar in verband met "emosionele sake" (028V) meer dikwels hul moeders se raad ingewin. Kinders het, volgens die deelnemers, hul ouers se raadgewende insette in hul lewens waardeer, selfs nadat die kinders hul ouerhuise verlaat het. Sekere deelnemers het verder ook vertel dat hulle as ouers ook raad by hul kinders kon kry. Hierdie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wedersydse raadgewing het veral voorgekom in `n gesin, waarin die ouers in `n gevorderde ouderdom was:

> 020V: Selfs nou nog kan ons ons probleme met ons kinders bespreek. Inteendeel, hulle kan hul probleme met ons ook bespreek. Hulle kom na ons met hul probleme en ons kan daaroor koukus en hulle kan raad vra. Ons kry by hulle raad en hulle kry by ons raad.

Sommige gesinne het "eerlikheid en integriteit" (029V) aangedui as fundamentele gesinswaardes. Vir hierdie gesinne was dit belangrik dat hul kinders "nooit iets vir hulle weggesteek het nie" (029M). Eerlike kommunikasie tussen gesinslede kon, in dié sin, beskou word as `n integrale aspek van gesinsgehegtheid:

> 021M: Ons het geleer om nooit vir mekaar te jok nie. Jinne, dis verskriklik in hierdie sepies, byvoorbeeld, hoe maklik iemand kan lieg. Watse advertensie is dit vir `n klein kind? Ek het grootgeword in `n huis en daar is nooit, nooit, nooit gelieg nie, `n leuen vertel nie. Iemand wat `n storie nou mooi kan *polish* nie. En ek dink die tannie het ook so grootgeword.

> 021V: En die kinders ook. Het nie verkeerde stories vertel om uit die moeilikheid te kom nie. Sê liewer die ding soos wat hy is.

Ouers het ook effektiewe konflik-oplossing geïdentifiseer as `n waarde binne hul gesinslewens. Volgens een vroulike deelnemer is hul huishouding een waarin "min rusie" plaasvind, waar gesinslede eerder nie "stry met mekaar nie", maar liewer "praat mekaar" (021V). Haar man het saamgestem en ook verwys na die sensitiewe wyse waarop hulle hul kinders in die verlede dissiplinêr aangespreek het:

> 021M: Ja-nee, ek en die tannie sou nooit mekaar aangevat het of lelik gepraat het met mekaar voor die kinders nie en selfs ook nie as die kinders nie daar is nie sal ek dit nie doen. Dit is die manier wat ek grootgeword het. Dit is vir my respek teenoor my vrou. En ek het ook nie gehou daarvan om vir Thinus aan te praat voor ander nie. Ek sou eenkant met hom gesels as daar `n probleem is en met Mattys dieselfde.

`n Ander ouerpaar het ná hul kind se dood konflik ondervind in hul verhouding met hul oorlewende seun. Dié seun het gevoel sy ouers "spog met sy broer se dood" en wou nie gehad het dat sy ouers met hom praat oor die verlies nie (032M). Hy het blykbaar gerebelleer teen sy ouers se aandag deur eerder toenadering buite gesinsverband op te soek en "was op `n stadium baie hard" teenoor sy ouers gewees (032M). Die ouers het egter hul seun gekonfronteer aangaande sy gedrag en vrede tussen die gesinslede is klaarblyklik bewerkstellig:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> 032M: Ons kon basies niks, juis toe hy hierdie meisiekind gehad het. Ons het baie gepraat en hy het hulle aangeháng en as ons iets sê rondom haar, dan is ons verkeerd. Maar ek het hom toe gevat en ons het hier om die eetkamer-tafel gesit en met hom gepraat. En dit was kort daarna, ons het gelê, toe kom sit hy by ons en sê vir ons dankie. En ek dink dit is vandaar wat die dinge weer meer spontaan begin raak het.

Ander ouers het ook getuig van die moeilike taak om met hul oorlewende kinders te kommunikeer omtrent die verlies. `n Gesin met jong kinders het veral aandag daaraan gegee om dit by hul oudste seun tuis te bring dat sy suster se dood `n ongeluk was, wat hy nie in sy hoedanigheid kon verhoed het nie. Dié ouers het dus moontlike skuldgevoelens by hul seun probeer teenwerk:

> 024V: Hy`t homself ook blameer op `n stadium. Hy`t gesê, "maar as hy daai dag gaan swem het dan sou hy haar kon red".

> 024M: Of as hy daar was, dan sou dit nie gebeur het nie. Toe moes ek nou `n bietjie verduidelik het: "Maar Stefan dit werk nie so nie. Jy kan nie oralste wees nie. Dit was nie jou werk gewees om na jou sussie te kyk nie".

Dit het geblyk dat sommige ouers, in terugskouing, meer aandag sou wou gevestig het op kommunikasie met hul kinders rondom die verlies. Een vroulike deelnemer het erken dat sy eers later "die omvang besef het" van die effek wat die dood van hul dogter op hul seun se emosionele ontwikkeling gehad het (027V). Dié seun se angstigheid en onttrekking uit sosiale aktiwiteite het klaarblyklik veroorsaak dat sy ouers eerder nie met hom gepraat het oor sy suster se dood nie, met die doel om hom verdere hartseer te spaar:

> 027V: Kommunikasie is baie belangrik. Met die kinders ook. Op daai stadium net die kind, wat ons ook nie gedoen het nie. Want jy wil amper nie gevoelens weer wakker maak nie. Jy wil amper sê dit is nou verby, ons gaan aan. Maar dit ís nie verby nie.

Dit het in die onderhoude voorgekom dat broers van selfmoord-slagoffers veral huiwerig was om hul gevoelens omtrent die verlies van hul sibbe met hul ouers te deel. `n Enkelouer, `n weduwee wie se jongste seun tans by haar suster woon, het vertel van haar seun se stilswye:

> 025V: Dis nou iets. Hy praat nooit oor Greg nie. Ek sal by my suster hoor of hy darem praat. Ek weet nie of hy sal wil praat nie, maar hy sal seker praat as `n mens vir hom vra. Ek sal vir hom sê van jou, maar ek weet nie. Ek sal amper vir jou sê ek glo nie hy sal praat nie.

Vir `n ander gesin wie se seun ook selfmoord gepleeg het, het hul oorlewende seun mettertyd begin praat oor sy broer. Dié ouers het klaarblyklik `n punt daarvan gemaak om hom uit te vra oor sy gevoelens aangaande die verlies:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> 030V: Hy het hom stil gehou vir die eerste keer. En toe ons nou begin ry werk toe, het hy eers begín praat oor Kallie. Maar as jy begin praat het oor Kallie het hy weggekyk. Wou nie oor Kallie praat nie.

Die meeste ouers was dit eens dat dit hul gesinne tot voordeel gestrek het om emosies rondom die verlies van `n kind "uit te praat" en "dit af van jou te kry" (020M). As sodanig is die uitdrukking van gevoelens beskou as `n "manier waarop jy genesing kry" (020M). `n Ander manlike deelnemer het erken dat hy voorheen nie altyd bereid was om sy emosies openlik te kommunikeer nie, maar dat hy mettertyd die nadelige gevolge hiervan besef het:

> 027M: Ek het dit later in `n boek gelees. Toe sê ek vir myself, dit is hoe ek is. Ek het dit nog al die jare so hanteer. Onderdruk jou angs en dan kom dit uit in jou emosies, kom dit op `n ander manier uit. En dis geweldig gevaarlik.

In hierdie gesin het die vrou vertel dat die intensiteit van "die emosionele pyn", nadat hul dogter oorlede is, binne hul gesin veroorsaak het dat sy en haar man "nie met mekaar" gekommunikeer het nie en dat "niemand regtig geweet het hoe om [die verlies] te hanteer nie" (027V). Dié deelnemer het ook te kenne gegee dat dit vir haar gemakliker was om eerder met mense buite die gesin te praat oor die verlies van haar kind:

> 027V: Ek dink nou nog ek kan met, met vréémdelinge, laat ek dit so stel, buite die situasie, buite van wat met ons gebeur het, makliker praat. Maar met, naby jou, is dit nie so maklik nie. Ek dink daar`s baie mense wat sal kan getuig daarvan.

Sekere vroulike deelnemers het genoem dat hulle soms nie in staat gevoel het om hul emosies teenoor hul mans te openbaar nie. Een vrou het getuig dat "treur `n baie alleen-proses" kan wees en dat `n mens "huil op jou eie baie keer" (028V). Onder dié omstandighede het vrouens dikwels hul kinders genader om uiting te gee aan hul emosies. Ná die verlies van `n kind het dit geblyk dat die volgende deelnemer `n behoefte daaraan gehad het om deur middel van haar kinders se sienings haar eie denke en emosies beter te verstaan: :

> 028V: Ek sou nie sê ek en my man het álles gedeel nie, hoor. Wat hy vroeër gesê het, dat ek baie keer meer op `n emosionele vlak met die kinders gekommunikeer het, dis baie waar. Ek sal van my vrae, byvoorbeeld, vir hulle vra. Van my seuns, vrae wat nou aansluit by die manier van dink van `n kind…`n Mens het net daai perspektief nodig.

`n Ouerpaar met jong kinders het in die onmiddelike nadraai van hul dogter se dood dit moeilik gevind om met mekaar te kommunikeer. Hulle het egter gou tot die besef gekom dat dit nodig is om met mekaar in gesprek te tree om te verhoed dat wedersydse verwyte hul verhouding skaad:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> 024M: Aanvanklik het ons nie baie gepraat nie. Ek het maar so op my eie probeer *cope*. Koba het so op haar eie ge*cope*, maar ons het van dag een af vir mekaar gesê, ons hou nie enige wrokke teen mekaar nie.

> 024V: Want dit gaan nie help nie, want ons was albei hier tydens die ongeluk. Dit gaan nie help dat een van ons die ander blameer nie. Ja dit. Dit gaan nie help nie.

Die manier waarop ouers hul emosies omtrent die verlies openlik teenoor mekaar openbaar het, is uitgelig in `n ander ouerpaar se vertelling. Alhoewel man en vrou verskil het ten opsigte van hul uitdrukkingsvermoëns, het dit geblyk dat hulle gesamentlik `n kommunikasie-ruimte kon skep, waarbinne hulle gemaklik hul emosies en gedagtes met mekaar kon deel:

> 031V: Ek praat verskriklik moeilik oor my emosies. En ek dink sý rol was definitief om vir my te help om dit uit te kry wat hier binne is en om daaroor te praat, want as ek net op myself aangewese was, sou ek in die hoekie gaan sit het en mense kan my met `n plank slaan, maar ek sal nie sê hoe voel ek nou hieroor nie of ek kan nie sê, kan nie verwoord. Dit is net te groot vir my. So sý rol, behalwe om sy eie hartseer en pyn te hanteer, dink ek was gewees om vir mý te help om myne te verbaliseer sodat ek dit kan begin. Want as `n mens mos iets sê, jy het dit uitgehaal en gesê, dan kan jy dit mos begin verstáán. So ja. Ons het verskriklik baie gepraat of laat ek dit so stel, hý het baie gepraat. En ek het baie geluister, maar ek het van alles wat hy gesê het, het hier in my kop gaan sít.

> 031M: Waar ek jóú gehelp het om te verbaliseer, was jy weer `n klankbord. `n Mens het ook `n klankbord nodig. Jy`t iemand nodig wat jou in kontak kan bring met moontlike emosies wat ook by jouself is, het ek weer `n klankbord gesoek. Ek moes hoor hoe dit klínk. En dit was `n geweldige verligting om dit wat ek gedink het en gevoel het, te verbaliseer. Dit maak dit ligter.

Vir hierdie ouerpaar is die nabyheid van hul verhouding versterk deurdat beide man en vrou openlik op `n emosionele vlak kon kommunikeer. `n Gedeelde ervaring van die verlies is sodoende tot stand gebring en `n platform is geskep vir verdere uiting van emosies:

> 031M: Dis hoekom ek *smile*. Ja, omdat, ek dink, jy weet wat dit vir jou gedoen hét en hoe goed dit was, bou jy eenvoudig voort daarop, want dit is iets wat wérk. Dit is iets wat die band sterker maak om te weet dat dit wat ek dink, dit wat ek droom, dit wat wat ook al, dit wat my bekommer, gedeel het met jou. Dit was `n gedeelde ding.

Volgens `n ander deelnemer was dit nodig om ná die verlies as gesin saam te kommunikeer binne `n vertroude ruimte. Dié ruimte is verteenwoordig deur `n daaglikse ritueel om alleen as `n gesin bymekaar te kom en emosies omtrent die verlies bekend te maak aan mekaar. Sy het eerstens geglo dat dié ritueel `n geleentheid gebied het om elke gesinslid se individuele gevoelens te normaliseer en sodoende aanvaarbaar te maak binne gesinsverband:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

028V: Gaan jy dit só deel dat jy voel: "Dankie tog, my broers voel ook so, my ma voel ook so, so ek is nie vreemd nie? So ek kan maar gerus met hulle praat, want hulle voel dieselfde goed".

Gesinslede se wense dat hulle in die laaste dae van hul kind of broer se lewe meer tyd saam met hom sou wou spandeer, is ook tydens hierdie geleenthede bekend gemaak. Sodoende is die intensiteit van moontlike skuldgevoelens en self-verwyte verlaag:

028V: Ons het baie oor Zander gepraat. En party het insidente vertel. En ons het gedeel, selfs, jy weet, `n kind sou sê: "Ek voel sleg oor dáái keer. Oor verlede naweek toe Zander so graag na ons toe wou gegaan het en ek was nie daar nie. Ek het nie my foon kom antwoord" of so nie. Ons het ook gedeel die dinge waaroor ons sleg voel, want dit raak al hoe groter hoe meer jy daaroor dink.

5. Wedersydse Ondersteuning

Die laaste aspek van toewyding aan die gesin is verteenwoordig deur die ondersteuning wat gesinslede mekaar gebied het ná die verlies van `n kind. Ouers het eerstens aangedui dat hulle moes "fokus op die kinders wat lewe" en dat "elke kind rég" is ten opsigte van hul aanpassing (028M). In een gesin is daar ná hul seun se dood gefokus daarop om hul kinders gerus te stel en te verseker dat hulle nie geïsoleerd of verwerp voel binne die gesin nie. Dié doelwit is behaal deurdat ouers ekstra aandag aan hul oorlewende kinders gegee het:

030V: Direk ná Kallie se dood het ek vir hulle gesê: "Onthou, ek is baie hartseer oor Kallie. Ek gaan baie huil oor Kallie, maar julle is nog vir my belangrik né, want ek is netso lief vir julle. Moenie dink dat omdat ek so oor Kallie huil dat ek nie vir julle twee lief is nie"…Jy weet, dat hulle weet hulle het ook so `n aandeel in ons liefde en ons aandag, dat al die aandag nie net op hierdie ding fokus nie.

Dit het geblyk dat hierdie ma ook haar eie emosies oor haar seun se dood soms getemper het om haar dogter te ondersteun in haar aanpassing ná die verlies:

030V: Ek het vir hulle reg aan die begin gesê, want ek het so baie keer gehoor van kinders wat sê: "My ma huil net die hele dag in die bed. Sy is nie dáár vir my nie". So ek het soveel as moontlik probeer om vir haar dáár te wees sodat sy nie die gevoel kry dat my ma huil net oor my broer en sy`s nie dáár vir my nie, ek is nie die moeite werd nie, sy gee nie om vir my nie.

Op hul beurt het kinders ook ondersteuning vir hul ouers gebied ná die verlies. In dié opsig het talle deelnemers geglo dat hul kinders `n intuïtiewe wete gehad het van hul ouers se emosies:

032M: Hulle was ook baie skerp. As Ma of Pa hartseer is, dan het hulle dit onmiddelik opgetel.

032V: Net op die stemtoon. Nou nog as Quentin bel, dan sê hy, "Ma, daar`s fout". Dan sê ek, "nee, hoekom sê jy so?" Dan sê hy: "Ma, hoekom klink jy? Dit klink vir my iets is nie reg nie".

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

032M: Hulle was so fyn ingestel gewees op ons emosies.

`n Vroulike deelnemer het ook gewys op die troos, wat haar jong seuns vir haar gebied het, wanneer hulle opgemerk het dat sy hartseer is:

024V: Hulle sê mos `n kind is `n wonderlike ding. Hy voel mos, selfs `n babatjie, die dag as jy af voel, dan sal daai babatjie die dag bloumoord skree. Dan dink jy daar`s fout met die kind, maar eintlik voel die kind net aan dat jý die dag af voel…Hulle voel hul ouers se emosies aan. Daar`s baie dae wat hulle twee, dan kom hulle net na jou toe aan en gee vir jou `n drukkie. Dan sê jy, "weet jy, ek het dit eintlik nou nodig gehad".

`n Ander deelnemer se kinders het haar ondersteun deur vir haar te herinner aan die positiewe invloed wat sy in hul lewens gehad het. Dit het geblyk dat dié deelnemer gesteld was op haar rol as moeder en dat haar kinders se dankbaarheid vir haar `n bron van troos was:

020V: Die oggend toe my kinders weer by ons huis is en ek buitekant kom, toe kom my seun en hy`s langer as Oom Pieter en hy vat my so in sy arms en hy sê, "Mamma, ek wil vanmôre vir jou sê, dankie, baie dankie dat Mamma altyd daar vir ons was". Dit het vir my so `n satisfaksie gegee. Dit was so `n troos. Ons was altyd daar vir die kinders. Ons was daar. Ons is nog altyd daar.

In die geval van `n ander gesin het die man geglo dat sy vrou oorwegend "haar troos by die seuns gesoek" het, aangesien hulle "meer simpatiek en meer emosioneel begrypend" was ten opsigte van haar verdriet (028M). Tog het dié manlike deelnemer later in dieselfde onderhoud gelyk gegee dat hy self ondersteuning van sy seuns ervaar en waardeer het:

028M: `n Belangrike ding ook was, ou Faan, hy`t na my toe gekom en gesê, "Pa, as Pa hartseer voel of voel dat Pa wil huil dan kan Pa gerus na my toe kom". En ek hét daarvan gebruik gemaak, want ek was verskriklik terneergedruk, vreeslik treurig. Dan het ou Faan die begrip gehad dat ék by hom kan staan en huil. Nie lank nie. Ek het nooit lank gehuil nie, maar net om daai gevoel, jy weet, jou emosies is dan nou net te erg. Daar`s `n ou met wie jy dit kan doen…hy het gesê Pa kan by my kom huil.

Egpare het ook aangedui dat hulle ondersteuning binne hul huweliksverhoudings ontvang het. Een vroulike deelnemer het verduidelik dat sy en haar man mekaar wedersyds ondersteun het, afhangende van wie op die dag die meeste hartseer ervaar het:

029V: Daar was dae wat die een op is en die ander een af is, dan help jy maar mekaar. Soms wil die een net huil en dan troos die ander een.

Die wyse waarop mans en vrouens mekaar ondersteun het ná die verlies van hul kinders was egter nie altyd `n maklike taak nie. `n Ander ouerpaar het klaarblyklik perke gestel ten opsigte van tot hoe

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

verre hulle mekaar kon ondersteun in elkeen se verdriet. As sodanig het dit in hierdie geval geblyk dat emosionele ondersteuning ook dikwels bloot in die vorm van aanraking was:

> 030V: Jy weet, dis baie moeilik vir my om hom te dra. Dit was bitter moeilik, maar ons het dit met mekaar uitgepraat vroeg in, dat ek kan nie sý smart dra nie en hy kan nie mý smart dra nie. So ons het vroeg genoeg geweet dat ons dit nie bymekaar moet verwag nie. Want dis nie moontlik nie. Ek is nie sterk genoeg om sý smart te dra nie, want ek het te veel van my eie. Jy weet, so ons het besluit ons sal maar langs mekaar sit en hartseer wees. Net mekaar se hand vashou, want jy het dit net nie in jou om sy hartseer te dra nie. Jy is te seer self.

`n Manlike deelnemer se beskrywing van die ondersteuning wat hy ontvang het, is duidelik onderskryf deur tradisionele gender-oortuigings. Dié oortuigings het saamgehang met sekere verwagtings ten opsigte van mans en vrouens se emosionele uitdrukkingsvermoëns:

> 028M: Ek kon natuurlik met die tannie ook gesels het. Baie by haar gehuil en so aan. Dan moet die huwelik so wees dat jy met vrymoedigheid dit kan doen. Jou beeld moenie bedreig wees nie. Of die kinders moet ook nie die idee kry dat dit is nie manlik om te huil nie.

Dit het voorgekom in die onderhoude dat die ondersteuning wat gesinslede mekaar gebied het moontlik gemaak is deur `n respek vir individuele verskille. In dié opsig het deelnemers vertel dat hulle aanvaar het dat elke lid van die gesin `n "eie tempo van hartseer" mag hê (030M). Ouers het dus begryp dat die aanpassing ná die verlies van `n kind verskillend ervaar kon word deur gesinslede:

> 030V: Elkeen is op sy eie manier hartseer. Hy het nie verwag ek moet hartseer wees soos hy nie en ek het nie verwag hy moet hartseer wees soos ek nie.

`n Ander vroulike deelnemer het insig getoon in haar kinders se verskillende wyses van aanpassing ná hul broer se dood. Dit het voorgekom dat dié ma haar kinders se emosies en gedagtes rondom die verlies in-diepte verstaan en aanvaar het:

> 028V: `n Kind kan `n kinderlike geloof hê, `n aanvaardingsgeloof, van die begin af, want hy is so gemaak. Dit is sy manier van doen. Nie `n vraagstellende kind nie. Sý swaar is die gemis. Sý swaar is nie `n worsteling nie. Sy swaar is net: "Ek wil my broer hê, maar hy is nie meer hier nie". `n Ander kind het hierdie hele worsteling oor die sin van die lewe, maar hy is so gemaak. So in sý worsteling gaan hy `n ander pad loop as hierdie ander kind. En daarvoor moet ons ondersteunend wees. Ek mag nie sê daar is net een pad nie, "man, los dit van jou, dit werk nie so nie". Jy moet ruimte gee vir elke gesinslid se spesifieke pad.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

6. Samevatting: Toewyding

In hierdie afdeling is die vertellings van ouers wat gedui het op hul toewyding aan hul gesinne, gerapporteer. Toewyding was teenwoordig in die gesinne se lewens vóór die sterftes van hul kinders en het ook gedien as `n weerstandsbron in hul aanpassing ná verlies. Toewyding aan die gesin is boonop op unieke maniere beïnvloed deur gender-verwagtings, die gesinslewensiklus en die wyses waarop die kinders gesterf het.

5.3.1.2 Uitdaging

Uitdaging is in die huidige studie verstaan as die vermoë van die gesinseenheid om krisisse te beoordeel op so `n manier dat hulle ná afloop daarvan gevoel het dat hulle geestelik en emosioneel sterker daaraan toe was. Die gesinsgehardheid-komponent van uitdaging is in drie aspekte van die ouers se vertellings geïdentifiseer. Eerstens het ouers aangedui dat gesinslede `n perspektief op die doodsgebeurtenis ontwikkel het, wat vertroosting gebied het en vir hulle gehelp het om die verlies te aanvaar. Die ouers het ook vertel dat hulle persoonlik gegroei het – ook ten opsigte van hul verhoudings met mekaar en ander. Laastens was dit duidelik dat die deelnemers ook betekenis gesoek het in die verlies-gebeurtenis. Die uitdaging om aan te pas ná verlies was klaarblyklik `n leer-ervaring, waardeur gesinne se lewens- en godsdienstige sienings beïnvloed en verbreed is.

1. Perspektief op die Doodsgebeurtenis

Met betrekking tot die ontwikkeling van `n perspektief op die doodsgebeurtenis, het `n manlike deelnemer vertel dat hy, direk na sy seun se dood, reeds “begin het om sin te maak” uit die verlies (031M). Na aanleiding van `n gesprek oor kulturele verskille, het dié deelnemer geglo dat sy reaksie kenmerkend was van `n Westerse lewensbeskouing:

> 031M: Jy soek verklarings naarstigtelik, want dinge móét vir jou sin máák....Dit is maar net hoe ons Westerse denke wérk. Ek dink in teenstelling met die swart denkprosesse. Hulle wil nie noodwendig sin máák daaruit nie. Dit het gebéúr. Dit is deel van die natúúr vir hulle. Deel van die lewensverloop.

In hierdie gesin se geval was dit duidelik dat die ouers troos gevind het in `n oortuiging dat hul seun `n innerlike besef gehad het van sy naderende dood. Dié gedeelde oortuiging is gegrond op die ouers se spesifieke herinneringe aan en kennis van die laaste oomblikke van hul seun se lewe:

> 031M: Daar was baie dinge wat vir my laat beséf het eers agterna, in retrospeksie, dat hy soortvan gewéét het. [stilte] Die aand voordat hy op daai reis gegaan het, het hy byvoorbeeld die uitlating gemaak, wat eers agterna in konteks geplaas word: “Ek wil nie meer gaan nie, maar ek móét”. Wat jy eers agterna besef, maar joe, hier is iets aan die gebeur, wat vir jou, wel dit het vir my ongelooflik kalm gemaak. Die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> feit dat daar nou `n innerlike wete was. In sy siel. En goeters wat in die bussie self gebeur het. Die oggend wat hy hier weg is, wat hy glad nie gepraat het nie. Die feit dat toe ek vir hom gesê het, "jy moet jou ma kom groet, ons gaan nou ry", wat hy nie in die huis was nie, maar dat hy teen my kar buitekant geleun het en net na die huis gestaar het. Nou dáái goeters, die oomblik as jy daai goed begin integreer by die hele gebeurtenis agterna, dan raak dit rustig. Dan is daar nie `n klomp los garingdraadjies wat loshang nie.

Ander gesinne het op hul beurt vertroosting gevind deur die gebeurtenisse rondom die kind se dood in `n meer realistiese lig te beskou. Op dié manier is die verlies meer verstaanbaar gemaak. Dit het die ouers in staat gestel om hul eie self-verwyte te verminder, soos aangedui is in die geval van `n gesin wie se jong dogter in `n ongeluk oorlede is:

> 024M: Ons weet jy kyk heeldag na die kind. Jy sit saam met hom, jy sit saam met haar in die sitkamer en die koppie tee val en jy gaan haal net `n lap en volgende is die kind nie meer in die sitkamer nie, jy sien hy sit in die gang. So jy weet, `n ou leer jou aan…`n Ongeluk gebeur so vinnig.

Vir `n deelnemer wie se seun selfmoord gepleeg het, was dit nodig om die redes te vind vir haar seun se besluit om sy eie lewe te neem. Hierdie deelnemer het te kenne gegee dat sy wel verstaan het waarom haar seun selfmoord gepleeg het en dat dit waarskynlik `n daad was wat hulle as ouers nie kon verhoed het nie:

> 030V: Nooit, nooit was daar `n tyd gewees wat ek gesê het, "Here, hoekom?" nie. Want ek het gewéét hoekom. Ek ly self aan depressie, so ek het geweet hoe depressief hy was. Hy het dit geskryf vir ons. Toe ons by die huis kom, toe kry ons sy briewe op die *laptop*. En toe ons sy selfoon in die hande kry, nadat ons dit by die polisie teruggekry het, toe skryf hy daarso hy kan nie aangaan nie...Kallie het dit ses maande te vore al beplan.

In nog `n gesin waar `n kind in `n jong ouderdom oorlede is, het die ouers hul kind se kanse op oorlewing, in ag genome haar siekte, realisties beskou. Dié beskouing het, klaarblyklik, ook vir hierdie ouers gehelp om die werklikheid van die verlies te aanvaar:

> 027V: Wat ons besef het met die nadoodse ondersoek: Die dokter sou niks vir haar kon gedoen het nie. Sy sou `n hart en long oorplanting nodig gehad het om `n kans op lewe te hê.

Deelnemers het hul eie verliese beoordeel in vergelyking met die verliese wat ander gesinne ook beleef het. Wanneer ouers uitgevind het dat "daar mense was wie se seer amper seerder" (025V) was as hul eie, het hulle ook `n perspektief op hul eie verdriet ontwikkel. In die volgende aanhaling was dit duidelik dat gesprekke met ander ouers wat verliese beleef het, vir dié deelnemer gehelp het in haar aanpassing ná die verlies van haar dogter:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

020V: Sy sê vir my sy staan nou voor haar wasbak aan die skottelgoed was en "iemand sê vir my ek moet jou nou bel. En ek bel net om te sê, Sandra, jý weet op hierdie oomblik waar jou kind is. Jou kind is veilig in die Hemel. Ek het nounet die polisie gebel en vir hulle gesê mý kind sit op so en so plek, want hulle soek hom vir korrupsie. Julle moet hom nou daar in hegtenis gaan neem". Sy sê ,"mý kind is in die tronk en jóú kind is veilig". En net op daai oomblik, toe voel ek weer, ek kon weer opstaan. So, praat en luister na ander mense en hoor ander mense se seer, wat baie slegter is as joune.

`n Ander ouerpaar het ook hul kind se dood in `n ongeluk vergelyk met kinders wat op ander maniere gesterf het. In hierdie gesin se geval, is hulle getroos deur die feit dat daar nie moontlike stigmas aan hul kind se dood gekoppel kon word nie:

031V: Dit klink heeltemal *weird* as `n mens dit sê, maar Herman is op `n, dit is `n mooi, skoon. Daar`s nie *issues* rondom sy dood nie…Dis nie dat, ek dink soos byvoorbeeld in selfmoord of dwelms of dié tipe van goed nie.

Die perspektiewe wat ouers op die verlies van hul kinders gekry het, is ook ontwikkel in terme van oortuigings dat die verlies waarskynlik nog swaarder kon gewees het. As sodanig het die deelnemers met kinders wat as gevolg van siekte oorlede is, aangedui dat hul kinders moontlike verdere lyding gespaar is:

020M: So `n mens moet dankbaar wees dat Helet nie bly lewe het nie, want anders was sy `n pampoen. Sy was breindood. Watter kwaliteit lewe is dit?

In die geval van `n ouerpaar wie se kind in `n jong ouderdom dood is aan `n hartkwaal, is hul kind se toekomstige kwaliteit van lewe ook in ag geneem in hul gedeelde perspektief op haar dood. Weereens was dit duidelik dat dié perspektief hierdie paartjie gehelp het om die verlies te aanvaar:

027V: Ek het selfs hierdie emosie later aan gevoel, dit klink nou dalk snaaks, nie dat jy bly is sy is dood nie, maar half verlig is dat sy dood is voordat sy aan sulke verskriklike traumatiese, sou sy nou geopereer geword het. In daai jare is sulke goed nie eintlik gedoen nie. Daar is nou hart-oorplantings, hoor jy, maar op so `n klein kind? Ek dink net hoe traumaties dit sou gewees het en dat daar in elk geval verwerping sou kon plaasvind, maar in elk geval nadat sy nou sulke verskriklike goed sou beleef. So dit het my ook al getroos. Gedink dis *better that way*.

027M: Ek kan nie onthou wie het dit vir my gesê nie, maar iemand het vir my gesê, pertinent, dat sy sal nooit werklik ten volle `n vrou kon gewees het nie…Sy sou altyd hierdie *handicap* gehad het. En ja, dan is dit miskien beter.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2. Persoonlike Groei

Die wyses waarop gesinslede persoonlik gegroei het ná afloop van die verlies, is ook beklemtoon in die onderhoude. Eerstens was dit opmerklik dat mans meer bewus geword het van hul innerlike gevoelservarings en dat hulle na die dood van hul kinders meer gemaklik daarmee was om uiting te gee aan hul emosies. In dié opsig het een man, nadat hy tydens die onderhoud begin huil het, erken dat hy "voorheen sou skaamgekry het" om dit te doen (032M). In die geval van `n ander manlike deelnemer, was dit duidelik dat hy, met die bystand van sy sielkundige, bewustelik begin het om aandag te gee aan sy emosionele reaksies op die dood van sy kind:

> 024M: Ek dink aan die begin is `n mens te emosioneel om werklik jou ware emosies weer te gee, want jy, jy weet self nog nie lekker wat dit is nie. Jy ervaar die goeters en vandag is jy kwaad en môre is jy so, jy weet nie lekker hoekom nie. Later aan dan sien jy nou. My sielkundige het vir my gesê: "Jy`s maar soos enige ou wat `n spier seermaak. Die spier moet eers `n bietjie rus, voordat hy weer kan herstel". So as `n ou nou al hierdie informasie bymekaar maak en jy verwerk dit nou, dan verstaan jy seker nou beter wat met jou aangaan.

Dit het geblyk dat die volgende manlike deelnemer, in terugskouing, besef het dat hy binne sy gesin van oorsprong nooit werklik sy emosies kon openbaar nie. Hy het vertel dat hy in vele opsigte dié uitdrukkingsvermoëns moes aanleer by sy vrou. Dit was duidelik dat dié man dankbaar was vir die geleentheid om met meer gemak in aanraking te kom met sy gevoelservarings:

> 028M: Ek dink nie ek is `n vreeslike emosionele tipe ou nie. So my sosiale gedrag het ek by háár geleer. Sy`t vir my gesê: "Man, jy moet vir my sê jy`s lief vir my. As jy dit nie vir my gaan sê nie, hoe gaan ek dit dan weet?" Ek sê, "jy kan dit mos sommer aflei" dan sê sy, "nee, dit werk nie so nie". Al sulke tipe van goeters het sy my geleer en dit was baie goeie goed en dit is lekker om so te lewe, want ek was nie, want die gesin waaruit ek kom, was nie eintlik emosioneel *outgoing* gewees nie. Dat jy wys nie jou gevoelens nie of jy gee nie jou ma `n drukkie nie. Terwyl in ons gesin, Christine is soos die klein dogtertjie. Die seuns hang oor haar en gee haar drukkies en so aan. So ek dink dit was meer dit gewees. Nou besef ek ek moet aandag gee aan hierdie emosionele kant ook.

Die ouers het ook vertel dat die nabyheid van gesinslede se verhoudings met mekaar versterk is ná hul kinders se sterftes. Vir een gesin het die verlies van hul kind `n groter waardering vir hul oorlewende kinders bewerkstellig en hulle gedryf om "doelgerig meer aandag aan die kinders te gee" (024M). `n Ander ouerpaar het geglo dat hul gesin "nader aan mekaar gekom het" en "meer verdraagsaam geraak het" (030V) in die tyd ná hul seun se selfmoord. So ook het hul ander seun, klaarblyklik, "meer besorg" oor hulle geword "as wat hy vantevore was" (030V). Dié ouers het

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

aangedui dat hul oorlewende seun en dogter se meer nabye verhouding veral "een van die positiewe dinge was, wat sterker geword het" (030M):

> 030M: Jaco en Bianca het ook baie nader aan mekaar gekom. Jaco het `n baie beskermende houding gekry teenoor Bianca. Eerste ding wat Jaco sal vra as hy by die huis kom, is, "waar is Bianca?" en met haar gaan gesels en so aan.

In hul aanpassing ná die verlies van hul kind, was dit duidelik dat die volgende ouerpaar se eie liefdesverhouding ook versterk is. In die wyses waarop dié ouers mekaar ondersteun het, is `n groter geloof in die duursaamheid van hul verhouding tot stand gebring:

> 031M: Ja, ek dink dit maak die band net soveel sterker, want ek meen, dié band is mos nou al getoets…Hy`s nou al getoets in moeilike omstandighede. En hy het mos nou nie gebreek nie. Dit het net sterker geword.

Afgesien van die verhoudings binne die gesin, het talle deelnemers ook aangedui dat hulle ná die verlies van hul kinders, meer gesteld was daarop om na ander mense ook uit te reik. Een gesin het, byvoorbeeld, veral daarop gefokus om hul familie-lede, asook buitepersone finansieel en materieel te ondersteun:

> 032M: Op daai stadium het my broer bitterlik, bitterlik swaar gekry. Ons het hierdie ander vriende van ons gehelp. Inteendeel, dié mense het nie geld gehad om vleis te koop nie. Ons het vir hulle genooi vir braai. En elke Saterdagaand steek ons die vuur aan. En elke Saterdag was dié vriende by ons vir `n braai. Ons het vir hulle baie gegee. Ons het vir my broer baie gegee. En ons, elke keer as ons winkels toe gery het, dan koop ons daai *groceries* en ons los vir hulle geld. Ons het begin teruggee. Haar tannie…Dan gaan laai ons vir haar goed af. Ek het sportspanne geborg. Jy weet, die hele gholf-toernooi geborg. Ek het sokker, wat ek nie eers van hou nie, ek het sokker geborg…Ek het gehélp. Begin teruggee, want mense was so goed vir mý gewees. Dis die ander ding wat daaruit gespring het.

Die ouers het ook vertel dat die ervaring van die verlies van `n kind hulle "gehelp het om ander mense by te staan", wat ook verlies beleef het (032V). `n Manlike deelnemer wat in die kerklike bediening was, het vertel dat sy eie ervaring van sy seun se dood hom in `n posisie geplaas het om bedroefde persone met meer empatie te troos:

> 030M: Ek was verantwoordelik vir die bejaarde-sorg hier by die gemeente. Dit was vir my geweldig en ook om daardie troosboodskappe wat ek vir mý gehad het, om dit oor te dra aan ander mense. Ek het gedink nou praat ek met beter, ek sal nie sê met gesag nie, maar met meer insig en meer ervaring as vantevore.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die behoefte om na ander uit te reik, het ook na vore gekom in die vertellings van deelnemers, wat, klaarblyklik, dit hul doelwit gemaak het om ander ouers wat kinders afgestaan het aan die dood te ondersteun. Vir een deelnemer het hierdie poging haar in staat gestel om haar eie verdriet rakende haar seun se selfmoord aan te spreek:

> 029V: Ek het rerig `n punt daarvan gemaak om met mense te gesels en te soek vir mense wat met my kan simpatiseer, maar jy moet later met ander begin simpatiseer, wat `n bietjie jonger is as jy in die pad…En ek dink ek het daarna net eenvoudig besluit dat ek wil ander mense help, want in die proses help dit mý. En ek dink almal wat leiding neem by die ondersteuningsgroep ervaar dit maar so. Dat as jy uitreik na ander en jy kan hulle ook help, voel jy ook beter.

So ook het `n ander deelnemer, wat `n boek geskryf het oor haar ervarings van haar seun se dood, getuig van `n strewe om "treurendes" te ondersteun (028V). Haar spesifieke doelwit was om ander in te lig van elke persoon se unieke proses van aanpassing ná die dood van `n kind:

> 029V: Ek moet treurendes help bevry van hierdie etiket-ding, wat mense, of nie etikette nie, laste wat mense op hulle sit om op `n sekere manier te treur. Ek moet hulle die bevrydende gevoel gee van, jy mág maar. Jy mag maar dít. Jy mag maar vra. Elkeen is anders gemaak. Jy hoef nie elke Sondag kerk toe te gaan nie. Jy mág met goed op `n ander manier omgaan. Jy kan maar.

3. Leer-Ervarings

In die ouers se vertellings was dit duidelik dat die dood van `n kind ook tot gevolg gehad het dat ouers nuwe persoonlike sienings oor die dood, asook die lewe ontwikkel het. In hierdie opsig het die vertelling van een deelnemer, wat in `n gevorderde ouderdom was, gewys op `n fatalistiese houding, wat heel moontlik beïnvloed is deur die verlies van `n pasgebore dogter vroeër in sy lewe:

> 022M: Nou ja, mens is maar bewus van jou eie verganklikheid in elk geval. Ek meen een of ander tyd kom dit en dit is verskriklik so `n ervaring, maar jy besef hierdie is `n tydelike verblyf as te ware. Party word honderd en party lewe vir twee asemhalings. Jy weet waaroor die lewe gaan.

Gevolglik het dieselfde deelnemer ook, in ooreenstemming met sy vrou, getuig van sy "rasionele uitkyk" (022M) op kwessies rakende die liggaamlike oorskot van gestorwenes:

> 022M: Hier is ek wat nou in my sewentigs is. Dit is my gleufie hier op aarde. Nou hier moet daar `n graf gemaak word en `n grafsteen en vir die volgende geslagte moet daar nou iemand kyk daarna. Wie is ek om nou so verwaand te wees?

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> 022V: Kyk die ou begraafplase op die plase en hoe verwaarloos dit word. Daar`s altyd iemand wat moet omsien daarvoor, die mense wat nou daar moet skoonmaak en so. Daar kom nie meer mense nie. Daar is nie meer familie oor nie, maar die graf staan nog daar.

> 022M: En dit vervaag ook oor tyd. Jy weet, jy`t mos nog `n aanhanklikheid aan `n pa en `n ma. Oor vyf geslagte het jy nou `n oer-grootjie en mense vra, "wie was hy nou weer?" Ons moet mos rasioneel dink oor dié soort goed, jy weet.

Tog is soortgelyke opinies rakende die liggaamlike oorskot van oorledenes nie gehuldig deur ander deelnemers nie. In die geval van die volgende deelnemer, wie se eie kind ook in `n jong ouderdom dood is, het dit geblyk dat hy beslis emosionele waarde geheg het aan die eer wat in begraafplase aan die voorgeslagte, sowel as sy oorlede dogter betoon word:

> 027M: Ek weet daar lê net beendere, maar daar`s `n mensie wat op `n stadium gelewe het. Dieselfde met oupas en oumas. As hulle nie daar gelê het nie, het ek nie vandag bestaan nie. Maar dat die siel nie meer daar is nie, dit is mos nou die waarheid. En wat daar was, het nou seker al totaal gedisintegreer. Dit is so. Maar, nou ja, ek is maar so oor `n begraafplaas.

Vir talle ouers het die dood van `n kind veroorsaak dat hulle die lewe nie meer "as vanselfsprekend" aanvaar het nie (032V). Ouers wat met die dood van `n kind gekonfronteer is, het duidelik `n nuwe waardering vir die lewe ontwikkel. Hierdie beskouing was veral opmerklik in die vertellings van bejaarde deelnemers. So het `n deelnemer, byvoorbeeld, getuig van `n eksistensiële ingesteldheid jeens die menslike bestaan. In terugskouing op die dood van sy dogter, het hy duidelik ook geglo dat dié soort perspektief ontwikkel het oor tyd:

> 022M: Maar jy`s jonk, so ek dink die verganklikheidsaspek van die lewe is minder aktueel op daai stadium as jy sê twintig, dertig, selfs veertig jaar oud is, as wat dit nou vandag is, jy weet. Hoe ouer jy word, hoe meer besef jy. Hoe meer word jy gekonfronteer met die feit dat jy vir sewentig, tagtig jaar `n kolfbeurt gaan hê en dan gaan jy op die pawiljoen sit. Die werklikheid van die lewe, jy weet. Die werklikheid. Jy moet vrede maak daarmee. Dis die kom en die gaan. En geniet, jy weet, jy moet elke oomblik geniet. Jy moet dit benut. Nie sit en *sulk* en negatief wees. Daar is goed wat jou de joos in maak en goed wat jou hartseer maak, maar oor die algemeen moet jy positief wees. Gaan voort. Terwyl dit vir jou gegun is, terwyl dit vir jou beskik is, lewe die lewe, maak die beste gebruik daarvan.

Op `n soorgelyke manier het ander ouers `n behoefte daaraan gehad om die "goeie te probeer haal" uit die nagevolge van die dood van hul kinders (031M). Hierdie ouers wou bevestiging hê dat die betekenis van hul kinders se sterftes `n positiewe verskil kon maak in hul eie en ander se lewens:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

028V: Daar moet iets hier uitkom wat goed is. Anders is dit te erg. Ek bedoel, `n slegte ding raak net slegter as daar nie iets goeds daaruit kan kom nie. So, wys net vir my watter goed kan uit hierdie verskriklike groot hartseer kom.

Sommige deelnemers het aangedui dat hulle in hul aanpassing ná hul kinders se sterftes, in `n geestelike sin, persoonlik gegroei het. Eerstens het verskeie ouers beweer dat hulle "nader gekom het aan die Here" (032M) in die tyd nadat hul kinders oorlede is. Met betrekking tot `n verhouding met God, het die volgende ouerpaar die standvastigheid van hul geloof soos volg verduidelik:

027M: Myne het, persoonlik, dramaties toegeneem. Ons het baie jare nog op Kakamas gebly en omdat ek `n landbouer ook was, jy weet, daar word baie gesê as jy `n landbouer is, jy`t nie `n keuse nie, jy kan nie anders as om te glo nie. So my geloof was baie sterk…Ek moet sê, so op hierdie stadium is my verhouding baie spesiaal. Goeters wat gebeur het, het net `n positiewe bydrae gemaak in my spesifieke geval.

027V: Ek kan nie sê dit het my van God af weggeskeur nie, nee [stilte]. Verseker nie. Eerder nader gebring.

Die teenwoordigheid van God het `n "groter werklikheid" vir sekere ouers geword, wat "fisies beleef en innerlik ervaar" is (031M). Hierdie persoonlike en intieme verhouding met God, wat nie meer bloot `n "vae entiteit" (031M) verteenwoordig het nie, is ook opgemerk in die volgende deelnemer se vertelling:

032M: Nou ek staan elke Sondagoggend in die kerk. En dis vir my lekker om kerk toe te gaan. Vroeër jare was dit vir my `n straf gewees. Dis nou vir my lekker. Maar maak nie saak watse dominee nie. As hy daai hand in die lug steek en sê, "gemeente, ek groet jou in die naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees". Dan kry ek trane in my oë, want ek voel op daai oomblik…Dit vóél vir my dat die Here my persoonlik groet.

Ouers het ook `n meer komplekse begrip van geestelike waardes en godsdienstige leerstellings ontwikkel in die tydperk ná die verlies van hul kinders. Een deelnemer het veral "vrede aanvaar" (030M) deur opnuut te besin oor die aard van God se wil:

030M: Die hele teologiese probleem van die teodiseë vraagstuk, die "wáárom?" Dit is nie meer belangrik nie. Jy aanvaar dat dit só móés wéés. Nie noodwendig God se wil nie, maar God se toelatende wil, omdat Hy, met hierdie hele ding, iets wat vir ons nie duidelik is nie, wil bereik en dat jy dan Hom vertrou om dit te doen, wat Hy uiteindelik wíl doen. En dít maak op die ou einde dat jy vrede aanvaar.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dit was duidelik dat die dood van `n kind ouers gedwing het tot `n bevraagtekening van die betekenis van die menslike bestaan. Dié vraagstelling is meer dikwels binne `n geestelike konteks geplaas, soos aangedui is in die volgende aanhaling:

> 028V: Jy is die hele week, elke oomblik is jy besig met `n geloofstryd. Met dit waaroor die lewe gaan, dood en lewe en sin. Jy is só daarmee besig. Ek wil amper sê jy hou die hele tyd kerk in jou kop, as ek dit nou so kan stel.

In haar soeke na sin het dié ouer ook begin om die wyses te ondersoek waarop gelowiges binne nie-Christelike godsdienstige tradisies die dood begryp en konfronteer. In die proses het sy haar eie godsbeskouing herdefinieer:

> 028: `n Christen-perspektief help, maar ek het ophou sien dat mense wat nie Christene is nie, nie ook deur die dood loop en ook insigte kry nie. En wonderlike insigte kry en gróót vertroosting kry. En in daardie sin is konvensionele godsdiens partykeer `n gevaar vir mense se godsbeskouing. Want hy verbreed baie, jy weet, jy kry `n verskuiwing in jou geloofsbelewing. Ons het ervaar dat God is véél groter as wat ons dink. Hy is nie net die God van vergifnis en, jy weet, kampies wat ons vir Hom gegee het. Hy word die God van élke oomblik.

Dit het verder geblyk dat hierdie gewysigde godsbegrip vir haar en haar gesin gedien het as `n bron van vertroosting en vir hulle gehelp het om die verlies te aanvaar:

> 028V: As jy God nét sien as Iemand wat straf uitdeel, dan gaan jy vra, “maar hoekom het U my gestraf?” As jy vir God sien as Iemand wat jou ten alle tye moet beskerm, dan gaan jy elke oggend bid en vra, “maar waar was Jy dan?” As jy God nét sien as die Ou Testamentiese God van, “as jy My dien en lief het, dan sal Ek jou `n lang lewe gee”, gaan jy verskriklik baie vrae daaroor hê. Maar as jy God baie meer as dit sien as die Soewereine, nie in kampies nie, dan gaan jy nie vrae vra nie. Dan gaan jy sién jy is deel van `n proses, van `n éwige proses.

Vanuit `n Christelike perspektief het sekere ouers die dood van hul kinders geïnterpreteer as `n uitdaging gestel deur God. In die geval van ouers wie se kinders selfmoord gepleeg het, het hierdie oortuiging veral na vore gekom. Met verwysing na die Christelike leesmateriaal, wat hy geraadpleeg het, het die volgende deelnemer gewys op dié interpretasie van sy seun se dood:

> 021M: Die gebed: “Here, maak my sterk in my oomblik van toetsing”. Dit is hoe ek dit hanteer het dat die Here jou eintlik toets in jou kindskap. Jy weet, of jy werklik gaan vashou. En dit is hoe ek dit hanteer het.

`n Ander ouer wie se seun ook selfmoord gepleeg het, het ook die betekenis van haar seun se dood op `n soortgelyke manier vanuit `n Christelike oogpunt beoordeel. Sy het klaarblyklik die verlies beskou as `n gebeurtenis, wat moontlik positiewe vooruitsigte kon inhou vir haar gesin en ander:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

029V: Vir my was dit ook maar `n ontdekkingsreis, soos Job, om half `n beter perspektief van die Here te kry. Jy weet, dat Hy nie vir jou alles gee wat goed is en vir alles sorg nie, maar, jy weet, die lewe is tydelik en dit is alles `n toets…Ons lees dan altyd alles werk ten goede mee vir iemand wat die Here lief het. En jy moet op `n manier aanvaar dat enige verskriklike ervaring het ook `n goeie doel.

Vir talle ouers het hierdie "goeie doel" (029V) behels dat hul gesinne ná die verlies nuwe insigte verkry het, waarmee hulle die lewe en die menslike bestaan kon begryp. Dit was duidelik dat deelnemers "rustigheid" verkry het in die wete dat hul kinders se sterftes vir gesinslede `n leerervaring kon wees en hulle kon "help om op die lewenspad te wees" (028V). Hierdie besef was vir `n manlike deelnemer `n "bevrydende" (030M) ervaring, wat hy soos volg verduidelik het:

030M: Dis nou na aanleiding van wat Jesus gesê het van die skrifgeleerdes…Hy het baie moeite met hulle gehad, want hulle het gedink hulle weet alles. Hy het gesê `n skrifgeleerde is soos `n léérling in die koninkryk. En ek dink dit is darem wonderlik, want om `n leerling te bly is bevrydend, want jy kan vrae vra, jy verstaan nie en jy kan nog baie leer en jy kan foute maak. Ander ouens wat geleerd is, moet op hulle pasoppens wees, want hulle is geleerd, hulle kan nie nog foute maak nie, omdat hulle al die antwoorde het. So ek wil amper sê, blý `n student. Dan mág jy foute maak en jy mág vrae vra en jy mág nog baie leer.

Ná afloop van die verlies van hul kinders het sommige ouers `n nuwe besef en "waardering vir mense se goedheid" verkry (032M). So ook het deelnemers geleer om in hul verhoudings met mekaar en ander mense buite die gesin te lewe met meer verdraagsaamheid, omgee en empatie:

028V: Mens leer eintlik regtig hoe om te lewe, want dit is hoe ons éintlik moet lewe. Ons moet ons sleg en ons goed kan wýs…En dit is nodig om begrip vir mekaar te hê, want dan kyk ons sagter na mekaar. Jy sien jou eie swakheid in `n ander ene, maar jy oordeel hom nie meer, want dit is mos wat baie keer met mense gebeur, jy oordeel hom, want anders sien hulle jóúne te goed raak. Want nou is dit `n proses van jy sien hierdie broosheid in daai mense. Jy eer hom amper daarvoor. Jy`t so `n mededoë en erbarming vir die mens. So mens ráák sagter.

In `n ander gesin se geval, het die ouers hul seun se dood beskou as `n gebeurtenis wat hulle tot nuwe lewensinsigte kon bring. Dié insigte het betrekking gehad op hul lewens tot op hede, asook op die moontlikhede wat die toekoms vir hulle mag inhou:

031M: Ons het op `n stadium gedink dat hierdie goeters gebeur sodat daar `n rustyd kan kom...Jy kry met `n rugby-wedstryd of `n hokkie-wedstryd of in netbal kry jy twee helftes. Jy speel die een en dan is dit nou pouse of rustyd en jy neem bestek-opname van hóé het dit gegaan. En dit móét wees, want anders kan jy nie die tweede helfte verbeter op dit wat jy die eerste helfte gedoen het nie…Hierdie tipe van dinge

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> wat oor jou pad kom, dwing jou so half en half om bestek-opname te neem…van wáár is jy, waar kom jy vandaan, waarheen is jy op pad?

Dieselfde ouerpaar het getuig van `n meer komplekse begrip van hul aardse bestaan. Dit het geblyk dat hulle, ná hul seun se dood, meer ingestel was op natuurlike verskynsels wat vir hulle persoonlike betekenis gehad het:

> 031V: Ons het net met dié, met die hele gebeure het ons net besef daar is baie meer aan al hierdie dinge as wat `n mens elke dag net so op die oppervlak waarneem. Daar is baie meer, ek wil amper sê boodskappe…Goeters in die natuur en, ek weet nie, dis nou heeltemal `n onderwerp vir `n ander dag, maar ons het dit absoluut besef, want dit is rerig so.

Op `n soortgelyke wyse het `n ander deelnemer haar gewysigde begrip van tyd beskryf. Sy het genoem dat hierdie siening `n "nuwe perspektief" (028V) verteenwoordig het, wat in die tyd ná haar seun se dood ontwikkel het:

> 028V: Op `n dag besef jy, my jinne, maar ek dink nou anders oor tyd as wat ek altyd gedink het. Ek sien tyd nie meer as `n lang lyn nie. Ek sien tyd nou as `n sirkel, jy weet, en dat die hede en die verlede in mekaar loop, want nou se dood en ewigheid, want my kind is nou al deel van die ewigheid, maar ek is ook deel van die ewigheid. Ek is gehaak aan die ewigheid, omdat ek by hom wil wees, jy weet. So dit is perspektiewe wat `n mens kry, reg of verkeerd, ek kan nie dit vir jou sê nie.

Vir hierdie deelnemer was dit egter belangrik om te verduidelik dat die nuwe insigte wat sy en haar gesin ontwikkel het nie `n rede opsigself was vir waarom haar seun dood is nie. In gesprek met haar kinders, het sy probeer om dié siening op haar kind se dood te weerlê:

> 028V: Dis nie, "die kind is dood sódat ons nader aan mekaar kon kom nie". Deur die dood het daar vir ons nuwe perspektiewe oop gegaan oor sekere goed. Hy`s nie dood vír hierdie perspektiewe om oop te gaan nie. Ek weet Faan het een keer vir my gevra, hy wonder hoe sou ons lewens verloop het as ons nie getrek het nie en ons het in die Oos-Kaap gebly. En ek weet wat agter daardie vraag was, "sou Zander nog gelewe het?" Jy weet, hy wonder maar net. Toe kon ek vir hom sê: "Ons lewe sou waarskynlik anders geloop het, maar ons sal nog dieselfde dinge leer op die pad…Om uit te reik, om vérder te kyk, om sagter te wees". Ek sou waarskynlik geleer het om sagter te wees deur ander goed ook, maar deur hierdie dood het ek dit ook geleer.

4. Samevatting: Uitdaging

Die gesinne se vermoë om hul kinders se verliese te beskou as uitdagings het op verskeie maniere `n positiewe verskil in hul aanpassing gemaak. As sodanig het hulle getuig van nuwe perspektiewe op hul kinders se sterftes, persoonlike groei en veranderde lewens-sienings. Die gesinsgehardheid-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

komponent van uitdaging is blykbaar ook onderskryf deur gender-norme en kulturele oortuigings en het verskil na gelang van die maniere waarop kinders gesterf het.

5.3.1.3 Beheer

In die huidige studie het die gesinsgehardheid-komponent van beheer gewys op `n innerlike motivering van gesinslede om doelgerig en met self-vertroue gesamentlik voort te gaan met hul lewens ná verlies. Die gesinsgehardheid-komponent van beheer is daarom geïdentifiseer in die ouers se algemene wyses van streshantering, besluitneming en die maniere waarop die deelnemers verantwoordelikheid aanvaar het vir hul aanpassing ná die dood van hul kinders. Dié verantwoordelikheid wat deur die gesinne geneem is, is verder onderskryf deur `n kritiese ingesteldheid jeens voorskriftelikheid, `n gerigtheid op die toekoms, positiewe denke, asook vergifnis en self-vergifnis.

1. Streshantering en Gesamentlike Besluitneming

Met betrekking tot die deelnemers se wyses van streshantering het dit eerstens geblyk dat ouers gesteld was daarop om prioriteite te stel rakende gesinsverpligtinge. Die volgende deelnemer het dié ingesteldheid soos volg verwoord:

> 019M: Stres se antwoord lê in die woord, "stres"…Kyk of jy nie `n ander woord kan maak met daardie letters nie…"*rest*". So wat beteken dit? Jy moet net die letters herrangskik. Al wat jy moet doen is, herrangskik jou prioriteite...Kyk waar kan jy jou prioriteite anders aanpas in jou lewe. Waar moet jy jou klem verskuif? Wat van wat nie so belangrik is nie kan jy los? So op dié manier skep jy vir jouself rus en kan jy jou dagtaak beter voltooi. [stilte] *That`s the answer*.

In hierdie gesin se geval is daar ook terugskouend gelet op die belang van `n geroetineerde lewen-styl, wat gesinslede op kon steun om stres te oorkom. Dit was duidelik dat die volgende deelnemer roetine en struktuur nodig geag het om sekere dagtake te verrig:

> 019V: Sjoe, ek was van altyd af baie geroetineerd. Ek dink dit het `n baie groot rol in my lewe gespeel, want sekere tye móét dít gedoen word en dát gedoen word.

> 019M: Jy kan jou horlosie stel. Sy sê, "wil jy koffie hê?" Dan kan jy kyk, dis half-vier.

> 019V: [lag] Ja, ek is nou nog so, nou nog so.

Die deelnemers het ook tydens die onderhoude uitgebrei oor belangrike besluite wat hulle in hul lewens moes maak. Dit was in die volgende deelnemer se vertelling duidelik dat sy gesin groot

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

lewensbesluite bespreek het met mekaar en gesamentlik ooreengekom het op die beste opsies tot hul beskikking:

> 021M: Oor die verkopery, ons het daaroor deeglik besin, ons drie. Ek wou nie daar bly in my oudag nie. Sit die plek eerder op die mark vir `n goeie prys. Dit was ook `n deeglike besinning, want dit is `n plek met baie tradisie, maar tradisie kan jou nie aan die lewe hou nie…Om die eiendom te verkoop was `n groot ding…maar as jy op die regte manier besluit het daaroor dan is dit ook nie so erg nie.

In `n soortgelyke opsig het `n ander gesin vertel hoe hulle uiteindelik tot die besluit gekom het om, ná hul dogter se dood, nie verder te probeer om nog `n kind te kry nie. Dit was opmerklik dat hierdie gesin in hul gesamentlike besluitneming verskeie opsies oorweeg het, maar toe uiteindelik berus het in die enigste keuse wat op daardie stadium vir hulle beskikbaar was:

> 024V: Die surrogaatskap het nie gewerk en toe het ons gekyk na aanneming. Pleegouerskap. En toe het ons net by `n punt gekom waar ons gesê het, “kyk, ons het dit nou probeer, kom ons los dit nou”. En ons het dit net daar gelos.

> 024M: Ja, `n ou moet ook vir jouself sê, as jy die dag oud is en jy sit daar op die stoep van die ouetehuis. Dan wil `n ou nie vir jouself verwyt nie met, “hoekom het ek dit nie daai tyd oorweeg nie?” Ja, `n mens soek die verskillende *alleys* en as daar niks daar uitkom nie dan moet jy vrede daarmee maak. Of as daar iets positiefs daaruit kom, *great*, dan is dit `n pluspunt, ja.

Vir talle ouers het dit gehelp om besig te bly ná hul kinders se sterftes. Dit is moontlik dat ouers op dié manier hul onmiddelike fokus verskuif het op ander sake om sodoende die aandag weg te lei van hul gevoelens van hartseer en skok:

> 030V: Gelukkig het ek nog, soos hy nou sê, nog `n bietjie gewerk. Nie te veel nie, maar by die universiteit. Ek werk so een dag, twee dae `n week. So dit was nie te veel nie. Dit was net genoeg.

Die volgende deelnemer het egter vertel dat sy op `n stadium besef het dat sy vir haarself kans moes gee om die werklikheid van die verlies te aanvaar. Sy het erken dat haar pogings om besig te bly veroorsaak het dat sy nie haar eie emosies omtrent die verlies van haar kind gekonfronteer het nie:

> 027V: Ek het uitgevind dat werk is nogal `n manier om uiting te gee aan sekere goed. `n Mens moet ook nie weghardloop nie. Om weg te hardloop van jou emosies deur jouself besig te hou, soos ek wel seker maar op `n stadium gedoen het, so besig gehou het. Maar mens moet iewers tot stilstand kom en die situasie in die oë kyk.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2. Verantwoordelikhede teenoor Oorlewende Kinders en die Gesin

Soms het die ouers se verpligtinge teenoor hul oorlewende kinders gedien as motivering om voort te gaan met hul lewens. Vir een deelnemer het dié besef haar gedwing om nie meer "in sak en as te sit nie", aangesien haar jong kinders haar "te besig gehou het" (022V). `n Ander moeder het aangedui dat sy "as ma nie tyd gehad het" om haarself "jammer te kry nie" (027V). Dit het inderdaad geblyk dat ma`s veral gesteld was op die welsyn van hul gesinne, selfs indien dit beteken het dat hulle hul eie verdriet nie aangespreek het nie:

> 024V: Ek sit dit eers daar op die agtergrond. Die familie moet nou eerste kom. Ek het eers seker gemaak. Almal moes eers gehelp word...Dit was belangriker vir my op daai stadium om my kinders te help en hy. Ek meen, hy was die hoof van die besigheid en ek moes op daai stadium besluite vir die besigheid doen, ja. Partykeer was dit seker nie altyd reg nie, maar ja. Dit is. Soos hulle sê, die vrou wil mos altyd eers die familie dra en dan, dan nou maar die res.

3. Vergifnis

Vergifnis en self-vergifnis was algemene temas in die deelnemers se vertellings. Dit was duidelik dat vergifnis `n noodsaaklike stap was in die gesinne se aanpassing ná die verlies van `n kind. Hierdie kwessies het meer dikwels na vore gekom in daardie gevalle waar ouers `n ander persoon direk aanspreeklik gehou het vir hul kinders se sterftes. Daar was `n konsensus onder die deelnemers dat dié mense uiteindelik vergewe moes word om te verhoed dat hulle as ouers "te veel bagasie" (027V) ná die verlies dra. Om uiteindelik die aanspreeklike persoon te vergewe, was egter `n baie moeilike proses, soos aangedui is in die volgende aanhaling:

> 019M: Ons het besluit dit was sy verantwoordelikheid…Gesê, "dis nie ons verantwoordelikheid nie". Hý weet presies hoekom Wian dood is en dat hy nooit iets daaraan gedoen het nie.

Uiteindelik het hierdie ouerpaar tot `n besef gekom dat hulle nie meer "met `n bitter in die hart" kon voortgaan nie (019M). Alhoewel dit vir hulle "nie maklik was nie" (019V), het hulle finaal besluit om die aanspreeklike persoon te vergewe:

> 019M: Jy maak op die ou einde vrede daarmee, omdat jy nie anders kan as om vrede te maak daarmee nie. Dit help nie jy maak nog `n oorlog nie. Dit is hoekom ons daai dokter vergewe het. Want as ons nou `n oorlog gemaak het, dan sou ons lewe nou erger gewees het as Duitsland ná die Tweede Wêreldoorlog. Verstaan? Ons sou totaal aan skerwe gewees het, as dit nie daarvoor was nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Te midde van die proses om ander te vergewe, was dit vir sommige ouers ook van belang om hulself te vergewe. Self-vergifnis is begryp as `n integrale aspek van die volgende ouer se aanpassingsproses nadat hy ook `n finansiële terugslag beleef het:

> 027M: Van my groot stappe in hierdie fase was om te vergewe. Ek het baie goed gelees. Hierdie self-vergifnis is die grootste *tool* vir hierdie hele lot. Om werklik jouself te kan vergewe, dan vergewe jy ander baie makliker. Jy moet jouself ook kan vergewe, dan kan jy dit deel van die verlede maak. Anders vernietig jy jouself.

Met betrekking tot die verlies van `n kind, is die belang van self-vergifnis ook aangedui. Die volgende ouer, wie se seun skielik in `n ongeluk oorlede is, het vertel dat sy moes ontslae raak van haar eie skuldgevoelens rakende hoe sy by tye teenoor haar seun opgetree het. Tesame hiermee het sy ook gelet op haar gevoelens jeens ander persone wat haar seun te na gekom het:

> 028V: As ma, byvoorbeeld, moes ek teruggaan in my hele grootword-proses tot waar ek ma is, tot waar ek êrens verkeerd opgetree het teenoor Zander. Klein goedjies, want ons het gewoonlik goed gou uitgesorteer. Ek moes myself vergewe vir sekere goed. Ook hoe ek ander mense moes vergewe het, wat verkeerd teenoor hom opgetree het. Op skool of maats of goed, wat vir my hartseer en slegte goed was. Dit moes ek ook oorgee. Jy weet, daar`s soveel prosesse wat in jouself plaasvind, maar as jy net aanhou leef en hierdie goed binne jou probeer dood leef, kom jy nooit by daai rou-proses uit nie. En ek dink dit is bitterlik nodig.

In die geval van `n ouer wie se jong dogter oorlede is as gevolg van `n hartkwaal, was daar `n bevraagtekening van haar eie aanspreeklikheid in die siekte van haar kind. In hierdie opsig het sy gewonder of sy tydens haar swangerskap onwetend "miskien die verkeerde medikasie geneem" het (027V). Haar vrese en onsekerhede rondom haar aandeel in die dood is uiteindelik besweer nadat sy spesialiste geraadpleeg het. Die bevestiging dat sy "niks verkeerd gedoen het nie" (027V) het haar gerusgestel en vir haar gehelp om haarself te vergewe.

`n Ouerpaar wie se seun selfmoord gepleeg het, het deeglik besin oor hul moontlike aanspreeklikheid in hul seun se dood. Dit het geblyk dat dié ouers inderdaad op `n stadium "met skuldgevoelens rondgeloop het" (030M). Tog het die feite dat hul seun reeds volwasse was; dat hy nie meer formeel in hul huis gewoon het nie en dat hy deeglik kennis gedra het van depressie en die behandeling daarvan, dié ouers se self-verwyte besweer:

> 030M: Dit het gemaak dat ons gevoel het dit was `n besluit wat hý gemaak het, onafhanklik van wat óns gedoen het of enigiets. [stilte] Ek bedoel, nou dat ek dink daaraan. Dit was ook `n groot faktor gewees…Niemand kan sê dit is enigiemand se skuld nie. Dit was sý besluit gewees, wat hy al lankal vantevore geneem het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4. Voorskriftelikheid

Talle ouers het kritiek gelewer op die idee van voorskrifte ten opsigte van die aanpassingsproses ná die dood van `n kind. Sommige deelnemers het dit uitdruklik gestel dat ander mense en kenners geen reg het om vir hulle aan te beveel "hoe `n mens moet hartseer wees of rou nie" (031V), aangesien "elke mens" die dood van `n kind "anders verwerk" (024M). Dit was daarom ook duidelik in die ouers se vertellings dat hulle meer dikwels krities ingestel was teenoor ekspert-kennis en teoretiese sienings omtrent verlies:

> 031V: Ek gaan nie dit lees nie, want jy`s besig met jou eie dinge hierso in jou kop. Jy`s besig met jou eie verwerking daarvan. Jy voel nou op `n stadium jý kan nou die boek skryf.

Op `n soortgelyke manier is die menings van geestelike leiers en sekere godsdienstige leerstellings soms ook krities in oënskou geneem:

> 024V: Die dominee kan vir jou sê: "Jong, jy kan nie die Bybel nou opsy skuif nie. Jy moet nou juis die Bybel nader trek". Dit werk nie so nie. Jy word so half en half rebels soos `n kind wat weer `n tiener is. Jy gaan nie vir jou laat voorsê nie. Elke persoon moet tyd gegun word om haar of sy eie besluite te neem en nie gedwing word daarin nie.

Dit was belangrik vir die deelnemers om hulself te bemagtig in hul aanpassingsproses ná die verlies van `n kind. As sodanig is dié proses beskou as `n saak wat "tussen jou en jouself" (024M) plaasvind. Voorskriftelikheid is dus beskou as `n belemmerende faktor in die ouers se eie, unieke reaksies op die sterftes van hul kinders:

> 028V: So sonder boek-kennis is ek deur hierdie. Ek dink `n mens moet net op die ou end eerlik treur. Dit is, dink ek, die kern vir my. Elke mens moet treur soos hy gedek is. Jy moet treur soos jy saamgestel is. Daar`s nie voorskrifte nie.

5. Persoonlike Verantwoordelikheid en Besluitneming

Dit het geblyk dat ouers geglo het dat daar `n "keuse" is in terme van "hoe mens reageer" ná die verlies van `n kind (031V). Een ouerpaar het vertel van `n doelbewuste "besluit" wat hulle moes maak "om self te genees en te aanvaar" (024M). So ook is die aanpassing ná die dood van `n kind beskou as `n proses waartydens daar besluit moes word of die ondervinding "vir jou `n beter mens sal maak" en "nie bitter sal maak nie" (029V). In dié verband het `n ander deelnemer die beheer wat sy in haar eie proses geneem het, soos volg verwoord:

> 028V: Jy kan kies of dit jou hard maak en of dit jou sterker maak. Weerbaarder om te kan lééf, om te kan sê, "ek ís in die lewe". Ek wil dapper leef. Ek wil nie net sit op `n bank en in sirkels dink nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Vir `n ander deelnemer was dit belangrik om deeglik te besin oor wat sy emosioneel beleef het ná afloop van haar seun se selfmoord. Dit het geblyk dat sy `n keuse gemaak het om haar aanpassings-proses in `n meer positiewe rigting te stuur:

> 030V: Ek het met sekere goed net besluit, *I`m not going that path*. Jy weet, dis net nie die moeite werd om in daai pad af te gaan nie. Ek kan nie onthou wat dit was nie, maar sekere goed het ek net besluit dis `n doodloop-straat om oor daai tipe goed te tob en te dink.

6. Tyd vir Nadenke

Dit was duidelik dat die deelnemers vir hulself tyd afgestaan het vir nadenke en geduldig was in die proses om aan te pas ná hul kinders se sterftes. In haar hartseerste oomblikke het een deelnemer vertel hoe sy "eers `n bietjie moes dobber om [haarself] weer te vind" (024V). Haar man het ook `n soortgelyke gedagte gedeel:

> 024M: Op die ou einde van die dag moet jy seker maar eers teruggaan en hier na jouself kyk. Sê: "OK, nee, ons vat dit maar weer van dag een af, jy weet. Bou dit op weer".

In die volgende deelnemer se vertelling het dit geblyk dat die tyd wat sy afgestaan het om na te dink oor haar verlies in die langtermyn vir haar van waarde was:

> 028V: `n Mens het ongelooflik baie stilte nodig en nadink-tyd. En ek dink dit is hoekom dit baie belangrik is dat `n mens moet rou. Dat mense nie vir jou sê, "gaan uit, gaan word `n bietjie deel, gaan weer vir `n slag na mense toe". Want terwyl jy sit en rou, jy besef dit nie eers nie, dan val goeters in plek. Jou gedagtes kry lê-plekke, jy weet.

Om sonder "nadink-tyd" (028V) net voort te gaan met die lewe ná die dood van `n kind is deur talle ouers beskou as `n gevaarlike wyse van hantering. Die konfrontering van die verlies en `n begrip van die gepaardgaande reaksies is daarom aanvaar as `n noodsaaklike aspek van die aanpassings-proses:

> 031M: Moenie net aangaan asof niks gebeur het nie. Want daar het `n massiewe ding gebeur wat jou lewe onherroeplik verander. En as jy nie tyd gaan maak, gaan jy nooit daardie innerlike vrede en aanvaarding ervaar nie. En dit kan later. Later kan dit nogal kwaai raak om te hanteer.

7. Emosionele Begrip

Die deelnemers het aangedui dat hulle moes "leer van hul emosies" rakende die verlies om hul eie emosionele reaksies "beter te verwerk" (027V). Met die ondersteuning van `n sielkundige het die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

volgende deelnemer geleer om sy eie emosies te verstaan en om te aanvaar dat sy verdriet-reaksies `n normale verwikkeling was in die aangesig van verlies:

> 024M: As jy die dag kwaad is, moenie dit wegsteek nie, jy weet. Jy is nou kwaad. Of as jy voel jy is nou nie lus vir werk nie, dis jou afdag. Dan is jy áf. Aanvaar dit. Jy is nou af en klaar. Baie ouens probeer sterk wees en sê, "nee jis ek kan nie vandag af wees nie, ek moet elke dag werk". Dan stel jy maar eintlik net die probleem uit. Jy *address* nooit die probleem nie of sê: "*OK*, nee man, ek is `n bietjie gekwes. Die goedjies moet nou maar hulle verloop neem en dan moet jy weer regkom met tyd".

Dit het geblyk dat die ouers nie probeer het om hul emosies omtrent die verlies te verberg of te beheer nie. Dit was eerder `n geval van om die emosies saam as gesin konstruktief te evalueer, te konfronteer en uiteindelik te rig op moontlike positiewe uitkomste:

> 028V: Die groot ding is: Aan `n emosie kan jy niks doen nie. Die hantering van `n emosie. Dít kan jy, jy kan dít uiteindelik rig. Jy kan dit nie beheer nie. Jy kan dit rig. So die kinders moes leer hulle emosies is `n gesonde ding. Dis nie `n, "ag nee man", nie, maar: "Hoe gaan ons nou verder? Wat maak ons met hierdie emosie?" En ek dink dit het ons in die rouproses uiteindelik ook gehelp.

8. Positiewe Denke

Die krag en waarde van positiewe denke is aangedui deur verskeie deelnemers. Ouer deelnemers het, in terugskouing, veral uitgebrei oor die aanvaarding van die werklikheid van hul verliese en hul pogings om "die beste te maak van `n slegte saak" en "om meer op die positiewe aspekte" van hul lewens te fokus (022M). Vanuit `n godsdienstige perspektief het die volgende deelnemer gewys op die sielkundige belang daarvan om "jou denke in ag te neem" (019M), wanneer stres en trauma ervaar word:

> 019M: Jy besluit vooraf, in jou self-gesprek, sê vir jouself, "*it`s not so bad*"…Jy weet, dit is waar wat in die Bybel staan, Matteus 4:23, juis die kwessie van self-gesprek. Daar staan, "wees versigtig wat in jou hart omgaan", die Bybel bedoel jou kop, né, "want dit bepaal jou hele lewe"…Dis self-gesprek daai, so al het ons soms teenspoed gehad, waarvan ons nogal gehad het, het ons altyd verbygekom, veral toe Wian nou so ernstig beseer is. Ons kon dit verbykom, ons kon dit verwerk.

`n Positiewe ingesteldheid en `n dapperheid om te midde van die skok en hartseer voort te gaan met hul lewens ná die verlies van hul babadogter is ook opgemerk in die volgende deelnemer se vertelling:

> 022M: Dit help nie om daarteen te baklei nie. Dis `n *fait accompli*, dit gebeur, jy aanvaar deur geloof dit was nou maar net vir jou beskik gewees, jy moet aangaan…Dis moeilik as dit jou raak. Dit kap vir jou en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

jy is `n bietjie emosioneel, word ge*rattle*, soos die Engelsman sou sê, maar nou ja, dan vat jy maar die stang tussen die tande, jy weet, die lewe moet aangaan.

9. Toekomsgerigtheid

Ná die verlies van `n kind het talle ouers getuig van `n gerigtheid op die toekoms. Vir die deelnemers was dit nodig om "vorentoe te kyk" (022M) en om "aan te gaan en nie in `n hoop te gaan sit nie" (021M). Dit was duidelik dat die ouers inderdaad beheer wou neem van hul proses om aan te pas ná die dood van `n kind:

027V: Jy het, daar is meer as dit, die lewe gaan aan. Dit begin, `n mens besef dit gou. Jy kan gaan sit op `n hopie, maar dit gaan niks help nie. Dit gaan nie die situasie verander nie. Die realiteite gaan aan.

Dit het egter tyd geneem om `n meer positiewe ingesteldheid jeens die toekoms te ontwikkel. `n Ouerpaar wie se seun selfmoord gepleeg het, het hul toekomsgerigtheid soos volg beskryf:

021M: Ná `n jaar besef ek toe die lewe draai, die lewe gaan aan. Dan gaan jy voort. Jy lig kop en dan gaan jy aan. Jy kan tog nie altyd terugkyk, altyd aan die verlede dink nie. Dan sal jy, almal van ons seker in `n strik beland later.

Om aan te pas ná die verlies van `n kind, was dit vir ouers van waarde om hul soeke na betekenisvolle verklarings vir hul kinders se sterftes te vervang met `n ingesteldheid op die toekoms. In dié sin het ouers begin vra "hoe gaan ons nou vorentoe?", in teenstelling met die vraag na "hoekom" hul kinders oorlede is (029V). Hierdie tipe vraagstelling is later in die aanpassingsproses gevestig in `n oortuiging van self-verantwoordelikheid om konstruktief met die lewe voort te gaan:

028V: Kyk, dit was een van die heel eerste gevoelservarings, wat ek gehad het na Zander dood is, is "hei, dit is te erg, wat moet ek hiermee maak?"...Ek het net gedink, "wát maak ek hiermee?" Dit was my enigste ding...Jy moenie eintlik vra hoekom nie. Jy moet vra: "Waarnatoe? Wat maak ek hiermee?" Want jy gaan nie antwoorde kry op "hoekom" nie. Nooit nie. So jy moet sê, "wat maak ek nou met hierdie stuk lewe wat ek nóú het?" Ek moet nou leer saam lewe met `n nuwe mens, want ek gaan nooit weer dieselfde wees nie.

Sommige deelnemers het egter deeglik besef dat die aanpassingsproses nie `n vaste eindpunt behels nie. As sodanig was dit duidelik dat ouers hul vermoëns om binne `n sekere tydperk "vrede" (019M) te verkry, realisties beskou het. Dit was eerder `n langtermyn visie op hul toekoms, wat vir die volgende ouerpaar die motivering gegee het om voort te gaan met hul lewens ná verlies:

019M: Moenie te gou genesing verwag nie. Wees voorbereid. Dit is nie `n bestemming nie…die vrede wat jy kry. Dit is `n reis. Die reis hou aan en aan en aan. Daar is verskillende stasies op dié reis en jy

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

moet jou gereed hou daarvoor en jy moet weet jy gaan, soos ons, `n punt bereik, wat jy daaroor kan praat. `n Tyd lank sal jy nie kan praat daaroor nie. Dit sal jou breek. Wees geduldig en gebruik jou kapasiteite wat jy het, jou geloof, jou vriendskap, jou ondersteuningsgroep, watookal en laat dit vryelik deel word van jou lewe sodat dit jou kan help op jou pad.

10. Samevatting: Beheer

In hierdie afdeling is die beheer wat ouers geneem het in hul aanpassing ná die dood van hul kinders aangedui deur verskeie interafhanklike oortuigings, gevoelens en dade. Die gesinsgehardheid-komponent van beheer is verder beïnvloed deur sekere kontekstuele faktore. Die beheer wat deur gesinne getoon is, het gesinslede gemotiveer om saam as `n eenheid voort te gaan met hul lewens.

5.3.2 Verdriet

Die verdriet wat ouers ervaar het ná die verlies van hul kinders is in verskeie vorme gerapporteer. Die dood van `n kind is eerstens deur die deelnemers beskou as `n abnormale gebeurtenis. Verder is verskeie uitdrukkings van verdriet geïdentifiseer, naamlik, teleurstelling, fisiese en kognitiewe reaksies, stilswye en geheimhouding, blamering, geestelike verdriet, terugflitse, asook simptome wat kon dui op `n depressiewe gemoed. In die geval van selfmoord, het die ouers sekere unieke verdriet-reaksies getoon. Sommige ouers het vertel dat hulle ook meer bekommerd was oor die veiligheid van hul oorlewende kinders, wat op hul beurt ook hul eie verdriet ervaar het. Tydens die onderhoude het ouers ook uitgebrei oor die rol van kultuur en die verloop van tyd in die belewenis van hul verdriet.

1. Die Abnormale Aard van `n Kind se Dood

Die dood van `n kind is deur die deelnemers beskou as die grootste en mees traumatiese verlies wat `n persoon kan beleef. Die ouers het aangedui dat die dood van `n kind `n “onbeskryflike” (025V) gebeurtenis verteenwoordig het, wat hulle “aan geen mens in die wêreld sou wou toewens nie” (032M). Die intensiteit van die skok om `n kind te verloor, is deur die volgende ouerpaar soos volg verduidelik:

019V: Daar`s `n woord wat beskryf as `n vrou haar man verloor het. Sy is `n “weduwee”. As `n man sy vrou verloor het, dan is hy `n “wewenaar”. Maar wat is jy, as jy `n kind verloor het?

019M: Ja, dit is waar. Daar is nie `n woord daarvoor nie. Jy kan dit nie omskryf in `n woord nie. Iemand het ook een keer gesê dat die verlies van `n kind is gelyk aan meer as `n skok van agt op die Richter-skaal. Aardbewings en goed. En dit is nie, dit is nie omskryfbaar nie. Jy kan dit nie omsit in `n syfer. Jy kan dit nie omsyfer nie, jy kan dit nie verwoord nie. Geen manier.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Verder is die dood van `n kind beskryf as `n "abnormale" (020M) gebeurtenis, wat `n mens "nooit sou verwag nie" (022V). Om die verlies van `n kind te konfronteer is ervaar as "totaal iets anders" (029M) in vergelyking met die reaksie op die verlies van "iemand wat in `n hoë ouderdom te sterwe gekom het" (020M). Die volgende ouerpaar se vertelling het ook gewys op algemene kulturele verwagtinge jeens die dood:

> 024M: Ek dink die mens, enige mens, ons is nie gemaak om jou kinders te begrawe nie.
>
> 024V: Kyk, jy word nie met daardie idee groot nie.
>
> 024M: Ja, jy`s nie so ingestel nie.
>
> 024V: Jy gaan mos, jy, jy begrawe jou ouers. Jy gaan nie, jy begrawe nie jou kinders nie.

2. Teleurstelling

`n Groot faktor in talle ouers se verdriet was die teleurstelling rakende die kind se "fantastiese toekoms", wat skielik "vernietig is" (019V). Ouers se eie verwagtinge en "drome is onderbreek" (029V), soos ook opgemerk is in die volgende vertelling:

> 019M: Die gemis bly. Die gemis word groter en groter as jy dink in terme van hoe hy sou ontwikkel het en hoe dit ons sou geraak het...Want jy dink nou, Wian kon getrou het, hy kon kinders gehad het. Hy kon nog, soos sy ouma altyd gesê het, `n regter word eendag. So as ons nou van iemand in die reg lees, dan wonder ons, waar sou hy vandag gewees het? Hoe ver sou hy ontwikkel het? Sou hy in die regswese nog gewees het? Of sou hy dalk in besigheid gegaan het, of, wat sou hy gedoen het? So daardie wonder, wonder, wonder, wonder, verstaan? Daardie wonder laat jou gemis nog groter word.

Vir ouers wie se kinders net ná geboorte oorlede is, was daar ook `n sterk gevoel van onvervulde verwagtinge, al het hulle "nooit die baba geken nie" (022V). In hierdie spesifieke gesin se geval is die teleurstelling van die verlies van `n jong kind soos volg verwoord:

> 022V: Dit was baie traumaties, omdat dit nou jou eerste kind is. Jy het die opwinding van hier kom `n baba en die hele familie is *agog*, want Oupa moet mos nou `n naamgenoot kry en al sulke dinge. Dis toe `n dogter.
>
> 022M: Ja, dit was eintlik `n vooruitsig soos sy nounet gesê het en dis die eerste kind en in my familie sou sy die eerste kleinkind gewees het. Die groot opgewondenheid…en dan hier [klik vingers] netso. Dis `n groot teleurstelling.

Deelnemers wat tiener-kinders afgestaan het aan die dood is veral herinner aan hul verliese, wanneer hulle opgelet het hoe die kinders se vriende volwasse begin word het. As sodanig was dit

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vir dié ouers veral teleurstellend, aangesien hul kinders dood is op `n stadium waar hulle hul eie identiteite begin ontwikkel het:

> 031V: Dit was in hierdie wonderlike ouderdom waar alles vóórgelê het.
>
> 031M: Ja, hy was in `n verhouding.
>
> 031V: Hy was `n betrokke kind in die skool en met *great* pelle en dit het vir my gevoel dit is nou net hierdie *wow*-tyd.
>
> 031M: Ja en veral omdat ons nou vir Tiaan hier sien, wat saam met Herman gekom het van die laerskool af…En hy is nou klaar. Hy`t nou klaar geswot en hy gaan nou Japan toe of êrens weg. Ja. En jy wonder wat sou geword hét? Watse rigting sou Herman ingeslaan het? Watse kar sou hy gekoop het? Sou hy en Lindie nog bymekaar gewees het? Jy weet, daai tipe van goeters.

3. Unieke Verdriet-Reaksies in die Geval van Selfmoord

Unieke verdriet-reaksies het voorgekom by daardie gesinne waarin kinders selfmoord gepleeg het. Dit was duidelik dat dié ouers gesteld was daarop om die redes uit te vind, wat aanleiding kon gee tot die kinders se besluite om hul lewens te neem. In die gevalle waar die kind `n afskeidsbrief gelos het, was dit makliker vir die ouers om die kind se besluit te aanvaar. Andersins is ouers gedwing daartoe om self te spekuleer:

> 025V: Die ding is ek dink. Jy weet, sy studies. Sy tyd het uitgeloop. Dit was mos eintlik sy laaste jaar wat hy kon op universiteit gewees het. Man, hy moes mos sy dinges nog gaan klaarmaak het. Nou ek dink sy goedjies was nie lekker agtermekaar nie. En hy was bang dat, ag, hy`t seker gevoel hy wil nie ons teleurstel nie.

Ander ouers wie se kinders selfmoord gepleeg het, het egter ook aangedui dat hulle geen vermoede gehad het dat hul kinders dit beplan het nie:

> 021M: Dit was nie `n geval dat dit `n lang aanloop gehad het, dat ons gesien het dat hy `n probleem het nie…Jy weet, ons het dit nie voor die tyd gesien nie. Hy`t by ons in die huis gebly. Ons kon niks lees nie. Agterna, ja. Hier dink jy ons was gelukkig ons al drie hier saam. Toe dit nou gebeur en jy nou agterna dink en oplees oor dié goed dan sien jy daar is nou ietsie wat jy nou aan dink, “maar ek het dit opgetel”. Dat hy partykeer baie lang tye alleen was. Dat hy partykeer vreeslik entoesiasties sou wees om iets aan te pak. Dan begín hy werk aan iets. Hy`t sulke stoeltjies gemaak, jy weet, sulke kamp-stoeltjies, opvou-stoeltjies. Klomp hout gekoop en klomp goed klaargemaak dan die boutjies en die moertjies als gekoop. En toe staan dit daar, hy doen dit nie, hy maak dit nie verder nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4. Fisiese en Kognitiewe Verdriet-Reaksies

Dit was duidelik in daardie gevalle waar die ouers vertel het van die doodsgebeurtenis, dat die verlies van `n kind `n "enorme skok" was (032M). Vir een deelnemer het dit haar "hele lewe tot stilstand" gebring (024V), terwyl dit vir `n ander ouer gevoel het "asof die wêreld sy agterkant" vir hulle gewys het (020M). `n Ouer deelnemer was oortuig daarvan dat die "skok op die liggaam" (020M) ná sy dogter se dood gelei het tot die kanker wat hy ontwikkel het. In sommige gevalle is ouers se verdriet-reaksies inderdaad uitgedruk in fisiese terme:

> 025V: Hierdie aanhoudende seer brandgevoel hier op jou bors aan die linkerkant. Jy kan amper sê dis op jou hele bors. Dis `n brand, brand, brand, seer gevoel, wat jy nie eintlik vir iemand kan verduidelik wat dit is nie…Man, dis `n fisiese séér. Soos `n brandgevoel wat jou hier in jou bors, in jou keel vir jou vasvat. Jy kan dit nie amper vir ander mense verduidelik nie.

Die "besef van die realiteit" (032M) dat `n "kind nie meer leef nie" (025V) was `n bykomende skok vir die deelnemers. Die werklikheid van die verlies van `n kind is beskryf as "iets wat nie dadelik insink nie" (024V). Wanneer die dood van `n kind uiteindelik ervaar is as "*genuine* finaal" (027M) het dit as `n groot skok voorgekom, soos aangedui is in die volgende aanhaling:

> 020V: Dié dag, die dag na haar begrafnis. Daai Dinsdagmiddag het ek nou gevoel ek kolk nou in. Toe`t my wêreldjie gaan stilstaan. Ek dink daai middag het dit my werklik gevang. Die werklikheid. En ek het daar op my bed gelê en ek het so na die dak gestaar, want dit was vir my. Ek kon nie eers my oë toemaak nie, dis net, jy het geen krag nie. Daar`s niks meer in jou oor nie.

Alhoewel die meeste ouers in besondere detail kon vertel hoe hulle kinders gesterf het, was dit duidelik dat die dae net ná die sterfdatum nie werklik onthou kon word nie. Een gesin het byvoorbeeld dit moeilik gevind om te herroep "wié almal daar by die begrafnis was" (032M). In terugskouing kon `n ouer ook "bitterlik min onthou" (020M) van die dae net ná sy dogter se afsterwe:

> 020M: Vir daai drie dae daarna, dit was vir my, ek weet nie, ek kan nou nog nie glo. Ek weet nie wie hier was nie. Hulle sê ek was in die huis. Dit was vir my so `n waas, ek weet nie.

5. Stilswye en Geheimhouding

In die dae ná sy dogter se dood het `n deelnemer vertel van sy onvermoë om te kommunikeer met ander. Dit was duidelik dat die skok van sy kind se dood vir hierdie deelnemer tot stilte gedwing het:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

020M: Jy kan nie praat nie. Jy is so verslae, verstom. Jy het nie taal om mee te praat nie…Jy`t nie taal nie. Jy`t geen taal nie. [stilte] Jy bly net stil. Jy`s elke dag daarmee opgesaal.

Alhoewel een vroulike deelnemer geglo het dat dit "beter is om te praat" (020V) oor haar seun se dood, het sy erken dat sy nou nog nie gemaklik was om dit te doen nie. Vir `n ander deelnemer was dit `n kwessie van tyd voordat sy vir mense begin vertel het binne die ondersteuningsgroep waarby sy aangesluit het:

025V: En ek kon nie sê wat het my kind oorgekom nie. Ek het net die mense sit en kyk. Ek was seker so twee, drie maande daar totdat ek begin deelneem het aan die gesels.

`n Ander ouerpaar se stilswye was as gevolg van die feit dat hulle die omstandighede rondom hul seun se dood geheim wou gehou het. Dié ouers het vertel dat die onderhoud vir hulle `n geleentheid gegee het om gevoelens en gedagtes uit te druk wat hulle nie binne ander sosiale omstandighede kon gedoen het nie:

019V: Dit is so moeilik, al die jare, dat niemand ooit geweet het wat werklik gebeur het nie.

019M: Dit is `n intieme, persoonlike ding.

019V: Dis nie iets wat jy met enigiemand kan praat nie.

Een ouerpaar het erken dat "wankommunikasie" rondom hul jong dogter se dood `n langtermyn "negatiewe invloed" op hul verhouding gehad het (027V). Dit het geblyk dat hulle, in terugskouing, die geleentheid sou wou gehad het om hul verdriet-reaksies openlik te deel ná die verlies:

027V: Ek en Andries het maar oor die jare ook ons probleme gehad en dit kom ook maar van daai tyd af, wat ons nie regtig berading gehad het of saam deur hierdie ding kon werk nie. Dit is ongelukkig ook nog `n nagevolg daarvan, ek besef vandag nog.

6. Kulturele Invloede op die Uitdrukking van Verdriet

Volgens die ouers was daar `n sterk moontlikheid dat hul kulturele agtergronde die uitdrukking van hul verdriet beïnvloed het. Dié menings is gevorm deurdat ouers hul eie kulture se algemene reaksies op die dood vergelyk het met ander kulture s`n. Dit het geblyk dat die deelnemers veral krities gestaan het teenoor sekere kulturele verwagtinge dat die openlike uitdrukking van emosies rondom die verlies van `n geliefde ontmoedig behoort te word:

031V: Die wit Afrikaanse mense, die konserwatiewe agtergrond waaruit jy, ek beslis van kom. Jy moet tog net ten alle koste jou *pose* hou.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

031M: Ja, anders as by die swart mense, waar hulle uiting gee en hartstogtelik treur. Dieselfde met die kleurlinge ook.

031V: Ek dink as `n mens, as ons net `n bietjie minder geïnhibeerd wou wees wat dit betref, sou dit miskien `n bietjie makliker gewees het om miskien die hele proses te hanteer. As ek kyk hoe rou daai swart vrouens as hulle `n kind verloor. Ek meen hulle rou hier uit die diepste van hulle wese uit.

031M: Maar ek dink dis `n Wésterse ding. Ek dink dis `n Westerse ding waar die intellek baie beslis `n groter rol speel as die rou emosie.

"Afrikaners" is beskou as `n kulturele groep wat in die algemeen "skaam is om te rou" (032M) en wat, met betrekking tot emosies, nie "weet hóé om dit uit te druk nie" (032V). `n Ander deelnemer het ook genoem dat daar binne die "Afrikaanse kultuur" (030V) die verwagting bestaan dat naasbestaandes so gou as moontlik moet aanbeweeg met hul lewens en hulself verlos van verbintenisse met die oorledene. Haar man het egter geglo dat dié verwagting, histories gesproke, `n relatief nuwe verwikkeling binne dié kultuur verteenwoordig het:

030M: Die amptelike rou-proses is in die swart kulture baie langer. Onder Afrikaners was dit seker ook so vroeër jare. Mans het `n swart bandjie gedra en vrouens het, die weduwee het ook swart gedra vir `n láng tyd om te wys ek is in rou, jy weet.

030V: In die Afrikaanse kultuur is dit nou so wég, dit is kláár. Jy sal sommer die prente van die mure afhaal dat jy nie nou meer kyk na die dooie nie en allerhande sulke goeters.

7. Geestelike Verdriet

Geestelike verdriet is geïdentifiseer in die ouers se beoordeling van die verlies as `n sinnelose en "onnodige" (024V) gebeurtenis. Talle ouers het gewonder "waarom [hul kinders] spesifiek dood" is en nie iemand anders of hulself nie (024V). So ook is hul kinders se sterftes beskou as "onregverdig" (027M). Die volgende vroulike deelnemer het hierdie beskouing soos volg uitgedruk:

027V: Die onregverdigheid het vir my daarin gelê dat, jy weet. Kyk, daar in die dorp waar ons gebly het, was daar hierdie losbandige meisie. Ek het nog op `n stadium vir haar skool gehou en sy`t so ses, sewe kinders by ses, sewe verskillende mans gehad. Dan loop ek elke dag en sien hierdie verwaarloosde kindertjies wat deur die kerk versorg word. Dan dink ek is dít nou regverdig? Hoekom dan? Ons het dan vir Karen so goed versorg en hierdie vrou laat haar kinders in die straat rondloop en gee nie vir hulle kos nie. Daai soort van om sin te maak van hierdie tipe goed. Dit is nie so maklik nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Sommige ouers het gewys op `n bevraagtekening van God se wil om hul kinders "te vat" (032M). Die ouers het erken "dat daar woede was" teenoor God en dat dié "kwaad-wees" ook veroorsaak het dat hul godsdienstige gedrag verander het (027V):

> 024M: Nee, ek was kwaad vir Hom. Verstaan, maar dit is ook elke ou se persoonlike reaksie…Ek het sommer later Sondae gesê, nee wat ek voel nie lus vir kerk nie. Ek bly sommer by die huis. Sy het toe elke dag Sondae kerk toe gegaan. Kinders vra dan, "hoekom gaan Pappa nie saam kerk toe nie?"

Selfs in die geval van `n ouerpaar wat getuig het van `n sterk geloof in God te midde van hul hartseer is daar steeds `n verandering aangedui in hul geloof in die waarde van sekere godsdienstige rituele, soos gebed:

> 029M: Kyk, aan geloof kan jy niks doen nie. As jy kind is van die Here, bly jy altyd `n kind van die Here. So, daar kom `n stadium wat jy al die fases deurgaan. Daar kom `n stadium wanneer jy voel die Here het jou in die steek gelaat. Daar`s nou `n gaping: "Hoekom moes dit nou gebeur?"

> 029V: Ek dink jy glo nog altyd, maar as ek nou eerlik moet wees, sal ek sê ek het rerig my vertróúe in die Here verloor, omdat jy vertrou jou kinders en jou man en dit wat vir jou belangrik is, vertrou jy aan die Here toe. En dan skielik sterf jou kind en jy verstaan nie. Jy het soveel vrae en daar`s soveel raaisels wat onopgelos bly. En ek het al hoe minder. Ek het baie dae vir die Here geloof en dankie gesê en geprys, maar my versoeke aan die Here het baie afgeneem, omdat ek was te bang gewees om vir iets te vra, want ek was bang ek raak nou weer teleurgestel.

8. Blamering van Ander

In talle gevalle het ouers hul woede gerig op persone wat hulle aanspreeklik gehou het vir hul kinders se sterftes. Hierdie mense is meer dikwels geblameer vir die dood van die kind, wat beskou is as iets wat verhoed kon geword het. Sommige ouers het sterk gevoelens van vergelding gekoester en vertel dat hulle gedink het daaraan om diegene wat hulle aanspreeklik gehou het, aan te kla. Mediese dokters is veral beskuldig van nalatigheid in daardie gevalle waar die kind dood is net ná geboorte, as gevolg van siekte of as gevolg van ander mediese komplikasies:

> 032M: Ek neem hóm kwalik. Hoekom het hy nie van die staanspoor af, hy`t geraai, hy`t gesê malaria en toe het hy gesê breinvliesontsteking. As hy dan nie seker was nie, waarom het hy? Dit is wat die kardioloog, ek hou nie van die kardioloog nie, ek hou persoonlik self nie van hom nie, maar ek kan hom nie kwalik neem nie. Hy`t gesê as ek julle kind net `n bietjie vroeër kon gekry het. Hy sê hierdie skade het in die laaste week aangekom. Nou as daai dokter net gesê het daai dag, die tweede dag, "ek weet nie wat gaan aan nie, kom ek verwys jou na `n spesialis".

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

9. Simptome van Depressie

Die ouers se verdriet-reaksies het ook gedui op moontlike depressie simptome, insluitend gevoelens van hartseer, alleenheid, slapeloosheid, selfmoord-gedagtes, veranderings in eet-gewoontes en lusteloosheid. Ná die dood van haar kind het dit vir een ouer gevoel asof sy "in `n wêreld van [haar] eie" was (025V). `n Ander deelnemer het vertel hoe sy nie alleen in haar "huis kon bly nie", aangesien dit haar "gék" gemaak het, wanneer haar gesin nie saam met haar was nie (030V). In die volgende ouer se vertelling is die gevoelens van alleenheid in die dae ná haar kind se dood soos volg beskryf:

> 031V: Ek dink elke ou leef amper so half in sy eie wêreldjie vir `n lang tyd, jy weet. Jy`s hier in die huis, maar dis eintlik soos skimme wat hier, elke ou in sy eie wêreldjie, elke ou probeer net *survive* op sy eie manier.

`n Deelnemer wie se seun selfmoord gepleeg het, het haarself onttrek uit sosiale situasies. Dit het geblyk dat dié deelnemer geweldig geïsoleerd gevoel het ná haar kind se dood:

> 025V: Dit het my `n ruk gevat voordat ek weer saam met my susters na die kerk toe kon gaan [stilte]. Selfs net vir my lank gevat om net dorp toe gegaan. Lank gevat net om weer tussen mense te kom, want ek was amper te alleen om tussen die mense te kom. Ek het mense aanvaar as hulle hier na my toe gekom het, maar ek was eintlik bang om tussen mense te wees. Kon dit nie hanteer nie.

Ander ouers en veral manlike deelnemers het vertel hoe "kragteloos" (030M) hulle gevoel het om voort te gaan met hul lewens ná verlies. Een man het vertel dat hy op `n spesifieke dag gedink het daaraan "om [sy] eie lewe te neem" (020M). Ook het ouers beskryf hoe min lus hulle gehad het om hul werk weer te hervat:

> 021M: Ek was nou `n boer en daar op die plaas, die werk het maar so aangegaan. Die werkers het nou maar aangegaan met hulle dagtake. Ek het geen lus gehad om aan te gaan nie.

> 024M: Ons het ook ons eie besigheid gehad. Daar was seker so drie maande na haar dood, wat ek nooit eers by die werkswinkel gekom het nie, waar ek voorheen elke dag daar was. Ek het net nie omgegee nie, jy weet, of dié besigheid nou hoogs suksesvol is en of ons nou geen geld maak, of so. Dit het vir my nie gepla nie. Dit pla jou net nie. Dis glad nie `n prioriteit vir jou nie.

10. Terugflitse

Ouers het vertel dat hulle soms met `n skok herinner is aan die verlies van hul kinders. Een deelnemer het beskryf hoe hy steeds "nagmerries" kry oor die aand wat sy seun gesterf het (019M). Die deelnemers se herinneringe was dikwels in die vorm van terugflitse, wat veroorsaak is deur

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

spesifieke ervarings. Dié "*trigger*"-oomblikke (030M) was vir die ouers "soos `n mes wat steek" (019V) en wat "onmiddelik die trane laat kom" het (031V). In die volgende aanhaling beskryf `n moeder hierdie tipe oomblikke:

> 029V: Ag, iets klein kan gebeur of jy kyk televisie en jy sien net iets wat jou herinner aan jou eie kind. Ek bedoel as ek sien hoe iemand op sy motorfiets sy *helmet* vasmaak, dan herinner dit my aan Gerhard. Sekere klein goed wat hy gedoen het, ja.

Die volgende deelnemer het ook gewys daarop dat terugflitse `n durende gevoelservaring verteenwoordig het, wat nie maklik vrygespring kon word nie:

> 024V: Jy`s blootgestel, want jy weet nooit wanneer onthou jy weer iets nie. Jy weet, soos `n kind weerloos is teen die omgewing buite, jy weet, wat mense aan hom kan doen, so is `n ma van `n kind en `n ouer van `n kind en `n broer van `n kind wat dood is, weerloos teen onthou. Skielik is daar net iets wat jy onthou en dan maak dit jou so, jy`s maar net oop.

11. Bekommernisse oor Oorlewende Kinders

`n Bykomende reaksie op die dood van `n kind het behels dat ouers meer angstig geword het oor die veiligheid van hul oorlewende kinders. Dié vrese is ervaar as `n "angswolk" (022V), wat verlig is wanneer kinders gepas opgetree het om hul ouers te kalmeer:

> 020M: Wat my altyd geweldig geruk het, was, ek was so bang as Mattys iewers ver gaan dat hy nie weer kan terugkom nie. Dat ek dan als verloor het. Dat ons twee als verloor het. Nou nog is ek dankbaar as hy my net `n SMS stuur en vir my sê, "Pa ek is hier, ek is hier onder by die strand". Kyk, `n mens is dankbaar dat hy ook die soort mens is, wat omgee vir ons.

By die volgende ouerpaar het dit voorgekom dat die angs omtrent hul oorlewende kinders in intensiteit toegeneem het, wanneer `n kind dieselfde ouderdom bereik het waarin hul kind gesterf het:

> 027M: Frances was twee jaar en drie maande. Toe Naas twee jaar en drie maande oud word, daai was vir my `n vreeslike stresvolle tyd, dieselfde met Marie ook, amper meer met Marie, omdat sy ook `n meisiekind is. Daai tyd, daai twee jaar en drie maande was vir my `n *terrible* ervaring gewees.

> 027V: Ja, jy weet, dis so asof jy amper asem ophou. Sonder dat, jy weet, daar`s niks fout met die kind nie, maar jy hou asem.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

12. Broers en Susters se Verdriet

Die ouers het ook hul indrukke gegee van die verdriet-reaksies van hul oorlewende kinders. Volgens die ouers was skuldgevoelens en woede prominent by hul kinders. Dit het ook geblyk dat broers en susters van die oorlede kind hulself onttrek het uit sosiale aktiwiteite. Dit het gegeld vir ouer en jonger kinders:

> 031V: Sy was `n vreeslike sosiale kind. Sy`t ewe skielik nie meer gaan speel, gaan kuier by haar maatjies nie. Sy het nie meer dorp toe geloop of gaan oorslaap by `n vriendin nie of so nie.

> 024V: Ons het hom toe eers op vier speelskooltjie toe gestuur, want met sy sussie wat oorlede en sy maatjie wat weg is, het hy homself onttrek. Hy`t nie ge*worry* eers oor maatjies nie.

Ander kinders het, volgens die deelnemers, hulself "gedistansieer" (032M) van die situasie. Aan die een kant het kinders die dood van hul broers of susters "ontken" (019M). Aan die ander kant het sommige kinders die ouerhuis ook fisies vermy:

> 029V: Esté, wat toe 19 was, het baie maal die onderwerp vermy…Vir haar om huis toe te kom en Gerhard wat nie hier is nie. Dit was vir haar erg. Sy wou nie huis toe kom nie. Sy wou nie dieselfde badkamer gebruik wat hulle altyd gedeel het nie. Sy`t dit half probeer vermy en wegkom van dit. Dit was, ek dink, háár manier om dit te hanteer. Die oudste dogter wou ook nie altyd kom kuier het nie, want dan assosieer sy dit met Gerhard en die hartseer.

13. Die Tydfaktor

Die deelnemers is ook gevra tot hoe verre hulle saamstem met die uitdrukking "tyd heel wonde" (021M). Die ouers het in sekere opsigte aangedui dat tyd inderdaad `n rol gespeel het in hul verdriet. Vir die volgende deelnemer het die fokus op haar oorlewende kinders oor tyd gehelp om haar hartseer omtrent haar kind se dood te verminder:

> 022V: Oor tyd vervaag die hartseer of die hartseer word minder as gevolg van die bedrywighede van die opvolgertjies wat daar is. Jy weet, hulle hou jou besig en jy`s betrokke by hulle, so dan vervaag die hartseer eintlik. Die gras groei maar, die gras groei maar oor die spoortjies.

Die intensiteit van ouers se hartseer is ervaar as iets wat met tyd "sagter raak" (019V). Dit het geblyk dat ouers oor tyd ook "gegroei" het in hul aanpassing ná verlies en dat daar `n groter "aanvaarding" van hul kind se dood gerealiseer het (027V). Met die verloop van tyd is dié gevoel nog verder versterk:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> 029V: En tyd gaan nogal vinnig. Aan die begin voel dit asof dit stadig gaan, maar dis nou al vir ons vier jaar. Party dae voel dit vir ons soos gister. Op vier jaar dan voel jy jy sal nog vier jaar kan maak. Later voel jy jy sal dit nog kan maak.

Tog is verdriet met die verloop van tyd ook ervaar as `n wisselende gevoel wat "by tye maar net weer terugkom" (032M). Alhoewel hy "op party dae nie oor [sy seun] kan praat nie", het `n deelnemer ook vertel "dat daar dae is wat dit beter gaan" (021M). Die ouers was dit eens dat die verlies van `n kind beskryf kon word as `n "wond wat heel, maar nooit heeltemal weggaan nie" (019M). `n Ander gesin het hul verdriet-reaksies beskou as "*scars*, wat altyd daar sit" (024V), waarop `n "rofie" (024M) gevorm is. Die ouers het vertel dat hul grootste hartseer geheg was aan hul "gemis, wat die heeltyd vermeerder" het (019M). Inderdaad was dit duidelik dat die oorspronklike seer van die verlies van `n kind oor tyd "genees word", maar dat die "verlange" en "hartseer dat [die kind] nie meer" teenwoordig is in hul lewens nie "nooit weggaan nie" (032M). In hierdie opsig het die volgende ouerpaar die langtermyn impak van die dood van `n kind soos volg beskryf:

> 029M: Die ergste trauma gaan verby, maar die wond, dis soos `n amputasie. As jy `n been verloor het, jy word later gesond, maar die been is nogsteeds weg. So daai gemis is altyd daar. Anders as wat jy van `n siekte gesond raak, want dan raak jy heeltemal gesond. Maar dis soos `n amputasie. Die leemte is daar.

> 029V: Dit bly jou maar altyd by.

14. Samevatting: Verdriet

In hierdie afdeling is die verskillende reaksies wat op die ouers se verdriet aangedui het, gerapporteer. Daar is bevind dat die ouers melding gemaak het van verskeie algemene response, sowel as unieke uitdrukkings van verdriet ná die verlies van `n kind. Kontekstuele faktore, soos die wyse waarop die kind gesterf het, kultuur, die gesinslewensiklus en die verloop van tyd het ook klaarblyklik `n invloed gehad op die deelnemers se verdriet-reaksies.

5.3.3 Die Voortdurende Verbintenis

Die voortdurende verbintenis met die oorlede kinders is aangetoon deur die ouers se herinneringe, hul beskrywings van die kinders se persoonlikhede en talente, `n besorgdheid met die liggaamlike oorskot van hul kinders, asook spesiale artefakte wat hulle herinner het aan hul kinders. Boonop was dit ook die geval dat gesins- en familielede, asook die kinders se vriende hul herinneringe van die oorlede kind gedeel het. Laastens het sekere seremonies waartydens die kinders se lewens herdenk is ook bygedra tot `n voortdurende verbintenis.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1. Herinneringe

Die voortdurende verbintenis is eerstens in stand gehou deur middel van positiewe herinneringe. Dit het geblyk dat die ouers gretig was om dié herinneringe te deel tydens die onderhoude. Sommige ouers het veral uitgebrei oor hul seuns en dogters se jong kinderdae, wat hulle aan teruggedink het met "absolute *joy*" (027M). Hierdie vertellings het dikwels gehandel oor spesiale tye wat die ouers en kinders saam spandeer het:

> 021M: Ek onthou die tyd toe die televisie begin het. Hoe die kinders dit geniet het om Wielie-Walie en hierdie kinderprogramme te kyk. En dan`s die ding nou klaar met die name wat so afrol dan terg ek nou en sê dis "klaar-klaar-klaar!" Nou ou Mattys wou dan moeilik raak en hy sê "issie-issie-issie!"

> 019M: Ons het in `n kulturele rykdom geleef. As ons opera toe is, is hulle saam. Wian het so tussen ons bene aan die slaap geraak op die vloer.

> 019V: Ja en my tyd, ek was altyd by die kinders gewees, wat vir my wonderlik was. Ag, as ons gery het, het ons altyd gesing en gediggies gedoen.

Die "herinneringe in die hart" (027V) het ook insidente ingesluit, wat gewys het op die noue bande wat daar tussen ouers en hul kinders was. Die volgende ouer het byvoorbeeld vertel hoe sy by haar seun besoek afgelê het toe laasgenoemde op universiteit was:

> 025V: Dan begin ek solank met die kos. As die kos nou amper klaar is, dan dek Greg die tafel en dan steek hy die kerse op en die tafelmatjies…Dan begin ek solank met die kos. As die kos nou amper klaar is, dan dek Greg die tafel en dan steek hy die kerse op en die tafelmatjies…Soms neem ek nou my skoolboeke saam dan lê en merk ek daar. Dan sê ek, "Greg, speel so bietjie vir my daar op die kitaar?"

Verder het ouers ook vertel van hul laaste oomblikke saam met hul kinders. Dit het geblyk dat hierdie herinneringe veral vir die ouers betekenisvol was. In die volgende deelnemer se vertelling was dit ook duidelik dat hy geglo het dat sy laaste dag saam met sy seun `n gepaste afskeid verteenwoordig het:

> 032M: Toe wou hy Kampsbaai toe gaan, maar eers by die Kentucky stop, want hy wou `n *burger* kry. Ek sê, "hou jy daarvan?" Hy sê, "ja Pa, ek hou baie daarvan". Elkeen het `n *burger* gekoop en dit geëet, maar ek het hom dopgehou in sy karretjie, ons moet met sý karretjie ry. Maar hy éét daai *burger* en ons het onder hierdie bome stilgehou. Ek het net so een happie gevat en gemaak of ek eet. Toe hy klaar is toe sê ek vir hom, "maar Kleinjan, ek het nou nie lus vir hierdie *burger* nie, wil jy nog dié een ook eet?" Toe sê hy, "ja Pa"…En toe sê hy hy wil hê ek moet hom see toe vat. En toe sê hy hy wil nog net een keer met sy voete in die water stap. Toe wou ek nou nie kommentaar lewer nie, maar ek dink, "hoekom sê hy nog net

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> één keer?" Loop stap. En toe het ons teruggekom en hy het my verskriklik bedank. Toe sê hy dit was nog die lekkerste dag in sy hele lewe gewees.

2. Kinders se Persoonlikhede en Talente

Die deelnemers het ook tydens die onderhoude die persoonlikhede van hul oorlede kinders beskryf. Dit het geblyk dat een ouerpaar "baie gepraat" het met mekaar "oor watter kind [hul dogter] was" en dat dié gesprekke vir hulle "deurgedra" het (020M). In die volgende aanhaling het `n ouer ook uitgebrei oor sekere van sy seun se persoonlikheidstrekke:

> 021M: Met Thinus, as jy nou lank aan hom gekarring het, dan het hy trane in sy oë gehad. Hy was maar fynbesnaar, maar ook lekker kwaai. Ja, `n oulike mannetjie, maar ordentlik, jy weet.

Die ouers het ook vertel hoe hul kinders "uitgereik" (025V) het na ander mense toe en dat hulle omgegee het vir ander. So het een deelnemer genoem hoe haar seun "gesit het saam met Oupa" en "hom gevra en gesels het oor sy jong dae" (030V). `n Ander ouer het weer haar seun beskryf as `n "mooi mens van binne", met "die Here in sy hart" (025V). In die volgende uittreksel het dié ouer gewys op haar seun se omgee vir ander:

> 025V: Hier in die Oos-Kaap het hulle gaan *hike*. Hulle is ook op Durban toe, waar hulle onder die see, ek weet ook nie wat hulle als gedoen het nie. Hulle was by `n plek, een van die swart plekke waar hulle vir die kinders gaan kos gee het…Toe hy terugkom het hy vir my gesê, "Mammie, dit was so seer om te sien hoe die kindertjies hardloop met hulle bekertjies as hulle aankom met die kos". Jy weet sulke goed. Hy was lief vir sulke tipe goedjies.

Dit het geblyk dat die deelnemers gesteld was daarop om die uitstaande kenmerke en spesifieke talente van hul kinders uit te lig. As sodanig is een seun beskryf as `n "kranige visserman" (021M), terwyl `n ander ouer vertel het van sy seun se uitstekende vermoë as skut:

> 028M: Ek sê: "Zander, bo-op die geweer is `n pyp en binne daai pyp is daar `n kruis en daai kruis moet jy bring op die ding wat jy wil skiet. Dan moet jy stadig die sneller trek totdat die skoot af gaan. Dan behoort jy daardie ding te skiet waarop jy die kruis gemik het". Die oom kom toe en sê, "Boeta, hier`s die geweer" en hy gaan plaas `n blik seker so honderd meter ver. En ou Zander vat dooie rus en hy klap daai blik netso.

In `n ander gesin se geval was hulle veral trots op hul seun se musiektalent. Hierdie deelnemers het boonop vertel dat hul seun as jong kind reeds potensiaal getoon het:

> 019V: Hy was briljant in musiek. [stilte] Toe hy al `n jaar en vier maande was, het hy al die Stem perfek gesing. Perfek gesing. As baba het hy al ritme gehad. Dit het al vroeg uitgekom. Toe hy vier was, toe

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> skakel ek die universiteit. Die professor daar, die viool-dosent. Ek skakel toe die sekretaresse en sy sê toe, "Mevrou, ek sal sy naam op die waglys sit, maar daar`s `n honderd wat voor hom is". En ek sê toe, "nee, dit maak nie saak nie, solank hy op die waglys is". Toe is ek en Wian later daar vir die afspraak en die professor sê toe hy moet vir hom `n liedjie sing. Ek glo nie hy`t na twee reëls geluister nie, toe sê hy: "Mevrou, hierdie kind begin Maandag met viool. Dis nie `n talent wat jy kan mors nie. Hy`s een in `n miljoen".
>
> 019M: Dan staan hy daar met sy klein, kwart viooltjie. Dan staan en kyk hy daardie kant, kon nooit verstaan hoe die violiste nie eers hoef te kyk nie. Dan staan en speel hy Mozart.

Die volgende ouer het, op sy beurt, vertel dat sy seun "geniaal" was (032M). Hy het ook verduidelik hoe `n werkgewer sy seun se vermoëns beskryf het:

> 032M: Omdat hy so `n verskriklike intelligente, begaafde mannetjie was, was hy amper bekénd gewees, sal ek sê. Soos sy baas, hy`t die dag die huldeblyk gedoen, toe sê hy: "Almal het gedink Kleinjan Smit was slím. Almal was verkeerd gewees", sê hy. "Hy was nie slim gewees nie. Hy was briljánt gewees".

3. Die Herinneringe van Oorlede Kinders se Vriende

Vriende van die oorlede kinders het ook hul herinneringe met die ouers gedeel. Met verwysing na haar seun het een deelnemer getuig dat dit "wat [vriende] gesê het van hom" vir haar "as ouer goed laat voel het" (025V). Meer dikwels was dié herinneringe nie `n "hartseer saak" vir ouers nie, aangesien die vriende gepraat het oor "die mooi dinge wat hulle gedoen het" saam met die oorlede kinders (032M). Vir een ouer was dit "fantasties om met die vriende te gesels", aangesien sy ook van insidente te hoor gekom het "wat [sy] nie van geweet het nie" (030V). Dit was inderdaad so dat sommige ouers doelgerig met die vriende kontak gemaak het om juis dié mense se herinneringe van hul kinders te hoor:

> 030M: Die feit is `n mens waardeer dit om dit te hoor. Ek het vir baie van sy vriende gevra vertel my ietsie van Kallie of skryf ietsie oor hom oor hoe jý hom ervaar het. En op dié manier vertel ek weer vir Retha wat het so-en-so weer gesê. `n Mens hunker nogal daarna om méér van hom te hoor, jy weet, ook ander mense se herinneringe.

Dit het geblyk dat die deelnemers beslis die herinneringe van hul kinders se vriende positief ervaar het. Ouers het ook gereelde kontak met hierdie kinders geniet, aangesien dit vir hulle laat voel het dat hul kinders "spore getrap" (031M) het. Kontak met die vriende het vir die ouers laat voel dat hul kinders `n blywende invloed gehad het in ander se lewens:

> 031V: Ek dink `n ma, mý grootste vrees en ek het al met ander ma`s gesels, was dat haar kind vergeet sal word. Dat mense hom nie gaan onthou nie. En wat vir my *great* was, was die feit dat sy tydgenote in die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

skool moeite gedoen het om sy, wat wil ek nou sê, om hom léwendig te hou. Lewend te hou. Nie net deur kort besoekies of watookal nie, maar deur te groet en te bel…met spesiale dae en ek onthou wat ook verskriklik *nice* was, was toe hulle in matriek, op hul laaste dag van skool na my toe gekom het. Daai tipe goed het ontsettend baie waarde, want dit help vir jou, of dit maak dit vir jou. Jy besef dan maar dit gaan nie net sommer. Jy weet, mense vergeet, vergeet hom nie.

4. Die Gedeelde Herinneringe van Gesinslede en Ander Familie

Op `n soortgelyke manier het gesinslede en ander familie ook hul herinneringe van die oorlede kind met mekaar gedeel. In een gesin se geval was dit duidelik dat die dogter gereeld met haar moeder gepraat het oor haar broer:

031V: Maar sy het verskriklik baie en sal soos sê, “onthou Ma toe ek en Herman nog dít gedoen het of onthou jy hoe ons pak gekry het as ons dát gedoen het?” So sy haal voortdurend staaltjies en sulke goeters aan wat sy onthou. Jy weet, haal sy uit.

Die ouerpare het self ook hul herinneringe van hul kinders met mekaar gedeel. In die volgende gesin se geval het die ouerpaar hul drome oor hul seun vir mekaar beskryf:

030M: Ons wou self oor Kallie gesels het. Oor sy dinge, jy weet. Amper half snaaks. Ons het mekaar gevra, “wanneer het jy laas oor Kallie gedroom?” En sodra ons iets van Kallie gedroom het, dan deel ons dit, jy weet.

`n Bykomende bevinding was dat lede van die familie dikwels die deelnemers uitgevra het oor die oorlede kind, selfs in daardie gevalle waar hulle nooit die oorledene ontmoet het nie. In dié opsig het `n kleinkind byvoorbeeld gedurig by haar grootouers probeer uitvind van haar ma, wat sy nooit geken het nie:

020M: Sy weet niks van haar ma nie…Sy weet nie daarvan nie, nóú wil sy by ons weet: “Speel vir ons die troue?” Wat het haar ma gesê, hoe het sy gepraat, hoe het sy gelag?…Sy het `n geweldige behoefte om uit te vind. Sy vra gedurig daai vrae. Sy sit by jou, sy wil dit weet.

In `n ander bejaarde ouerpaar se geval was dit hul dogter se seun wat, volgens die ouers, geweldige belangstelling getoon het in wie sy oom was en wat hy bereik het. Hierdie deelnemers het, klaarblyklik, ook geglo dat daar `n bonatuurlike konneksie tussen hul seun en kleinseun was, op grond van laasgenoemde se belangstelling in sy oorlede oom, asook sy soortgelyke voorkoms:

019V: Ons kleindogter het nog nooit een dag iets gevra van Wian nie, maar die kleinseun, hy vra vir ons.

019M: Hy verafgod hom…Hy weet ons gesels baie oor hom en hy`t sy musiek al gehoor.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

019V: Jy weet, dié naweek het hy weer by ons geslaap, toe het hy gevra oor sy oom Wian en gesê, "haai, maar Wian moes `n wonderlike man gewees het". Hy aanbid vir Wian! En hy`t hom nie geken nie.

019M: Hy ken hom net van foto`s af en so. [stilte] Ons voel net daar`s `n genetiese kontak, jy weet, een of ander verbintenis. Ek weet nie of dit buiteruimtelik is nie, maar daar is *some connection*. Jy weet, hy idealiseer en identifiseer met hom…En as jy die foto`s so kyk, hy lyk baie na sy oom Wian. Daar`s geen twyfel daaraan nie. Dis asof jy na dieselfde kind kyk, as jy na Wian se foto`s kyk toe hy nog klein was. Daar`s daai konneksie. Ek het geen twyfel daaraan nie. Dis *unreal*, soos die Engelsman sê.

5. Die Liggaamlike Oorskot

Dit het geblyk dat die ouers `n besorgdheid getoon het met die liggaamlike oorskot van hul oorlede kinders. Een ouer het aangedui dat die graf van sy dogter die "eerste plek was wat [hy sou] besoek", wanneer hy terug sou keer na sy voormalige tuisdorp (027M). Alhoewel die meeste ouers geglo het dat hul kinders se siele hul liggame verlaat het, was dit duidelik dat die oorskot steeds `n belangrike aspek van hul verbintenis met hul kinders verteenwoordig het:

022M: Noem dit nou maar die soort verbintenis of band wat `n mens nog voel. Met die oorskotjie of wat ook al daar nou nog oor is, daar`s seker nou niks meer oor nie. In die geeste het `n mens nog, nou ja.

Sommige ouers het gewys daarop dat dit noodsaaklik vir hulle was om naby die oorskot van hul kinders te woon. Een ouer was inderdaad "hartseer" oor die feit dat haar jong dogter "se graffie daar op die ander dorp is en dat [hulle] nooit daar uitkom nie" (022V). Hierdie ouerpaar sou daarom "as dit vandag sou gebeur het" eerder "die liggaam veras het" (022V). Dit het inderdaad in die algemeen geblyk dat verassing `n meer aanvaarbare opsie vir ouers was, soos ook aangedui is in die volgende aanhaling:

019V: Gelukkig het ons hom veras, so hy`t nie `n graf in Pretoria nie, anders sou ons nooit gekom het nie.

019M: En die rede daarvoor is ons het hom as `n vryheid van gees beskou. Ons wou hom nie laat bind aan een plek nie. Ons het dit half filosofies benader. Ons het sy as gebêre en toe het ons presies `n jaar na sy dood by die swembad `n spesiale boom vir hom geplant en net die dominee en sy vrou het gekom en ons huis was net op die randjie van hierdie pragtige vallei, langs die rivier wat daar inkom. Ons het daar gestaan, ons het sy as gevat en dit daar in die wind gestrooi…en toe`t ons gesê: "Daar is jy nou, jy`s deel van die kosmos. Al gaan ons ook waarheen".

019V: "Jy sal altyd by ons wees".

019M: "Die wind sal jou omvat en waar ons is, jy is by ons".

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In hierdie sin het dieselfde ouerpaar geglo dat hul seun op `n spirituele manier steeds teenwoordig is in hul lewens op grond van hul belewenis van die natuur:

> 019V: Die afgelope twee weke was hier `n wit skoenlapper, wat elke keer op Daan se skouer kom sit het. Nou weet jy, dan sê ek vir hom, "ons seun is hierso".

In `n geval waar `n kind selfmoord gepleeg het, het `n ouerpaar vertel dat hulle die laaste wense van hul kind vervul het deur sy liggaamlike oorskot te plaas op die plek van sy keuse. Dit het geblyk dat hierdie ouers dié plek beskou het as `n gepaste en vreedsame vesting vir hul seun se as. Dit was `n plek wat ook `n tydperk in hul kind se jong lewe verteenwoordig het:

> 030M: Dis `n plaas van baie goeie vriende van ons. Kallie was baie lief om daar te gaan speel op die plaas by die mense se kinders. Kallie het nog in sy briefie geskrywe, hy`t mos `n besonderse humorsin gehad, toe sê hy: "Moenie vir my saam met `n klomp dooie mense onder graniet begrawe nie. Veras my eerder".
>
> 030V: "En sit my as onder hulle boom".
>
> 030M: Toe`t ons dit nou letterlik gedoen en sy as daar in `n kissie, `n boksie daar begrawe. Daar`s `n mooi tuintjie daarbo met `n pragtige, pragtige uitsig oor die vallei.
>
> 030V: Jis, ja. Jy sien die hele area ver in die afstand. Dis pragtig, pragtig daarbo.

6. Artefakte

Afgesien van die kinders se liggaamlike oorskot het die ouers ook vertel van sekere artefakte wat hulle herinner het aan hul kinders. Volgens een deelnemer het dié artefakte "kosbare" voorwerpe verteenwoordig, wat `n "mens maar moet hou" (021M). Foto`s van die kinders is veral beskou as waardevol, soos aangedui is in die volgende uittreksel:

> 031V: Ek het foto`s wat ek van Herman kon kry, het ek opgesit teen sy muur. Ek het nie alles weggepak, want nou wil ek dit nie sien nie, want dit gaan my herinner aan hom nie. Want `n foto teen die muur gaan nie `n verskil maak nie. Ek gaan in elk geval elke oomblik van elke dag onthou. So dit het ek gedoen en dit was vir my goed.

Die voortdurende verbintenis met hul oorlede kinders is ook in stand gehou op alternatiewe wyses. So was dit die geval in een gesin dat hulle gereeld geluister het na opnames van hul seun se stem:

> 019M: Ons is dankbaar vir die feit dat ons sy stem kan hoor, wat ander mense nie het nie. Jy weet, nie net foto`s nie. Dis asof hy nou nog hier by ons is. Die bandjies wat ons opgeneem het toe hulle kinders was, dat hy nou nog met ons kan gesels en so dit alleen is `n vertroosting.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dit het voorgekom dat die ouers meer dikwels spesifieke voorwerpe behou het, wat hulle herinner het aan die "*highlights*" van hul kinders se lewens (024M). In nog `n gesin se geval is hierdie hoogtepunte ook byeengebring "op `n kreatiewe manier" in `n "*scrapbook*"-album (030V). Dit was belangrik dat hierdie versameling van foto`s hul kind se hele lewe verteenwoordig het. Daar is boonop moeite gedoen om hul kinders se vriende te betrek in die proses om dié boek saam te stel:

> 030V: Ja, van sy geboorte af tot nou heel aan die einde. Die boek is nog nie heeltemal klaar nie. Daar`s `n stukkie van Perth en nog `n stukkie van sy volwasse lewe wat ek nog nie foto`s van het nie. En die vriendinne belowe my almal hulle gaan vir my foto`s stuur, maar hulle kom nie so ver nie. Ek het nou weer vir hulle gevra waar`s die foto`s van *Rocking the Daisies* wat julle belowe het? [lag] Gee dit nou vir my, want ek wil dit hê. Daar moet nog `n bladsy inkom van die *rock-show* en `n bladsy van Perth. Vandag het ek nou weer goed gekry van Perth wat ek nog wil insit.

Die ouers het egter ontken dat hul besorgdheid met die fisiese herinneringe van hul kinders `n teken was dat hulle nie die werklikheid van die dood van hul kinders aanvaar het nie:

> 024V: Ek meen party mense…dan is dit agtien, twintig jaar na die kind se dood en alles is nog presies soos dit was. Ek dink dis `n fout daai, want jy, jy aanvaar dit nooit nie. In daai opsig dan nie. Jy bly hoop, maar waarop hoop jy? Iewers moet jy dit begin aanvaar.

As sodanig het artefakte wel gedien as `n herinnering van hul kinders se lewens. Tog het ouers verstaan dat hulle nie `n obsessie moes ontwikkel ten opsigte van die emosionele waarde van hierdie voorwerpe nie:

> 028V: Moenie sleg voel as jy gaan soek vir klein goedjies, klein simbooltjies van hier was die kind en dan breek daai simbooltjie en dan huil jy jou morsdood en dan moet jy weer besef, maar dit gaan nie oor daai simbooltjie nie…Ek moes ook weet dat dít is nie waaroor dit gaan nie. Daai simbool is wonderlik, maar ek moenie dááraan vasklou nie…`n Mens hoor mos van baie mense wat daar `n kamerdeur net so toe trek. Dit word `n *shrine* amper, né? Jou kind is nie dáár nie. Jou kind is nie by die kruisie langs die pad nie. Hy`s nie by die klipstapeltjie wat ons vir hom gepak het daar by Kalkbaai nie. Hy is nie dáár nie, jy weet. Ons moet dit weet. Dis maar net klein bewyse dat hy hier geloop het.

7. Seremonies

Gesamentlik het ouers ook `n voortdurende verbintenis bevorder deur sekere praktyke en seremonies. So is daar vertel hoe die gebruik om kerse te brand `n gereelde ritueel geword het, wat ouers "gehelp [het] om te begin aanvaar" dat hul kinders nie meer lewe nie, maar steeds in hul herinneringe voortbestaan (025V). Dié soort praktyke is inderdaad aanbeveel vir ander ouers wat ook met die verlies van `n kind moet saam leef:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> 031V: Doen dingetjies soos byvoorbeeld, jinne ek het lank, seker vir `n jaar, as dit nie langer was nie, het ek elke aand hierdie tyd vir Herman `n kers in sy kamer aangesteek. Dit het vir my baie gehelp, want dit het vir my gevoel dit is nog iets wat ek kan doen vir hom.

Spesiale datums, soos die oorlede kind se verjaarsdag, is ook aangemeld as `n dag waarop vriende en familie bymekaar kon kom om dié kinders se lewens te vier. Tydens hierdie geleenthede is daar `n kans gegun vir mense om hul herinneringe aan die oorlede persoon met mekaar te deel:

> 030V: Ons het besluit ons gaan nie die dag van Kallie se dood gedenk nie. Ons laat dit verbygaan…maar as hy die die dag verjaar…dan pak ons `n mandjie en ons vat koek en tee en dan gaan sit ons in die tuin waar sy as is en dan gesels ons oor Kallie. As die middag kom en die pelle wil kom vir koffie, dan maak ons koffie en gesels ons oor Kallie…oor sy lewe en hoe dit was, want dit was mos nou `n goeie dag toe hy gebore is. Dit was mos nie `n hartseer dag nie…Dit was mos `n *celebration*.

8. Samevatting: Voortdurende Verbintenis

In hierdie afdeling is die wyses genoem waarop ouers, tesame met hul kinders, hul oorlede kinders se vriende en ander familie hul herinneringe van die oorlede kinders met mekaar gedeel het. Tesame hiermee het dit geblyk dat die liggaamlike oorskot, artefakte en ook spesiale seremonies `n rol gespeel het in die ontwikkeling en instandhouding van die voortdurende verbintenis.

5.3.4 Ondersteuning van Buite die Gesin

Die deelnemers het aangedui dat hulle ná die verlies van hul kinders ondersteuning gekry het van buite die gesin. Die ouers is ondersteun deur verskillende persone, insluitend geestelike leiers, professionele persone, ondersteuningsgroepe, hul vriende en hul kinders se vriende. Verder het die ouers beskryf hoe eksterne steun nie altyd van waarde was nie en verduidelik wat hulle van hul kant af moes vermag om ontvanklik te wees vir dié ondersteuning.

1. Geestelike Leiers

Eerstens het die ouers aangedui dat predikante “baie ondersteunend was” (022V). `n Ander deelnemer het genoem dat hul gewese dominee tot vandag toe steeds `n “persoonlike vriend” van hulle was, wat hulle in die proses van aanpassing ná verlies “deurgedra het” (019M). Dit het geblyk dat sekere geestelike leiers vir ouers wat die verlies van `n kind ervaar het, bygestaan het in die korttermyn en die langtermyn. In die volgende geval, het die predikant onmiddelik die ouers te hulp gesnel toe hy uitgevind het van hul dogter se skielike sterfte:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

020M: En ons het toe huis toe gekom. O ja, terwyl ons hier was, ek weet nie wie gebel het, dit was die predikant en hy was in `n biduur en toe het hy deurgejaag na ons toe. Ek het gesê "nee dis nie nodig nie", maar hy`t gekom.

2. Professionele Hulp

Tweedens was dit duidelik dat sommige ouers hulself gewend het tot professionele geestesgesondheidswerkers, insluitend beraders, sielkundiges en psigiaters. Volgens een ouer het `n berader haar "gelei om vrymaking te kry" van die woede wat sy gekoester het teen die dokter wat haar seun behandel het (019V). `n Psigiater is ook deur `n ander deelnemer "binne die eerste maand ná [haar seun] se dood" gespreek om "medikasie" te kry (031V). Spesiale vermelding is ook gemaak van die steun wat nooddienspersoneel vir die volgende ouerpaar gebied het by die ongelukstoneel waar hul seun dood is:

029M: Weet jy waar ons die beste berading gekry het? Daar by die toneel. Die polisie wat daar was die aand…Mense wat rerig. Ek het nie gedink hulle kan só vir jou omgee nie.

029V: Dit was eintlik `n kapelaan en die ambulans-mense.

029M: Hulle het rerig vir ons bygestaan daar.

Die ouers het ook getuig van die waarde van psigoterapie. Een manlike deelnemer het deeglik uitgebrei oor die terapie wat hy ontvang het ná sy dogter se dood. Dit was opmerklik dat daar `n aanvanklike huiwering by hom was om `n sielkundige te spreek, wat moontlik kon dui op `n verwagting dat hy as vader emosioneel sterk moes voorkom ten spyte van sy eie verdriet. Dit het geblyk dat die sielkundige vir dié deelnemer gewys het op die normale reaksies op verlies, wat hom uiteindelik gehelp het om sy emosies en gepaardgaande gedrag te aanvaar:

024M: Ek het dit ook aan die begin gedoen. Gesê: "Wát? Wat moet ek nou by `n sielkundige gaan doen? Wat is daar fout met my? Ek het my eie besigheid en so". Ek wil terugkom na `n vorige punt. Ons is nie almal sielkundiges nie. Ons weet nie hoe al daai goed werk nie. Nou`s jy by iemand wat dit net kon verduidelik het. Jy dink by jouself, "jissie, ek voel af vandag en ek is `n regte swakkeling. Ek kan nie eers na my vrou en kinders kyk nie". Nou sê iemand vir jou: "Ag weet jy, dis orraait as jy vandag af voel. Moenie *worry* daaroor nie. Dis deel van die rouproses. Dis orraait, jy weet".

In hierdie gesin het beide man en vrou sielkundige hulp ontvang. Hulle het ook vertel hoe hulle hul ervarings van die terapeutiese proses met mekaar gedeel het. Dit was duidelik dat hierdie gesin se eie aanpassingsproses ondersteun is deur die medewerking van professionele persone:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> 024V: Ja, ek het baie keer huis toe gekom nadat ek met my sielkundige gesels het en dan met haar daaroor gepraat en sy dieselfde nadat sy by haar sielkundige was en dan het sy vir my vertel wat sy gesê het en dan het ek soms gesê "ag, maar dis sommer twak". Of "ja-nee, maar ek stem saam daarmee, klink vir my reg" of so.

`n Ander vroulike deelnemer het ook vertel van die sielkundige ondersteuning wat sy ontvang het, alhoewel dit eers op `n latere stadium plaasgevind het. Dit was opmerklik dat hierdie ouer gehelp is deur haar terapeut om in te sien hoe die dood van haar dogter haar lewe daarna beïnvloed het:

> 027V: Ek het deur `n vriendin van my, oor `n ánder rede by `n sielkundige uitgekom. Jy weet, hulle krap mos, waar jy nie eintlik gekrap wil wees nie. So sy`t toe uiteindelik by dit uitgekom en ek het besef ek het eintlik nog `n probleem daarmee. Dit is nie `n sirkel wat toegemaak is nie. Hy`s nog oop.

In terugskouing was dié ouer vas oortuig daarvan dat die bystand van `n berader of sielkundige noodsaaklik is ná die verlies van `n kind:

> 027V: Kry hulp. Moenie dit self probeer hanteer nie. Dit is die beste raad wat ek vir iemand sal gee. Kry professionele hulp so gou as moontlik. Móénie wag daarmee nie. Verseker nie, want jy kán dit nie alleen doen nie.

3. Die Ondersteuning van Vriende

Afgesien van professionele hulp het die ouers ook melding gemaak van die informele ondersteuning wat hulle van hul vriende ontvang het. In daardie gevalle waar deelnemers "nie berading gehad het nie" het hulle "wél vriende gehad" met wie hulle hul gevoelens en gedagtes rondom die verlies "kon bespreek" (027V). Een deelnemer het ook aangedui dat sy steeds geglo het dat die gesin die primêre bron van ondersteuning behoort te wees, maar dat vriende ook `n rol het om te speel:

> 028V: Ek dink daar is mense wat nou op die ou end met vriende deel of nét met vriende deel, omdat hulle by die gesin nié daai ondersteuning kón kry nie, jy weet, dan ís dit jou alternatief. En dis wonderlik dat vriende bereid is om so `n pad te stap.

In daardie gevalle waar die deelnemers nie gemaklik daarmee was om dit binne die gesin te doen nie, het vriende vir die ouers `n geleentheid gegee om openlik hul gevoelens te openbaar. Vir die volgende deelnemer was hierdie private oomblikke van emosionele ontlading `n belangrike faktor in haar aanpassingsproses:

> 030V: Ek het baie vriendinne gehad wat my gedra het, so drie, vier spesiale vriendinne. En as ek nou regtig wou huil, dan kon ek daar by hulle gaan sit en huil en my hart gaan uithuil sonder dat my gesin kon sien dat ek gehuil het…Jy weet, en dan`s daar `n ander plek waar ek kon huil, sonder dat iemand vir my

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> stop en my net laat huil. Daar het hulle my net gelos totdat ek klaar gehuil het. Niemand het my gevra wat hulle vir my kan doen nie. Hulle het my net gelos totdat ek klaar gehuil het.

Vriende is in die onmiddelike nadraai van die verlies beskou as `n noodsaaklike bron van ondersteuning. Vir die volgende deelnemer is die ondersteuning van mense buite die gesin ervaar as `n tydelike bron van krag te midde van hul aanvanklike verdriet:

> 031M: As gevolg van die feit dat ménse dit vir jou meer draaglik maak. Veral in die eerste jaar, ses, sewe, agt maande. Nege maande tot `n jaar, daar is mense vir jou om dit net vir jou makliker te maak. Hulle dra jou las saam met jou totdat jý weer die nodige innerlike krag en sterkte bymekaar geskraap het om meer jou kant te bring met die dra van `n las.

Dit het inderdaad geblyk dat vriende ná die verlies van `n kind bereid was om ekstra moeite te maak om die ouers emosioneel by te staan:

> 021M: Ek het `n buurman gehad, hy`t seker vir drie maande elke aand by my `n draai kom maak. Ek het eendag vir hom gesê, “man, jy hoef nie elke dag na my toe te kom nie” en hy`t gesê hy kom elke dag.

Volgens `n paar vroulike deelnemers het hulle geglo dat hul mans nie dieselfde vlak van vriendskaplike steun as hulle ontvang het nie:

> 030V: Ek persoonlik dink ék het meer ondersteuning gekry as hy. Ek weet nie hoe hy daaroor voel nie, maar ek het baie sleg gevoel vir sý onthalwe, want ek het gedink hy het bitter min ondersteuning gekry.

Dit het verder geblyk dat daar geglo is dat dié gebrekkige ondersteuning vir mans `n algemene probleem verteenwoordig het. Hierdie opinie is aangedui in die volgende aanhaling:

> 029V: Ek dink Deon het dit swaar gehad, want mans praat mos nie eintlik daaroor met ander mense nie. En ek dink ook nie jy`t rerig `n vriend, een vriend, Martin, wat vir jou ondersteun. Maar verder is dit maar `n pad wat die mans alleen loop en waaroor hulle maar baie stil bly.

In die algemeen is die ondersteuning van “omgee-mense” (032M) in hul vriendekringe ervaar as positief. In hierdie opsig het `n deelnemer, met verwysing na haar verlies, vertel hoe “mense jou oplig en haal deur sulke situasies” (027V). Die ouers het ook uitgebrei oor die aard van die ondersteuning wat hulle van buite die gesin ontvang het. Eerstens was dit duidelik dat die steun moes kom van “*genuine* mense” (024M). Die egtheid van ander se ondersteuning is in die volgende ouerpaar se vertelling aangetoon:

> 030M: Goeie vriende van mense wat ons ken, wie se kind ook selfmoord gepleeg het, het doodeenvoudig hulle aandag vermy. Jy weet, so asof mense nie altyd weet hoe om dit te hanteer nie. Ja, jy weet, wat moet hulle vir jou kom sê, wat moet hulle vir jou kom doen? Daar was die een man wat vir my vertel, nadat hy,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wie het hy na aan hom verloor? In elk geval hy vertel vir my hoe `n ander man, met so `n effense lomp manier van doen. Dié man het na hom toe gekom en vir hom gesê, "Peter, ek weet nie wat om vir jou te sê nie, maar ek het vir jou `n pampoen gebring". Hy het gesê daai pampoen, net die gebaar, hy het nie geweet wat om te sê nie [lag].

030V: Ja, dit klink *ludicrous*, maar dis eintlik baie eg. En daai pampoen is baie eg, want jy kan daai pampoen gaan vashou en weet, hei, maar hy het aan my gedink.

030M: Ja, dis reg. Jy hoef nie met `n voorbereide *speech* of enigiets te kom. Al is dit net om vir jou `n drukkie te kom gee. Dis al klaar genoeg.

Eenvoudige gebare van vertroosting is inderdaad waardeer deur die ouers. Ná die verlies van haar kind het die volgende ouer gewys op die belang van mense buite die gesin se betuigings van besorgdheid en empatie:

029V: Daar ís mense wat verstaan, daar ís mense wat omgee. Die kleinste dingetjie, die kleinste sms of `n briefie of `n oproep of so, enige tyd vir iemand laat hom net spesiaal voel en voel die Here gebruik tog iemand om na jou uit te reik.

So ook is die blote teenwoordigheid van vriende in die dae ná verlies waardeer. Sommige ouers het ook gewys op hul vriende se pogings om hulle onmiddelike aandag af te lei van die skok van die dood van hul kinders. Dit is behaal deur die ouers saam te nooi op uitstappies, asook gereelde kuier-besoeke:

032M: Ek dink die grootste ding was maar die ondersteuning van hulle kant af gewees. Die vriende was basies elke dag by ons huis gewees. Hulle was ontsettend báie by ons gewees. Ontsettend baie. Hulle het probeer gesprekke met ons voer, wat jou gedagtes wegvat van sulke dinge af. Hulle het ons naweke weggevat dan gaan kamp ons in die veld. Neem jou na hierdie wye vlaktes toe. Jy sien die skynsel van die dorp se ligte, maar jy`s in die berge en jy hoor die jakkalse se gesels en ons slaap in die bakkies. En net daai samesyn en om te weet hierdie mense weet waaroor gaan dit. Dit was vir ons van groot waarde.

031M: Wat ons *close* groepie vriende ook baie keer gedoen het, was dat hulle ons gehelp het om nie elke keer net in hierdie swáár vas te kyk nie. Hulle het verskriklik baie moeite gedoen om ons ook te laat lag in hierdie tyd.

4. Ondersteuning van Oorlede Kinders se Vriende

Die ouers het ook ondersteuning verkry van hul kinders se vriende. Een ouerpaar het waardeer dat dié kinders hulle "nooit vergeet het nie" en was oortuig daarvan dat hulle "sonder hierdie kindervriende" die verlies van hul kind "nie so maklik sou verwerk het nie" (032M). Enkele jong

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

mense het moeite gemaak om gereeld besoek af te lê by hul oorlede vriende se ouers. In sommige gevalle is die ouers ook saamgenooi op uitstappies:

> 032M: Sy kom tel ons sommer op dan kom vat sy ons vir `n ete. Sommer strand toe dan gaan ons vir `n naweek strand toe.
>
> 032V: Ja, nee. Sy`s nou soos `n kind in die huis.

Die deelnemers het die ondersteuning van die vriende van hul oorlede kinders ervaar as "ontsettend kosbaar" (031V). Tog het die ouers ook begryp dat dié kinders gekonfronteer was met hul eie emosies rondom die verlies en dat dit moontlik gelei het daartoe dat hulle nie in staat was om op `n gereelde basis kontak te maak nie:

> 029V: Die een vriend en dan is daar nog twee of drie vriendinne, wat nog sms partykeer. Maar ek dink al die vriende was ook so in skok. Vir hulle was dit maar erg om na ons toe te kom. Maar daar`s nog een vriend wat gedurig kontak maak.

5. Ondersteuningsgroepe

Van die deelnemers het ook bystand gekry in die vorm van formele ondersteuningsgroepe vir ouers wie se kinders oorlede is. In dié sin het `n deelnemer haar ondersteuningsgroep beskou as `n "oase" en `n "plek waar [sy] veilig voel en kan praat oor [haar] gevoelens" (029V). Dit het dus geblyk dat ondersteuningsgroepe vir ouers die geleentheid gegee het om hul emosies rondom die verlies te openbaar. Die ondersteuning van ander binne dié groepe het ook verhoed dat ouers alleen geworstel het met hul verdriet, soos aangedui is in die volgende vertelling:

> 029V: Ek sê altyd ons vat mekaar se hande. Ons praat altyd van onsself as af-vlerk mense. Maar sáám, as die een se vlerk nie werk nie, dan help ons mekaar en ons vlieg saam. Ons sal mekaar help tot ons eendag by ons kinders kom.

Die ondersteuningsgroepe is waardeer, aangesien ouers "in mekaar se seer kon deel" (025V). Hierdie aspek van die ondersteuning, naamlik dat lede van die groepe sekere ervarings van verlies in gemeen gehad het, was inderdaad noodsaaklik geag vir `n persoon om werklik `n "oor te kan wees vir iemand anders" (025V). Afgesien van die emosionele ondersteuning, het dit egter ook geblyk dat die ondersteuningsgroepe vir ouers die geleentheid gegee het om die spesiale herinneringe van hul kinders te deel met mekaar:

> 025V: As jy nie so iets oorgekom het nie, dan is dit moeilik vir jou om te verstaan. Maar as jy die dood ken van `n kind, dan sal jy `n oor kan wees vir die volgende persoon. Laat ek vir jou sê, die *nice* ding is ons kan lag oor onse kinders se dinge en die goedjies wat hulle gesê het en dié Greg, toe hy klein was,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kon hy baie goedjies sê. Hy was baie komies. Dan kan ons lag oor ons kinders se goed en ons kan saam huil ook. En jy huil nie omdat, jy huil want dit is natuurlik, jy huil net. Jy deel in die volgende persoon se seer.

6. Probleme met Ondersteuning van Buite die Gesin

In sommige gevalle is die ondersteuning van mense buite die gesin egter ervaar as te oorweldigend, veral tydens die eerste dae ná die verlies van `n kind. Die "stortvloed van mense" (028V) is in hierdie opsig negatief beoordeel deur `n paar deelnemers. As sodanig het die volgende ouer gewens dat die mense wat haar gesin "toegeval het" vir hulle meer "ruimte" (024V) sou gegee het om, volgens haar man, "rus vir die siel" (024M) te kry:

> 024V: Die mense loop jou so, hulle versmoor jou ook amper. Jy kry nie die kans om te gaan sit, asem te skep en net te *relax* nie. Jy moet die heeltyd dink, nou wanneer kom die volgende een? Dieselfde vrae oor en oor. Jy weet, ek dink, almal wíl jou help, maar niemand kán jou eintlik help nie. [stilte] Ja, as jy so iets by die mense kan tuisbring van moenie die mense tóéval nie, want die mens het ook tyd nodig om asem te haal…Jy wil nie mense op dáái tyd hê nie. Jy wil hê mense moet ses maande, `n jaar later, dán wil jy hê mense moet na jou toe kom en vir jou vra, "hoe gaan dit met jou?"

By die volgende ouer was daar groot frustrasie en ook woede oor die feit dat ander mense nie ná die verlies vir hulle `n tyd vir alleen-wees gegun het nie. Dit het geblyk dat dié deelnemer die geleentheid sou wou gehad het om op haar eie haar emosies rondom die verlies te konfronteer:

> 031V: Dis net hierdie voortdurende stroom mense. En veral as `n mens die tipe mens is wat privaat is oor jou emosies en wat nie sommer *let go* voor ander mense nie. Dit maak dit nogal moeilik. Want jy voel net almal moet net weggaan. As hier nog een bos blomme in hierdie huis kom dan gaan jy dit uitklap of uitgooi en jy op dit spring. So dit is absoluut waar. Dit kan nogal erg wees. Want dit voel asof, dit voel asof jy heeltemal beheer verloor. Almal *invade* nou elke stukkie spasie van jou lewe. En alles is nou anders. Alles verander. Ek meen alles het klaar verander die oomblik toe jy jou kind verloor, maar nou kom vat mense half jou huis ook oor.

Volgens haar man was dit nodig om "effens af te sluit" van die werklikheid van die verlies om te probeer terugkeer na normaliteit toe (031M). Met die toeloop van mense is hy en sy vrou egter "opnuut [teruggebring] by die besef van wat gebeur het" (031M), wat dan die verlies van hul seun "bevestig" (031M) het en sy afwesigheid "onderstreep" (031V) het. Hierdie deelnemers sou, in terugskouing, `n kans wou gehad het om hul gevoelens en gedagtes rondom die verlies tydelik te onderdruk:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> 031M: So dis `n tipe dualisme. Jy`s dánkbaar, maar eintlik sou dit beter gewees het as hulle nie gekom het nie, want vir `n tydjie lank kan jy ontsnap van die werklikheid van wat gebeur het. En dan is dit weer sulke herinnerings van wat gebeur het.

Die ouers het dikwels tydens die onderhoude uitgebrei oor die "onbeholpenheid" van mense wat hulle probeer ondersteun het ná verlies (030M). Volgens een deelnemer het "mense sommer goed gesê wat vir [haar] vies gemaak het" en "wat [sy] eintlik nie wou gehoor het nie" (027V). Een ouer het veral haar misnoeë te kenne gegee met persone wat verkeerdelik aanspraak gemaak het op `n empatiese begrip vir haar gevoelens ná die dood van haar dogter:

> 024V: Ek dink die *stupidste* ding wat iemand kan sê is "ek weet hoe jy voel"…Dan voel jy jy wil vir daai mense `n skuins klap gee en sê: "Hoor hier, wanneer het jy `n kind verloor?" Ek dink mense doen dit uit onkunde uit en nie van weet wat om te sê nie.

In ander gevalle het ouers `n gebrek aan ondersteuning gerapporteer. As sodanig het `n ouer vertel dat "mense net gemaak het asof niks gebeur het nie" en dat dié reaksie, in haar opinie, `n "onding" verteenwoordig het (027V). `n Ouer het ook melding gemaak van die onsensitiewe en ongeskikte wyses waarop mense buite die gesin vir hom behandel het:

> 020M: Ek het daarna na die werk gegaan en wat vir my daar, jy weet, die ongevoeligheid van die mens. Dat die voorsitter daar inkom, daar by my in die kantoor, terwyl ek nou daar sit en dan sê: "Hierdie kerkhof, hierdie kerkhof-atmosfeer wat hier heers", hy hou niks daarvan nie. En toe`t ek vir hom gesê: "Meneer, ek het dit regtig nie nodig nie. Regtig nie".

Die deelnemers het ook spesifiek kritiek gelewer op die wyses waarop hulle "in die steek gelaat" is deur hul geloofsgemeenskappe (029M). Volgens `n ouer was dié gebrek aan ondersteuning `n "hartseer" verwikkeling, aangesien sy geglo het dat "die kerk veronderstel is om rou-begeleiding te doen" (029V). So ook is `n deelnemer teleurgestel deur die gerugte wat onder gemeentelede versprei is ná die dood van haar seun:

> 028V: En dan jou goorste, slegste, partykeer, oordeel van daai kant af, jy weet, dat "hierdie ou gaan deur `n geloofskrisis, want ons sien hulle nie meer in die kerk nie".

Tog het die ouers dikwels gewys op begrip vir die onvermoë van mense buite die gesin om hulle te ondersteun ná die verlies van `n kind. In hierdie opsig het `n deelnemer byvoorbeeld ander mense se ondeurdagte betuigings van empatie verskoon, aangesien sy verstaan het waarom hulle op so `n manier gereageer het:

> 027V: Ek neem hulle nie kwalik nie, want ek dink ek het al dieselfde in my lewe gedoen. Ek meen, hoe kan jy nou weet, as jy nie daardeur gegaan het nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

`n Ander ouer het wel gewonder oor sy vriende se onwilligheid om met hom te gesels oor die dood van sy seun. Dit het egter geblyk dat hy ondersoek ingestel het om uit te vind wat die redes vir hul stilswye was:

> 021M: Mense het baie besoek afgelê, jy weet dit gaan mos nou maar as so iets. Hier was verskriklik baie besoekers aan die begin. Later dink jy mense het jou vergeet. Hulle kom nie meer so gereeld hier om nie. Ek het selfs vir my beste vriende, wat weggebly het, dan gesels ek met hulle dan later vind ek uit is hulle bang, hulle weet nie hoe om die probleem te hanteer nie. Hulle kan nie daaroor praat nie en vir my was dit belangrik dat iemand praat daaroor, want dit was deel van my genees, gesond-maak.

Die deelnemers het ook besef dat hulle moes ontvanklik wees vir die ondersteuning van mense buite die gesin. Volgens een ouer het sy haar aanvanklike behoefte om "alleen te wees" prysgegee ter wille van `n doelgerigte poging om "uit te reik na mense toe" (025V). Op dié manier het sy uitgevind dat daar wel "mense is wat verstaan" (025V) en wat vir haar sou kon bystaan.

So ook is die ontvanklikheid vir die steun van ander onderskryf deur `n gewysigde ingesteldheid teenoor mense buite die gesin. As sodanig het `n ouer verduidelik dat gesinne nie `n "ons-teen-hulle" (028V) mentaliteit moet ontwikkel ná die dood van `n kind nie, aangesien hulle dan nie voordeel sal trek uit die steun van ander mense nie:

> 028V: Jy mag jouself nie nou as `n *elite*-groep van treurendes beskou nie. Ek dink dit gebeur baie keer, jy weet, dat jy nou dink jy is in `n spesiale klas en almal moet nou spring na jóú pype. Dis bietjie kras gestel, maar ek wás mos nou daar. Jy kan nou maklik die lydende party word en almal moet nou die regte ding op die regte tyd doen. En dit werk nie so nie. Ek het besef en dit het ook maar lank gevat dat meelewendheid en opregtheid is belangriker as om die régte ding te doen.

In hierdie gesin se geval is daar inderdaad `n gesamentlike besluit geneem om te midde van hul eie hartseer ook empatie met die ondersteuners te hê. Om hierdie rede het hulle besoekers verwelkom in hul huis:

> 028V: Jy weet, dit is verskriklik moeilik vir iemand om by hierdie deur in te kom om net te sê "ek is jammer". Ek bedoel vir `n jong mens, jy wil nie dáármee gekonfronteer word nie. Jy sal wye draaie om dit loop om dit nie te doen nie. So ons het net vir mekaar gesê, elke ou wat daai klokkie lui, dit is vir hom `n ongelooflike slegte ding, want hy weet nie wat hy hier gaan kry nie. So jy moet daai persoon ontvang asof hy die éérste en énigste een is wat kom simpatie betuig. Jy moet goed wees vir daai mens.

Vir hierdie ouer was dit van groot belang dat haar gesin nie `n "front van hardheid en bitterheid" (028V) voorgehou het nie. Dié ingesteldheid sou, na haar mening, teen-produktief gewees het in die proses om aan te pas ná die dood van `n kind, aangesien gesinslede dan ander mense sou verhoed

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

"om by [hul] kern" (028V) uit te kom. Volgens hierdie deelnemer was dit nodig om, ten opsigte van gevoelens en gedagtes omtrent die verlies, openlik en eerlik met mense buite die gesin om te gaan. Op dié manier is "mededoë" en "begrip" (028V) vir mekaar bevorder:

> 028V: Geen vrees om jou weerloosheid bloot te stel nie. Dit is deel van die dapperheid en weet jy wat `n wonderlike iets is, is as `n mens nie bang is om dit te wys nie, jou weerloosheid en jou eie onmag nie, is mense toegankliker. Is mense geneig om jou te om, jy weet, omsirkel is verkeerd, maar om jou ín te laat. Om goed te wees vir jou, want jy laat hulle toe. En dis goed. Dit moet so wees.

7. Samevatting: Ondersteuning van Buite die Gesin

Daar is in hierdie afdeling aandag geskenk aan die deelnemers se vertellings rakende die ondersteuning wat hulle van buite hul gesinsverband ontvang het. Dit was duidelik dat die ouers steun gekry het van verskillende persone op `n informele en formele basis. Die ouers was dit egter eens dat ondersteuning op `n sekere manier moes geskied om werklik van waarde te wees. Tog het die ouers ook begrip getoon en besef dat gesinslede van hul kant af moes uitreik na ander om ook ontvanklik te wees vir hul ondersteuning.

5.3.5 Godsdiens

Godsdienstige geloof is deur die ouers aangedui as `n bron van krag in hul aanpassing ná die dood van `n kind. As sodanig is daar geglo in die waarde van gebed, dat God in beheer is van mense se lewens, dat God voorsien en beskerm deur Sy genade en ook dat God deur ander mense se goeie dade `n verskil in hul lewens gemaak het. `n Geloof in die hiernamaals het verder ook vertroosting gebied.

1. God se Wil

Die oortuiging dat daar `n "hoër hand is wat alles beheer" (021M) het vir sekere ouers gehelp om "vrede te maak" (024M) met die verlies van hul kinders. Alhoewel ouers geworstel het met spirituele vraagstukke, het dit geblyk dat ouers uiteindelik die dood van hul kinders aanvaar het as `n gebeurtenis wat "só móés wéés" (031M). Ouers het inderdaad berusting gevind in die geloof dat mense se lewens vooruitbestem is:

> 025V: Dit is alles in God se plan, want toe jy gebore is, was God se plan alreeds vir jou uitgesit. Toe jy die dag gevorm is, in jou ma as embrio begin het. Tóé is jou plan al uitgesit…Die Here se hand is mos in alles. En die Here, glo ek, sou nie dit toegelaat het as dit nie so moes gewees het nie…Toe jy gebore is, toe is jou sterfdatum en alles al vir jou uitgesit. Dis maar seker in die Here se plan. Moet ek glo dit is in die Here se plan.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Sommige ouers het ontken dat hulle enigsins getwyfel het in hul aanvaarding van God se wil. Dit het geblyk dat dié ouers hul geloof beskou het as `n permanente ingesteldheid, wat selfs te midde van hul verdriet ná verlies onveranderd gelaat is. In hierdie opsig was een ouer "nooit kwaad vir God nie" en het sy "gebuig voor God se wil" (020V). In `n soortgelyke opsig het die volgende deelnemer God se wil sonder twyfel aanvaar:

> 032M: Ek het `n rede hoekom ek hom nie gevra het nie en dit is eenvoudig, hoe kan `n mens die Here se werk bevraagteken? Ek weet nie of `n mens kan nie. Ek dink alles wat Hy doen is goed…Ek het nie gevra waarom nie…Hy`s God se kind. En Hy het hom gevat…Want die Bybel sê vir jou, "as Ek jou naam roep, jy`s Myne".

2. Gebed

Die deelnemers het ook geglo dat gebed `n belangrike praktyk was in hul aanpassing ná die verlies van `n kind. Dit het geblyk dat gebed `n onlosmaaklike deel van die volgende ouerpaar se spirituele lewens was:

> 022V: En natuurlik jy moet maar sterk wees en op jou knieë gaan. Vir die Here vra om jou by te staan.

> 022M: Ja, dit is maar `n geval van as jou knieë onder jou lyf is, dan kan jou voete nie onder jou uitgly nie.

Daar is ook geglo dat gebede inderdaad verhoor word. In dié sin was `n vroulike deelnemer oortuig daarvan dat "as jy vir die Here vra, die Here vir jou gee" (025V). Die vertroue dat God alle gebede ten alle tye verhoor is ook in die volgende aanhaling aangedui:

> 021M: Die telefoon-lyn in die Hemel is altyd oop. Hy is nooit beset nie. Jy kan maar bel. Die Here luister altyd.

Die ouers het veral vir God versoek om vir hulle "krag te gee" in die tyd ná die verlies (020V). Hierdie vorm van gebed is beskryf deur die volgende deelnemer:

> 030M: Ek het daar uit die slaapkamer-venster so oor die tuin gekyk en net een ding gesê: "Here, tel vir ons op en dra vir ons hierdeur". `n Mens sal nou sê `n mens moet bid vir krag en vir wysheid en ek het nie lus vir krag en ek het nie lus vir wysheid nie…Die beeld van die Goeie Herder, met sy skape rondom Hom en in Sy arms dra Hy ook die lammertjies. Daai ou prentjies wat jy nog in die Kinderbybel kry. Ek het vir die Here gesê…"Here, maar nou wil ek daai lammertjie wees. U moet nou vir my optel en vir my dra". En dis hoe ek letterlik vir ons gesin en vir myself gevra het.

In een geval waar `n ouer nie in staat was om te midde van sy woede en hartseer tot God te bid nie, is daar vertel dat gebede gelei deur `n ander persoon vir hom uiteindelik gehelp het. Dit was

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

duidelik dat hierdie deelnemer vir `n tyd lank `n geestelike worsteling gehad het met die idee dat gebede vir hom enigsins van waarde kon wees. Die wyse waarop die predikant deur gebed ondersteuning gebied het, is uiteindelik waardeer:

> 020M: Ek het toe vir my niggie se predikant gebel en vir hom gevra of hy nie na my toe wil kom nie. Hy`t toe gekom en hy het vir my daar na die pastorie toe gevat en hy het toe vir my gesê ek moet kom, ons moet nou dankie sê. Ons moet nou die Here gaan loof en prys. Toe`t ek vir hom gesê: "Dominee, laat ek nou vir jou sê, weet jy wat jy vra?" [stilte]. Toe sê hy, sy woorde was aan my: "As jy soggens uit jou kamer kom, moet jy eers jou bed opmaak en alles regmaak, want anders is jou dag verkeerd". En ek`s toe: "Ja, maar dit het nou niks met dit te doen nie. Weet jy wat jy van my vra? Jy wil hê ek moet dankie sê. Waarvoor? Hoe?" [stilte] Waarvoor moet jy nou dankie sê? Is hierdie dinge dan nou, is hierdie dinge nou iets om voor dankie te sê? Ek sê toe vir hom nee. Ek sal nie op daardie oomblik. Hy moet nou maar bid… Ons het toe daar eenkant gesit. Hy`t gebid. En ek moet sê, dit het verlossing gebring. Want ek sou dit nie kon doen nie. Ek het nie geweet hoe om dit te doen nie.

3. God se Genade

Die deelnemers het aangedui dat hulle sonder hul geloof in God nie in staat sou wees om die verlies van hul kinders te hanteer nie. God se "genade en krag" (031M) is beskou as `n noodsaaklikheid waarsonder hulle "nie sou *survive* het nie" (027M). Op `n soortgelyke manier het die volgende ouer die groot belang van geloof soos volg verwoord:

> 020V: Was dit nie vir die Here nie, as dit nie vir God was nie, dat Hy vir ons gedra het, sou ons dit nie gemaak het nie. Die groot ding aan ons kant was die geloof. Ons geloof en ons gebed. En ons het gemeen daar is ons krag en ons sterkte.

Om genade te ontvang het klaarblyklik vereis dat die ouers onverbiddelik moes bly glo in God. Dit was daarom vir een deelnemer belangrik om "aan die Here vas te hou en in Hom te vertrou" (028M). Om God se krag te verkry ná die dood van `n kind is verder beskryf as afhanklik van individue se blywende verbintenis tot die Christelike geloof:

> 021M: As jy `n kind van die Here is, dan kom jy deur hierdie dinge. Dan voel jy die krag.

God se invloed is ervaar as `n ewige teenwoordigheid, as "altyd dáár", ook in tye wat "dit seer is" (025V). Die oortuiging dat "God jou nooit verlaat of in die steek laat nie" het `n deelnemer genoop om haar "finale troos by die Here" te soek (028V). In die volgende aanhaling was dit duidelik dat die deelnemer oortuig was daarvan dat God haar bygestaan het nadat haar seun oorlede is:

> 025V: Die Here lééf. Ons dien `n lewende God. Ons dien `n lewende God. Regtigwaar. En soos ek sê, die Here se belofte was, as jy seerkry dan is Hy óók daar vir jou…Hy`s nie net daar vir jou as dit met jou

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> goed gaan en dinges nie. Dan abba Hy vir jou. Soos daai voetspore wat hulle so baie wys. Waar die man gevra het, "maar Here, waar was Jy tóé?" Toe sê die Here, "maar toe het Ek gestap en vir jou geabba. So ek laat maar toe dat die Here my meestal abba en ek maak gebruik daarvan…Ek aanvaar dit.

Dit het geblyk dat die ouers nuwe hoop gekry het vir hul lewens vorentoe deur middel van hul geloof in `n almagtige en genadige God. Hierdie hoop is beskryf deur `n deelnemer na aanleiding van `n spirituele ervaring by haar dogter se begrafnis:

> 020V: Dit was daar by die graf vir my die wonderlikste gewees, dit was `n reënerige dag en [stilte] toe hulle haar afgesak het, het ek hier gekyk na die berg se kant en meteens het die son deur die wolke gebreek en deur die groen sipres-bome wat daar gestaan het, het die son deurgebreek. Dit het vir my sommer so laat voel, maar die Here, hier gee Hy vir ons die son, ten spyte van hierdie seer, hier breek die son deur.

Sommige deelnemers het ook die genade van God verklaar met verwysing na die kruisiging van Jesus. Hierdie deelnemers het geglo dat God veral vir ouers wat kinders verloor het, kon bystaan, aangesien Hy ook die dood van `n kind ervaar het. In dié opsig is God beskou as Iemand "wat weet hoe dit voel om `n kind te verloor" (029V). Die vergelyking wat hierdie ouers gemaak het met die kruisiging van Jesus het ook `n vorm van vertroosting gebied:

> 030V: Ek kon sê, "Here, ek kan dit in U skoot sit, want U verstaan. U`t óók `n seun gegee aan die dood". En ek kon dit sê, want ek het geweet, Hy`t self gestaan daar. Hy was sélf daar.

"God se liefde" (028V) het in sekere gevalle vir die deelnemers "sigbaar geword" (031M) in die ondersteuning wat ander mense vir hulle gebied het. Volgens een ouer het hy ná gebed ervaar hoe sy seun se vriende sy gesin bygestaan het. Hy het hierdie mense geprys as die "*arms of the Good Shepherd*", wat vir hulle "gedra het" deur die aanvanklike skok en hartseer ná die dood van hul seun (030M). In nog `n geval het `n ouer vertel dat sy haar man se versorgende en vertroostende gedrag ervaar het as `n teken van God se genade:

> 028V: Ek het so gewens dat die Here net tasbaar by my sal wees en met my praat. Ek weet Deon was aan die ander kant van die huis en toe ek sien, het hy sy arms om my gesit. En ek het daai dag so gepraat met die Here dat ek besef het dat die Here kan tog nie aan my verskyn fisies nie. Hy kan déúr mense aan my verskyn, deur mense se arms om my sit, of vir my omgee, of vir my iets sê, of vir my kyk, of vir my `n skrif in die Bybel gee.

4. Die Hiernamaals

Geloof in die hiernamaals is aangedui as `n geweldige bron van vertroosting en hoop vir die ouers. Vir die deelnemers was dit van belang om te glo in `n ewige lewe ná die dood, om te weet "dat dit

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

nie die einde is nie en dat dit aangaan" (031V). Die ouers het immers geglo dat hul kinders "nou op `n beter plek is" (032M), waar oorledenes in vrede en gemak verder voortbestaan:

> 020M: Jy`t `n ewige lewe. Jy`s oor die lewe na die ewige lewe toe. Soos my broer dit altyd so mooi stel, "van hierdie rietbed waarop jy slaap, is jy nou net in `n verebed in die hemel as jy wakker word". Oorgedra van hierdie lewe soontoe. En dit is dankbaarheid. [stilte] Dan sê jy dankie.

Sommige ouers het vertel van bonatuurlike, spirituele ervarings, waartydens hulle meer sekerheid verkry het omtrent hul kinders se lotsbestemmings. Een ouerpaar het byvoorbeeld, met verwysing na hul dogter, getuig dat hulle "weet sy is darem in die hemel", aangesien `n sterwende familielid in haar laaste oomblikke vir "haar gesien het" (020M). In `n soortgelyke opsig het `n ander deelnemer vertel van die "tekens wat die Here vir [hom] gegee het" (032M) in `n verrykende droomervaring:

> 032M: En hy`t die wit klere aangehad…en ek het vir hom gevra: "Kleinjan, hoe gaan dit met jou?" Toe`t hy begin *smile*. Hy`t ge*smile* en uit die *smile* uit het hy soos wasem geword. Toe`t hy weggeraak…Daai *smile* wat hy gegee het: Een van die Here se weldade. Hy`t ge*smile* omdat hy gelukkig is. Hy`t vir my `n teken gegee van ek het opgevaar na die Hemel. Ek het weggevaar.

Die belang daarvan om sekerheid te hê dat hul kinders wel in die hemel is, was veral opmerklik in die geval van ouers wie se kinders selfmoord gepleeg het. Hierdie bevinding was moontlik as gevolg van godsdienstige stigmas dat selfmoord `n sonde verteenwoordig. In die volgende deelnemer se vertelling was dit inderdaad duidelik dat sy aanvanklik nie gemaklik daarmee was om vir ander mense te vertel van haar seun se selfmoord nie:

> 025V: Aan die begin was dit amper asof ek sleg gevoel het oor die manier waarop my kind oorlede is. Toe het `n vriendin van my gesê, "Yvette, ek vra vir jou, jy is níé skaam oor wat Greg oorgekom het nie. Jy gaan nie van mense af weg probeer dinges omdat hy so iets oorgekom het nie". Dit het my nogal baie beter laat voel.

Die ouers van kinders wat selfmoord gepleeg het, het veral uitgebrei oor die feit dat hul kinders hul "sake met die Here reggemaak het" (030V) en dat dié kinders ook "wedergebore" was (029V). Dit het vir een ouerpaar die "versekering gegee dat [hulle] weer [hul seun] gaan sien" (029V). Dit was duidelik dat die deelnemers deeglik bewus was van dogmatiese oortuigings wat verband hou met selfmoord:

> 021M: Daar is so baie uitsprake, soos dat die Here nooit sal toelaat dat jou kind sterf nie. Dit is die sondeval en al sulke goeters. Ek weet dat Thinus was `n kind van die Here. Ek onthou menigte male wat ek vir hom gaan nag sê het en dat hy daar gesit het besig met die Bybel, `n stukkie gelees het, studie gedoen, Bybelstudie. En ek kan dit glo nie en ek het een aand met die dominee daaroor gesels en toe ek

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> vir hom daaroor vra toe sê hy: "Jy moet nooit twyfel nie: Jou kind is gered". So `n mens kan nie sê iemand is verdoem, omdat hy met selfmoord weggegaan het nie.

Die deelnemers het getuig van hul "hunkering na die hemel" (030V), met een deelnemer wat ook vertel het dat "sterwe nie meer vir [hom] `n probleem is nie" (020M). Ouers het immers uitgesien na die dag wat hulle hul kinders "weer gaan sien" (027M). Vir sommiges was dié vooruitsig `n "*joy*", wat hulle nie "[kon] wag om te ervaar nie" (027M), soos ook aangedui is in die volgende vertelling:

> 029V: `n Mens moenie terugverlang nie, `n mens moet vorentoe verlang na die dag wat jy weer jou kind gaan sien…Jy het nie meer daai begeerte om lank te leef en oud te word nie, want jy`s half getrek tussen jou kinders hier en jou kind daarbo.

5. Samevatting: Godsdiens

Met betrekking tot die rol van godsdiens in ouers se aanpassing ná die verlies van `n kind het die praktyk van gebed, `n geloof in God se wil en genade, asook `n oortuiging van `n ewige lewe ná die dood vertroosting gebied. Godsdiens as `n gesinsweerstandsbron was klaarblyklik `n prominente aspek van die gesinne se aanpassing ná verlies.

5.3.6 Samevatting: Kwalitatiewe Bevindings

Die kwalitatiewe bevindings van die huidige studie is in hierdie afdeling weergegee. Die deelnemers se response is gekodeer en saamgevoeg om altesaam vyf kategorieë te ontwikkel, naamlik verdriet, die voortdurende verbintenis, eksterne ondersteuning, godsdiens en gesinsgehardheid. Gesinsgehardheid het die kern-kategorie van die ontleding verteenwoordig en is verder opgedeel in die komponente van toewyding, uitdaging en beheer. Elke kategorie is in detail beskryf met verwysing na relevante aanhalings uit die onderhoude wat gevoer is.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 6

Bespreking

6.1 Inleiding

Met betrekking tot die hipoteses van die huidige studie (vergelyk Hoofstuk 1), het dit geblyk dat die eerste twee hipoteses gedeeltelik ondersteun is deur die kwantitatiewe resultate. Die derde hipotese is ondersteun deur die kwalitatiewe bevindings, aangesien verskeie tematiese kategorieë te make met verdriet en gesinsaanpassing ná die verlies van `n kind geïdentifiseer kon word in die vertellings van die ouers.

In Figuur 3 word `n skematiese voorstelling van die resultate van die huidige studie verskaf. Hierdie voorstelling is saamgestel met behulp van Walsh en McGoldrick (2004) se konsepsuele raamwerk vir verlies en gesinsaanpassing, asook die Veerkragtigheidsmodel van Gesinstres, Verstelling en Aanpassing, ontwikkel deur McCubbin en McCubbin (1996). In hierdie hoofstuk, word die konsepte ingesluit in dié voorstelling afsonderlik bespreek.

Die dood van `n kind verteenwoordig `n gesinskrisis, wat grootskaalse veranderinge ten opsigte van gesinsfunksionering noodsaak om gesinsaanpassing te verwesenlik (McCubbin & McCubbin, 1988). In Figuur 3 word die aanpassingsproses van gesinne waarin `n kind oorlede is dus aangetoon binne die konteks van `n spesifieke gesinskrisis, naamlik die dood van `n kind. Verdriet word vervolgens begryp as die waarneembare reaksies wat gepaardgaan met hierdie gesinskrisis. Die voortdurende verbintenis met die oorlede kind staan in teenstelling met verdriet as `n faktor wat moontlike positiewe uitkomste vir die gesinseenheid kan verwesenlik (Walter, 1996).

Gesinsweerstandsbronne, soos eksterne ondersteuning en godsdiens is betrokke by gesins-veerkragtigheid en sluit op verskillende maniere aan by die domeine van funksionering wat geïdentifiseer is binne die Veerkragtigheidsmodel (McCubbin & McCubbin, 1996). Op `n soortgelyke wyse kan die gesinsweerstandsbron van gesinsgehardheid en die komponente van toewyding, uitdaging en beheer aansluiting vind by hierdie domeine van funksionering.

Volgens Walsh en McGoldrick (2004) beïnvloed kontekstuele faktore die gesinsaanpassingsproses ná die verlies van `n kind. Dié faktore sluit in gender, kultuur, die oorsaak van die kind se dood, die verloop van tyd en die gesinslewensiklus (McGoldrick & Carter, 2003).

In hierdie hoofstuk word die resultate van die huidige studie bespreek aan die hand van die hipoteses en die teoretiese modelle en raamwerke waarvolgens die studie geloods is. Daar word

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Figuur 3. Skematiese voorstelling van resultate.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

aangetoon hoe die resultate aansluit by die navorsingsliteratuur wat verband hou met die onderwerp van die huidige studie. Gesinsgehardheid word eerstens bespreek, gevolg deur `n bespreking van verdriet en die voortdurende verbintenis met die oorlede kind. So ook word daar aandag gegee aan bykomende gesinsweerstandsbronne wat in die huidige studie na vore gekom het, naamlik eksterne ondersteuning en godsdiens. Daarna volg `n uiteensetting van die sterkpunte en beperkings van die huidige ondersoek en word aanbevelings vir toekomstige navorsing geopper. Laastens word `n gevolgtrekking verskaf.

6.2. Gesinsgehardheid

Die konsep van gesinsgehardheid verwys na `n versameling van kognitiewe, affektiewe en gedragsfaktore wat funksioneer as `n enkele weerstandsbron werksaam binne die gesin (McCubbin & McCubbin, 1996). Gesinsgehardheid is verdeel in drie interafhanklike komponente, naamlik toewyding, uitdaging en beheer (McCubbin et al., 1993; McCubbin et al., 1996). Navorsing toon dat gesinsgehardheid dien as `n bemiddelende faktor in gesinne se aanpassing ná verskeie soorte stresvolle gebeurtenisse (Greeff & Human, 2004; Greeff et al., 2006; Greeff & Fillis, 2008; Greeff & Holtzkamp, 2007; Thiel, 2005;), insluitend die dood van `n kind (Greeff et al., 2005). In die huidige studie is gesinsgehardheid ondersoek as `n moontlike gesinsweerstandsbron wat gesinsaanpassing bevorder in gesinne waar `n kind oorlede is. Die kwalitatiewe onderhoude het ten doel gehad om die onderliggende komponente van gesinsgehardheid in detail en binne die konteks van die verlies van `n kind te verken.

6.2.1 Verhoudings tussen Gesinsgehardheid. Gesinsaanpassing en Biografiese Veranderlikes

Ter ondersteuning van die eerste hipotese (vergelyk Hoofstuk 1), is daar in die huidige studie bevind dat gesinsgehardheid `n beduidende, positiewe verhouding met gesinsaanpassing toon (vergelyk Tabel 6). Dié resultaat bied ondersteuning vir die veronderstelling dat gesinsgehardheid `n belangrike weerstandsbron is vir gesinne in hul aanpassing ná die verlies van `n kind.

Die tweede hipotese (vergelyk Hoofstuk 1) is gedeeltelik ondersteun, aangesien daar `n beduidende, positiewe verhouding gevind is tussen gesinsgehardheid en die ouderdomme van die deelnemers. Dié beduidende verhouding met die ouderdomme van die deelnemers het ook gegeld vir die komponente van beheer en uitdaging. Dit het dus voorgekom, soos bevind deur McCubbin et al. (1996), dat gesinsgehardheid verbeter met die verloop van die gesinslewensiklus. Beheer kan verstaan word as `n verantwoordelikheid wat gesinslede op hulself neem om stres gesamentlik te oorkom. Bejaarde ouers het waarskynlik meer lewenservaring en het met verloop van tyd meer gesinsuitdagings te bowe gekom as jonger ouers. Deur middel van verhardingseffekte (Rutter,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1999) ontwikkel dié ouers moontlik `n groter selfvertroue in hul gesinne se aanpassingsvermoëns. Dit kan daarom aangevoer word dat ouers in die verloop van die lewensiklus meer ervaring opdoen in die hantering van normatiewe en non-normatiewe stressors. In die proses verkry ouers self-vertroue in hul gesinne se gesamentlike vermoëns om aanpasbaar te wees en probleme konstruktief op te los.

Die hoër uitdaging-tellings na aanleiding van die ouderdomme van die deelnemers kan verklaar word aan die hand van deelnemers in die laat-fase van die gesinslewensiklus se terugskouings en waarde-beoordelings van hul gesinslewens tot op hede (McGoldrick & Carter, 2003). Dit is moontlik dat bejaarde ouers geneig is om hul gesinsfunksionering in die algemeen meer positief te beoordeel en om meer bewus te wees van die kennis wat hulle deur die ervaring van uitdagings in die verlede opgedoen het. Die ontleding van onderhoude met bejaarde deelnemers het dit laat blyk dat dié ouers inderdaad besig was om hul lewens (en die uitdagings wat hulle beleef het) aktief in oënskou te neem.

Gesinsgehardheid word ingesluit as `n gesinsweerstandsbron by die Veerkragtigheidsmodel (McCubbin & McCubbin, 1996). Met betrekking tot die verskillende domeine van funksionering kan dit aangevoer word dat die onderliggende komponente van gesinsgehardheid elk afsonderlik aansluiting kan vind by die domeine van struktuur en funksie, interpersoonlike verhoudings, asook ontwikkeling, wel-wees en spiritualiteit.

6.2.2 Toewyding

In die huidige ondersoek is `n beduidende verhouding gevind tussen toewyding en gesinsaanpassing. Die toewyding-komponent is betrokke by die struktuur en funksie van die gesin en die interpersoonlike verhoudings tussen gesinslede. Ten opsigte van struktuur, het die ouers getuig van hul dankbaarheid vir hul oorlewende kinders. Hierdie bevinding stem ooreen met die kwantitatiewe resultate van Rogers, Floyd, Seltzer, Greenberg en Hong (2008) se ondersoek. Dit wil voorkom dat gesinsgehardheid en die herstel van verdriet beïnvloed word deur die teenwoordigheid van oorlewende kinders (Rogers et al., 2008).

Toewyding wys op gesinne se vermoë om interafhanklik saam te werk om die gevolge van stres en trauma te konfronteer. Om dié samewerking moontlik te maak, is effektiewe kommunikasie noodsaaklik. In hierdie opsig het die deelnemers aan die huidige studie gerapporteer dat eerlike kommunikasie omtrent die verlies van `n kind en die uitdrukking van emosies en gedagtes belangrik is in hul aanpassingsproses. Die ouers het ook melding gemaak van die belang om die individuele

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

verskille ten opsigte van verdriet onder gesinslede te respekteer. Hierdie bevindings stem ooreen met Walsh en McGoldrick (2004) se aanbevole aanpassingstake binne die konteks van verlies.

Tog toon navorsing dat eerlike kommunikasie en die openlike uitdrukking van emosies nie noodwendig `n rol speel in ouers se aanpassing ná die verlies van `n kind nie. Znoj en Keller (2002) het byvoorbeeld geen beduidende verhouding gevind tussen ouers se emosionele welstand en die uitdrukking van gevoelens teenoor ander nie. Daarenteen wys Kamm en Vandenberg (2001) se resultate op die invloed van houdings rakende verdriet-kommunikasie op ouers se verdriet en huwelikstevredenheid. Daar is in hierdie studie bevind dat positiewe houdings aangaande verdriet-kommunikasie geassosieer kon word met minder verdriet by mans in latere stadiums ná hul kinders se sterftes. Vrouens wat positief ingestel was jeens openlike kommunikase het, daarenteen, nie beduidend minder verdriet ervaar nie, maar wel hoër huwelikstevredenheid in die vroeë stadiums ná die dood van `n kind (Kamm & Vandenberg, 2001).

In die huidige studie is vergelykbare bevindings gemaak ten opsigte van gender-verskille in openlike kommunikasie. Manlike deelnemers het gerapporteer dat hulle, ná `n aanvanklike huiwering, wel uiteindelik begin praat het oor hul gevoelens. Dit het verder ook geblyk dat sommige moeders geneig is om emosioneel sterk te wil voorkom ter wille van hul gesinne en daarom verkies om hul gevoelens en gedagtes eerder met mense buite die gesin te deel.

Oop, eerlike kommunikasie het, volgens die deelnemers, ook hul gesinne in `n posisie geplaas om moontlike konflik tussen gesinslede op te los. Die ouers was dit eens dat eerlike kommunikasie met mekaar verhoed het dat hul gesinsverhoudings verbrokkel het. Die mate waarin die gesinne hegte verhoudings gekoester het vóór verlies het klaarblyklik die aanpassing daarna ook vergemaklik.

Hegte gesinsverhoudings word verder onderskryf deur die waarde wat deelnemers plaas op tyd wat gesinslede saam spandeer. In hierdie opsig toon kwantitatiewe navorsing inderdaad dat die tyd wat gesinne saam spandeer in geroetineerde en spesiale aktiwiteite `n positiewe verhouding toon met gesinsaanpassing (Greeff & Holtzkamp, 2007). In die huidige studie het dit geblyk dat hegte, vriendskaplike verhoudings tussen ouers en kinders (gevestig deur tyd saam te spandeer) veral `n hulpbron is in die gesinne se aanpassing ná verlies.

Die duursaamheid van egpare se huweliksverhoudings kan ook beskou word as `n aanduider van toewyding. Gedurende die onderhoude het die deelnemers veral uitgebrei oor die standvastigheid van hul liefdesverhoudings en die wyses waarop hulle op mekaar kan staatmaak. Ter ondersteuning van hierdie bevinding, is daar in `n Nederlandse studie kwantitatief ondersoek ingestel na die interafhanklikheid tussen ouers in hul aanpassing ná die verlies van `n kind (Wijngaards-de Meij et

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

al., 2008). Die resultate het getoon dat interpersoonlike prosesse en hanteringstrategieë belangrik is in ouers se aanpassing ná die dood van `n kind (Wijngaards-de Meij et al., 2008).

Dit is duidelik dat ondersteuning binne die gesinne wedersyds geskied het. Die deelnemers het tydens die onderhoude gerapporteer dat hulle mekaar en hul kinders emosioneel bystaan, maar dat hul kinders dikwels vir hulle as ouers ook vertroosting bied. Hierdie bevindings dui op toewyding aan die gesin en spesifiek op die samewerking onder gesinslede om trauma te konfronteer – bevindings wat aansluit by die navorsingsliteratuur (Greeff et al., 2005).

6.2.3 Uitdaging

`n Beduidende verhouding is gevind tussen die gesinsgehardheid-komponent van uitdaging en gesinsaanpassing. Uitdaging sluit aan by die funksioneringsdomein van ontwikkeling, wel-wees en spiritualiteit, aangesien uitdaging verwys na die vermoë van die gesinseenheid om te groei ná die belewing van krisisse.

Tydens die onderhoude het dit geblyk dat die deelnemers `n gedeelde perspektief op die dood van hul kinders ontwikkel het. Volgens Walsh en McGoldrick (2004) se raamwerk is `n gedeelde perspektief nodig om die verlies te integreer in gesinne se emosionele lewens en om, vandaar, te groei as `n gesinseenheid. In lyn met hierdie raamwerk, blyk dit dat ouers sin probeer maak van die verlies van `n kind en dat die perspektiewe wat hulle ontwikkel hulle uiteindelik help om die verlies te aanvaar. Sommige ouers ontwikkel hierdie perspektiewe deur hul verliese te vergelyk met ander ouers se verliese. Alhoewel hulle nie die seer van hul eie kinders se sterftes kan ontsien nie, kom ouers tot die gevolgtrekking dat hul seer, vergeleke met ander persone s`n, moontlik erger kon gewees het.

Die dood van `n kind word ook mettertyd vanuit `n realistiese oogpunt beskou. Deur te let op die onwaarskynlikheid dat kinders, byvoorbeeld, mediese operasies kon oorleef en moontlike verdere lyding gespaar is, vind ouers `n mate van vertroosting. In die geval van skielike sterftes berus sommige ouers in `n gedeelde oortuiging dat ongelukke maklik kan gebeur en dat hulle sodoende nie hulself hoef te verwyt vir die verlies van `n kind nie.

In terme van persoonlike groei, het die ouers aangedui dat hul gesinsverhoudings versterk is ná hul kinders se sterftes. Sommige ouers het byvoorbeeld getuig van die groter dankbaarheid wat hulle vir hul oorlewende kinders gekry het en dat dit veroorsaak het dat hulle meer aandag aan hul gesinslewens begin spandeer het. Ander ouers het ook gevoel dat hul oorlewende kinders meer besorg oor hulle geword het in die tyd ná die verlies van hul kinders. Die ouers het ook vertel dat die nabyheid van hul huweliksverhoudings sterker daar uitgesien het, as gevolg van die wedersydse

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ondersteuning, omgee en empatie wat hulle van mekaar ontvang het ná die verlies van hul kinders. Dié bevinding is egter nie deurgaans bespeur by alle ouers nie, aangesien `n paar deelnemers wel erken het dat hul liefdesverhoudings post-verlies geskaad is – klaarblyklik as gevolg van gebrekkige kommunikasie omtrent hul gevoelens en gedagtes rakende die dood van hul kinders.

Persoonlike groei is in die huidige studie ook opgemerk in ouers se vertellings dat hulle ná die dood van hul kinders meer gerig is daarop om na ander mense uit te reik. Die ouers het vertel hoe hulle ander mense, wat met krisisse gekonfronteer is, begin bystaan het. Blykbaar motiveer die ervaring van verlies sekere ouers om veral ander ouers te ondersteun wat die verlies van `n kind beleef het.

Ten opsigte van gender-verskille is daar bevind dat verskeie manlike deelnemers persoonlik gegroei het ten opsigte van hul bereidwilligheid om hul emosies uit te druk. In hierdie opsig het sommige mans uitgebrei oor die feit dat hulle vóór die verlies van hul kinders verleë sou voel om openlik hul gevoelens te openbaar. Ná die verlies het hulle egter geleer, met die ondersteuning van hul vrouens, om hul emosies te begryp en dit eerlik te kommunikeer met ander.

In die huidige studie kan die leer-ervarings van ouers, wat moontlik gespruit het uit die verlies van `n kind, ook byeengebring word onder die konsep van uitdaging. Eerstens wil dit voorkom dat ouers se sienings oor die lewe en die dood verander het. `n Nuwe waardering vir die lewe, wat nie meer as vanselfsprekend aanvaar word nie, is deur die deelnemers gerapporteer. Tweedens blyk dit dat bedroefde ouers nuwe insigte verkry het ten opsigte van hul godsdienstige oortuigings. Die meeste deelnemers het getuig van `n gewysigde begrip van God, terwyl sommiges ook begin besin het oor die waarheid en relevansie van ander geloofstradisies. Sommige ouers het ook vertel dat hul geloof in God versterk is en dat `n meer nabye verhouding met God gevestig is.

Soortgelyk aan die bovermelde resultate het Polatinsky en Esprey (2000) post-traumatiese groei ondersoek by ouers wie se kinders oorlede is. Post-traumatiese groei is `n konsep wat ooreenkomste toon met die gesinsgehardheid-komponent van uitdaging, aangesien beide konsepte wys op die moontlike groei wat individue en groepe kan ervaar ná die belewing van stressors (Almedom, 2005). Soos in die huidige studie, het Polatinsky en Esprey (2000), onder andere, bevind dat bedroefde ouers inderdaad voordele waarneem vanuit die ervaring van die verlies van `n kind. Verder is daar bevind dat die verloop van tyd ook `n rol speel, aangesien aanduiders van post-traumatiese groei hoër was na aanleiding van die tyd sedert kinders gesterf het (Polatinsky & Esprey, 2000).

6.2.4 Beheer

Die laaste komponent van gesinsgehardheid wat in die huidige studie kwantitatief en kwalitatief ondersoek is, is beheer – die vermoë van die gesin om verantwoordelikheid te neem vir hul

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

aanpassing en nie hulpeloos te voel in die aangesig van stressors nie. In die huidige studie is `n beduidende positiewe verhouding gevind tussen beheer en gesinsaanpassing (vergelyk Tabel 6). Beheer kan beskou word as die aktiewe gedragsaspek van gesinsgehardheid. Indien so begryp, sluit beheer hoofsaaklik aan by die struktuur en funksie domein, soos geïdentifiseer binne die Veerkragtigheidsmodel (McCubbin & McCubbin, 1996).

Dit het geblyk dat die gesinne gekenmerk kon word aan `n vermoë om gesamentlike besluite te neem in die aangesig van stressors. So ook was die ouers, veral vrouens, gesteld daarop om primêr na die emosionele welstand van hul gesinne om te sien – `n verantwoordelikheid wat ouers aangespoor het om konstruktief voort te gaan met hul lewens ná verlies.

Kwessies rakende die vergifnis van ander, asook self-vergifnis, was prominent in die deelnemers se vertellings. Dit blyk dat vergifnis nodig is vir bedroefde ouers om hulself te rig op die toekoms en om met `n positiewe ingesteldheid `n lewe sonder hul afgestorwe kinders te lei. Emosionele begrip en beheer word in die proses aangehelp, wat dit vir ouers moontlik maak om aan te pas ná verlies. In hierdie opsig het `n ondersoek getoon dat bedroefde ouers en ander individue wat met verlies gekonfronteer is, `n beter vermoë getoon het om hul emosies te reguleer ter wille van aanpassing, vergeleke met persone wat nog nie verlies beleef het nie (Znoj & Keller, 2002).

`n Bykomende bevinding in die huidige studie is die deelnemers se aansprake dat elke verlies `n unieke proses verteenwoordig, wat nie soseer deur teoretici en praktisyns ten volle verstaan kan word nie. Soos aangedui deur Hynson et al. (2006), is daar bevind dat bedroefde ouers dikwels krities staan teen algemene teoretiese beskouings rakende verdriet en aanpassing. In die huidige ondersoek blyk dit dat ouers meer vertroue het in hulpverlening en ondersteuning wat geskied vanuit `n oogpunt waar gesinne se unieke lewensomstandighede en die spesifieke aard van die verlies deeglik begryp word.

6.2.5 Samevatting: Gesinsgehardheid

Gesinsgehardheid verteenwoordig `n moontlike weerstandsbron by gesinne waarin `n kind oorlede is. Verder is dit duidelik dat die voorkoms en belewenis van toewyding aan die gesin, die beskouing van uitdagings as gebeurtenisse wat groei kan bewerkstellig en die oortuiging dat gesinslede in beheer is van hul eie aanpassingsprosesse, verskil na gelang van die wyse waarop `n kind gesterf het, die gender van `n ouer en die verloop van die gesinslewensiklus.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

6.3 Verdriet

Verdriet, die versameling van sielkundige reaksies wat volg op die verlies van `n geliefde persoon (Hunt, 2008), kan beskou word as die waarneembare uitdrukking van `n gesinsisteem in krisis. As sodanig wys verdriet op `n gesinseenheid waarin harmonie en balans versteur is as gevolg van die verlies van `n gesinslid (Bowen, 1978).

Die dood van `n kind is deur die deelnemers beskou as `n unieke verlies-ervaring, waarvan die gevolge veel erger daar uitsien as in die geval van ander verliese. Hierdie kwalitatiewe bevinding kan vergelyk word met die kwantitatiewe resultate van Middleton et al. (1998) se studie. In hierdie Nieu-Seelandse studie is daar bevind dat verdriet beduidend meer intens voorkom by ouers wat `n kind afgestaan het aan die dood vergeleke met weduwees, wewenaars en volwasse kinders wie se ouers oorlede is (Middleton et al., 1998).

In ooreenstemming met Hunt (2008) se bevindings is sekere verdriet-reaksies wat gepaardgaan met die verlies van `n kind in die huidige studie kwalitatief geïdentifiseer en verken. Hierdie verdriet-reaksies het ingesluit geestelike, kognitiewe, emosionele, fisiologiese en interpersoonlike reaksies (Hunt, 2008).

Die moontlike simptome van depressie wat deur die ouers aangedui is, word ondersteun deur die bevindings van `n Hollandse studie (Wijngaards-de Meij et al., 2005). Alhoewel die verhoogde voorkoms van selfmoordgedagtes by bedroefde ouers vergeleke met die algemene populasie nie ondersteun word deur kwantitatiewe navorsing nie (Murphy, Johnson, Tapper, & Lohan, 2003), is dié simptoom van depressie ná afloop van `n kind se dood wel in die huidige studie aangemeld deur `n enkele deelnemer.

Soortgelyk aan die resultate van `n Sweedse studie (Surkan et al., 2006), is daar ook in die huidige studie bevind dat sekere bedroefde ouers geneig was om mediese personeel aandadig te hou vir hul kinders se sterftes. Dié blamering van ander het ook, soos bevestig deur Surkan et al. (2006), negatiewe gevolge ingehou vir die deelnemers se aanpassing.

Soos in die geval van ander studies waarin verskille in verdriet-reaksies gevind is op grond van die wyse waarop die kinders gesterf het (Miyabayashi & Yasuda, 2007; Murphy, Johnson, Wu, Fan, & Lohan, 2003; Wijngaards-de Meij et al., 2005) is daar in die huidige ondersoek ook gelet op die invloed wat die oorsaak van die kind se dood gehad het op ouers se verdriet-reaksies. Met betrekking tot selfmoord-gevalle het dit voorgekom dat ouers sekere unieke reaksies getoon het, soos byvoorbeeld die behoefte daaraan om die redes vir hul kind se selfmoord uit te vind en bekentenisse dat hulle onbewus was van hul kind se voorneme om selfmoord te pleeg.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dit was duidelik dat kontekstuele faktore, soos kultuur en die gesinslewensiklus, `n invloed gehad het op ouers se gerapporteerde verdriet-ervarings. In die geval van kultuur het die ouers hoofsaaklik hul indrukke gegee van die Afrikaner-kultuur (aldus, die betekenis-sisteem wat verband hou met die algemene lewenswyse van wit, Afrikaans-sprekende Suid-Afrikaners) en die maniere waarop die uitdrukking van verdriet binne dié kultuur aanvaar of verbied word.

Die ouers was dit eens dat die uitdrukking van verdriet binne die Afrikaner-kultuur grootliks verskil van die wyses waarop verdriet uitgedruk word binne die kulture van ander Suid-Afrikaanse bevolkingsgroepe. Die kulturele ontmoediging van die uitdrukking van verdriet en die verwagte spoedige verbreking van die band met die oorledene sluit moontlik aan by `n Westerse wêreld-beskouing, waartoe die Afrikaner-kultuur histories verbind is. Volgens teoretici (Cohen et al., 2002; Davies, 2004; Walsh & McGoldrick, 2004) kan die gerapporteerde verskille in die uitdrukking van verdriet en die verwerking van verlies in die huidige studie verklaar word aan die hand van die verskille tussen kulture se individualistiese en kollektiewe lewensbeskouings.

In lyn met bestaande teoretiese raamwerke (McGoldrick & Carter, 2003; Walsh & McGoldrick, 2004) is die gesinslewensiklus in die huidige studie beskou as `n moontlike veranderlike wat ouers se verdriet-reaksies beïnvloed. Ondersteuning vir hierdie aanname word gebied deur Wijngaards-de Meij et al. (2005), wat bevind het dat die dood van kinders in die jongste ouderdomme, asook die dood van kinders in die oudste ouderdomme in die steekproef, betreklik minder hewige verdriet-reaksies by ouers tot gevolg gehad het. Met die gebruik van kwalitatiewe metodes was dié bevinding egter nie bevestigbaar in die huidige studie nie. Dit het wel voorgekom dat die deelnemers, ongeag hul lewensfase of die ouderdom van hul kinders ten tye van sterfte, vergelykbare verdriet ervaar het. Tog het die aard van die verdriet ná hul kinders se sterftes verskil. Ouers wie se kinders net ná geboorte oorlede is, het aangedui dat hul teleurstelling daarin gelê het dat hul hoop en drome as jong ouers skielik van hul ontneem is. Vir ouers wie se kinders in hul tienerjare of vroeë volwassenheid oorlede is, was dit daarenteen `n geval van `n verlies van `n persoon, wat begin het om sy of haar eie onafhanklike lewe te lei. Dié ouers se teleurstelling was daarom meer dikwels uitgedruk in wensuitdrukkings dat hulle sou wou waarneem watter beroepe hul kinders sou gevolg het en wanneer en met wie dié kinders nabye verhoudings sou aangeknoop het. Hierdie kwalitatiewe verskille word teoreties ondersteun deur Walsh en McGoldrick (2004) se konsepsuele raamwerk van verlies en gesinsaanpassing.

Die verloop van tyd speel ook `n rol in die verdriet van bedroefde ouers. Alhoewel die deelnemers vertel het dat die rou gevoelens van hartseer en skok oor die sterftes van hul kinders mettertyd afgeneem het, was dit duidelik dat hul verlange na hul kinders nooit verminder het nie en dat dit in

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sommige gevalle eerder toegeneem het. Dié bevinding word ondersteun deur Malkinson en Bar-Tur (2000), wat bevind het dat die verloop van tyd inderdaad nie verdriet versag het nie en dat bejaarde ouers veral bekommerd was oor die moontlike verlies van herinneringe aan hul oorlede kinders. In hierdie opsig is daar in die huidige studie ook opgemerk dat die ouer deelnemers meer geneig was om hul herinneringe van hul kinders met die navorser te deel. Hierdie bevinding mag dui op ouers se pogings om te midde van hul veroudering dié herinneringe volwaardig te behou.

Verskeie kategorieë rakende verdriet is in die huidige studie vanuit ouers se response tydens onderhoude geïdentifiseer, wat aansluiting vind by die bevindings van vorige navorsing. Die resultate van die huidige studie word ook deur vorige navorsing bevestig ten opsigte van die wyses waarop verdriet-reaksies beïnvloed word deur die oorsaak van `n kind se dood, deelnemers se kulturele agtergronde, die gesinslewensiklus en die verloop van tyd.

6.4 Voortdurende Verbintenis

Die wyses waarop die deelnemers op `n kognitiewe, fisiese, emosionele en geestelike vlak `n band met hul oorlede kinders behou, wys op die konsep van die voortdurende verbintenis (Walter, 1996). In die huidige studie het dit voorgekom dat ouers `n voortdurende verbintenis met hul oorlede kinders vestig deur middel van artefakte, herinneringe van hul kinders se persoonlikhede en talente, `n besorgdheid met die liggaamlike oorskot van hul kinders en spesiale seremonies, waartydens hul kinders se lewens herdenk word. Die voorkoms van `n voortdurende verbintenis word ondersteun in die navorsingsliteratuur (Hunt, 2008; Malkinson & Bar-Tur, 2000).

Grout en Romanoff (2000) het bevind dat ouers van kinders wat direk ná geboorte oorlede is, gefokus was daarop om `n geestelike ruimte te skep vir die oorlede kind in hul gesinslewens. Soortgelyk aan die resultate van die huidige studie, sluit dié bevinding aan by die konsep van `n voortdurende verbintenis – ook in die opsig dat die ouers deur middel van seremonies en die deel van herinneringe `n verhouding behou het met hul oorlede kinders (Grout & Romanoff, 2000).

Soos bevind in die huidige studie, verteenwoordig die voortdurende verbintenis `n gedeelde ervaring, aangesien ouers hul herinneringe van hul kinders met mekaar, met hul oorlewende kinders en ander familielede bespreek. Afgesien van die gesinsvlak, is dit ook duidelik dat die ouers gesteld is daarop om hul kinders se vriende en ander mense buite hul gesinne se indrukke van hul oorlede kinders in te win. Die voortdurende verbintenis funksioneer sodoende as `n gedeelde belewenis van die verlies van `n persoon, waarmee naasbestaandes die lewe van `n oorledende eer en vier (Walsh & McGoldrick, 2004).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die voortdurende verbintenis verteenwoordig blykbaar `n integrale en positiewe aspek van gesinne se aanpassingsproses ná die dood van `n kind (Davies, 2004; Klass, 2006; Walter, 1996). Teenstrydig met tradisionele teoretiese aannames rakende verdriet en aanpassing ná verlies (Bowen, 1978; Kast, 1993; Worden, 1991) blyk dit dat dit van waarde is dat ouers `n verhouding met hul oorlede kinders behou, eerder as om hul bande met oorlede kinders te verbreek.

Dit blyk (soos aangedui in vorige navorsing en in tred met hedendaagse teorieë) dat die voortdurende verbintenis op verskeie maniere gevestig word en dat dit vir gesinne positiewe gevolge inhou in hul aanpassing ná die verlies van `n kind.

6.5 Eksterne Gesinsweerstandsbronne

Die ondersteuning wat deelnemers ontvang van buite die gesin en hul godsdienstige oortuigings kan beskou word as eksterne gesinsweerstandsbronne. Hierdie weerstandsbronne behels faktore wat bevorderend is vir gesinsaanpassing wat van buite die gesin `n impak uitoefen op die gesinseenheid (Greeff & Human, 2004).

6.5.1 Ondersteuning van Buite die Gesin

Beduidende verhoudings tussen sosiale steun en gesinsaanpassing is meermale bevind in die navorsingsliteratuur (Greeff & Fillis, 2008; Greeff & Holtzkamp, 2007; Greeff & Human, 2004). Binne die konteks van die verlies van `n kind het Greeff et al. (2005) ook `n beduidende positiewe korrelasie gevind tussen gesinsaanpassing en sosiale steun. Vanuit `n kwalitatiewe oogpunt blyk dit in die huidige studie dat die steun wat gesinslede van buite hul gesinne ontvang hul aanpassing ná die dood van `n kind tot voordeel strek.

Ondersteuning van buite die gesin kan, binne die Veerkragtigheidsmodel (McCubbin & McCubbin, 1996), ingesluit word by die domein van funksionering van gemeenskapsbetrokkenheid en natuur. Die deelnemers aan die huidige ondersoek het gerapporteer dat verskeie buitepersone in hul gemeenskappe vir hulle bygestaan het, insluitend vriende, geestelike leiers, professionele beroepslui en hul oorlede kinders se vriende.

Die deelnemers het groot waarde geheg aan die emosionele ondersteuning verkry binne formele ondersteuningsgroepe. Soos ook bevind in ander studies (Geron, Ginzburg, & Solomon, 2003; Pietilä, 2002), word hierdie emosionele ondersteuning grootliks moontlik gemaak deur die feit dat lede van ondersteuningsgroepe empatie met mekaar kan toon, op grond van soortgelyke ervarings van die verlies van `n kind. So ook word `n ruimte geskep in ondersteuningsgroepe waarbinne

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

deelnemers hul emosies openlik kan openbaar en ook hul herinneringe van hul kinders met mekaar kan deel.

Gender-verskille was betrokke by die deelnemers se vertellings rakende hul ondersteuning van buite die gesin. Sommige vroulike deelnemers het, byvoorbeeld, geglo dat hul mans nie dieselfde mate van ondersteuning van buite die gesin ontvang nie. Dié bevinding mag dui op verskille tussen mans en vrouens ten opsigte van hul hulpsoekende gedrag (Ang, Lim, Tan, & Tow, 2004). Hunt (2008) het in dié opsig ook in haar kwalitatiewe ondersoek tot die gevolgtrekking gekom dat vrouens meer geneig was om eksterne ondersteuning te soek ná die verlies van `n kind.

Verder het die deelnemers aan die huidige studie uitgebrei oor die aard van die ondersteuning wat hulle ontvang het, sowel as die ondersteuning wat hulle sou verkies het om te ontvang. Soos aangedui deur Becvar (2001) verteenwoordig die dood van `n kind `n taboe-onderwerp, waaroor persone dikwels ongemaklik voel om oor te praat. In die huidige studie word dié aanname ondersteun deur sekere ouers se vertellings van hul onvermoë om met hul vriende te praat oor die verlies van hul kinders.

Die ouers was dit verder eens dat hulle sou verkies het dat hul kennisse vir hulle tydelik ruimte sou gegun het om alleen as gesinne te treur. So ook het die deelnemers vertel dat persone soms onsensitiewe aanmerkings gemaak het en dat hulle ook sekere betuigings van simpatie beskou het as ondeurdag en oneerlik. Die ouers sou verkies het dat ander mense hulle sou troos met werklike empatie vir hul verlies. Tog het die meeste ouers insig getoon in die besef dat hul irritasies met ander se troos-boodskappe en pogings tot ondersteuning die gevolg is van hul eie oorsensitiwiteit te midde van hul verdriet. As sodanig het die ouers die eerlike bedoelings van hul ondersteuners met die verloop van tyd ingesien en besef dat hul gesinne, op hul beurt, ontvanklik moet wees vir ander se steun.

Die ondersteuning wat die deelnemers van buite die gesin en van verskillende persone ontvang, kan beskou word as `n eksterne gesinsweerstandsbron, soos bevestig in die navorsingsliteratuur (Greeff & Fillis, 2008; Greeff & Holtzkamp, 2007; Greeff & Human, 2004). Kwalitatief-gesproke, wys die resultate van die huidige studie daarop dat nie alle ondersteuning van waarde is nie, aangesien die waarde daarvan afhanklik is van die aard van die ondersteuning, wat positief of negatief ervaar kan word.

6.5.2 Godsdiens

In beide Walsh en McGoldrick (2004) se teoretiese raamwerk en die Veerkragtigheidsmodel (McCubbin & McCubbin, 1996) is godsdiens en spiritualiteit ingesluit as `n gesinsweerstandsbron.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Binne die Veerkragtigheidsmodel (McCubbin & McCubbin, 1996) sluit godsdiens spesifiek aan by die domein van funksionering van ontwikkeling, wel-wees en spiritualiteit.

Greeff en Joubert (2007) het bevind dat godsdiens en spiritualiteit `n rol speel in die veerkragtigheid van gesinne waarin `n ouer oorlede is. Soortgelyk aan die resultate van hierdie Suid-Afrikaanse studie, is daar in die huidige studie bevind dat ouers wie se kinders oorlede is, vertroosting vind in hul godsdienstige oortuigings. Geloof in die hiernamaals en die oortuiging dat God in beheer is van hul lewens en deur Sy genade voorsien, bied troos vir bedroefde ouers. Gebed is ook beskryf as `n ritueel wat vir deelnemers van waarde is – `n bevinding wat vergelyk kan word met die kwantitatiewe bevindings van `n Amerikaanse studie (Murphy et al., 2002).

`n Bykomende bevinding van die huidige studie is dat ouers van kinders wat selfmoord gepleeg het, meer geneig is om te vertel hoe hul kinders wedergebore Christene was, of gereeld godsdienstige rituele, soos die lees van die Bybel, nagekom het. Dié unieke bevinding mag die gevolg wees van ouers wat reageer op sosiale stigmas rakende selfmoord (Cvinar, 2005).

Binne die konteks van die verlies van `n kind word ouers ook getroos deur `n oortuiging dat God `n spesiale besorgdheid en begrip het vir die ervarings van bedroefde ouers, aangesien God ook `n Seun afgestaan het aan die dood. In die huidige studie het die ouers dikwels die kruisigingsverhaal aangehaal om die verlies van hul kinders binne `n godsdienstige perspektief te plaas.

Vanuit `n kwalitatiewe perspektief wil dit dus voorkom dat geloof in God, godsdienstige oortuigings en godsdienstige rituele vir bedroefde ouers `n belangrike faktor is in hul aanpassing ná die verlies van `n kind. Godsdiens en spiritualiteit dien blykbaar as `n gedeelde sisteem van oortuigings onder gesinslede (met gepaardgaande geritualiseerde gedrag), wat bevorderend is vir gesins-aanpassing (McCubbin & McCubbin, 1996; Walsh & McGoldrick, 2004).

6.5.3 Samevatting: Eksterne Gesinsweerstandsbronne

Ondersteuning van buite die gesin en godsdiens verteenwoordig eksterne gesinsweerstandsbronne. Hierdie bronne is werksaam van buite die gesin en beïnvloed gesinne se aanpassing te midde van stresvolle gebeurtenisse en traumatiese ervarings (McCubbin & McCubbin, 1996; Walsh & McGoldrick, 2004). In die huidige studie is dié weerstandsbronne duidelik betrokke in die aanpassingsproses van gesinne binne die konteks van die verlies van `n kind. Die invloed van hierdie veranderlikes word blykbaar ook geaffekteer deur die werking van kontekstuele faktore, soos gender en die oorsaak van `n kind se dood.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

6.6 Beperkings, Sterkpunte en Aanbevelings vir Toekomstige Navorsing

Die resultate van die huidige ondersoek word gedeeltelik ondersteun deur empiriese navorsing. Die huidige studie is ook geloods met behulp van insigte verkry uit `n verskeidenheid van teoretiese raamwerke en modelle. Tradisionele sienings rakende verdriet en gesinsaanpassing is krities ontleed en daar is gewys op die teoretiese fokus-verskuiwing na die voortdurende verbintenis as `n proses wat van waarde is vir individue en gesinne se aanpassing ná verlies (Bowen, 1978; Walter, 1996; Davies, 2004). Die aannames van Walsh en McGoldrick (2004) se kwalitatiewe oorsig van gesinsaanpassing ná verlies, asook die proses-benadering van die Veerkragtigheidsmodel (McCubbin en McCubbin, 1996) word verder gesteun deur die bevindings van die huidige studie. Die salutogene model (Antonovsky, 1979, 1987, 1996) is ook bespreek as `n voorganger van heden-daagse gesinsveerkragtigheidsmodelle en die navorser het gelet op die ooreenkomste tussen gesinsgehardheid en die konsep van gesinskoherensie-sin (Antonovsky & Sourani, 1988). As sodanig het dit geblyk dat die gesinsgehardheid-komponente van toewyding en beheer ooreenkomste toon met, onderskeidelik, die konsepte van betekenisvolheid en handelbaarheid (Antonovsky, 1987). Volgens Almedom (2005) is daar tans verskeie ooreenstemmende konstrukte, soos gehardheid, koherensie-sin en post-traumatiese groei, wat moontlik verwys na soortgelyke prosesse en eienskappe van individuele en gesinsveerkragtigheid. Toekomstige navorsers kan verdere aandag gee aan die verskille en ooreenkomste tussen konsepte wat verband hou met gesinsveerkragtigheid.

Een van die sterkpunte van die huidige studie was dat beide ouers in die meeste gevalle saam deelgeneem het aan die onderhoude. Hierdie metode het dit moontlik gemaak om te let op die verskille en ooreenkomste ten opsigte van deelnemers se sienings oor hul gesinne se funksionering. In die deelnemers se vertellings is die kollektiewe “ons”-oriëntasie verkies bo die individualistiese “ek”-ingesteldheid – `n kwalitatiewe bevinding wat wys op die waarde en haalbaarheid van metodes gerig op die studie van gesinsprosesse (McCubbin et al., 1996). Kinders se rolle in die gesinsaanpassingsproses ná verlies is in die huidige studie alleenlik beoordeel vanuit die ouers se vertellings. Om `n bykomende blik op gesinslede se sienings oor hul gesinsfunksionering te verkry, kan toekomstige navorsing (afgesien van die ouerpaar as verteenwoordigers van hul gesinne) ook fokus daarop om die insette van die kinders in die gesin in te win.

`n Bykomende voordeel van die huidige ondersoek is die kwalitatiewe metodes wat toegepas is. Intensiewe onderhoude is gevoer met die deelnemers, waarmee in-diepte ondersoek ingestel is na die aard van gesinne se aanpassing ná die verlies van `n kind. Data-ontleding is uitgevoer met die gebruik van gegronde teoretiese metodes (Corbin & Strauss, 1990), wat dit vir die navorser

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

moontlik gemaak het om die vertrouenswaardigheid van die studie te bevorder (Shenton, 2004). Die kwalitatiewe aard van die huidige studie het bevindings tot gevolg gehad wat van waarde mag wees vir die verdere ontwikkeling van teoretiese sienings rakende verdriet en gesinsaanpassing.

Die byeenbring van kwantitatiewe en kwalitatiewe metodes in die huidige studie was voordelig vir die kwaliteit van die ondersoek. Tussen-metode triangulering is toegepas deur middel van die kombinasie van semi-gestruktureerde onderhoudvoering en die gebruik van vraelyste (Flick, 2009). Triangulering van metodes het die navorser in staat gestel om te let op verskille en ooreenkomste ten opsigte van die kwantitatiewe en kwalitatiewe bevindings. Die navorser glo dat hierdie oorleg van metodes dit moontlik gemaak het om `n meer verrykende begrip te ontwikkel van verdriet, gesinsgehardheid en ander gesinsweerstandsbronne binne die konteks van die verlies van `n kind.

Die resultate van die huidige studie kan nie sondermeer veralgemeen word tot die populasie van bedroefde ouers nie. As gevolg van `n heterogene deelnemersbasis (ten opsigte van ouderdom en geslag) kan die kwantitatiewe veralgemeningswaarde van die resultate dus bevraagteken word. Meer homogene steekproewe kan daarom van voordeel wees vir toekomstige ondersoeke.

Verder is die ontleding van kwantitatiewe data gekompliseer deur `n relatief klein steekproef van deelnemers en daaropvolgende nie-normale verspreidings van tellings. Hierdie stand van sake het veroorsaak dat minder betroubare nie-parametriese toetse soms uitgevoer moes word. `n Doelwit van toekomstige ondersoeke van gesinsgehardheid in gesinne waarin `n kind oorlede is, kan dus wees om beter steekproeftrekkingsprosedures (soos ewekansige steekproeftrekking) toe te pas en om meer deelnemers by die studies te betrek.

Die navorser beveel ook aan dat toekomstige studies verder let op gender-verskille, aangesien die huidige studie nie daarin geslaag het om verskille tussen mans en vrouens ten opsigte van gesinsgehardheid kwantitatief te ontleed nie. Dit was as gevolg van die oorwig van vroulike deelnemers vergeleke met manlike deelnemers, wat by die steekproef ingesluit is.

`n Bykomende aanbeveling sal wees om `n kontrole groep van nie-bedroefde ouers saam te stel. Sodoende sal daar beoordeel kan word of gesinsgehardheid inderdaad `n unieke effek het op bedroefde gesinne se aanpassing en of die rol van gesinsgehardheid `n algemene invloed het op alle gesinne se funksionering. Meer omvattende statistiese tegnieke is egter waarskynlik nodig om sulke ondersoeke te loods as wat die geval was in die huidige studie.

Die navorser glo dat gepaste intervensies en terapeutiese programme ontwikkel kan word met die insigte verkry in die huidige studie. Volgens Murphy (2000) is dit noodsaaklik dat werkers in die geestesgesondheid-sektor bewus bly van die unieke omstandighede van ouers se verliese en dat

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

programme aangepas word na gelang van dié omstandighede. As sodanig is daar in die huidige studie empiriese ondersteuning gevind vir die aanname dat gesinne se verdriet-reaksies en aanpassing verskil na aanleiding van die gesinslewensiklus, gender, die ouderdomme van kinders ten tye van sterfte, die wyse waarop die kinders gesterf het en kultuur. So ook het Dyregrov (2004) gewys op die belang van bedroefde persone se insette in die terapeutiese proses. In hierdie opsig behoort die geestesgesondheidwerker te let op die inherente sterktes van gesinne wat verlies beleef en hulle bemagtig om gebruik te maak van die weerstandsbronne tot hul beskikking. Die resultate van die huidige studie dui aan dat gesinne beheer wil neem van hul eie aanpassing en dat hulle wel-wees nastreef met die steun van mense buite die gesin, hul godsdienstige oortuigings, die ontwikkeling van `n voortdurende verbintenis met `n oorlede kind en `n fokus op inherente gesinsterktes. Die navorser glo dat dié resultate suksesvol geïntegreer kan word in die ontwikkeling van intervensies by gesinne wat die verlies van `n kind ervaar.

6.7 Gevolgtrekking

Gesinne reageer op unieke wyses ná die verlies van `n kind. Hul reaksies hang af van verskeie kontekstuele faktore en die spesifieke omstandighede rondom hul kinders se sterftes. Hul strewe na wel-wees in die aangesig van die dood van `n kind word verteenwoordig deur `n aanpassingsproses wat berus op interne en eksterne gesinsweerstandsbronne. Die huidige studie het aangetoon dat gesinne se aanpassing en herstel van verdriet bevorder kan word deur godsdienstige oortuigings, `n voortdurende verbintenis met `n oorlede kind, ondersteuning van buite die gesin en gesins-gehardheid. Toewyding aan die gesin, persoonlike groei en leer-ervarings wat mag volg op `n verlies, asook `n oortuiging dat gesinslede gesamentlik verantwoordelikheid kan neem vir hul aanpassing is inherente weerstandsbronne wat voordele inhou vir gesinne wat met die dood van `n kind gekonfronteer word. Intervensies wat dié weerstandsbronne kan ontgin, kan moontlik meer effektief daar uitsien as huidige terapeutiese programme gerig op die bevordering van bedroefde ouers en hul gesinne se wel-wees.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Verwysingslys

Almedom, A. M. (2005). Resilience, hardiness, sense of coherence, and posttraumatic growth: All paths leading to "light at the end of the tunnel"? *Journal of Loss and Trauma*, *10*(3), 253–265. doi:10.1080/15325020590928216

Andersen, M. L., & Taylor, H. F. (2004). *Sociology: Understanding a diverse society*. Toronto: Thomson Learning Inc.

Ang, R. P., Lim, K. M., Tan, A., & Tow, Y. Y. (2004). Effects of gender and sex-role orientation on help-seeking attitudes. *Current Psychology*, *23*(3), 203-214. doi:10.1007/s12144-004-1020-3

Antonovsky, A. (1979). *Health, stress, and coping*. San Francisco: Jossey-Bass Publishers.

Antonovsky, A. (1987). *Unraveling the mystery of health: How people manage stress and stay well*. San Francisco: Jossey-Bass Publishers.

Antonovsky, A. (1996). The salutogenic model as a theory to guide health promotion. *Health Promotion International*, *11*(1), 11-19. doi:10.1093/heapro/11.1.11

Antonovsky, A., & Sourani, T. (1988). Family sense of coherence and family adaptation. Journal of Marriage and the Family, 50(1), 79-92. doi:10.2307/352429

Appelt, I. (2006). *Narratives of hope: Trauma and resilience in a low-income South African community*. (Doktorale proefskrif). Onttrek van SUNScholar.

Becvar, D. S. (2001). *In the presence of grief: Helping family members resolve death, dying, and bereavement issues*. Londen: The Guilford Press.

Benner, P. (Red.) (1994). *Interpretive phenomenology: Embodiment, caring, and ethics in health and illness*. Thousand Oaks: Sage Publications.

Berg, B. L. (1989). *Qualitative research methods for the social sciences*. Needham Heights, Massachusetts: Allyn & Bacon.

Bowen, M. (1978). *Family therapy in clinical practice*. New York: Jason Aronson.

Brown-Baatjies, O., Fouché, J. P., & Greeff, A. P. (2008). The development and relevance of the resiliency model of family stress, adjustment and adaptation. *Acta Academica*, *40*(1), 78-126.

Campbell, C. L., & Demi, A. S. (2000). Adult children of fathers missing in action (MIA): An examination of emotional distress, grief, and family hardiness. *Family Relations*, *49*(3), 267-276. doi:10.1111/j.1741-3729.2000.00267.x

Charmaz, K. (2006). *Constructing grounded theory: A practical guide through qualitative analysis*. Londen: Sage Publications.

Chen, H. Y., & Boore, J. R. P. (2008). Living with a relative who has a spinal cord injury: A grounded theory approach. *Journal of Clinical Nursing*, *18*(2), 174-182. doi:10.1111/j.1365-2702.2008.02355.x

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Clarke, P. C. (2002). Effects of individual and family hardiness on caregiver depression and fatigue. *Research in Nursing & Health*, *25*(1), 37-48. doi:10.1002/nur.10014

Cohen, O., Slonim, I., Finzi, R., & Leichtentritt, R. D. (2002). Family resilience: Israeli mothers` perspectives. *The American Journal of Family Therapy*, *30*(2), 173-187. doi:10.1080/019261802753573876

Corbin, J., & Strauss, A. (1990). Grounded theory research: Procedures, canons, and evaluative criteria. *Qualitative Sociology*, *13*(1), 3-21. doi:10.1007/BF00988593

Cvinar, J. G. (2005). Do suicide survivors suffer social stigma: A review of the literature. *Perspectives in Psychiatric Care*, *41*(1), 14-21. doi:10.1111/j.0031-5990.2005.00004.x

Daly, K. J. (1999). Crisis of genealogy: Facing the challenges of infertility. In H. I. McCubbin, E. A. Thompson, A. I. Thompson, & J. A. Futrell (Reds.), *The dynamics of resilient families* (pp. 1-39). Londen: Sage Publications.

Davies, R. (2004). New understandings of parental grief: Literature review. *Journal of Advanced Nursing*, *46*(5), 506-513. doi:10.1111/j.1365-2648.2004.03024.x

De Haan, L., Hawley, D. R., & Deal, J. E. (2002). Operationalizing family resilience: A methodological strategy. *The American Journal of Family Therapy*, *30*(4), 275-291. doi:10.1080/01926180290033439

Dyregrov, K. (2004). Strategies of professional assistance after traumatic deaths: Empowerment or disempowerment? *Scandinavian Journal of Psychology*, *45*(2), 181-189. doi:10.1111/j.1467-9450.2004.00393.x

Eiman, U. (2006). *Veerkragtigheidsfaktore in enkelouergesinne met `n volwasse MIV-positiewe kind*. (Meesterstesis). Onttrek van SUNScholar.

Field, A. (2005). *Discovering statistics using SPSS* (2de uitg.). Londen: Sage Publications.

Geron, Y., Ginzburg, K., & Solomon, Z. (2003). Predictors of bereaved parents` satisfaction with group support: An Israeli perspective. *Death Studies*, *27*(5), 405-426. doi:10.1080/07481180390208630

Flick, U. (2009). *An introduction to qualitative research* (4de uitg.). Londen: Sage Publications.

Foxcroft, C., & Roodt, G. (2005). *An introduction to psychological assessment in the South African context* (2de uitg.). Kaapstad: Oxford University Press Southern Africa.

Gilgun, J. F. (1999). Mapping resilience as process among adults with childhood adversities. In H. I. McCubbin, E. A. Thompson, A. I. Thompson, & J. A. Futrell (Reds.), *The dynamics of resilient families* (pp. 41-70). Londen: Sage Publications.

Gilgun, J. F. (2005). Qualitative research and family psychology. *Journal of Family Psychology*, *19*(1), 40-50. doi:10.1037/0893-3200.19.1.40

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Gorral, D. M., & Olson, D. H. (1995). Circumplex model of family systems: Integrating ethnic diversity and other social systems. In R. H. Mikesell, D. D. Lusterman, & S. H. McDaniel (Reds.), *Integrating family therapy* (pp. 217-233). Washington: American Psychological Association.

Graziano, A. M., & Raulin, M. L. (2007). *Research methods: A process of inquiry* (6de uitg.). New York: Pearson Education Inc.

Greeff, A. P., & Fillis, A. J. A. (2009). Resiliency in poor single parent families. *Families in Society*, *90*(3), 279-285. doi:10.1606/1044-3894.3902

Greeff, A. P., & Holtzkamp, J. (2007). The prevalence of resilience in migrant families. *Family & Community Health*, *30*(3), 189-200. doi:10.1097/01.FCH.0000277762.70031.44

Greeff, A. P., & Human, B. (2004). Resilience in families in which a parent has died. *The American Journal of Family Therapy*, *32*(1), 27-42. doi:10.1080/01926180490255765

Greeff, A. P., & Joubert, A. M. (2007). Spirituality and resilience in families in which a parent has died. *Psychological Reports*, *100*(3), 897-900. doi:10.2466/PR0.100.3.897-900

Greeff, A. P., & Loubser, K. (2007). Spirituality as a resiliency quality in Xhosa-speaking families in South Africa. *Journal of Religion & Health*, *47*(3), 288-301. doi:10.1007/s10943-007-9157-7

Greeff. A. P., Vansteenwegen, A., & Herbiest, T. (2005, Maart) *Indications of family resilience after the death of a child*. Voorgedra by die 4de jaarlikse Sandhills Regional sielkunde konferensie, Laurinburg, Georgia, VSA.

Greeff, A. P., Vansteenwegen, A., & Ide, M. (2006). Resiliency in families with a member with a psychological disorder. *The American Journal of Family Therapy*, *34*(4), 1-16. doi:10.1080/01926180600637465

Grout, L. A., & Romanoff, B. D. (2000). The myth of the replacement child: Parents` stories and practices after perinatal death. *Death Studies*, *24*(2), 93-113. doi:10.1080/074811800200595

Hartsthorne, T. S. (2002). Mistaking courage for denial: Family resilience after the birth of a child with severe disabilities. *The Journal of Individual Psychology*, *58*(3), 263-278. Onttrek van http://www.utexas.edu/utpress/journals/jip.html

Hawley. D. R. (2000). Clinical implications of family resilience. *The American Journal of Family Therapy*, *28*(2), 101-116. doi:10.1080/019261800261699

Henning, E., Van Rensburg, W., & Smit, B. (2005). *Finding your way in qualitative research*. Pretoria: Van Schaik Uitgewers.

Hunt, S. (2008). *Bereaved parents: Central issues of bereavement*. (Meesterstesis). Onttrek van SUNScholar.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hynson, J. L., Aroni, R., Bauld, C., & Sawyer, S. M. (2006). Research with bereaved parents: A question of how not why. *Palliative Medicine*, *20*(8), 805-811. doi:10.1177/0269216306072349

Jovanovic, A. A., Aleksandric, B. V., Dunjic, D., & Todorovic, V. S. (2004). Family hardiness and social support as predictors of post-traumatic stress disorder. *Psychiatry, Psychology and Law*, *11*(2), 263-268. doi:10.1375/ 1321871042707250

Kamm, S., & Vandenburg, B. (2001). Grief communication, grief reactions and marital satisfaction in bereaved parents. *Death Studies*, *25*(7), 569-582. doi:10.1080/074811801753184291

Kast, V. (1993). *A time to mourn: Growing through the grief process* (2de uitg.). Einsiedeln, Switserland: Daimon Verlag.

Klass, D. (2006). Continuing conversation about continuing bonds. *Death Studies*, *30*(9), 843-858. doi:10.1080/07481180600886959

Kobasa, S. C. (1982). The hardy personality: Toward a social psychology of stress and health. In G. S. Sanders & J. Suls (Reds.), *Social psychology of health and illness* (pp. 3-32). Hillsdale, New Jersey: Lawrence Erlbaum Associates.

Kyriakopoulos, A. T. (2008). Grief, salutogenesis, rituals and counselling: A multidimensional framework for working with the bereaved. *European Journal of Psychotherapy and Counselling*, *10*(4), 341-353. doi:10.1080/13642530802577075

Lam, J. N., Grossman, F. K., Cook, A. B., Kepkep, S. S., Culhane, K., Moore, R. P., Paniesin, R., & Koenen, K. C. (1999). Resiliency. In F. K. Grossman, A. B. Cook, S. S. Kepkep, & K. C. Koenen (Reds.), *With the phoenix rising: Lessons from ten resilient women who overcame the trauma of childhood sexual abuse* (pp. 3-21). San Francisco: Jossey-Bass Publishers.

Lambert, C. E., & Lambert, V. A. (1999). Psychological hardiness: State of the science. *Holistic Nursing Practice*, *13*(3), 11-19. Onttrek van http://journals.lww.com/hnpjournal/toc/1999/04000

Lang, A., Goulet, C., Aita, M., Giguère, V., Lamarre, H., & Perreault, E. (2001). Weathering the storm of perinatal bereavement via hardiness. *Death Studies*, *25*(6), 497-512. doi:10.1080/074811801316896089

Lee, I., Lee, E. O., Kim, H. S., Park, Y. S., Song, M., & Park, Y. H. (2004). Concept development of family resilience: A study of Korean families with a chronically ill child. *Journal of Clinical Nursing*, *13*(5), 636-645. doi:10.1111/j.1365-2702.2004.00845.x

Liddle, H. A., Santisteban, D. A., Levant, R. F., & Bray, J. H. (Reds.) (2002). *Family psychology: Science-based interventions*. Washington: American Psychological Association.

Lincoln, Y. S. (2009). Ethical practices in qualitative research. In D. M. Mertens & P. E. Ginsberg (Reds.), *The handbook of social research ethics* (pp. 150-169). Londen: Sage Publications.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Lohan, J. A., & Murphy, S. A. (2006). Mental distress and family functioning among married parents bereaved by a child`s sudden death. *Omega Journal of Death and Dying*, *52*(4), 295-305. doi:10.2190/FN94-P6RH-PMDL-UH0Q

MacQuarrie, J. (1972). *Existentialism: An introduction, guide and assessment*. Londen: Penguin Books.

Malkinson, R., & Bar-Tur, L. (2000). The aging of grief: Parents` grieving of Israeli soldiers. *Journal of Personal and Interpersonal Loss*, *5*(2), 247-261. Onttrek van Academic Search Premier.

McCubbin, H. I., & McCubbin, M. A. (1988). Typologies of resilient families: Emerging roles of social class and ethnicity. *Family Relations*, *37*(3), 247-254. Onttrek van http//www.family.ncyu.edu.tw/celery%20%20word/lin019.pdf

McCubbin, H. I., McCubbin, M. A., & Thompson, A. I. (1993). Resiliency in families: The role of family schema and appraisal in family adaptation to crises. In T. H. Brubaker (Red.), *Family relations: Challenges for the future* (pp. 153-177). Londen: Sage Publications.

McCubbin, M. A., & McCubbin, H. I. (1996). Resiliency in families: A conceptual model of family adjustment and adaptation in response to stress and crises. In H. I. McCubbin, A. I. Thompson, & M. A. McCubbin (Reds.), *Family Assessment: Resiliency, coping and adaptation* (pp. 1-64). Madison: University of Wisconsin Publishers.

McCubbin, M. A., McCubbin, H. I., & Thompson, A. I. (1996). FHI: Family hardiness index. In H. I. McCubbin, A. I. Thompson, & M. A. McCubbin (Reds.), *Family Assessment: Resiliency, coping and adaptation* (pp. 239-305). Madison: University of Wisconsin Publishers.

McCubbin, M. A., McCubbin, H. I., & Thompson, A. I. (2007). Family hardiness index. In J. Fischer & K. Corcoran (Reds.), *Measures for clinical practice and research: A sourcebook* (4de uitg.) *Vol. 1: Couples, families, and children* (pp. 291-293). Oxford University Press.

McCubbin, M. A., Thompson, A. I., & Elver, K. (2007). Family attachment and changeability index 8. In J. Fischer & K. Corcoran (Reds.), *Measures for clinical practice and research: A sourcebook* (4de uitg.) *Vol. 1: Couples, families, and children* (pp. 246-249). Oxford University Press.

McCubbin, H. I., Thompson, E. A., Thompson, A. I., & Futrell, J.A. (Reds.) (1999). *The dynamics of resilient families*. Londen: Sage Publications.

McGoldrick, M., & Carter, B. (2003). The family life cycle. In F. Walsh (Red.), *Normal family processes* (3rde uitg.) (pp. 375-398). Londen: The Guilford Press.

Middleton, W., Raphael, B., Burnett, P., & Martinek, N. (1998). A longitudinal study comparing bereavement phenomena in recently bereaved spouses, adult children and parents. *Australian and New Zealand Journal of Psychiatry*, *32*(2), 235-241. doi:10.3109/00048679809062734

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Miyabayashi, S., & Yasuda, J. (2007). Effects of loss from suicide, accidents, acute illness and chronic illness on bereaved spouses and parents in Japan: Their general health, depressive mood, and grief reaction. *Psychiatry and Clinical Neurosciences*, *61*(5), 502-508. doi:10.1111/j.1440-1819.2007.01699.x

Morris, S. (1971). *Grief and how to live with it*. Londen: George Allen & Unwin Ltd.

Mouton, J. (1996). *Understanding social research.* Pretoria: Van Schaik Uitgewers.

Murphy, S. A. (2000). The use of research findings in bereavement programs: A case study. *Death Studies*, *24*(7), 585-602. doi:10.1080/07481180050132794

Murphy, S. A., Johnson, L. C., Lohan, J., & Tapper, V. J. (2002). Bereaved parents` use of individual, family, and community resources 4 to 60 months after a child`s violent death. *Family & Community Health*, *25*(1), 71-82. Onttrek van Academic Search Premier.

Murphy, S. A., Johnson, L. C., Wu, L., Fan, J. J., & Lohan, J. (2003). Bereaved parents` outcomes 4 to 60 months after their children`s deaths by accident, suicide, or homocide: A comparative study demonstrating difference. *Death Studies 27*(1), 39-61. Onttrek van Academic Search Premier.

Murphy, S. A., Tapper, V. J., Johnson, L. C., & Lohan, J. (2003). Suicide ideation among parents bereaved by the violent deaths of their children. *Issues in Mental Health Nursing*, *24*(1), 5-25. doi:10.1080/01612840305307

Olson, D. H., McCubbin, H. I., Barnes, H. L., Larsen, A. S., Muxen, M. J., & Wilson, M. A. (Reds.) (1983). *Families: What makes them work*. Londen: Sage Publications.

Pietilä, M. (2002). Support groups: A psychological or social device for suicide bereavement? *British Journal of Guidance & Counselling*, *30*(4), 401-414. doi:10.1080/0306988021000025600

Polatinsky, S., & Esprey, Y. (2000). An assessment of gender differences in the perception of benefit resulting from the loss of a child. *Journal of Traumatic Stress*, *13*(4), 709-718. doi:10.1023/A:1007870419116

Rogers, C. H., Floyd, F. J., Seltzer, M. M., Greenberg, J., & Hong, J. (2008). Long-term effects of the death of a child on parents` adjustment in midlife. *Journal of Family Psychology*, *22*(2), 203-211. doi:10.1037/0893-3200.22.2.203

Rutter, M. (1987). Psychosocial resilience and protective mechanisms. *American Journal of Orthopsychiatry*, *57*(3), 318-331. doi:10.1017/CBO9780511752872.013

Rutter, M. (1999). Resilience concepts and findings: Implications for family therapy. *Journal of Family Therapy*, *21*(2), 119-144. doi:10.1111/1467-6427.00108

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Servaty-Seib, H. L. (2004). Connections between counseling theories and current theories of grief and mourning. *Journal of Mental Health Counseling*, *26*(2), 125-145. Onttrek van Academic Search Premier.

Seven Principles of The Compassionate Friends. (1995). Johannesburg: The Compassionate Friends Johannesburg Tak. Onttrek: November 10, 2010 van http://compassionatefriends.org.za/documents/7_PRINCIPLES_OF_THE_COMPASSIONATE_FRIENDS.pdf

Shenton, A. K. (2004). Strategies for ensuring trustworthiness in qualitative research projects. *Education for Information*, *22*(2), 63-75. Onttrek van Academic Search Premier.

Silliman, B. (1994). *Resiliency research review: Conceptual & research foundations*. Onttrek: Februarie 24, 2009 van http://www.cyfernet.org/research/resilreview.html.

Smith, P. N. (2006). *Resilience in Xhosa families*. (Doktorale proefskrif). Onttrek van SUNScholar.

SPPS Inc. (2004). *SPSS for Windows*, weergawe 13.0.

Statistiek Suid-Afrika (Statssa). (2006) *Income & expenditure of households, 2005/2006: Analysis of results*. Onttrek: Desember 2, 2010 van http://www.statssa.gov.za/publications/Report-01-00-01/Report-01-00-012005.pdf

Statistiek Suid-Afrika (Statssa). (2009). *Statistical release: Mortality and causes of death in South Africa, 2006: Findings from death notification*. Onttrek: Augustus 17, 2009 van http://www.statssa.gov.za/publications/P03093/P030932006.pdf.

Strümpfer, D. J. W. (2005). Standing on the shoulders of giants: Notes on early positive psychology (psychofortology). *South African Journal of Psychology*, *35*(1), 21-45. Onttrek van Academic Search Premier.

Surkan, P. J., Kreicbergs, U., Valdimarsdóttir, U., Nyberg, U., Onelöv, E., Dickman, P. W., & Steineck, G. (2006). Perceptions of inadequate healthcare and feelings of guilt after the death of a child to a malignancy: A population-based long-term follow-up. *Journal of Palliative Medicine*, *9*(2), 317-331. doi:10.1089/jpm.2006.9.317

Svavarsdottir, E. K., & Rayens, M. K. (2005). Hardiness in families of young children with asthma. *Journal of Advanced Nursing*, *50*(4), 381-390. doi:10.1111/j.1365-2648.2005.03403.x

Thiel, C. (2005). *Resilience in families of husbands with prostate cancer*. (Meesterswerkstuk). Onttrek van SUNScholar.

Thompson, E. A. (1999). Resiliency in families with a member facing AIDS. In H. I. McCubbin, E. A. Thompson, A. I. Thompson, & J. A. Futrell (Reds.), *The dynamics of resilient families* (pp. 135-164). Londen: Sage Publications.

Walsh, F. (1995). From family damage to family challenge. In R. H. Mikesell, D. D. Lusterman, & S. H. McDaniel (Reds.), *Integrating family therapy* (pp. 587-606). Washington: American Psychological Association.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Walsh, F. (1998). *Strengthening family resilience*. Londen: The Guilford Press.

Walsh, F. (2003a). Changing families in a changing world: Reconstructing family normality. In F. Walsh (Red.), *Normal family processes* (3rde uitg.) (pp. 3-26). Londen: The Guilford Press.

Walsh, F. (2003b). Family resilience: Strengths forged through adversity. In F. Walsh (Red.), *Normal family processes* (3rde uitg.) (pp. 399-423). Londen: The Guilford Press.

Walsh, F., & McGoldrick, M. (Reds.) (2004). *Living beyond loss: Death in the family* (2de uitg.). New York: W. W. Norton.

Walter, T. (1996). A new model of grief: Bereavement and biography. *Mortality*, *1*(1), 7-25. Onttrek van Academic Search Premier.

Wijngaards-de Meij, L., Stroebe, M., Schut, H., Stroebe, W., Van den Bout, J., Van der Heijden, P. G. M., & Dijkstra, I. (2005). Couples at risk following the death of their child: Predictors of grief versus depression. *Journal of Consulting and Clinical Psychology*, *73*(4), 617-623. doi:10.1037/0022-006X.73.4.617

Wijngaards-de Meij, L., Stroebe, M., Schut, H., Stroebe, W., Van den Bout, J., Van der Heijden, P. G. M., & Dijkstra, I. (2008). Parents grieving the loss of their child: Interdependence in coping. *British Journal of Clinical Psychology*, *47*(1), 31-42. doi:10.1348/014466507X216152

Worden, J. W. (1991). *Grief counselling and grief therapy: A handbook for the mental health practitioner* (2de uitg.). Londen: Routledge.

Znoj, H. J., & Keller, D. (2002). Mourning parents: Considering safeguards and their relation to health. *Death Studies*, *26*(7), 545-565. doi:10.1080/07481180290088211

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Bylae A: Biografiese Vraelys

BIOGRAFIESE INLIGTING

KODE:_____

Naam en Van: _____Ouderdom: ___

Dorp / Stad: _____

Geslag: *(Merk asseblief die toepaslike blok met 'n kruis)* ☐ Manlik ☐ Vroulik

Verhoudingstatus: ☐ Ongetroud, in 'n vaste verhouding ☐ Vervreemd van maat

☐ Geskei ☐ Getroud

Aantal oorlewende kinders: ___ Kinders se ouderdomme: ___; ___; ___; ___; ___; ___

Geloof: ☐ Christen ☐ Moslem ☐ Joods ☐ Hindoe ☐ Nie-Gelowig

Ander (spesifiseer, asb):_____

Huistaal: ☐ Afrikaans ☐ English ☐ IsiXhosa Ander (spesifiseer, asb):_____

Bevolkingsgroep: ☐ Blank ☐ Kleurling ☐ Swart ☐ Indiër

Ander (spesifiseer, asb):_____

Hoogste Opvoedkundige Kwalifikasie:

☐ Geen Formele Skoolopleiding ☐ Primêre Skool Voltooi

☐ Hoërskool Gedeeltelik Voltooi ☐ Hoërskool Voltooi

☐ Tegnikon/Onderwys/Tegniese Kollege ☐ Universiteit Gegradueerd

Maandelikse Huishoudelike Inkomste (Rand): ☐ 1-360 ☐ 360-800 ☐ 800-1,100

☐ 1,100-1,500 ☐ 1,500-2,000 ☐ 2,000-2,500 ☐ 2,500-4,000 ☐ 4,000-6,000

☐ 6,000-11,000 ☐ 11,000-35,000 ☐ meer as 35,000

Geslag van oorlede kind: ☐ Manlik ☐ Vroulik

Hoeveel jare gelede is u kind oorlede? ___ Hoe oud was u kind toe hy/sy gesterf het? ___

Kan u asseblief kortliks aandui hoe u kind oorlede is?

_____

_____

_____

_____

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Bylae B: Onderhoudskedule

1) Wanneer jul gesin moeilike tye beleef, wat doen julle saam om dit te oorkom?
2) Kan julle dalk vir my `n voorbeeld gee uit die onlangse verlede waar julle saam moes werk om `n probleem op te los?
3) Dink julle dat mans en vrouens oor verskillende vaardighede beskik om hul gesinne gelukkig en tevrede te hou? In watter opsigte sal julle sê is dit die geval?
4) Op watter maniere het jul uitgebreide familie en vriende julle ondersteun ná jul kind se dood?
5) Daar word gesê dat mense van verskillende kulture anders optree in die rou-proses en in hul pogings om sin te maak van verlies. Hoe het jul eie kulturele of geloofsoortuigings vir julle gehelp of dalk nie gehelp nie ná die dood van jul kind?
6) Hoe het julle as `n gesin mekaar ondersteun?
7) Hoe het jul oorlewende kinders gereageer?
8) Op watter maniere het jul gesinslewe verander?
9) Daar word gesê dat die dood van `n kind die ergste seer is wat iemand kan beleef. Stem julle saam hiermee?
10) Hoe gaan `n mens voort met die lewe ná die dood van `n kind?
11) Wanneer julle op jul laagste was, vol woede of hartseer, wat het julle die krag gegee om aan te gaan?
12) Sommige mense sê dat tyd heel wonde. Is daar enige waarheid in hierdie stelling? Hoe het jul eie gevoelens en gedagtes omtrent jul kind se afsterwe verander met die verloop van tyd?
13) Watter raad sal julle vir bedroefde ouers gee om hulle te help ná die dood van `n kind?
14) Is daar enigiets anders wat julle met my wil deel? Iets belangriks wat ons nie aan aandag gegee het nie? Is daar enige vrae wat julle vir my wil vra?

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Bylae C: Vorm vir Ingeligte Toestemming

UNIVERSITEIT STELLENBOSCH
INWILLIGING OM DEEL TE NEEM AAN NAVORSING

GESINSGEHARDHEID IN GESINNE WAARIN 'N KIND OORLEDE IS

U word gevra om deel te neem aan 'n navorsingstudie uitgevoer deur Luc Scheepers (BA Geesteswetenskappe, HonsBA), van die Departement Sielkunde aan die Universiteit Stellenbosch. Die navorsingsresultate sal gebruik word om 'n navorsingstesis te voltooi, ter vervulling van die graad MA Sielkunde. U is as moontlike deelnemer aan die studie gekies omdat u kind meer as twee jaar gelede oorlede is.

1. DOEL VAN DIE STUDIE

In hierdie studie word daar gekyk na die veerkragtigheid van gesinne waarin 'n kind oorlede is. Veerkragtigheid verwys na die maniere waarop gesinne daarin slaag om voort te gaan met hul lewens, ten spyte van traumatiese en stresvolle gebeurtenisse. In dié studie word daar spesifiek gelet op gesinsgehardheid, 'n konsep wat verwys na die innerlike sterkpunte en duursaamheid van die gesin. Die navorser glo dat u bydrae tot die studie eendag vir ander gesinne mag help wat soortgelyke ervarings as u gesin beleef het.

2. PROSEDURES

Indien u inwillig om aan die studie deel te neem, vra ons dat u die volgende moet doen:

1) Ontmoet die navorser op 'n tyd en plek wat by u en u maat se skedules pas
    a. Indien u gemaklik daarmee is, kan die navorser u ook by u huis ontmoet
2) Wees bereid om 'n biografiese vraelys te voltooi
    a. Dié vraelys behoort nie langer as tien minute te neem om te voltooi nie
    b. Die vrae sal betrekking hê op die samestelling van u gesin, u ouderdom, geslag, aantal oorlewende kinders en hul ouderdomme, huwelikstatus, bevolkingsgroep, godsdiens, huistaal, maandelikse huishoudelike inkomste, opvoedkundige kwalifikasies, woonarea, die ouderdom van u kind tydens sterfte, die jare sedert u kind oorlede is, asook die oorsaak van u kind se dood
3) Wees bereid om twee vraelyste skriftelik te voltooi: Die Gesinsgehardheid-Indeks en die Gesinsgehegtheid en Veranderlikheid-Indeks
    a. Die voltooing van dié vraelyste behoort nie langer as 'n halfuur te neem nie
4) Die navorser is deurentyd beskikbaar om u vrae te beantwoord, indien u onseker is oor die invul van die vraelyste
5) Hierna, indien u toestem daartoe, sal 'n onderhoud met u en u maat saam gevoer word
    a. Dié onderhoud behels vrae wat spesifiek te make het met u gesinslewe en hoe u saam as 'n gesin voortgegaan het met jul lewens nadat u kind oorlede is
    b. Van dié vrae mag moontlik onstel, maar u mag enige tyd die onderhoud stopsit, of weier om sekere vrae te beantwoord
    c. Dié onderhoud behoort nie meer as 30 minute se tyd in beslag te neem nie
    d. Die onderhoud word opgeneem op band
6) Dit mag dalk so gebeur dat die navorser ná die eerste ontmoeting steeds verdere inligting van u mag verlang
    a. Indien dit die geval is en u en u maat tevrede is daarmee, sal 'n volgende afspraak met u gereël word, waartydens 'n tweede onderhoud met u en u maat gevoer sal word

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3. MOONTLIKE RISIKO'S EN ONGEMAKLIKHEID

Aangesien die onderhoud sal handel oor sensitiewe sake te make met u gesin se aanpassing na u kind se dood, mag sekere van die vrae u moontlik ongemak veroorsaak. Wees egter gerus dat u die verloop van die onderhoud bepaal, m.a.w. u het geen verpligting om voort te gaan met die onderhoud, indien die proses u en u maat te veel ontstel nie. U mag ook weier om sekere van die vrae te beantwoord. Indien u voel dat u met 'n professionele persoon wil kontak maak om sielkundige hulp te verkry, kan die navorser u ook verwys na 'n beskikbare persoon in u area.

4. MOONTLIKE VOORDELE VIR DEELNEMERS EN DIE SAMELEWING

Hoewel die onderhoud nie terapeuties is nie, mag die onderhoud moontlik aan u die geleentheid bied om betekenisvolle gevoelens aan u maat en 'n objektiewe luisteraar te openbaar. U gesin se bydrae tot die studie sal ook eendag vir ander gesinne, wat met die verlies van 'n kind moet saamleef, van waarde wees. Deur die huidige navorsing word daar gehoop dat akademici, werkers in die geestesgesondheidsektor en alle mense wat bedroefde gesinne bystaan, iets wys sal word om gesinne wat 'n kind verloor het, te help. Voorts glo die navorser dat 'n "deelnemer" aan 'n navorsingsprojek werklik mag "deelneem" daaraan. In dié opsig, is u welkom om hom te kontak om te hoor hoe die studie verloop, om wenke te gee en u mag gerus ook vra om die voltooide tesis te lees.

5. VERTROULIKHEID

Enige inligting wat deur middel van die navorsing verkry word en wat met u in verband gebring kan word, sal vertroulik bly en slegs met u toestemming bekend gemaak word of soos deur die wet vereis. Die voltooide vraelyste sal veilig bewaar word deur die navorser en slegs hy en sy studieleier sal toegang hê daartoe. Die bandopnames van die onderhoud sal op die navorser se persoonlike rekenaar gestoor word en slegs hy sal toegang hê daartoe. Die onderhoud-transkripsies word persoonlik deur die navorser opgestel en slegs hy en sy studieleier sal toegelaat word om dié transkripsies te lees en te ontleed. U naam en kontak-details sal slegs bekend wees aan die navorser. Om vertroulikheid en anonimiteit te verseker sal daar 'n kode geheg word aan u naam wat deurgaans in die navorsingsproses gebruik sal word. Die navorser sal die enigste persoon wees wat weet na wie die kodes verwys. Indien u response (onderhoud-aanhalings) in die tesis en gepubliseerde artikel verskyn, sal hierdie kodes gebruik word. U bydrae tot die studie sal dus nie deur enigiemand anders as die navorser self gekoppel kan word aan u persoon nie.

6. DEELNAME EN ONTTREKKING

U kan self besluit of u aan die studie wil deelneem of nie. Indien u inwillig om aan die studie deel te neem, kan u te eniger tyd u daaraan onttrek sonder enige nadelige gevolge. U kan ook weier om op bepaalde vrae te antwoord, maar steeds aan die studie deelneem.

7. IDENTIFIKASIE VAN ONDERSOEKERS

Indien u enige vrae of besorgdheid omtrent die navorsing het, staan dit u vry om in verbinding te tree met die navorser of sy studieleier. Hul kontakbesonderhede is as volg:

Navorser: Luc Scheepers
Sel: 0726518840
Epos: 14361035@sun.ac.za

Studieleier: Prof. A.P. Greeff
Kantoor tel: (021) 808 3464
Epos: apg@sun.ac.za

8. REGTE VAN PROEFPERSONE

U kan te eniger tyd u inwilliging terugtrek en u deelname beëindig, sonder enige nadelige gevolge vir u. Deur deel te neem aan die navorsing doen u geensins afstand van enige wetlike regte, eise of regsmiddel nie. Indien u vrae het oor u regte as proefpersoon by navorsing, skakel met Maléne Fouché (mfouche@sun.ac.za; 021 808 4622) van die Eenheid Navorsingsontwikkeling.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

VERKLARING DEUR DEELNEMER

Die bostaande inligting is aan my, _____, gegee en verduidelik deur _____ in *Afrikaans/English/Xhosa/Ander* en ek is dié taal magtig of dit is bevredigend vir my vertaal. Ek is die geleentheid gebied om vrae te stel en my vrae is tot my bevrediging beantwoord.

Ek willig hiermee vrywillig in om deel te neem aan die studie. 'n Afskrif van hierdie vorm is aan my gegee.

_____

Naam van deelnemer

_____ _____

Handtekening van deelnemer **Datum**

VERKLARING DEUR ONDERSOEKER

Ek verklaar dat ek die inligting in hierdie dokument vervat verduidelik het aan _____

Hy/sy is aangemoedig en oorgenoeg tyd gegee om vrae aan my te stel. Dié gesprek is in *Afrikaans/English/Xhosa/Ander* gevoer en *geen vertaler is gebruik nie/die gesprek is in* _____ *vertaal deur* _____.

_____ _____

Handtekening van ondersoeker **Datum**

Goedgekeur Subkomitee A 25 Oktober 2004